

**DIE SEKSUELE GEDRAG, KENNIS EN HOUDINGS  
VAN DIE STUDENT IN LAAT-ADOLESENSIE**

**LIZELDA GOSLIN**

**(B.Soc. Sc., Honns. B.Soc. Sc.)**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

**Magister Artium (Kliniese Psigologie)**

in die

**Departement Psigologie**

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Dr. J.W. Pretorius-Heuchert

Potchefstroom

1994

Be happy young man,  
while you are young  
and let your heart give you joy  
in the days of your youth.  
Follow the ways of your heart  
and whatever your eyes see  
but know that for all these things  
God will bring you to  
judgement.

*Ecclesiastes 11:9*

Do not arouse or awaken love  
until it so desires.

*Song of Songs 2:7 (NIV Bible)*

**Oppedra aan my ma en pa  
wat geglo het ek kan  
hoogtes bereik,  
my man, Clinton  
wat my motiveer om  
daardie hoogtes te bereik  
en aan my Vader  
wat my krag en lewe is.**

# **BEDANKINGS**

My opregte dank aan die volgende persone wie se hulp en bydrae in hierdie ondersoek onontbeerlik was:

- Dr. J.W. Pretorius-Heuchert, my studieleier, vir sy motivering, ondersteuning en leiding, nieestaan sy druk program.
- Mnr. P. Engelbrecht en prof. F. Steyn wat behulpsaam was met die statistiese verwerkings.
- Peet van Rensburg Uitgewers vir die taalkundige en tipografiese versorging van die skripsie.
- Die respondente en huiskomitees wat bereid was om hulle tyd af te staan en deel te wees van die ondersoek.
- My man, Clinton, wat nieestaan die opofferings wat hy gemaak het my steeds liefdevol en verdraagsaam aangemoedig het om hierdie studie deur te voer.
- My moeder en susters vir hulle belangstelling en ondersteuning.
- Die personeel van Sanra Wes-Transvaal vir hulle verdraagsaamheid en aanmoediging.
- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die beurs toegestaan. Menings in hierdie werk uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe gekom is, is die van die outeur en nie verteenwoordigend van bogenoemde instansie nie.

**AL DIE ERE EN LOF AAN GOD**

# INHOUDSOPGAWE

Bedankings . . . . .	iii
Lys van tabelle . . . . .	xiv

## **HOOFSTUK 1 : INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING. . . . . 1**

1.1 INLEIDING . . . . .	1
1.2 PROBLEEMSTELLING . . . . .	2
1.3 DOELSTELLINGS . . . . .	5
1.4 HIPOTEESES . . . . .	5
1.5 METODE VAN ONDERSOEK . . . . .	7
1.5.1 Literatuurstudie . . . . .	7
1.5.2 Empiriese ondersoek. . . . .	7
1.6 BEGRIPSOMSKRYWING . . . . .	9
1.7 UITGANGSPUNTE VAN DIE STUDIE . . . . .	10
1.8 INDELING VAN DIE STUDIE. . . . .	10
1.9 SAMEVATTING. . . . .	10

## **HOOFSTUK 2 : DIE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT . . . . . 12**

2.1 INLEIDING . . . . .	12
2.2 ADOLESSENSIE . . . . .	13

2.3	FISIOLOGIESE ONTWIKKELING . . . . .	15
2.4	KOGNITIEWE ONTWIKKELING . . . . .	16
2.4.1	Teoretiese agtergrond ten opsigte van kognitiewe ontwikkeling . . . . .	17
2.4.2	Kognitiewe funksionering van adolessente. . . . .	18
2.5	MORELE ONTWIKKELING . . . . .	19
2.5.1	Teoretiese agtergrond ten opsigte van morele ontwikkeling . . . . .	20
2.5.2	Morele funksionering van adolessente . . . . .	21
2.6	PSIGO-SOSIALE ONTWIKKELING . . . . .	23
2.6.1	Identiteit. . . . .	23
2.6.1.1	Teoretiese agtergrond ten opsigte van identiteitsontwikkeling. . . . .	23
2.6.1.2	Ontwikkeling van 'n identiteit . . . . .	25
2.6.2	Sosiale ontwikkeling en funksionering van adolessente . . . . .	26
2.7	SAMEVATTING. . . . .	29
 <b>HOOFSTUK 3 : SEKSUELE HOUDINGS . . . . .</b>		<b>31</b>
3.1	INLEIDING . . . . .	31
3.2	VERANDERENDE SEKSUELE HOUDINGS . . . . .	32
3.2.1	Die “seksuele rewolusie”. . . . .	34
3.2.1.1	Die verloop van die seksuele rewolusie . . . . .	35
3.2.1.2	Die invloed van die seksuele rewolusie op houdings . . . . .	37
3.2.1.3	Die einde van die seksuele rewolusie . . . . .	38
3.2.2	Religieuse waardes. . . . .	39

3.2.2.1	Religieuse waardes in Suid-Afrika . . . . .	40
3.2.2.2	Verandering van Christene se seksuele houdings . . . . .	40
3.2.2.3	Die Christenadolessent se seksualiteit . . . . .	42
3.2.2.3.1	Voorhuwelikse geslagsgemeenskap . . . . .	42
3.2.2.3.2	Masturbasie . . . . .	43
3.2.2.3.3	Liefkosing . . . . .	43
3.2.2.3.4	Seksuele fantasering . . . . .	44
3.2.2.3.5	Homoseksualiteit . . . . .	44
3.2.3	Christelike houdings versus seksuele rewolusie . . . . .	46
3.3	HOUDINGS TEENOR VOORHUWELIKSE GESLAGSGEMEENSAP. . . . .	48
3.4	DUBBELE STANDAARDE . . . . .	50
3.5	HOUDING TEENOR MASTURBASIE. . . . .	52
3.6	HOUDING TEENOR PORNOGRAFIE. . . . .	52
3.7	HOUDING TEENOR HOMOSEKSUALITEIT. . . . .	54
3.8	HOUDING TEENOR SEKSUELE OPVOEDING . . . . .	55
3.9	SAMEVATTING. . . . .	56
 <b>HOOFSTUK 4 : SEKSUELE GEDRAG . . . . .</b>		<b>57</b>
4.1	INLEIDING . . . . .	57
4.2	DIE VERBAND TUSSEN DIE ADOLESSENT SE SEKSUELE HOUDING EN GEDRAG. . . . .	57
4.3	DIE INVLOED VAN DIE SEKSUELE REWOLUSIE OP SEKSUELE GEDRAG . . . . .	58

4.4	DETERMINANTE WAT MET SEKSUELE GEDRAG KORRELEER . . . . .	59
4.4.1	Geloofsoortuiging. . . . .	59
4.4.2	Ouderdom . . . . .	60
4.4.3	Sosio-ekonomiese status en opvoedingspeil . . . . .	61
4.4.4	Geslag . . . . .	61
4.4.5	Ouers . . . . .	61
4.4.6	Die portuurgroep . . . . .	62
4.5	SEKSUELE GEDRAG VAN ADOLESSENTE . . . . .	63
4.5.1	Liefkosings (“petting”) . . . . .	66
4.5.2	Geslagsgemeenskap . . . . .	67
4.5.3	Masturbasie . . . . .	69
4.5.4	Oraal-genitale seks . . . . .	70
4.5.5	Seksuele fantasieë . . . . .	71
4.5.6	Pornografie. . . . .	73
4.5.7	Homoseksualiteit . . . . .	75
4.5.8	Ongewenste en gedwonge seksuele kontak . . . . .	77
4.5.9	Die gebruik van voorbehoedmiddels . . . . .	79
4.6	SAMEVATTING. . . . .	81
 <b>HOOFSTUK 5 : SEKSUELE KENNIS . . . . .</b>		<b>83</b>
5.1	INLEIDING . . . . .	83
5.2	DIE INVLOED VAN SEKSUELE KENNIS OP DIE SEKSUELE GEDRAG EN HOUDINGS VAN ADOLESSENTE . . . . .	84
5.3	SEKSUELE KENNIS VAN ADOLESSENTE. . . . .	85

5.4	BRONNE VAN INLIGTING . . . . .	86
5.4.1	Die ouer . . . . .	87
5.4.2	Die portuurgroep . . . . .	89
5.4.3	Professionele persone . . . . .	89
5.4.4	Die media . . . . .	89
5.4.5	Die kerk . . . . .	90
5.4.6	Seksuele voorligting op skool . . . . .	91
5.5	SEKSUELE OPVOEDINGSPROGRAMME . . . . .	92
5.5.1	Inhoud van 'n seksuele opvoedingsprogram. . . . .	93
5.5.1.1	Verantwoordelike besluitneming. . . . .	93
5.5.1.2	Emosionele aspekte verbonde aan seksualiteit . . . . .	94
5.5.1.3	Hanteringsvaardighede . . . . .	94
5.5.1.4	Kognitiewe kennis. . . . .	94
5.5.1.5	Waardes en morele riglyne . . . . .	95
5.5.2	Aanbieding van seksuele opvoedingsprogramme. . . . .	97
5.5.3	Seksuele opvoeding van ouers . . . . .	97
5.5.4	Seksuele opvoeders . . . . .	98
5.6	SAMEVATTING. . . . .	99
<b>HOOFSTUK 6 : RISIKO'S VERBONDE AAN ADOLESSENTE SEKSUELE GEDRAG . . . . .</b>		<b>100</b>
6.1	INLEIDING . . . . .	100
6.2	SEKSUEEL OORDRAAGBARE SIEKTES . . . . .	100

6.2.1	Algemeen ernstige seksueel oordraagbare siektes . . . . .	101
6.2.2	Skaars ernstige seksueel oordraagbare siektes . . . . .	102
6.2.3	Algemeen minder ernstige seksueel oordraagbare siektes . . . . .	103
6.3	ADOLESENTE SWANGERSKAPPE . . . . .	104
6.3.1	Voorkoms van adolessente swangerskappe . . . . .	104
6.3.2	Gevolge van adolessente swangerskappe . . . . .	105
6.3.3	Keuses van die swanger adolessent . . . . .	106
6.3.3.1	Gedwonge huwelik . . . . .	107
6.3.3.2	Enkelouerskap . . . . .	108
6.3.3.3	Aanneming . . . . .	108
6.3.3.4	Aborsie . . . . .	108
6.4	EMOSIONELE TRAUMA . . . . .	109
6.5	VOORKOMING VAN SEKSUEEL OORDRAAGBARE SIEKTES, ADOLESENTE SWANGERSKAPPE EN EMOSIONELE TRAUMA . . . . .	113
6.5.1	Verskaffing van seksuele inligting . . . . .	113
6.5.2	Seksuele opvoeding . . . . .	113
6.5.3	Aanpassing of verandering van seksuele gedrag . . . . .	114
6.5.3.1	Keuse van seksuele maats . . . . .	114
6.5.3.2	Die gebruik van kondome en ander voorbehoedmiddels . . . . .	114
6.5.3.3	Waaksaamheid en oplettendheid . . . . .	115
6.6	SAMEVATTING . . . . .	115

<b>HOOFSTUK 7 : METODE VAN ONDERSOEK</b> .....	<b>117</b>
7.1 INLEIDING .....	117
7.2 ONDERSOEKGROEP .....	117
7.3 MEETINSTRUMENTE .....	117
7.3.1 Ontwikkeling van die vraelyste .....	118
7.3.2 Biografiese vraelys (Afdeling A) .....	119
7.3.3 Seksuele kennisvraelys (Afdeling B) .....	119
7.3.4 Seksuele houdingsvraelys (Afdeling C) .....	119
7.3.5 Seksuele gedragvraelys (Afdeling D) .....	120
7.3.6 Geldigheid .....	121
7.4 PROSEDURE .....	121
7.5 ETIESE OORWEGINGS .....	123
7.6 STATISTIESE ONTWERP .....	124
7.6.1 Hipoteses .....	124
7.6.2 Statistiese tegnieke .....	126
7.6.2.1 Bepaling van betekenisvolle verskille .....	126
7.6.2.2 Toets vir praktiese betekenisvolheid by verskille tussen twee gemiddeldes .....	126
7.7 SAMEVATTING .....	127
 <b>HOOFSTUK 8 : DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK</b> .....	 <b>128</b>
8.1 INLEIDING .....	128
8.2 BIOGRAFIESE INLIGTING .....	128

8.2.1	Geslag van respondente . . . . .	129
8.2.2	Ouderdom van respondente . . . . .	129
8.2.3	Akademiese studiejaar . . . . .	130
8.2.4	Aspekte van gesinsgeskiedenis . . . . .	130
8.2.4.1	Plek van verblyf gedurende skoolloopbaan . . . . .	130
8.2.4.2	Huwelikstaat van ouers . . . . .	131
8.2.4.3	Emosionele betrokkenheid . . . . .	131
8.2.5	Geloofsaspekte . . . . .	132
8.2.6	Verhoudingsaspekte . . . . .	134
8.2.7	Bron van seksuele kennis . . . . .	136
8.2.8	Ouderdom van verkryging van seksuele kennis . . . . .	139
8.3	SEKSUELE KENNIS . . . . .	140
8.4	SEKSUELE HOUDINGS . . . . .	141
8.5	SEKSUELE GEDRAG . . . . .	144
8.5.1	Solitiere seksuele gedrag . . . . .	144
8.5.2	Geslagsgemeenskap . . . . .	147
8.5.3	Aktiewe seksuele gedrag . . . . .	148
8.5.4	Passiewe seksuele gedrag . . . . .	149
8.5.5	Gedwonge seksuele kontak . . . . .	150
8.5.6	Gebruik van voorbehoedmiddels . . . . .	151
8.5.7	Seksueel oordraagbare siektes . . . . .	152
8.5.8	Seksuele gedrag nie anders gespesifiseer . . . . .	153
8.5.8.1	Seksuele voorkeur . . . . .	153

8.5.8.2	Eerste seksuele ervarings . . . . .	154
8.5.8.3	Vertellinge van seksuele ervarings . . . . .	155
8.6	SEKSUELE VOORLIGTING. . . . .	155
8.7	DIE VERBAND TUSSEN SEKSUELE KENNIS EN SEKSUELE HOUDING. . . . .	156
8.8	DIE VERBAND TUSSEN SEKSUELE HOUDINGS EN SEKSUELE GEDRAG . . . . .	157
8.9	DIE VERBAND TUSSEN SEKSUELE KENNIS EN SEKSUELE GEDRAG . .	158
8.10	SAMEVATTING. . . . .	158
<b>HOOFSTUK 9 : BESPREGING VAN RESULTATE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS . . . . .</b>		<b>160</b>
9.1	INLEIDING . . . . .	160
9.2	BESPREGING VAN DIE RESULTATE . . . . .	160
9.2.1	Biografiese data . . . . .	160
9.2.2	Die aard van die respondente se seksuele kennis . . . . .	161
9.2.3	Die aard van die respondente se seksuele houdings. . . . .	161
9.2.4	Die aard van die respondente se seksuele gedrag . . . . .	163
9.2.4.1	Liefkosings . . . . .	163
9.2.4.2	Geslagsgemeenskap . . . . .	163
9.2.4.3	Masturbasie . . . . .	164
9.2.4.4	Seksuele fantasering . . . . .	165
9.2.4.5	Pornografie . . . . .	165

9.2.4.6	Gedwonge seksuele kontak . . . . .	165
9.2.4.7	Gebruik van voorbehoedmiddels . . . . .	166
9.2.4.8	Homoseksualiteit. . . . .	167
9.2.4.9	Risiko's verbonde aan seksuele aktiwiteite . . . . .	167
9.2.5	Die respondente se behoefte aan seksuele voorligting . . . . .	168
9.2.6	Die verband tussen seksuele kennis en seksuele houdings . . . . .	169
9.2.7	Die verband tussen seksuele houdings en seksuele gedrag . . . . .	169
9.2.8	Die verband tussen seksuele gedrag en seksuele kennis . . . . .	171
9.3	BESPREKING VAN NAVORSINGSHIPOTESES . . . . .	171
9.4	GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS . . . . .	174
9.5	KRITIEK EN SAMEVATTENDE OPMERKINGS . . . . .	176
9.5.1	Beperkinge en kritiek . . . . .	176
9.5.2	Implikasies vir sielkundiges . . . . .	177
9.5.3	Verdere navorsing op die gebied van die adollesent se seksualiteit . . . . .	177
9.6	SLOT . . . . .	178
	<b>BIBLIOGRAFIE . . . . .</b>	<b>179</b>
	<b>OPSOMMING. . . . .</b>	<b>194</b>
	<b>SUMMARY . . . . .</b>	<b>196</b>
	<b>BYLAAG A : DEKBRIEF VAN DIE VRAELYS . . . . .</b>	<b>198</b>
	<b>BYLAAG B : DIE VRAELYS . . . . .</b>	<b>200</b>

# LYS VAN TABELLE

Tabel 8.1: Geslag van respondente . . . . .	129
Tabel 8.2: Ouderdom van respondente . . . . .	129
Tabel 8.3: Akademiese studiejaar . . . . .	130
Tabel 8.4.1: Huwelikstaat van respondente se ouers. . . . .	131
Tabel 8.4.2: Emosionele betrokkenheid van gesinslede . . . . .	132
Tabel 8.5: Kerkverband van respondente . . . . .	133
Tabel 8.6: Die invloed van respondente se geloofsoortuigings op hulle lewens . . . . .	133
Tabel 8.7: Vriendetal van respondente . . . . .	134
Tabel 8.8: Aantal vaste verhoudings waarin die respondente betrokke was . . . . .	135
Tabel 8.9: Duur van die respondente se langste vaste verhouding . . . . .	136
Tabel 8.10: Bron van seksuele kennis . . . . .	137
Tabel 8.11: Ouderdom waarop seksuele kennis verkry is . . . . .	139
Tabel 8.12: Gemiddelde, standaardafwykings en maksimumwaardes vir seksuele kennis . . . . .	141

Tabel 8.13: Gemiddelde, standaardafwykings en maksimumwaardes vir seksuele houdings . . . . .	143
Tabel 8.14: Frekwensie en persentasieverspreiding van solitêre seksuele gedrag . . . .	144
Tabel 8.15: Die verskil van gemiddeldes tussen mans en dames ten opsigte van solitêre seksuele gedrag . . . . .	146
Tabel 8.16: Frekwensie en persentasieverspreiding van geslagsgemeenskap . . . . .	147
Tabel 8.17: Frekwensie en persentasieverspreiding van aktiewe seksuele gedrag . . . .	148
Tabel 8.18: Frekwensie en persentasieverspreiding van passiewe seksuele gedrag . . .	150
Tabel 8.19: Frekwensieverspreiding van moontlike seksueel oordraagbare siektes . . .	152
Tabel 8.20: Frekwensieverspreiding van die geslag van persone met wie die respondente sekere seksuele ervarings gehad het. . . . .	153
Tabel 8.21: Korrelasiekoëffisiënt vir seksuele kennis en seksuele houdings. . . . .	156
Tabel 8.22: Korrelasiekoëffisiënt vir seksuele houdings en seksuele gedrag . . . . .	157
Tabel 8.23: Korrelasiekoëffisiënt vir seksuele kennis en seksuele gedrag . . . . .	158

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1 INLEIDING

Die mens beleef tydens adolessensie (dit wil sê, tussen ongeveer die ouderdom 12 en 22 jaar) omvangryke kognitiewe, fisieke en psigo-sosiale ontwikkeling (Thom, 1991:395). Gedurende hierdie ontwikkelingsfase moet adolessente onder andere leer hoe om hulle seksualiteit, seksuele drange, seksuele gevoelens en behoeftes te hanteer (Masters *et al.*, 1992:218).

Masters *et al.* (1992:218) bestempel adolessensie as 'n tydperk van seksuele ontwaking en ontdekking waartydens die intellektuele, emosionele en fisieke volwassewording van adolessente hulle die geleentheid bied om seksuele opwinding en vryheid te ervaar. Seksualiteit en die opwindende gevoelens en vryheid van seksuele eksperimentering behoort egter op 'n volwasse en verantwoordelike wyse benader te word (Renshaw, 1982:37).

Alhoewel ouers en die samelewing verwag dat adolessente volwasse keuses oor die uitlewing van hulle seksualiteit moet maak (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling - DNGB, 1987:15), beskik die meeste adolessente nie oor die kennis en vaardighede om sulke besluite te neem nie (Garbarino, 1985:367; Rice, 1990:414). Indien hulle verkeerde besluite oor die uitlewing van seksualiteit maak, kan dit tot seksueel oordraagbare siektes, adolessente swangerskappe en emosionele trauma lei (Stevens-Long & Cobb, 1983:259).

Adolessente ontvang gewoonlik nie genoegsame seksuele opvoeding van hulle ouers nie (Olivier, 1987:6; Rice, 1990:414); daarom het die skole die taak van seksuele opvoeding oorgeneem (Departement van Onderwys en Kultuur - DOK, 1991). Daar bestaan egter steeds 'n behoefte aan die seksuele opvoeding van adolessente, gemeet aan die toenemende kommer oor seksueel oordraagbare siektes en adolessente swangerskappe (Cronje, 1988:8).

Voordat daar met die beplanning van 'n seksuele opvoedingsprogram begin kan word, behoort daar eers ondersoek ingestel te word na die teikengroep se seksuele kennis, gedrag en houdings, asook hulle behoefte aan 'n seksuele voorligtingsprogram. Hierdie inligting kan dan effektief gebruik word in die beplanning en samestelling van 'n seksuele voorligtingsprogram.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

In Suid-Afrika is die beskikbare inligting ten opsigte van seksuele onderwerpe grotendeels afkomstig van Amerika. Een van die redes hiervoor is dat navorsing oor seksuele sake in Suid-Afrika nog baie nuut is. Die eerste algemene navorsing op seksuele gebied is in 1982 deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gedoen (Olivier, 1987), terwyl die eerste navorsing in Amerika reeds in 1948 deur Alfred Kinsey gepubliseer is (Masters *et al.*, 1992:12). Daar bestaan dus in Suid-Afrika 'n behoefte aan wetenskaplike kennis oor die seksualiteit van Suid-Afrikaners (Weitsz, 1988:3; Wepener, 1991:4).

Benewens die gebrekkige kennis wat daar oor Suid-Afrikaners se seksualiteit bestaan, dien die volgende faktore ook as motivering vir die ondersoek na die seksualiteit van die student in laat-adolessensie:

- Die Verworwe Immunitetsgebreksindroom, of te wel vigs, en seksueel oordraagbare siektes (SOS) neem kommerwekkende afmetings in Suid-Afrika aan (Thom, 1991:415). Volgens 'n verslag van die DNGB (1991:2) is daar in Augustus 1990 455 mense in Suid-Afrika as vigslyers gediagnoseer is. In 1992 het die totale gerapporteerde vigsgevalle in Suid-Afrika op 1517 te staan gekom (DNGB, 1992:49). Die totale aantal persone met vigs het in twee jaar meer as 'n honderd persent vermeerder. In die lig hiervan is die DNGB (1991:2) van mening dat vigs tot die agteruitgang van die algemene gesondheid en ekonomie van Suid-Afrika kan lei. Die toename van ander seksueel oordraagbare siektes is eweneens kommerwekkend. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Mediese Navorsing beraam dat daar elke jaar ongeveer 3 miljoen gevalle van seksueel oordraagbare siektes behandel word (DNGB, 1993:22).
- Onbeplande adolessente swangerskappe neem onrusbarende afmetings aan (Sapire, 1985:34). Volgens Greathead (1988:20) raak een uit elke tien adolessente vrouens per jaar in Suid-Afrika swanger. Alhoewel Greathead nie 'n onderskeid maak ten opsigte van die etniese oorsprong van die vrouens nie, rapporteer die DNGB

in hulle jaarverslag vir die jare 1988-1989 die verskillende geboortesifpers vir adolessente vrouens soos volg:

- Asiërs: daling van 10,9 tot 9,7%;
- Swartmense: daling van 13,9 tot 12,4%;
- Kleurlinge: daling van 16,0 tot 15,1%;
- Blankes: styging van 7,2 tot 7,3%.

Alhoewel die blankes se statistieke verhoudingsgewys heelwat laer is as dié van die ander etniese groepe, is die geringe styging by hierdie groep vrouens, teenoor die daling by die ander etniese groepe, kommerwekkend.

- Volgens Sapire (1986) stel adolessente, wat by intieme seksuele verhoudings betrokke raak voordat hulle seksuele volwassenheid bereik het, hulleself aan skuldgevoelens, persoonlike en gesinskonflikte en die trauma van onstandvastige of gebroke verhoudings bloot. Verder kan geïdealiseerde seksuele verhoudings ook tot ontugtering en teleurstelling lei (Masters *et al.*, 1992:228).

Bogenoemde tendense is kommerwekkend, omdat die meeste adolessente seksueel aktief blyk te wees en geslagsgemeenskap meer dikwels en op 'n jonger leeftyd as vroeër jare voorkom (Hopkins, 1983:251; Kaplan & Stein, 1986:258; Stevens-Long & Cobb, 1983:240). Adolessente is ook geneig om met verskillende tipes seksuele gedrag te eksperimenteer, wat tot losse seks ("casual sex") kan lei (Stevens-Long & Cobb, 1983:240). Tog bestaan die moontlikheid dat die Suid-Afrikaanse adolessent minder seksueel aktief as die Amerikaanse adolessent is. Wepener (1991) het byvoorbeeld bevind dat Suid-Afrikaners heelwat minder seksueel aktief is as die Amerikaanse studente, maar aangesien haar steekproef nie groot was nie (N = 95) waarsku sy dat haar navorsingsresultate versigtig hanteer moet word.

Dit is egter nie net die gedrag van adolessente wat die afgelope paar dekades meer "verlig" geraak het nie. Hopkins (1983:251) rapporteer dat hulle houdings ook meer liberaal geraak het. Renshaw (1989:154) is egter van mening dat die adolessente eerder onverskillige as liberale houdings toon. Wat hierdie houdings kommerwekkend maak, is dat die liberale en/of onverskillige houdings ook in die adolessente se seksuele gedrag begin manifesteer het (Peterson, 1991:671). Dit is dan juis hierdie tipe houdings wat volgens Kaplan en Stein (1984:258) een van die faktore is wat adolessente swangerskappe en seksueel oordraagbare siektes verhoog. Die vraag ontstaan of hierdie waarnemings en bevindings van die Amerikaanse navorsers en outeurs op die Suid-Afrikaanse adolessente van toepassing gemaak kan word. Verder kan ook gevra word of seksuele houdings wel die seksuele gedrag van adolessente beïnvloed. Hierdie vrae toon 'n verdere leemte

in die kennis oor die seksualiteit van Suid-Afrikaanse adolessente aan, maar meer spesifiek kennis oor die seksuele houdings van Suid-Afrikaanse studente.

Die feit dat adolessente nie oor genoegsame of korrekte seksuele kennis beskik om volwasse besluite oor die uitlewing van hulle seksualiteit te neem nie, verhoog verder die moontlikheid dat adolessente hulleself aan bogenoemde risiko's kan blootstel (Garbarino, 1985:367; Rice, 1990:414). In Suid-Afrika is daar reeds heelwat navorsing deur meestal opvoedkundiges en maatskaplike werkers gedoen wat aangetoon het dat die adolessente nie oor genoegsame seksuele kennis beskik om verantwoordelike seksuele besluite te kan neem nie (Anagnostaras, 1988; Magwentshu, 1990; Page, 1990; Weitsz, 1988). Bogenoemde navorsing was egter hoofsaaklik op die skoolgaande adolessent gerig, wat 'n leemte in die navorsing na die seksuele kennis van die student in laat-adolessensie laat.

'n Belangrike bron waardeur seksuele informasie verkry kan word, is seksuele opvoedingsprogramme (Weitsz, 1988:49). Die Departement van Onderwys en Kultuur (DOK) (1991) wys daarop dat 56% van die leerlinge in 'n ondersoek aangetoon het dat hulle behoefte aan seksuele voorligting het, terwyl Olivier (1987:8) in haar ondersoek rapporteer dat slegs 2,8% van 'n totale groep van 2 105 vroue tussen die ouderdom 17 en 35 jaar aangedui het dat hulle formele seksuele voorligting ontvang het. Hierdie klein persentasie vroue wat wel voorligting ontvang het, dui op 'n behoefte aan seksuele voorligting waarvoor nie voorsiening gemaak word nie.

Korrekte seksuele kennis wat deur middel van 'n formele seksuele opvoedingsprogram ingewin word, verminder nie alleen seksueel oordraagbare siektes en swangerskappe nie, maar verhoog ook die ouderdom waarop daar vir die eerste keer geslagsgemeenskap beoefen word (De Barros, 1989:10). Verder verskaf dit ook belangrike inligting op grond waarvan die adolessent seksuele besluite kan neem oor byvoorbeeld die gebruik van voorbehoedmiddels, wanneer om betrokke te raak by 'n seksuele verhouding, watter tipe seksuele eksperimentering skadelik kan wees, ensovoorts (Garbarino, 1985:367). 'n Goed geïntegreerde seksualiteitsprogram kan 'n belangrike rol speel in die voorkoming van sekere risiko's verbonde aan seksuele gedrag.

Die inhoud van 'n seksuele opvoedingsprogram moet toegespits wees op die ouderdomsgroep wat bereik wil word (DNGB, 1987:2), en behoort in besonder op die behoeftes, kennis, houdings en gedrag van die teikengroep te fokus (Kaplan & Stein, 1984:260; Magwentshu, 1990).

Op grond van die bogenoemde feite bestaan daar 'n vermoede dat die Suid-Afrikaanse laat-adolescent nie net 'n behoefte aan 'n doelgerigte opvoedingsprogram het nie, maar dat die seksuele gedrag, houding en kennis van die adolescent so 'n program waarskynlik noodsaak. Om sodanige seksuele opvoedingsprogram vir die toekoms saam te stel wat spesifiek op die laat-adolescent gerig is, is dit noodsaaklik dat daar eers vasgestel word wat presies die laat-adolescent se seksuele kennis, houding en gedrag is. In die lig hiervan word die volgende as navorsingsvraag in hierdie ondersoek gestel:

*Wat is die seksuele kennis, houdings en gedrag van die student in laat-adolessensie, en watter verband bestaan daar tussen hierdie aspekte?*

Die antwoorde op hierdie vraag behoort aan te dui of daar 'n seksuele opvoedingsprogram saamgestel behoort te word en, indien wel, *hoe* sodanige seksuele opvoedingsprogram saamgestel behoort te word sodat dit spesifiek op studente in laat-adolessensie betrekking het.

### 1.3 DOELSTELLINGS

Die doel van hierdie navorsing is om vas te stel

- wat die studente in laat-adolessensie se spesifieke
  - seksuele kennis,
  - houding ten opsigte van seksualiteit,
  - seksuele gedrag, en
  - behoefte aan seksuele opvoeding behels, en
- wat die verband is tussen hulle
  - seksuele kennis en seksuele houdings,
  - seksuele gedrag en seksuele houdings, en
  - seksuele gedrag en seksuele kennis.

### 1.4 HIPOTEESES

Die hipoteses wat na aanleiding van die doelstellings van hierdie ondersoek gestel is, is slegs tentatiewe aannames oor die verband tussen twee of meer veranderlikes, wat deur empiriese navorsing getoets sal word.

**Hipotese 1**

$H_0$  : Die student in laat-adolessensie se seksuele kennis ten opsigte van fisiologie, seksueel oordraagbare siektes en voorbehoedmiddels verskil nie van mekaar nie.

$H_1$  : Die student in laat-adolessensie se seksuele kennis ten opsigte van fisiologie, seksueel oordraagbare siektes en voorbehoedmiddels verskil.

**Hipotese 2**

$H_0$  : Die student in laat-adolessensie is net soveel by passievolle liefkosings as by geslagsgemeenskap betrokke.

$H_1$  : Die student in laat-adolessensie is meer by passievolle liefkosings as by geslagsgemeenskap betrokke.

**Hipotese 3**

$H_0$  : Die student in laat-adolessensie se houding ten opsigte van seksuele voorligting, die gebruik van voorbehoedmiddels, geslagsgemeenskap voor die huwelik en solitêre seksuele gedrag verskil nie van mekaar nie.

$H_1$  : Die student in laat-adolessensie se houding ten opsigte van seksuele voorligting, die gebruik van voorbehoedmiddels, geslagsgemeenskap voor die huwelik en solitêre seksuele gedrag verskil.

**Hipotese 4**

$H_0$  : Daar bestaan geen behoefte aan 'n seksuele opvoedingsprogram by die student in laat-adolessensie nie.

$H_1$  : Daar bestaan 'n behoefte aan 'n seksuele opvoedingsprogram by die student in laat-adolessensie.

**Hipotese 5**

$H_0$  : Daar bestaan geen beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele kennis en sy seksuele houdings nie.

$H_1$  : Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele kennis en sy seksuele houdings.

□ **Hipotese 6**

$H_0$  : Daar bestaan geen beduidende verband die student in laat-adolessensie se seksuele gedrag en sy seksuele houdings nie.

$H_1$  : Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele gedrag en sy seksuele houdings.

□ **Hipotese 7**

$H_0$  : Daar bestaan geen beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele kennis en sy seksuele gedrag nie.

$H_1$  : Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele kennis en sy seksuele gedrag.

## **1.5 METODE VAN ONDERSOEK**

Die metode van ondersoek behels 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

### **1.5.1 Literatuurstudie**

Vir die doel van hierdie studie word vier aspekte wat met die seksualiteit van die adolessent verband hou teen die agtergrond van die totale ontwikkeling van die adolessent bespreek, naamlik seksuele houdings, seksuele gedrag, seksuele kennis en die risiko's van onverantwoordelike of permissiewe seksuele gedrag. Die adolessent se seksualiteit sal aan die hand van tersaaklike literatuur grondig uiteengesit word.

### **1.5.2 Empiriese ondersoek**

Die empiriese ondersoek is gebaseer op 'n Ex Post Facto-navorsing met 'n korrelatiewe ontwerp.

'n Besikbaarheidsteekproef is uit 'n studentepopulasie bestaande uit 561 koshuisstudente, waarvan 315 vrouens en 243 mans, getrek, terwyl 3 persone nie die biografiese gegewens korrek voltooi het nie. Die spesifieke ondersoekgroep van hierdie studie is universiteitstudente wat in die ontwikkelingsfase *laat-adolessensie* is. Die groep is om die volgende redes gekies:

- Die meeste van die studente is nie meer onder die toesig van hulle ouers nie en kan daarom self besluit wie hulle vriende of vriendinne is, met wie hulle 'n aand wil uitgaan, waarheen hulle wil gaan en wat hulle wil gaan doen. Hierdie vryheid mag egter misbruik word en daartoe lei dat die student met seksuele gedrag eksperimenteer sonder om bewus te wees van die gevare of risiko's daaraan verbonde (Renshaw, 1989:154).
- Studente word informeel as “die agente van verandering” of “die leiers van môre” op sosiale en politieke gebied bestempel (Renshaw, 1989:154). Die vraag is egter of dit ook op seksuele gebied die geval is. Is studente noodwendig seksueel losbandig, dink hulle net aan die bevrediging van hulle seksuele behoeftes sonder om op die risiko's van hulle seksuele gedrag ag te slaan, of banteer hulle hul seksualiteit met verantwoordelikheid? Volgens Renshaw (1989:154) blyk dit dat baie Amerikaanse studente nie veel waarde heg aan waarskuwings oor seksueel oordraagbare siektes, adolessente swangerskappe en seksuele ont-nugtering nie: “For too many students, rehearsal of sexmaking occurs mindlessly and out of context of a caring relationship”. Thom (1991:410) is van mening dat die bevindings wat in Amerika gemaak is, weinig van die Suid-Afrikaanse situasie verskil. Wepener (1991), daarenteen, het in haar studie oor die seksualiteit van 'n groep studente bevind dat die Suid-Afrikaanse student heelwat minder seksueel aktief is as sy Amerikaanse eweknie. Deur in die onderhawige ondersoek spesifiek op die Suid-Afrikaanse student se seksuele kennis, houding en gedrag te fokus, kan daar wetenskaplik meer helderheid oor die onderwerp verkry word.
- Die klem in hierdie ondersoek word op universiteite as opvoedings- en opleidingsinstansie geplaas. Die rektor van 'n Suid-Afrikaanse universiteit is van mening dat een van die take van die universiteit die ontwikkeling en stimulering van studente se totale menswees is, sodat die universiteit 'n “afgeronde” student aan die mark kan lewer (Fourie, 1993:5). Die term *totale menswees* dui nie net op die kognitiewe, emosionele en sosiale aspekte nie, maar ook die seksuele aspekte van die mens. Alhoewel daar deur die meeste Suid-Afrikaanse universiteite

gepoog word om studente in hierdie fasette te stimuleer, het die navorser geen Afrikaanse universiteit gevind wat spesifiek deur middel van seksuele opvoedingsprogramme ook die seksuele aspek van die student betrek nie. Indien daar by studente 'n behoefte aan 'n seksuele opvoedingsprogram geïdentifiseer kan word, behoort die universiteit, wat die pasaangeër en steller van standarde vir ander opleidingsinstansies is (Bryce, 1990:36), so 'n program te inisieer.

Die navorsingsvraelyste wat gebruik is, is uit beskikbare, bestaande vraelyste saamgestel. Die empiriese ondersoek en statistiese prosedures word in hoofstuk 7 volledig bespreek.

## 1.6 BEGRIPSOMSKRYWING

Die begrippe wat in die ondersoek gebruik word, word nie in 'n aparte hoofstuk omskryf nie. Konstrukskrywing sal in die teks plaasvind. Voordat daar van wal gestuur word, is dit egter belangrik om op enkele konstrukte, soos in die skripsie gebruik, te let.

Die konstruk **verantwoordelike seksuele gedrag** word gebruik in terme van persone wat nie hetero- of homoseksuele geslagsgemeenskap beoefen nie, of wanneer hulle wel geslagsgemeenskap beoefen dit in so 'n mate doen dat hulle die waarskynlikheid van seksueel oordraagbare siektes, swangerskappe en emosionele trauma so ver as moontlik minimaliseer. Daarenteen dui die konstruk **onverantwoordelike seksuele gedrag** op die gedrag van persone wat hulleself, sonder weldeurdagte beredenering en beplanning, in 'n seksuele aktiwiteit begewe wat nadelige gevolge mag hê.

Wanneer daar in die skripsie na **permissiewe seksuele gedrag** verwys word, dui dit op losse seks ("casual sex"), met ander woorde, sporadiese seksuele verhoudings sonder 'n langdurige emosionele verbintenis of seksuele verantwoordelikheid. Een van Masters *et al.* (1992:246) se kliënte stel dit so: "Casual sex is just a mechanical, one-dimensional release".

Die konstruk **seksualiteit** word gebruik in terme van Masters *et al.* (1992:678) se definisie daarvan: "A broadly encompassing term used to refer to all aspects of being and feeling sexual".

## **1.7 UITGANGSPUNTE VAN DIE STUDIE**

Alhoewel daar in die studie nie 'n spesifieke mens- of wêreldbeskouing gehandhaaf word nie, word daar wel na Christelike waardes en houdings in hoofstuk 3 verwys. Roberts (1980) is van mening dat die mens se seksualiteit die afgelope paar eeue deur religieuse waardes, norme en leerstellinge gereguleer is, en meer spesifiek deur dié van die Joodse en Christelike religie. Volgens hom beïnvloed dit steeds die mens se sienings en houdings oor seksualiteit.

## **1.8 INDELING VAN DIE STUDIE**

Hoofstukke 2 tot 6 verteenwoordig die literatuurontleding, terwyl hoofstukke 7 tot 9 die empiriese ondersoek dek.

In hoofstuk 2 word die ontwikkeling van die adolessent bespreek. Die klem val op die seksualiteit van adolessente in samehang met hulle totale ontwikkeling.

Spesifieke aspekte van die adolessente se seksualiteit, soos hulle seksuele kennis, houding en gedrag, geniet in hoofstukke 3 tot 5 die aandag. Hierdie aspekte staan in noue verband met mekaar en beïnvloed mekaar wedersyds. Wanneer die adolessente wel seksueel aktief is, maar nie oor genoegsame kennis beskik of 'n verantwoordelike houding ten opsigte van hulle seksuele gedrag toon nie, kan dit tot seksueel onverantwoordelike optrede lei. Die spesifieke gevolge van hierdie onverantwoordelike gedrag word in hoofstuk 6 bespreek.

In hoofstukke 7 en 8 word die empiriese ondersoek omskryf en die resultate daarvan gerapporteer en bespreek. Op grond van die bevindinge van die ondersoek word daar in hoofstuk 9 samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

## **1.9 SAMEVATTING**

Die samelewing verwag van studente in hulle laat-adolessensie om verantwoordelike seksuele keuses te maak (Rice, 1990:392). Daar bestaan egter die kommer dat daar nie genoegsame leiding aan die adolessent verskaf word om hierdie keuses te maak nie en dat studente in hulle laat-adolessensie reeds liberale seksuele houdings het en seksueel onverantwoordelik optree. Dit is juis om hierdie rede dat die Departement

van Nasionale Opvoeding en Bevolkingsontwikkeling (1987:1) 'n beroep op alle professionele persone doen om by die seksuele opvoeding van die adolessent betrokke te raak. Volgens die Departement word professionele persone wat by adolessente betrokke is kragtens hulle posisie in die samelewing gedwing om die rol van seksuele raadgewers te vervul. Voordat dit kan gebeur, moet daar eers inligting versamel word oor die spesifieke groep persone waarop gefokus word.

Die navorsingsvraag wat dus in hierdie ondersoek aan die orde kom, is wat die seksuele kennis, gedrag en houding van die student in laat-adolessensie is, ten einde die seksualiteit van die groep te verstaan. Indien 'n behoefte aan 'n seksuele opvoedingsprogram by die adolessente geïdentifiseer word, kan die inligting gebruik word om so 'n program saam te stel.

Die doel van die skripsie word deur Neubeck (1983:153) opgesom deurdat wetenskaplike kennis oor seksualiteit volgens hom professionele persone in staat stel om die seksualiteit van adolessente in perspektief te plaas en te bepaal wat die seksuele gesondheid van die adolessente is. Na aanleiding van hierdie inligting kan programme ontwikkel en aangebied word, sodat daar voorkomend opgetree kan word om sodoende seksuele gesondheid te bevorder.

## HOOFSTUK 2

### DIE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESENT

#### 2.1 INLEIDING

Adolesensie is die ontwikkelingstadium tussen kinderjare en volwassenheid (Hopkins, 1983:3). Volgens Nielsen (1987:5) is die term *adolesensie* afgelei van die Latynse werkwoord *adolescere*, wat beteken om “op te groei” of om te “groeï tot volwassenheid”. Adolesente ervaar omvangryke groei en ontwikkeling in al die aspekte van hulle lewe, so ook op seksuele gebied. Hierdie groei is egter ’n proses wat van geboorte af plaasvind en gedurende adolesensie tot volwassewording lei. Volgens Garbarino (1985:328) bereik die seksuele ontwikkeling van die mens in puberteit ’n kritieke fase, want nie alleen word die mens in hierdie fase fisiek in staat gestel om deel te neem aan seksuele aktiwiteite en voortplanting nie, maar die aanvaarding van ’n persoon se seksualiteit is ’n belangrike komponent in die vestiging van ’n identiteit.

In hierdie studie wat oor die seksualiteit van die adolessent handel, sou verwag word dat slegs die seksuele ontwikkeling bespreek word. Seksualiteit kan egter nie van enige ander aspek van die adolessent se ontwikkeling geïsoleer word nie, aangesien seksuele ontwikkeling afhanklik is van fisieke ontwikkeling, en die hantering en uitlewing van seksualiteit weer afhanklik is van kognitiewe, morele, psigologiese en sosiale ontwikkeling (Jensen, 1985:274; Seifert & Hoffnung, 1991:591). Verder is Roberts (1980) van mening dat adolessente emosionele, fisieke, kognitiewe, geestelike en morele ontwikkeling moet ervaar om hulle seksualiteit op ’n verantwoordelike wyse te kan hanteer.

Volgens Seifert en Hoffnung (1991:591) en Stevens-Long en Cobb (1983:230) is seksuele volwassenheid ’n produk van al die aspekte wat gedurende adolesensie ontwikkel. Die verskillende aspekte wat volgens Kaplan en Stein (1984:77) ontwikkeling toon, is die psigologiese, emosionele, sosiale, fisieke, intellektuele en morele aspekte. Papalia en Olds (1986:7) en Seifert en Hoffnung (1991:5) dui slegs drie areas aan wat vir hulle omvattend is van die aspekte wat verander. Hierdie areas is die kognitiewe, fisieke en psigo-sosiale areas. Die ontwikkeling van die kognitiewe area behels die verandering in redenering, denke, taal en die ontvang en stoor van informasie. Met fisieke ontwikkeling

word alle biologiese veranderinge in 'n persoon bedoel, asook die verandering en ontwikkeling in die wyse waarop persone hulle liggame gebruik, soos byvoorbeeld motoriese funksies. Die psigo-sosiale ontwikkeling behels die verandering in die gevoelens of emosies van persone en ook hulle interaksie met ander persone. Hierdie ontwikkeling het betrekking op die mens se verhoudings met sy ouers, ander gesinslede, maats, onderwysers en ook sy/haar verhouding met hom-/haarself.

Die genoemde drie areas van ontwikkeling is gedurig in wisselwerking met mekaar. Seifert en Hoffnung (1991:5) beweer dat fisieke verandering die kognitiewe prosesse moontlik maak, terwyl taal weer sosiale verhoudings stimuleer. Op grond van die beginsel van wisselwerking voorsien sosiale verhoudings weer stimulasie vir die verdere ontwikkeling van kognitiewe vermoëns en fisieke groei, ensovoorts. 'n Area wat deur Seifert en Hoffnung (1991:5) by die kognitiewe area ingesluit word, is dié van die morele. Aangesien morele redenering in die besluitneming oor seksuele aktiwiteite belangrik is, sal hierdie aspekte ook as afsonderlike ontwikkelingssterreine behandel word.

## 2.2 ADOLESSENSIE

Die begin van adolessensie word deur biologiese veranderinge gekenmerk, terwyl die einde van adolessensie van kultuur tot kultuur verskil: "Adolescence begins in biology and ends in culture" (Conger & Petersen, 1984:92). In die meeste nie-Westerse samelewings word die einde van adolessensie deur seremonies of rituele gekenmerk, terwyl dit in die Westerse samelewing meestal nie die geval is nie.

Daar kan nie 'n spesifieke ouderdom vasgestel word wanneer adolessensie begin of eindig nie, aangesien daar sommige individue is wat vroeg begin ontwikkel en ander wat weer later ontwikkel (Thom, 1991:404). Deur 'n verspreiding van ouderdomme te verskaf en nie net 'n spesifieke ouderdom uit te sonder nie, kan die aanvangsouderdom van adolessensie (puberteit) tussen 11 en 14 jaar vasgestel word, terwyl die einde van adolessensie tussen die ouderdom 17 en 23 jaar val (Bee & Mitchell, 1984:304; Hopkins, 1983:3; Lerner & Spanier, 1980:25; Papalia & Olds, 1986:9). Hierdie ouderdomme dui sekere ontwikkelingsperiodes aan wat Novelle (1979:16) beskryf as vroeë-, middel- en laat-adolessensie. Die tydperk net na die aanvang van adolessensie bestempel hy as vroeë-adolessensie (ongeveer 12-14 jaar), terwyl die tydperk tussen die aanvang en einde van adolessensie as middel-adolessensie bekend staan (ongeveer 15-17 jaar). Die fase net voor die toetrede van volwassenheid bestempel hy as laat-adolessensie (ongeveer 17-22 jaar).

Bee en Mitchell (1984:304) maak melding van die term *vroeë volwassenheid*, terwyl Gerdes (1988:300) melding maak van 'n jeugtydperk wat ooreen stem met die ouderdomme wat Novelle vir sy laat-adolescente fase stel. Novelle se laat-adolessensie strek vanaf 17 tot 22 jaar, terwyl vroeë volwassenheid en die jeugtydperk vanaf ongeveer 18 tot 22 jaar strek (Bee & Mitchell, 1984:304; Gerdes, 1988:300). Die laat-adolescente fase kan derhalwe ook as vroeë volwassenheid of die jeugtydperk bestempel word. Gerdes (1988:300) beskryf hierdie tydperk as 'n gedeeltelike verlenging van adolessensie. Die rede wat sy hiervoor verstrek, is dat adolessente wat reeds volwassenheid in sekere aspekte van hulle lewens bereik het, steeds afhanklik van hulle ouers is, aangesien hulle hul verder op universiteite of by ander instansies bekwaam vir die verantwoordelikhede van volwassenheid in 'n komplekse samelewing.

Aangesien die ouderdomsgrense vir die afbakening van adolessensie wissel, wys Thom (1991:393) daarop dat dit beter is om die adolessente ontwikkelings stadium eerder in terme van spesifieke ontwikkelingskenmerke as bloot op grond van ouderdom te beskryf. So beskou, word die aanvang van adolessensie gekenmerk deur vinnige fisiese veranderinge, die voortplantingsorgane wat begin funksioneer en die verskyning van sekondêre geslagskenmerke (Hopkins, 1983:3; Thom, 1991:393). Die einde van adolessensie word egter deur minder opvallende eienskappe gekenmerk as die begin van adolessensie. Sosiaal eindig adolessensie wanneer die individu onafhanklik en selfonderhoudend is en volwasse rolle begin vervul, soos beroepsbeoefening, in die huwelik tree en met 'n gesin begin. Psigologies eindig adolessensie wanneer persone redelik seker van hulle identiteit is, emosioneel onafhanklik van hul ouers is, 'n eie waardestelsel ontwikkel het en in staat is om 'n volwasse liefdesverhouding en vriendskapsverhoudinge aan te knoop (Hopkins, 1983:3; Papalia & Olds, 1986: 310; Thom, 1991:393). Wetlik eindig adolessensie met 'n persoon se een en twintigste verjaardag wanneer die noodsaaklikheid van ouerlike toestemming verval en hulle vir wetlike kontrakte verantwoordelik gehou kan word (Thom, 1991:393).

Daar kan tot die slotsom gekom word dat adolessensie 'n bepaalde tydperk in 'n persoon se lewe is, beginnende met die aanbreek van puberteit en eindigend wanneer spesifieke ontwikkelingsake op 22- tot 23-jarige ouderdom bemeester word. Gedurende hierdie fase vind daar dinamiese ontwikkeling in die mens plaas. Hierdie ontwikkelingsproses word vervolgens bespreek.

## 2.3 FISIOLOGIESE ONTWIKKELING

Die fisiologiese ontwikkeling is die sentrale kenmerk van die seksuele ontwikkeling, want soos die fisiologiese veranderinge intree, word adolessente meer bewus van hulle eie seksualiteit en seksuele behoeftes (Jensen, 1985:274).

Die seksuele ontwikkeling van adolessente word gekenmerk deur eksterne en interne fisiologiese veranderinge tydens die eerste aantal jare van adolessensie (Thom, 1991:401). Hierdie tydperk waar die liggaam verander en groei, staan bekend as *puberteit*. Papalia en Olds (1986:312) is van mening dat die mees opmerkbare veranderinge by meisies die begin van hulle menstruele siklus is, terwyl die seuns spontane nagtelike saadstortings ervaar. Albei geslagte ervaar vinnige liggaamlike groei, gewigstoename, velverandering, hormoonveranderinge en toenemende seksuele behoeftes (Thom, 1991:401).

In hierdie periode vind daar ook die ontwikkeling van primêre geslagskenmerke plaas deur die groei van geslagsorgane, terwyl die ontwikkeling van sekondêre geslagskenmerke gekenmerk word deur die groei van pubeshare, gesigshare en die verandering en verdieping van die stem (Bee & Mitchell, 1984:316). Spesifieke sekondêre geslagskenmerke wat by meisies voorkom, is die ontwikkeling van borste en by seuns die verbreding van hulle skouers (Papalia & Olds, 1986:312).

Bee en Mitchell (1984:316) beskou puberteit as die tydperk waarin die meeste fisiologiese veranderinge plaasvind, maar beklemtoon ook dat daar tot ongeveer twintigjarige ouderdom steeds 'n mate van liggaamlike groei ervaar kan word. Nielsen (1987:84) beweer dat die liggaam van die adolessent op twintigjarige ouderdom volledig verander het.

Alhoewel die meeste adolessente min of meer dieselfde tyd fisieke rypwording toon, wys Papalia en Olds (1986:316) daarop dat die ouderdom waarop adolessente liggaamlike rypheid bereik hulle psigiese ontwikkeling beïnvloed. Navorsing wat Papalia en Olds (1986:316) gebruik om hierdie stelling te verifieer, is dié van Mussen en Jones (1957). Hulle het bevind dat seuns wat op 'n vroeë ouderdom fisiek ryp is, meer beheers, selfversekerd, saaklik, nugter en sosiaal toereikend is, en ook 'n beter liggaamsbeeld het as seuns met 'n laat fisieke rypwording. Seuns met 'n laat fisieke rypwording is meer gespanne, angstig, rusteloos, aggressief en ontoereikend as seuns met 'n vroeë fisieke rypwording.

Dit blyk dat 'n vroeë fisieke rypwording vir seuns heelwat voordele inhou, maar Seifert en Hoffnung (1991:522) is egter van mening dat hierdie seuns minder kreatief en

spontaan is as die seuns wat laat 'n rypwording ervaar. Seifert en Hoffnung (1991:518) vermoed dat die seuns wat op 'n vroeë ouderdom tekens van 'n volwasse liggaam toon graag aan die verwagtings van hierdie "volwassenheid" wil voldoen en dus minder spontaan en kreatief sal wees.

Wat vroeë fisieke rypwording by meisies betref, toon Thom (1991:405) aan dat hierdie meisies meer selfvertroue het, minder beangs is, 'n groter mate van rustigheid toon en ook beter aangepas is as meisies wat laat fisiek ryp word. Meisies wat egter vroeg fisiek ryp is, ervaar soms dat hulle nie deel van hulle portuurgroep is nie, aangesien hulle swaarder weeg, langer is en fisiek gereed is vir 'n heteroseksuele verhouding, terwyl haar maats nog nie aan hierdie kenmerke voldoen nie (Rice, 1991: 164; Seifert & Hoffnung, 1991:518). Seifert en Hoffnung (1991:518) is van mening dat 'n laat fisieke rypwording vir meisies sekere voordele inhou. In die eerste plek hoef hulle nie te vroeg, voordat hulle emosioneel daarvoor gereed is, die sosiale eise van 'n verhouding te hanteer nie. Tweedens verskaf dit aan hulle die geleentheid om hulle op adolessensie voor te berei en hulle identiteit te begin ontdek voordat hulle by 'n vaste verhouding betrokke raak. Hierdie voordele kan volgens Thom (1991:407) ook van toepassing gemaak word op seuns wat laat fisiek ontwikkel.

Volgens Thom (1991:405) is adolessente baie bewus van die veranderinge wat in hulle liggame plaasvind. Dit berus by die adolessent om hierdie veranderinge tot 'n eenheid saam te snoer sodat daar 'n begrip van persoonlike sowel as seksuele identiteit gevorm kan word. Hierbenewens beklemtoon Seifert en Hoffnung (1991:518) dat die adolessent ook 'n gevoel van kontinuïteit moet behou. Die adolessent moet met ander woorde die gevoel behou dat hy of sy steeds dieselfde persoon is ongeag die fisieke veranderinge. Die verandering van die liggaam tydens puberteit kan dus 'n psigiese invloed op die adolessent hê. So kan die adolessente wat byvoorbeeld nie hulle seksuele rypwording aanvaar nie moontlik probleme in 'n seksuele verhouding ontwikkel.

## **2.4 KOGNITIEWE ONTWIKKELING**

Die adolessent se manier van dink verskil van dié van 'n kind (Hopkins, 1983:167). Volgens Thom (1991:419) ontwikkel die adolessent se kognitiewe vermoë kwalitatief en kwantitatief. Kwantitatiewe verandering lei daartoe dat die adolessent intellektuele take makliker, vinniger en effektiewer kan bemeester, terwyl kwalitatiewe verandering op die aard van denkprosesse en kognitiewe struktuur betrekking het en daartoe lei dat die adolessent die vermoë ontwikkel om meer logies te redeneer, abstrak te dink en

oor hipotetiese situasies te besin (Hopkins, 1983:167). Hierdie “nuwe” denkvermoë stel die adolessent in staat om oor sake soos seksuele betrokkenheid, die gebruik van voorbehoedmiddels, adolessente swangerskappe, seksueel oordraagbare siektes, ensovoorts te redeneer.

#### 2.4.1 Teoretiese agtergrond ten opsigte van kognitiewe ontwikkeling

Verskeie outeurs is van mening dat Jean Piaget (1896-1980) die mees invloedryke teorie ten opsigte van kognitiewe ontwikkeling gedurende die twintigste eeu daargestel het (Craig, 1992:36; Gerdes, 1988:310; Hopkins, 1983:158; Papalia & Olds, 1986:324; Rice, 1991:176; Seifert & Hoffnung, 1991:544).

Volgens Piaget se teorie bereik die mens in adolessensie die vlak van formeel-operasionele denke (Gerdes, 1988:310; Hopkins, 1983:158; Papalia & Olds, 1986:324; Rice, 1991:176; Seifert & Hoffnung, 1991:544; Thom, 1991:418). Gerdes (1988:310) en Thom (1991:418) som die kenmerke van formeel-operasionele denke soos volg op:

- **Abstrakte denke:** die vermoë om oor onderwerpe te dink wat nie konkreet teenwoordig is nie. Hierdie abstrakte denke maak dit vir die adolessent moontlik om gekompliseerde sake soos morele aangeleenthede en seksuele betrokkenheid te beredeneer.
- **Hipoteties-deduktiewe denke:** die vermoë om hipoteses te stel en probleme aangaande verbande op te los.
- **Inter-proposisionele logika:** die vermoë om op grond van stellings of proposisies te redeneer sonder om die werklikheid in ag te neem.
- **Wetenskaplike denke:** die vermoë om die gevolge van bepaalde handeling te antisipeer en daaroor te besin. Dit is hierdie soort oorweging van alternatiewe wat die basis vorm van die adolessent se bevraagtekening van sisteme en die voorskrifte van ouers en ander volwassenes.
- **Introspeksie:** die vermoë van mense om oor hulle eie gedagtes na te dink, hulleself krities te evalueer en hulleself dan te probeer verbeter.

Navorsing deur Kohlberg & Gilligan (1971) suggereer dat nie alle adolessente hierdie formeel-operasionele denke bereik nie. Hulle het uit 'n steekproef van 265 Amerikaanse

persone bevind dat 45% in die ouderdomsgroep 10 tot 15 jaar, 53% in die ouderdomsgroep 16 tot 20 jaar, 65% tussen die ouderdom 21 en 30 jaar en 57% van dié tussen 45 en 50 jaar die vlak van formeel-operasionele denke bereik het. Hopkins (1983:162) skryf hierdie tendens toe aan omgewingsfaktore soos sosio-ekonomiese status, kultuur, fisieke gestremdheid, ensovoorts wat in navorsing in ag geneem moet word, aangesien dit die vorming van formeel-operasionele denke beïnvloed.

#### **2.4.2 Kognitiewe funksionering van adolessente**

Volgens Seifert en Hoffnung (1991:557) het die nuwe kognitiewe vaardighede van adolessente 'n belangrike invloed op hulle sosiale kognisie (d.w.s. hulle kennis en geloof oor hulle interpersoonlike en sosiale lewe). Die belangrikste aspek van sosiale kognisie is die adolessent se egosentrisme (Seifert & Hoffnung, 1991:557). Egosentrisme word deur Thom (1991:424) as 'n preokupasie of behepthed met eie denke bestempel, wat in die adolessent se abstrakte denke en probleme manifesteer (Seifert & Hoffnung, 1991:557). Rice (1990:183) beskryf die adolessent se egosentrisme soos volg: "As adolescents develop the capacity to think about their own thoughts, they become acutely aware of themselves, their person and ideas. As a result they become egocentric, self-conscious and introspective". Hierdie adolessente egosentrisme lei tot die skepping van 'n denkbeeldige gehoor en 'n persoonlike fabel.

Elkind (1967:1030) is van mening dat die denkbeeldige gehoor geskep word deur die preokupasie van die adolessente se gedagtes oor hulleself, wat dit vir hulle moeilik maak om te onderskei tussen wat hulle dink en wat ander persone dink. Hulle redeneer dat alle persone dieselfde gedagtes as hulle het, en so skep hulle 'n denkbeeldige gehoor wat net so behep met die adolessente se gedagtes en dae is as wat die adolessente self is. Dit kan byvoorbeeld veroorsaak dat adolessente nie voorbehoedmiddels wil koop nie, omdat hulle glo dat al die personeel in die winkel intens bewus is van hulle en hulle gedagtes.

Buiten die selfbewustheid wat adolessente met hulle denkbeeldige gehoor ervaar, word hulle baie selfgesentreerd in hulle geloof dat hulleself, hulle gedagtes en hulle gevoelens uniek is (Elkind, 1967). Hierdie selfgesentreerdheid word deur Elkind (1967) as 'n persoonlike fabel bestempel. Die adolessente mag byvoorbeeld glo dat as gevolg van hulle uniekheid hulle nie seksueel oordraagbare siektes kan kry nie of swanger kan raak nie. Hoewel die denkbeeldige gehoor en persoonlike fabel volgens Thom (1991:424) meestal in vroeë-adolessensie voorkom, meen Papalia en Olds (1986:327) dat hierdie

selfbewustheid en selfgesentreerdheid soms deel van die volwassene se sosiale kognisie vorm.

'n Ander aspek waarvan Elkind (1967) in verband met 'n veranderde sosiale kognisie melding maak, is dié van idealistiese rebellie. Adollesent het as gevolg van abstrakte denke die vermoë om hulle waardes en die huidige omstandighede te evalueer en planne te bedink waarmee probleme opgelos of veranderinge aangebring kan word aan dit wat volgens hulle verkeerd is. Hierdie veranderinge vind egter nie uiting in gedrag nie, maar word slegs verbaal uitgespreek. As gevolg van die diskrepansie tussen wat adollesente sê en wat hulle werklik doen, kan hulle as skynheilig voorkom (Rice, 1990:181). So byvoorbeeld kan dit gebeur dat adollesente hulle teen voorhuwelikse seks uitspreek, maar self in seksuele verhoudings betrokke is.

Ander kenmerke van die kognitiewe veranderinge wat in adollesente se sosiale gedrag manifesteer, is toenemende introspeksie, foutvinderigheid, en 'n opstokery van argumente, wat 'n proses van eksperimentering vorm ten einde die inligting by hulle eie menswees te integreer (Papalia & Olds, 1986:327; Thom, 1991:425).

## 2.5 MORELE ONTWIKKELING

Belangrike besluite wat adollesente oor hulle seksuele aktiwiteite moet neem, is byvoorbeeld of hulle voorbehoedmiddels gaan gebruik, seksueel aktief gaan wees, watter seksuele gedrag vir hulle aanvaarbaar is, ensovoorts. Volgens Garbarino (1985:370) kan hierdie besluite nie geneem word indien daar nie morele ontwikkeling plaasgevind het nie: "Decisions about sex challenge the moral judgement of the adolescent to the limit."

Moraliteit word deur Peterson (1991:393) beskryf as 'n sisteem van oordele wat gevel word op dit wat die individu as regte, verkeerde, toelaatbare of ontoelaatbare gedrag bestempel. Morele ontwikkeling behels dus die verandering wat daar met die verloop van jare in 'n persoon se beoordeling van gedrag plaasvind. Schaimberg en Smith (1982:396) brei soos volg op Peterson se definisie van morele ontwikkeling uit: "Moral development, then, is the internalisation and organisation of these guiding principles over time. Moral development is directed towards the organisation of priorities and values in social situations."

Lerner en Spanier (1980:257) beskou adollessensie as 'n kritieke tydperk in die mens se morele ontwikkeling. Tot op hierdie stadium is die sosiale reëls gevolg, omdat die

kind gekonformeer het of bang was vir straf, maar as gevolg van die kognitiewe ontwikkeling betree die adolessente nou 'n stadium waar hulle in staat is om self hulle gedrag te beoordeel.

### **2.5.1 Teoretiese agtergrond ten opsigte van morele ontwikkeling**

Hoewel daar verskeie teorieë van morele ontwikkeling bestaan, soos byvoorbeeld die psigoanalitiese benadering, leerteoretiese siening en Gilligan se vlakke van morele ontwikkeling (Rice, 1990:493), word die teorie van Kohlberg deur verskeie outeurs beklemtoon as een van die waardevolste teorieë van morele ontwikkeling (Atwater, 1988; Bee & Mitchell, 1984; Lerner & Spanier, 1980; Papalia & Olds, 1986; Peterson, 1991; Stevens-Long & Cobb, 1983).

Volgens Kohlberg vind die ontwikkeling van morele oordeel op drie vlakke plaas, naamlik op die prekonvensionele, konvensionele en postkonvensionele vlakke (Lerner & Spanier, 1980; Papalia & Olds, 1986; Peterson, 1991; Stevens-Long & Cobb, 1983). Die prekonvensionele vlak het betrekking op kinders voor tienerjarige ouderdom. Gedurende hierdie tydperk reageer kinders volgens kultureel- of sosiaal-voorskriftelike gedrag en is hulle ook baie afhanklik van goedkeuring. As gevolg hiervan is kinders in hierdie fase straf- en gehoorsaamheid-georiënteerd en reguleer hulle hul gedrag deur die verkryging van beloning of die vermyding van straf (Bee & Mitchell, 1984:362; Rice, 1990:488)

Ten einde die volgende vlak van morele ontwikkeling te bereik, naamlik die konvensionele vlak, moet die kind die kognitiewe stadium van konkrete operasies bereik (Thom, 1991:429). Rice (1990:489) meen dat hierdie vlak minder egosentrië en meer op die samelewing gerig is. Kinders voldoen tydens hierdie vlak van morele ontwikkeling aan ander se verwagtings, omdat hulle meen dat die gestelde reëls van die samelewing gehoorsaam behoort te word. Die kinders is gemotiveerd om hulle aan hierdie reëls te onderwerp, aangesien hulle glo dat dit tot die algemene welsyn en welstand van die samelewing kan lei. Hierdie fase word dan ook beskryf as die “wet-en-orde” fase (Thom, 1991:492).

Net soos in die geval van die vorige fase berus die sukses van die postkonvensionele vlak op die mate waarin die individu daarin geslaag het om die fase van formele denke te bereik (Vander Zanden, 1989). Dit is egter nie alle adolessente en selfs volwassenes wat hierdie vlak van morele denke bereik nie. Papalia en Olds (1986:328) is van mening dat slegs een uit elke tien volwassenes hierdie morele redeneringsvlak bereik, terwyl

Peterson (1991:394) beweer dat slegs 20% van die Amerikaanse volwasse populasie die postkonvensionele redeneringsvlak bereik.

Morele waardes en beginsels wat universeel geldig is, word in die postkonvensionele vlak onafhanklik van die gesag van groepe of persone gehandhaaf (Thom, 1991:431), wat impliseer dat die individue nou hulle eie abstrakte waardes stel (Peterson, 1991:394). Alhoewel hulle nog steeds die gevestigde norme van die samelewing aanvaar, doen hulle dit nie net bloot uit vrees vir straf of as gevolg van 'n begeerte om met heersende waarde-opvattinge te konformeer nie, maar omdat hulle in die sinvolheid daarvan glo en dit as "lewenswaarhede" beskou (Rice, 1990:489). Die individue beoordeel nou gedrag nie net volgens bestaande norme nie, maar ook volgens hulle gewete, of selfgekoose, geïnternaliseerde, abstrakte, etiese beginsels (Thom, 1991:432).

Kohlberg se teorie word veral deur Carol Gilligan gekritiseer. Sy dui daarop dat Kohlberg se ondersoekgroep slegs mans was en dat sy teorie eintlik meer op mans as op vrouens van toepassing is (Huffman, Vernoy & Williams, 1991:319). Op grond van haar ondersoek na die morele ontwikkeling van vrouens beweer sy dat vrouens nie soos mans hulle morele redenasies net op geregtigheid baseer nie, maar ook op verantwoordelikheid en 'n besorgdheid oor ander persone (Coon, 1991:100). Die verskil tussen Gilligan se teorie oor die morele ontwikkeling van vroue en Kohlberg se teorie, wat oënskynlik net op mans gerig is, is dat Gilligan van mening is dat vroue moreel ontwikkel tot interafhanklikheid, individuele verantwoordelikhede en 'n versorgingsperspektief, terwyl Kohlberg weer van mening is dat adolessente moreel ontwikkel tot onafhanklikheid, individuele regte, met 'n perspektief op geregtigheid (Huffman, Vernoy & Williams, 1991:319). Coon (1991:100) rapporteer egter studies waarin daar geen verskil tussen die morele ontwikkeling van mans en vrouens gevind is nie, aangesien vrouens sowel as mans besorgdheid en geregtigheid in hulle morele redenering getoon het. Volgens hom het Gilligan slegs 'n ander metode van morele redenering geïdentifiseer.

### **2.5.2 Morele funksionering van adolessente**

Soos reeds genoem, moet die adolessent eers oor formeel-operasionele denke beskik om die hoogste vlak van morele redenering te kan bereik (Seifert & Hoffnung, 1991:5). Formeel-operasionele denke stel die adolessent in staat om hipoteses te stel, dit te ondersoek en afleidings te maak, terwyl die vermoë om abstrak te dink die adolessent in staat stel om oor alternatiewe waardes te dink en dit rasioneel te beoordeel (Vander Zanden, 1989). Dit bring mee dat die adolessente sekere van hulle ouers se waardes bevraagteken en ander waardes aanvaar ten einde 'n eie morele waardesistiem te vorm.

Op hierdie wyse begin hulle 'n persoonlike lewensfilosofie ontwikkel en redeneer oor morele sake (Seifert & Hoffnung, 1991:5). Hierdie morele denke stel die adolessente in staat om byvoorbeeld te besluit oor die betrokkenheid by heteroseksuele aktiwiteite en die gebruik van voorbehoedmiddels al dan nie. Die besluit berus nie alleen op die voorskrifte van hulle ouers of geloof nie, maar ook op hulle eie oortuiging.

Daar is verskeie faktore wat die adolessent se morele ontwikkeling beïnvloed, soos byvoorbeeld sy ouers, portuurgroep, geslagsrol en godsdienst. Dit blyk dat adolessente wat uit liefdevolle huise kom waar dissipline toegepas word en waardes verduidelik word, waarskynlik die morele waardes sal internaliseer (Lerner & Spanier, 1980:285; Rice, 1990:498; Thom, 1991:431). Aan die ander kant kan die druk wat die portuurgroep op die standaard en waardes van die adolessent uitoefen die adolessent laat konformeer, aangesien die aanvaarding van die groep moontlik vir die adolessent belangrik kan wees. Tog word gevind dat die waardes van die portuurgroep nie altyd van die ouers se waardes verskil nie, en dat konformering met die groep se waardes tot versterking van die ouers se waarde-oriëntasies kan lei (Lerner & Spanier, 1980:285; Thom, 1991:431). Die rol wat 'n spesifieke kultuur of samelewing aan die man of vrou toeken, vereis somtyds sekere stereotiepe gedrag, maar die man of vrou wat die postkonvensionele vlak bereik het en dus hulle eie gedragskodes daarstel, word nie deur sosiale voorskrifte of geslagsrolstereotipes geregleer nie (Thom, 1991:431). Laastens wil dit voorkom of adolessente wat religieuse oriëntasies het groter morele verantwoordelikheid toon as adolessente wat nie godsdienstig is nie (Rice, 1991:500). Thom (1991:431) rapporteer dat hierdie adolessente minder angstig is en meer sekuriteit ervaar, hulle meer met hul ouers se waardes identifiseer, terwyl minder alkohol- en dwelmmisbruik en voorhuwelikse geslagsgemeenskap by hulle voorkom.

Samevattend blyk dit dat morele ontwikkeling nou vervleg is met die fase van kognitiewe ontwikkeling. Indien adolessente dus die formeel-operasionele kognitiewe vlak bereik het, kan hulle ook die postkonvensionele morele redeneringsvlak bereik, wat die hoogste vlak van morele redenering is (Seifert & Hoffnung, 1991:5). Wanneer hierdie morele vlak bereik word, kan die adolessente tradisionele waardes bevraagteken en hulle eie waardesisteen vorm. Sodoende kan hulle self besluit wat aanvaarbare of onaanvaarbare seksuele gedrag is en op watter manier hulle hul eie seksuele behoeftes gaan uitleef, sonder dat sekere regulasies of reëls gestel word. Faktore wat 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die morele denke speel, is onder andere die portuurgroep, ouers, geslagsrol en godsdienst (Lerner & Spanier, 1980:285).

## **2.6 PSIGO-SOSIALE ONTWIKKELING**

Een van die belangrike ontwikkelingstake van adolessente is om hulle seksualiteit te erken en te aanvaar sodat hulle dit by hulle identiteit kan integreer (Garbarino, 1985:373). Verder moet die adolessente ook 'n poging aanwend om hulle seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare manier uit te leef (Thom, 1991:407). Hierdie take word egter gekompliseer deur sterk seksuele drange en wisselende emosies wat soms vir adolessente moeilik hanteerbaar is, aangesien hulle nie emosioneel voorberei en dus opgewasse is om dit te kan hanteer nie (McDowell, 1987:18).

Psigo-sosiale ontwikkeling handel oor die ontwikkeling van al bogenoemde aspekte, naamlik identiteit, sosiale vaardighede en verhoudings en die emosies wat met hierdie aspekte gepaard gaan (Seifert & Hoffnung, 1991:570).

### **2.6.1 Identiteit**

Volgens Papalia en Olds (1986:340) word die beginsels oor die ontwikkeling van 'n identiteit meestal op die ontwikkelingsteorie van Erik Erikson gebaseer.

#### **2.6.1.1 Teoretiese agtergrond ten opsigte van identiteitsontwikkeling**

Erikson se teorie handel nie net oor die ontwikkeling van die identiteit van adolessente nie, maar behels 'n beskrywing van mense se ontwikkeling deur die verloop van hulle totale lewe. Volgens Erikson is menslike ontwikkeling die interaksie tussen persone se inherente eienskappe en die eise van die kultuur of samelewing (Gerdes, 1988:72).

Erikson stel agt ontwikkelingsstadiums of ontwikkelingskrisisse voor wat die individu uitdaag om een na die ander krisis te bemeester sodat daar na die volgende ontwikkelingsstadium beweeg kan word. Elke krisis vereis die ontwikkeling van spesifieke vaardighede, en indien dit nie gebeur nie sal dit belemmerend op verdere ontwikkeling inwerk (Gerdes, 1988:72).

Die volgende verteenwoordig 'n opsomming van die agt stadiums wat beskryf word deur die positiewe oplossing of negatiewe uitkoms aan te dui (Rice, 1990:86):

- Eerste lewensjaar: Vertroue teenoor wantroue.
- Tweede lewensjaar: Outonomie teenoor skaamte en twyfel.
- Drie- tot sesjarige: Inisiatief teenoor skuld.

- Sesjarige tot puberteit: arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid.
- Adolesensie: identiteit teenoor identiteits- of rolverwarring.
- Vroeë volwassenheid: Intimiteit teenoor isolasie.
- Volwassenheid: Generatieweit teenoor stagnasie.
- Bejaardheid: Integriteit teenoor wanhoop.

Volgens Gerdes (1988:73) beskou Erikson adolesensie as 'n belangrike fase gedurende die psigo-sosiale ontwikkeling van die mens, omdat dit as basis dien vir die daaropvolgende ontwikkeling gedurende volwassenheid. Die adolessente se taak is om, op grond van dit wat hulle van hulself en andere leer, 'n gevoel van identiteit te ontwikkel (Gerdes, 1988:73). Die identiteitsvorming behels drie komponente, naamlik die individu se sekerheid oor sy/haar eienskappe en seksualiteit ('n antwoord op die "wie is ek" vraag), sekerheid oor sy/haar sosiale identiteit ('n antwoord op die "waar hoort ek" vraag) en sekerheid oor eie waardes en ideale ('n antwoord op die "wat wil ek in die lewe bereik" vraag) (Thom, 1991:64).

Ten einde die identiteitskrisis op te los, eksperimenteer adolessente met verskillende moontlikhede en verbind hulle hulself tot nuwe vriendskappe, vorm nuwe identifikasies, is hulle geneig tot heldeverering en kom hulle soms in opstand teen die aanvaarde norme van die samelewing (Seifert & Hoffnung, 1991:47). Volgens Thom (1991:64) kan hierdie fase tot in volwassenheid strek, veral in die geval van laat-adolessente of vroeë volwassenes wat nog een of ander vorm van opleiding ondergaan. Die ideale oplossing vir die identiteitskrisis is geleë in 'n sintese tussen die twee pole identiteit en identiteitsverwarring, wat Erikson betroubaarheid noem. Thom (1991:65) meen betroubaarheid beteken dat mense sekerheid moet hê oor hulle identiteit, maar terselfdertyd bewus behoort te wees van ander identiteitskeuses wat hulle ook kon maak het.

Wanneer adolessente nie hulle eie seksualiteit aanvaar nie, kan dit tot 'n identiteitskrisis lei. Hierdie identiteitskrisis kan moontlik ook seksuele volwassenheid verhinder, aangesien seksuele volwassenheid juis die aanvaarding en erkenning van seksualiteit is (Greenwood, 1984). Verder kan dit veroorsaak dat die adolessent probleme met die aanvaarding en uitdrukking van fisieke en emosionele intimiteit kan ondervind. Dit is dus noodsaaklik dat die adolessente ook hulle seksualiteit moet aanvaar en gemaklik daarmee moet wees sodat hulle dit op 'n gemaklike, genotvolle maar ook sosiaal aanvaarbare manier kan uitleef (Greenwood, 1984).

Kritiek wat uitgespreek word oor Erikson se teorie is meestal positief.

Gerdes (1988:26) beweer “Erikson se teorie verskaf waardevolle insigte oor die psigo-sosiale ontwikkeling deur die lewensloop heen”. Alhoewel Thom (1991:66) meen dat Erikson se teorie in ’n groot mate op spekulasie en interpretasie berus, toon Rice (1990:90) aan dat baie navorsers bevestiging vir Erikson se teorie gevind het. Tog verwys Thom (1991:66) ook na die min aandag wat Erikson in sy teorie aan die kognitiewe ontwikkeling as determinant vir identiteitsontwikkeling gee. Rice (1990:90) sluit by Thom aan deur daarop te wys dat ’n persoon se ideologiese en morele identiteit eers gevorm word wanneer die persoon die formeel-operasionele kognitiewe ontwikkelings stadium bereik het (vergelyk 2.4.2), terwyl die fisieke en geslagsidentiteit reeds in puberteit begin vorm. Nogtans is Erikson se teorie een van die mees geslaagde pogings om ’n samehangende en redelik volledige beeld van menslike ontwikkeling te skets (Thom, 1991:66).

### **2.6.1.2 Ontwikkeling van ’n identiteit**

Seifert en Hoffnung (1991:570) is van mening dat identiteitsontwikkeling gedurende adolessensie, naas fisieke, kognitiewe of morele ontwikkeling, die belangrikste ontwikkelingsfasie is: “The most significant accomplishment for an adolescent is the achievement of a fullfledged, independent, psychological identity: one that is mature, adult, unique, and separate from parents, friends, and other important childhood figures.” Volgens Thom (1991:460) is identiteit ’n persoon se bewustheid van hom-/haarself as ’n onafhanklike unieke persoon met ’n bepaalde plek in die samelewing. Die verskillende aspekte ten opsigte identiteit soos deur Schaimberg en Smith (1982:463) gestel, is die geslagsrol of seksuele identiteit, ’n beroepsidentiteit, ’n morele identiteit, ’n identiteit ten opsigte van politieke en godsdienstige ideologieë en ’n geïntegreerde geheelbeeld van die self.

Die ontwikkeling van ’n identiteit is ’n proses wat van geboorte af plaasvind. Die gesin is aanvanklik die belangrikste invloed in die vorming van die self. Soos wat kinders groter word, kom hulle met ander sisteme in aanraking wat ook ’n invloed op hulle uitoefen, soos byvoorbeeld die skool, kerk, portuurgroep en media. Dit is egter eers in adolessensie waar hierdie identiteitsoeke of -krisis oplossings of duidelike definiëring verg (Gerdes, 1988:314). Gedurende adolessensie strewe adolessente dus na uniekheid en onafhanklikheid deur middel waarvan hulle in persone met eie doelstellings, waardes en oortuigings kan ontwikkel (Papalia & Olds, 1986:340). Indien adolessente nie daarin slaag om hulle identiteite duidelik te omskryf nie, sal rolverwarring en onsekerheid oor identiteit in die weg van ’n verbintenis tot volwasse rolle en langtermyn doelwitte staan. Wanneer adolessente ’n interne of persoonlike bewustheid van hulle manlikheid

of vroulikheid ontwikkel, staan dit bekend as *seksuele identiteit* (Garbarino, 1985:610). Die ontwikkeling van 'n seksuele identiteit is slegs 'n aspek van die totale proses van identiteitsvorming, maar dit is nietemin 'n belangrike aspek daarvan. Deur die vorming van 'n seksuele identiteit leer adolessente om hulle seksualiteit te erken en te aanvaar sodat hulle dit by hulle identiteit kan integreer (Garbarino, 1985:373).

Masters *et al.*, (1992:221) is van mening dat daar struikelblokke bestaan wat die vorming van 'n seksuele identiteit strem. Sulke struikelblokke is byvoorbeeld stereotiepe geslagsrolle wat deur 'n spesifieke kultuur voorgeskryf word. Adolessente mans in sommige kulture glo byvoorbeeld dat dit van hulle verwag word om sportief en onafhanklik te wees, terwyl daar van die vrouens verwag word om sensitief, ondersteunend en emosioneel volwasse te wees. Adolessente wat nie volgens die verwagte rolle optree nie, byvoorbeeld mans wat ballet beoefen of 'n vrou wat skyfskiet, word dan as "eienaardig" geëtiketteer en kan moontlik deur ander adolessente verwerp word (Craig, 1992:396; Masters *et al.*, 1992:221).

Hierdie etikettering vind plaas aangesien adolessente se seksuele gedrag gemotiveer word deur die verwagtings van die samelewing, ouers, vriende en portuurgroep (Masters *et al.*, 1992:221). Adolessente wil dan hulle manlikheid of vroulikheid bewys deur seksueel op te tree of deur vertellings van sekere seksuele gedrag soos wat hulle glo van hulle verwag word. Masters *et al.*, (1992:221) verwys na die voorbeeld van 'n sestienjarige man wat nog nooit 'n vaste verhouding gehad het nie of nog nooit 'n meisie gesoen het nie. Die gevolg is dat die man negatief geëtiketteer kan word en sosiaal nie aanvaarbaar vir die groep is nie.

Gerdes (1988:317) is van mening dat hoewel die identiteitsoeke hoofsaaklik gedurende adolessensie plaasvind, kan veranderde omstandighede en nuwe eise wat aan persone gestel word tot nog 'n identiteitskrisis later in 'n persoon se lewe lei.

### **2.6.2 Sosiale ontwikkeling en funksionering van adolessente**

Seifert en Hoffnung (1991:578) is van mening dat die soeke na 'n identiteit tydens kognitiewe, morele en fisieke ontwikkeling die adolessente se verhouding met hulle ouers, sowel as met hulle maats, beïnvloed. Adolessente se sterk verbondenheid met hulle ouers moet soms ruimte maak vir hulle belangstelling in hulle vriende en die teenoorgestelde geslag (Papalia & Olds, 1986:342; Seifert & Hoffnung, 1991:573). Hierdie behoefte van adolessente om emosioneel en fisiek meer onafhanklik van hulle ouers te wees en nader aan hulle vriende te beweeg, mag spanningsvol wees, hoewel

hierdie veranderinge sonder baie konflik en probleme kan verloop (Seifert & Hoffnung, 1991:573).

Daar is persone wat meen dat die invloed van ouers in die adolessent se lewe afneem, maar dit is nie noodwendig korrek nie (Vander Zanden, 1989). Volgens Craig (1992:423) beïnvloed ouers steeds die adolessent se gedrag en waardes, terwyl Papalia en Olds (1986:343) meen dat ouers se waardes, menings en advies, veral oor belangrike sake, bó die van die portuurgroep verkies word. Tog moet adolessente tot onafhanklikheid groei waar hulle hul eie keuses en besluite kan neem. Daarsonder sal adolessente nie in staat wees om volwasse verhoudings aan te knoop, realistiese beroepskeuses te maak of 'n persoonlike waardesistiem en 'n identiteit te ontwikkel nie (Rice, 1990:364).

Ouers kan vir adolessente die geleentheid skep om meer onafhanklik te word. 'n Ouer wat nie aanpas by die oorgangstadium wat adolessente beleef nie, en wat vaskleef aan die ouerrol wat goed gewerk het toe die kind nog jonk was, kom gewoonlik in konflik met die adolessent (Craig, 1992:424).

Seifert en Hoffnung (1991:573) kom tot die gevolgtrekking dat ouers wat verantwoordelike en onafhanklike gedrag by adolessente bevorder, die volgende kenmerke openbaar:

- Hulle bied die adolessent die geleentheid om onafhanklik op te tree, maar oefen deur middel van bespreking en belangstelling voortdurend gebalanseerde beheer oor die adolessent se gedrag uit.
- Hulle is meestal geskikte rolmodelle vir die adolessent.
- Hulle toon genoegsame liefde en respek vir die adolessent, maar pas steeds dissipline toe waar nodig.
- Hulle moedig die adolessent aan om 'n unieke, waardevolle, toereikende en onafhanklike persoon te word.

Die rol wat vriende (die portuurgroep) in die adolessent se lewe speel, is net so belangrik soos die rol van die ouer (Stevens-Long & Cobb, 1983:221). Verhoudings met vriende bied aan adolessente emosionele ondersteuning wat volgens Craig (1992:432) essensieel is vir die vorming van sosiale vaardighede. Vriende bied ook aan adolessente die geleentheid om emosies, gedagtes en idees te deel, hulle identiteit te vind, 'n gebondenheidsgevoel te ontwikkel, te eksperimenteer en nuwe rolle aan te leer (Rice, 1990:364; Stevens-Long & Cobb, 1983:221). Aan die ander kant kan die portuurgroep ook die ouerlike waardes en norme ondergrawe, druk op die adolessent uitoefen om met hulle standarde te konformeer, konflik tussen die ouers en kind skep na aanleiding

van die wenslikheid van die groep, en ook die adolessent verwerp, wat nadelig vir die adolessent se sosiale ontwikkeling is (Papalia & Olds, 1986:346; Steyn, 1987:92).

Die mate van beïnvloeding hang af van die ouderdom van die adolessent. Stevens-Long en Cobb (1983:221) dui byvoorbeeld aan dat vriendskappe in vroeë-adolessensie meestal gekenmerk word deur die deel van sosiale aktiwiteite, terwyl die vriendskappe gedurende middel-adolessensie gekenmerk word deur adolessente wat meer op 'n emosionele vlak met mekaar sekere aspekte deel. Dit veroorsaak dat die vriendskappe meer intens en opreg is. Gedurende laat-adolessensie is die vriendskappe meer stabiel en rustiger as in die geval van die vorige twee fases, aangesien die adolessente hulleself beter kan definieer en ook meer emosionele kontrole het.

Verhoudings kan uit hierdie vriendskappe voortvloei en die adolessent mag ook met persone begin uitgaan ("date") met die oog op 'n moontlik toekomstige verhouding. In sulke gevalle tree die adolessente in 'n ander verhoudingsdimensie, meestal met persone van die teenoorgestelde geslag (Rice, 1990:364). Soos by platoniese vriendskappe is die verhoudings van laat-adolessente meer intiem en ondervind hulle ook 'n groter mate van emosionele nabyheid (Masters *et al.*, 1992:221).

Die meeste adolessente het die behoefte om in 'n verhouding met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag betrokke te raak. Dit veroorsaak dat adolessente soms uitermatig verlief raak op 'n bekende of onbekende persoon en moontlik oor die persoon sal fantaseer. Hierdie behoefte motiveer dan die adolessent om by verhoudings betrokke te raak (Rice, 1990:364).

Alhoewel die verhouding nie 'n hofmakery is nie, dien dit tog as rekreasie, 'n geleentheid om sosiale vaardighede te oefen en die behoefte aan kameraadskap en intimiteit te vervul. Verder verskaf verhoudings aan adolessente ook die geleentheid om 'n identiteit te vestig, seksueel te eksperimenteer en 'n mate van status in die portuurgroep te bou (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:18; Rice, 1990:364). Aan die ander kant kan daar ten opsigte van seksuele druk, seksuele misverstande, kommunikasie, eerlikheid, finansies en besluitneming probleme in 'n verhouding ondervind word. Die verhouding kan wel liefde, kameraadskap en sekuriteit bied, maar die adolessent kan ook gevoelens van jaloesie, hartseer en verwerping ontwikkel. Rice (1990:364) is van mening dat die grootste nadeel van 'n langtermyn-verhouding tussen twee adolessente die moontlikheid van 'n te vroeë huwelik is.

Masters *et al.* (1992:221) is van mening dat adolessente deur middel van verhoudings leer wat 'n seksuele en romantiese verhouding behels, en wat van hulle verwag word: "An important aspect in middle and late adolescence is learning the ground rules and the art of sexual negotiation. This includes learning how to set limits, how to communicate about sex with and without words, how to avoid misunderstandings and how to show your partner what you like, as well as what you don't like." Wanneer laat-adolessente nie hierdie take bemeester het nie, kan dit volgens Masters *et al.* (1992:221) daartoe lei dat hulle intimiteit vermy, wat die spontaniteit en genot van 'n verhouding kan belemmer.

## 2.7 SAMEVATTING

Soos uit die bespreekte gedeelte blyk, verloop die mens se ontwikkeling in verskillende stadiums, waarvan adolessensie die stadium tussen kinderjare en volwassenheid is (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:3). In die adolessente fase vind daar op verskeie terreine in die adolessent se lewe ontwikkeling plaas, byvoorbeeld fisieke, kognitiewe, morele, psigo-sosiale en seksuele ontwikkeling (Bee & Mitchell, 1984; Kaplan & Stein, 1984:77). Volgens Craig (1992:7) funksioneer hierdie verskillende ontwikkelings-terreine nie losstaande van mekaar nie, maar beïnvloed mekaar wedersyds.

Fisiologiese ontwikkeling is moontlik een van die mees kenmerkende ontwikkelingsaspekte van adolessensie. Fisiologiese veranderinge stel nie net die adolessente biologies in staat om voort te plant nie, maar wakker ook hulle seksuele drange aan (Renshaw, 1982:37).

Kognitiewe veranderinge stel die adolessent in staat om abstrak te dink, hipoteses te stel, ensovoorts, wat meebring dat die adolessent die omgewing, mense en aspekte soos seks, godsdiens en politiek op 'n ander manier as voorheen beleef en definieer. Die adolessent begin redeneer oor belangrike aspekte soos seksuele betrokkenheid, die gebruik van voorbehoedmiddels en oor hoe om meer seksuele inligting te bekom.

Morele ontwikkeling stel die adolessent in staat om 'n eie waardesisteem daar te stel, op grond waarvan besluite oor reg en verkeerd sowel as aanvaarbare of onaanvaarbare gedrag gemaak kan word. Laat-adolessente kan byvoorbeeld redeneer dat hulle oud genoeg is om seksueel stimulerende tydskrifte te bekom, maar omdat hulle waardes en standarde dalk nie sulke gedrag toelaat nie koop hulle moontlik nie sulke tydskrifte nie. Adolessente wat wel seksueel aktief is, kan byvoorbeeld glo dat die gebruik van voorbehoedmiddels onaanvaarbaar is en dit waarskynlik daarom nie gebruik nie.

Psigo-sosiale ontwikkeling stel adolessente in staat om al die nuutgevonde vermoëns en veranderinge te integreer met die oog op die vorming van 'n identiteit (Thom, 1991:460). So bied sosiale verhoudings die geleentheid aan adolessente om hierdie vermoëns en vaardighede te oefen. Dit stel adolessente ook in staat om onafhanklik en selfstandig te ontwikkel (Stevens-Long & Cobb, 1983:221).

Teen die agtergrond van hierdie inligting oor die totale ontwikkeling van die adolessente word die seksuele lewe van die adolessente asook die verband tussen die verskillende aspekte in hulle seksualiteit oor die verloop van die hieropvolgende hoofstukke in besonder onder die loep geneem. Daar sal gefokus word op die adolessente se seksuele *houding*, seksuele *gedrag*, seksuele *kennis*, en *risiko's* verbonde aan hulle seksuele gedrag.

Die adolessent se *houding* teenoor seks kom in hoofstuk 3 aan die orde.

# HOOFSTUK 3

## SEKSUELE HOUDINGS

### 3.1 INLEIDING

Houdings en waardes word volgens Kaplan en Stein (1984:389) soms met mekaar verwar, alhoewel daar sekere verskille tussen die twee konstrunkte bestaan. Kimble (1990:140) bestempel houdings as 'n gevoel wat 'n persoon teenoor mense, gebeure of objekte het, terwyl waardes die evaluasie is of mense, gebeure of objekte goed of sleg is. Kaplan en Stein (1984:382) is weer van mening dat waardes 'n persoon se gedrag rig om sekere doelwitte te bereik, terwyl 'n houding die perseptuele reaksie van persone op sekere waardes is. Peterson (1991:601) sluit hierby aan deur na waardes te verwys as die geloof dat sekere persoonlike doelwitte beter is as ander doelwitte. Waardes is meer abstrak as houdings en dien ook as riglyn in die vorming van houdings (Kimble, 1990:140). Persone se waardes vorm dus die basis van hulle houdings. Verder kom spesifieke waardes tot uiting in hulle houdings (Brigham, 1991:137). Kaplan en Stein (1984:383) illustreer bogenoemde deur aan te dui dat mense slegs oor 'n aantal waardes beskik, maar houdings oor elke denkbare situasie, gebeurtenis, objek of individue vorm.

Houdings bestaan uit drie komponente, naamlik affektiewe, konatiewe en kognitiewe komponente (Kaplan & Stein, 1984:389). Die affektiewe komponent is 'n mens se emosionele respons tot 'n situasie, terwyl die kognitiewe komponent beskryf kan word as die gedagtes, idees en feite wat 'n mens oor 'n sekere situasie of objek het. Die konatiewe komponent is die gereedheid om op te tree wanneer daar sekere gedagtes en gevoelens oor 'n situasie of objek is (Kaplan & Stein, 1984:389).

Ten opsigte van waardes het Gordon Alport 'n tipologie van waardes daargestel (Peterson, 1991:601). Sulke waardes is religieuse, estetiese, teoretiese, ekonomiese, sosiale en politiese waardes. In hierdie hoofstuk word daar veral op sosiale en religieuse waardes gefokus. Sosiale waardes het betrekking op die manier waarop mense teenoor mekaar optree. Mense sal dus volgens hulle sosiale waardes vriendelik wees, respekvol teenoor ander mense optree, simpatiek wees en liefde en medemenslikheid teenoor mekaar betoon (Möller, 1987:211). Religieuse waardes, met ander woorde 'n persoon se geloof in

God, word deur Möller (1987:212) as die hoogste waarde-ervaring van 'n persoon beskryf. Möller (1987:212) is van mening dat religieuse waardes meestal positiewe lewenswaardes is, wat volgens Kaplan en Stein (1984:385) aan die gemeenskap standvastige waardes verskaf om sodoende die lewe van 'n gemeenskap te verryk. Die sosiale en religieuse waardes wat spesifiek oor seksuele aangeleenthede handel, het die afgelope paar dekades redelik verander. Die sosiale waardes se verandering word gekenmerk deur die sogenaamde seksuele rewolusie, terwyl die religieuse waardes - spesifiek die Christelike waardes - gekenmerk is deur 'n meer verligte siening van seksualiteit (Kent & Kent, 1983:5; Miles, 1971:210).

Aangesien houdings 'n persoon se dieperliggende waardes reflekteer (Brigham, 1991:137), sal daar in hierdie studie eers stilgestaan word by sekere waardes wat mense ten opsigte van seksualiteit het, aangesien hierdie waardes die afgelope paar dekades baie verander het. Met die veranderde waardes as agtergrond, word daar dan verder in die hoofstuk aandag gegee aan die houdings van die adolessente oor spesifieke seksuele aangeleenthede soos voorhuwelikse seks, masturbasie, dubbele standaarde, pornografie, homoseksualiteit en seksuele opvoeding.

### **3.2 VERANDERENDE SEKSUELE HOUDINGS**

Hoewel houdings wat gevorm word redelik stabiel is (Peterson, 1991:603), kan houdings ook verander. Houdingsverandering noodsaak egter blootstelling aan nuwe situasies, omgewings en mense wat die verandering kan stimuleer. Kaplan en Stein (1984:392) is van mening dat, indien hierdie blootstelling nie plaasvind nie, die waardes en houdings wat die adolessente by hulle ouers aangeleer het, dieselfde sal bly. Alhoewel ouers die primêre bron is waar die kind sekere houdings deur modellering aanleer, is blootstelling aan sekondêre bronne soos onderwysers, portuurgroep en die media ook noodsaaklik (Penrod, 1983:253).

Houdings word egter nie net aangeleer deur modellering nie, maar ook deur klassieke en operante kondisionering (Peterson, 1991:606). Verder kan houdings ook gevorm word deur waarneming, evaluering en wysiging van eie gedrag om harmonie tussen houding en gedrag te skep (kognitiewe dissonansieteorie) (Kimble, 1990:154; Peterson, 1991:606). Kimble (1990:150) is ook van mening dat sekere menslike houdings gevorm word namate 'n nuwe houding meer beloning as koste vir die mens inhou. Alhoewel gevestigde houdings kan verander, verg dit somtyds oortuigende en spesifiek gerigte kommunikasie van die sekondêre bronne om dit te bereik.

Volgens Tubbs en Moss (1987:330) bestaan die proses van oortuiging uit drie fasette: die sender van die boodskap, die boodskap en die ontvanger van die boodskap. Wanneer

die sender 'n geldige en betroubare bron met outoriteit en kennis is, sal mense geneig wees om na die sender te luister en hulle houdings te verander. Die boodskap kan ook spesifiek daarop gerig wees om houdings te verander, soos byvoorbeeld wanneer die boodskap vrees wek. Die voorwaarde is egter dat die boodskap ook oplossings moet bevat oor die maniere waarop die vrees geëlimineer kan word (Tubbs & Moss, 1987:324). 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n praatjie oor vigs gelever word. Die vreesboodskap is dat vigs 'n ongeneeslike en fatale siekte is, maar die oplossing is dat die gebruik van 'n kondoom 'n mens se kans verminder om hierdie siekte te kry (Peterson, 1991:611).

Voordat 'n boodskap egter saamgestel word, is dit nodig dat die sender sal bepaal hoeveel houdingsverandering van die ontvangers verlang word. Tubbs en Moss (1987:326) waarsku dat wanneer te veel verandering verlang word, die verandering nie sal plaasvind nie. Die volgende boodskap is 'n voorbeeld hiervan: "Onthouding van seks is die mees suksesvolle manier waarop vigs voorkom kan word. Kondome kan ook gebruik word om vigs te voorkom, maar dit is 'n feilbare metode wat nie die voorkoming van vigs kan waarborg nie". Indien algehele onthouding die kern van die boodskap is, sal sommige adolessente nie hulle houding of gedrag verander nie, aangesien die boodskap te veel verandering verlang. Indien die boodskap gerig is om die adolessente aan te moedig om kondome te begin gebruik, mag hierdie voorstel byval vind, aangesien sommige adolessente reeds moontlik kondome oorweeg het as voorbehoedmiddel. Tubbs en Moss (1987:327) meen dat wanneer min houdingsverandering verlang word, die waarskynlikheid van verandering groter is. Laastens sal die ontvanger of gehoor self bepaal of hulle hul houding gaan verander of nie (Tubbs & Moss, 1987:327).

Die kognitiewe dissonansieteorie van Festinger verklaar ook waarom houdings verander (Peterson, 1991:612). Hierdie teorie handel spesifiek oor die diskrepansie wat tussen twee kognisies kan bestaan. 'n Voorbeeld van so 'n diskrepansie is adolessente wat glo dat geslagsgemeenskap slegs in die huwelik beoefen moet word, terwyl hulle self voor die huwelik reeds geslagsgemeenskap beoefen. Hierdie dissonansie veroorsaak psigologiese spanning, wat as kognitiewe dissonansie bekend staan, en kan verminder word deur 'n verandering van een van die kognitiewe elemente met die oog op die eliminerings van die inkonsekwentheid. Op grond hiervan kan adolessente kognitiewe dissonansie verminder deur hulle gedrag of hulle geloof dat voorhuwelikse seks verkeerd is, te verander (Peterson, 1991:612). Andersins kan adolessente ook die disharmonie verminder deur nuwe konstante kognisies (regverdigings) by te voeg (Kimble, 1990:155). Die adolessente kan byvoorbeeld redeneer dat geslagsgemeenskap nie werklik verkeerd is in 'n vaste verhouding waarin daar liefde, intimiteit, 'n mate van permanensie en verbondenheid is nie, aangesien dit baie ooreenstem met 'n huweliksverhouding. Alhoewel disharmonie bly bestaan, word dit verminder namate regverdigings bygevoeg word (Peterson, 1991:612).

Houdings en waardes wat spesifiek oor seksuele aspekte handel, het gedurende die sestiger- en sewentigerjare redelik verander (De Bruyn, 1982:108; Esterhuyse, 1980:8; Hopkins, 1983:250; Mace, 1970:68; Masters, Johnson & Kolodny, 1992:16). Hierdie veranderinge het volgens De Bruyn (1989:19) eers op houdings- en waardevlak gemanifesteer voordat dit 'n konkrete vorm in die gedrag van adolessente aangeneem het. Verskeie outeurs opponeer egter De Bruyn deur aan te voer dat daar nie 'n konkretisering van die veranderende houdings in gedrag was nie (Conger & Petersen, 1984:248; Hopkins, 1983:252; Nielsen, 1987:463). Met ander woorde, die veranderinge wat gedurende die seksuele rewolusie op seksuele en religieuse vlak plaasgevind het, was eerder houdingsveranderinge as gedragsveranderinge. Die invloed van veranderde houdings al dan nie op die seksuele gedrag van adolessente word meer volledig in hoofstuk 4 behandel.

### 3.2.1 Die “seksuele rewolusie”

Die sosiale waardes wat spesifiek op die seksualiteit van die mens gerig is, het die afgelope paar dekades redelik verander (Garbarino, 1985:344). Dit het daartoe gelei dat die houdings van persone oor hierdie onderwerpe ook verander het (Masters, Johnson & Kolodny, 1992:16).

Die vraag ontstaan nou of die veranderinge wat gedurende die sestiger- en sewentigerjare op seksuele gebied plaasgevind het 'n rewolusie of 'n evolusie was (Stevens-Long & Cobb, 1983:238). Kritzinger, Labuschagne en Pienaar (1982) dui die verskil tussen die twee konsepte aan deurdat hulle rewolusie definieer as 'n radikale omkeer of omwenteling, terwyl evolusie gedefinieer word as 'n natuurlike en langsame ontwikkeling. Wanneer die veranderinge in seksuele houdings die afgelope dekades in oënskou geneem word, lyk dit of die meeste outeurs dit eens is dat die veranderinge 'n seksuele rewolusie was (Bensman, 1975:339; De Bruyn, 1982:108; Esterhuyse, 1980:8; Hopkins, 1983:250; Mace, 1970:68; Masters *et al.*, 1992:16; Peterson, 1991:617; Wepener, 1991:9).

Volgens De Bruyn (1982:108) was die veranderinge in seksuele houdings gedurende die laat-1960's en 1970's so radikaal dat dit as 'n rewolusie beskryf kan word. Alhoewel die rewolusie soms uiting gevind het in opmarsse en rebelse gedrag, was die rewolusie duideliker sigbaar in die houdings van mense (Smith, 1990:415). As gevolg hiervan stel Smith (1990:415) voor dat daar eerder na die seksuele rewolusie as 'n metafoor verwys moet word.

'n Ander term wat aansluiting by die seksuele rewolusie vind, is die gedagte van 'n “nuwe moraliteit” (Conger & Petersen, 1984:279; Garbarino, 1985:344; Thom, 1991:411). Soos vroeër genoem, het die sosiale waardes wat spesifiek op die seksualiteit van die mens gerig is die afgelope paar dekades redelik verander. Hierdie nuwe waarde-

sisteen staan bekend as die nuwe moraliteit (Garbarino, 1985:344). Die nuwe moraliteit dui op 'n nuwe waardestelsel wat deur die adolessente se veranderde en meer liberale houdings gereflekteer word (Brigham, 1991:137; Hopkins, 1983:250)

Alhoewel die bogenoemde outeurs van mening is dat die verandering op seksuele gebied 'n rewolusie was, bevraagteken Stevens-Long en Cobb (1983:240) die konsep *seksuele rewolusie*. Hulle argumenteer dat die diep morele waardes steeds onveranderd gebly het en dat daar dus nie van 'n ware rewolusie sprake kan wees nie. Verder bestempel hulle die veranderinge wat op seksuele gebied plaasgevind het as 'n natuurlike uitvloeisel van die industriële rewolusie, die verbetering van massakommunikasie, meer wetenskaplike kennis oor die liggaam en die verbetering en bemaking van voorbehoedmiddels. Papalia en Olds (1986:350) ondersteun Stevens-Long en Cobb se mening dat die veranderinge wat plaasgevind het 'n seksuele evolusie was. Hoe dit ook al sy, die veranderinge wat plaasgevind het, het 'n radikale omkeer in die houdings en morele waardes van mense teweeg gebring (Conger & Petersen, 1984:279; Garbarino, 1985:344; Thom, 1991:411). Daar kan wel geargumenteer word dat die beskikbaarheid van voorbehoedmiddels en kennis oor die liggaam 'n voorloper vir die seksuele rewolusie was en dus aanleiding tot die veranderinge gegee het. Wat wel belangrik is, is dat daar 'n radikale omwentelende verandering van houdings en waardes plaasgevind het (Peterson, 1991:671), wat volgens Kritzinger, Labuschagne en Pienaar (1982) as 'n rewolusie gedefinieer kan word.

### 3.2.1.1 Die verloop van die seksuele rewolusie

Daar blyk nie eenstemmigheid in die literatuur te wees oor die aanvang van die seksuele rewolusie nie. Volgens De Bruyn (1982:106) het die seksuele rewolusie al gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) begin. Hy beklemtoon die periode 1945 tot 1975 as die periode met die mees intensiewe veranderinge op seksuele vlak. Op haar beurt beskou Wepener (1991:9) die publisering van die Kinsey-navorsingsresultate in 1948 as die begin van die seksuele rewolusie met 'n intensivering daarvan in die sestigerjare.

Masters, Johnson en Kolodny (1992:15) beskou die veertigerjare as 'n tydperk van seksuele ontwaking wat deur die Kinsey-verslag veroorsaak is, maar wat in die 1950's tot seksuele verwarring gelei het. In hierdie tydperk het voorhuwelikse seksuele aktiwiteite (meestal by verloofde paartjies) vermeerder. Die sogenaamde "Marilyn Monroe-era" waarin seksualiteit is as fisieke aantreklikheid sonder enige intelligensie uitgebeeld is, het ook 'n bydrae tot die seksuele rewolusie gelewer (De Bruyn, 1982:146; Masters *et al.*, 1992:15). Die Amerikaanse adolessent se houding oor seksualiteit het in die sestigerjare 'n radikale verandering ondergaan (Masters *et al.*, 1992:15). Hierdie verandering word deur Masters *et al.* (1992:15)

as die begin van die seksuele rewolusie bestempel. Die rewolusie wat in hierdie tydperk plaasgevind het, word volgens Masters *et al.* (1992:15) gekenmerk deur die verkrygbaarheid van voorbehoedmiddels, protesoptogte van tieners en jong volwassenes, die opkoms van die feministiese beweging en 'n groter openlikheid in besprekings en die vertoon van seksuele aspekte (Masters *et al.*, 1992:15).

Hierdie rewolusie het in die sewentigerjare geïntensiveer. Wetenskaplike boeke, soos byvoorbeeld Masters en Johnson se "Human Sexual Inadequacy" (1970) en "The Joy of Sex" deur Alex Comfort (1972) het groot belangstelling uitgelok. Televisie het 'n belangrike medium vir die seksuele rewolusie geword, en Amerikaanse en Europese films het seksueel meer eksplisiet geraak (Bensman, 1975:341; De Bruyn, 1982:146; Hopkins, 1983:250). Die samelewing is oorspoel met harde en sagte pornografiese films (Bruwer, 1985:6). Seksprikkelende tydskrifte het in Amerika vryelik beskikbaar geword. Daar deur is die publiek aan uiteenlopende seksuele gedrag en 'n verskeidenheid seksueel prikkelende artikels en seksuele inligting oor bekende persone soos filmsterre blootgestel (De Bruyn, 1982:147). Volgens Bensman (1975:341) is daar ook in hierdie tydperk meer persoonlike seksuele vryhede soos bostuklose swemdrag, advertensies van seksuele plesier, die uitruil van seksuele maats en alle vorms van seksuele eksperimentering aan die individu gegun.

Gedurende die laat-sestiger- en vroeë-sewentigerjare in Amerika het al hoe meer persone van die teenoorgestelde geslag buite huweliksverband begin saambly (Masters *et al.*, 1986:25 & 1992:15) en so is die beginsel van 'n "proefhuwelik" mettertyd in die gemeenskap gevestig. Rice (1990:458) definieer proefhuwelike as die saamwoon van twee mense van die teenoorgestelde geslag "under marriage-like conditions". Volgens Rice (1990:458) was die belangrikste motivering vir saambly nie ekonomiese of gemaklikheidsreëlins nie, maar wel 'n eksperimentering met die huwelik. Deur saam te bly kon die paartjie voor die huwelik vasstel of hulle seksueel en emosioneel by mekaar pas (Masters *et al.*, 1986:25 & 1992:15).

Die wetting van aborsies in Amerika in 1973 het 'n verdere verandering meegebring. Hierdie wetgewing het vir sommige mense morele krisisse laat ontstaan (Masters *et al.*, 1986:25).

Alhoewel die "Gay Rights Movement" reeds van die sestigerjare af aktief was (Bensman, 1975:341), het die APA (American Psychiatric Association) se besluit in 1974 om homoseksualiteit as 'n psigiese afwyking te skrap, 'n verskerping van die "Gay Rights Movement" se aksies tot gevolg gehad (Masters *et al.*, 1986:25 & 1992:15). Daar was ook in hierdie tydperk 'n groter bewustheid van seksuele oortredings soos verkragtings, "date rape", seksuele opdringing van werkgewers, ensovoorts. Seksuele oortredings is

nie meer as 'n misdaad van hartstog beskou nie, maar as 'n kriminele oortreding. As gevolg hiervan het daar sentrums en dienste ontstaan wat seksuele slagoffers in die hantering van hulle traumas ondersteun (Masters *et al.*, 1986:25 & 1992:15).

Die wetenskaplike deurbraak op die gebied met proefbuisbabas, embrio-oorplantings asook surrogaat moederskap in 1978, het die moderne mens verplig om sy houding oor seksualiteit by die nuwe wetenskaplike tegnologie op seksuele gebied aan te pas (Masters *et al.*, 1986:25 & 1992:15).

Smith (1990:415) meen dat die veranderinge in die Amerikaners se houding teenoor seksualiteit aan die einde van die sewentigerjare begin stabiliseer het. Met die aanvang van die tagtigerjare het die liberale seksuele idees en “modes” van die vorige twee dekades stelselmatig begin plek maak vir kommer oor die gevolge van die seksuele rewolusie (Smith, 1990:415). Hierdie tydperk is gekenmerk deur 'n epidemie van seksueel oordraagbare siektes (SOS): genitale herpes en die gevreesde Verworwe Immunitetsgebreksindroom (vigs). Ter voorkoming van SOS en adolessente swangerskappe is daar veral gefokus op die behandeling van SOS-gevalle en die beplanning van seksuele voorligtingsprogramme. Dit het daartoe gelei dat adolessente met die oog op risiko-vermindering tot meer konserwatiewe seksuele gedrag aangemoedig is (Smith, 1990:415).

Die seksuele rewolusie in Amerika het ook 'n invloed op die Suid-Afrikaanse situasie gehad. Bensman (1975:339) bestempel die seksuele rewolusie as 'n Amerikaanse gebeurtenis wat 'n invloed op alle kulture — Westers of nie-Westers — gehad het. Die mate van invloed wat die seksuele rewolusie gehad het, verskil egter van kultuur tot kultuur. In sommige kulture het dit ook stadiger as in ander plaasgevind. Wat die toepaslikheid van die Amerikaanse toestande op die Suid-Afrikaanse toestande betref, is Thom (1991:410) van mening dat die toedrag van sake in Suid-Afrika weinig van dié in Amerika verskil, alhoewel die groter diversiteit van die etniese groepe en die daaruitspruitende kultuurnormverskille uiteraard differensiële verskille tot gevolg kan hê. Dis moeilik om 'n spesifieke vergelyking tussen die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse situasie te tref, aangesien die eerste amptelike seksuele navorsing in Suid-Afrika, soos deur Olivier (1987:ix) gerapporteer, eers in 1982 gedoen is.

### **3.2.1.2 Die invloed van die seksuele rewolusie op houdings**

Wat die nuwe moraliteit en die invloed van die seksuele rewolusie op houdings betref, word die sosiale waardes (die beginsels van optrede teenoor ander mense) aangespreek. Die nuwe moraliteit stel nuwe riglyne vir die optrede van seksuele maats teenoor

mekaar, maar daar word min aandag gegee aan tipes seksuele gedrag. Die volgende opmerking van Conger en Petersen (1984:283) dien as illustrasie van die bogenoemde: "When it comes to morality in sex, the important thing is the way people treat each other, not the things they do together." In aansluiting hierby meen De Bruyn (1982:108) dat die mens tans die vryheid het om volgens eie begeertes, behoeftes en oordeel self oor die hoe, waar en wanneer van seksuele uitlewing te besluit. Die enigste voorwaarde is dat mense op geen wyse hulle medemens in die uitlewing van hulle seksualiteit mag benadeel nie (Rice, 1990:404). Die nuwe moraliteit plaas 'n hoë premie op getrouheid, konsiderasie en respek, en keur die uitbuiting van die seksuele maat ten sterkste af (Thom, 1991:411). Volgens Rice (1990:329) word daar ook groot klem geplaas op die fisieke genot van seksuele aktiwiteite. Seks word as 'n vorm van rekreasie of ontspanning beoefen (Esterhuyse, 1980:392).

Hierdie nuwe moraliteit word volgens Nielsen (1987:475) deur die meeste adolessente asook sommige volwassenes aanvaar. Morgonsen (1990:16) beweer egter dat adolessente en ook volwassenes nie die waardes van die nuwe moraliteit as 'n volledige pakket aanneem nie, maar die nuwe waardes slegs by hulle bestaande waardes voeg. Morgonsen (1990:17) dui daarop dat hierdie integrasie tot houdingsverandering lei, aangesien houdings 'n geïntegreerde stel waardes reflekteer. Die vraag ontstaan of Suid-Afrikaanse adolessente ook, soos Nielsen (1987:457) beweer, die nuwe moraliteit as norm aanvaar het. Daar bestaan slegs beperkte inligting oor die seksuele houdings van Suid-Afrikaanse adolessente. Hierdie inligting word in paragrawe 3.3 tot 3.8 weergegee.

### **3.2.1.3 Die einde van die seksuele rewolusie**

Rice (1990:397) beweer dat die Westerse samelewing tans na die einde van die seksuele rewolusie beweeg, maar volgens Masters, Johnson en Kolodny (1992:17) het die seksuele rewolusie reeds in die middel-tagtigerjare geëindig. Die afsluiting van die seksuele rewolusie word gekenmerk deur permissiewe seksuele gedrag en 'n epidemie van seksueel oordraagbare siektes (Masters *et al.*, 1992:17). Hierdie seksueel oordraagbare siektes het die fokus geplaas op groter versigtigheid en konserwatiewe seksuele gedrag (Masters *et al.*, 1992:17). Aan die ander kant het die veranderinge wat gedurende die seksuele rewolusie plaasgevind het tot openhartige kommunikasie oor seksuele onderwerpe en die implementering van seksuele voorligtingsprogramme gelei (Mace, 1970:68). Die siening dat seksuele aktiwiteite sonde is en daarom nie geniet mag word nie, het stelselmatig verander, en dit het daartoe gelei het dat seksualiteit as 'n normale geïntegreerde aspek van die menslike bestaan gedefinieer is (Rice, 1990:404).

Samevattend blyk dit dat die seksuele rewolusie 'n metaforiese rewolusie was wat in die sestigerjare 'n aanvang geneem het en in die middel-tagtigs geëindig het (Masters *et al.*, 1992:17). De Bruyn (1989:16) bestempel die rewolusie as 'n reaksievorming teen die tradisionele siening van seksualiteit. Bensman (1975:340) sluit in hierdie opsig by De Bruyn aan: "The sexual revolution demanded sexual freedom, liberton, spontaneity and freedom from the repressive codes and styles of sexual repression."

Vanuit die seksuele rewolusie het 'n nuwe moraliteit met nuwe waardes en veranderde houdings oor seksualiteit ontstaan. Die basiese beginsel van die nuwe moraliteit is dat enige seksuele gedrag aanvaarbaar is solank die seksuele maats mekaar respekteer en daar 'n mate van toegeneentheid teenwoordig is (Thom, 1991:411). Die doel van hierdie veranderinge was om groter genot en ontspanning uit seks te verkry, wat Darling en Davidson (1986:416) meen 'n soeke na orgasmes veroorsaak het. Met ander woorde, die adolessente se eie seksuele behoeftes en die bevrediging daarvan het belangriker geword as die intimiteit, verbondenheid en verantwoordelikheid van 'n verhouding (Rice, 1990:400). Volgens Darling en Davidson (1986:416) het hierdie ingesteldheid nie die adolessente se emosionele of seksuele behoeftes werklik bevredig nie.

### 3.2.2 Religieuse waardes

Religieuse waardes is volgens Kaplan en Stein (1984:385) vir adolessente belangrik, aangesien dit standvastige waardes is wat die sosiale lewe van die adolessent verryk. Hoewel die mens van geboorte af mettertyd sekere religieuse waardes by hulle ouers en ander opvoedingsbronne kry, word hierdie waardes eers gedurende adolessensie gevestig. Lerner en Spanier (1980:66) meen dat die vestiging van religieuse waardes deel vorm van die adolessent se algemene soeke na identiteit. Juis om hierdie rede begin sommige adolessente hulle geloofswaardes internaliseer, wat volgens Morgonsen (1990:17) die basis van hulle religieuse houdings vorm. Verder is Roberts (1980) van mening dat die mens se seksualiteit die afgelope paar eeue deur religieuse waardes gereguleer is en dat hierdie waardes steeds die mens se houdings ten opsigte van seksualiteit beïnvloed.

Die religieuse waardes, spesifiek die Christelike waardes, wat oor seksuele aangeleenthede handel, het die afgelope paar dekades redelik verander en word vandag gekenmerk deur 'n meer verligte siening van seksualiteit (Miles, 1971:210). Volgens De Bruyn (1989:15) is hierdie veranderinge 'n paar dekades voor die seksuele rewolusie bepleit, maar die houdings en waardeveranderinge het eers in sameloop met die seksuele rewolusie plaasgevind.

### 3.2.2.1 Religieuse waardes in Suid-Afrika

Religieuse waardes verskil van kultuur tot kultuur, maar volgens Roberts (1980) het die Christelike geloof die Westerse religieuse waardes die afgelope paar eeue gereguleer. In Suid-Afrika was dit ook die geval. Die Publikasieraad van Suid-Afrika beskryf die verteenwoordigende individu as 'n "average, decent, law-abiding, modern and enlighten citizen with Christian principles; not of the libertine or the ultra modern, nor the prude or ultra conservative, but that of the man of balance with a tolerant view in regard to views of others. Futhermore it is not how such an average citizen himself acts but how he believes." (Van Rooyen, 1978:66).

Suid-Afrika staan bekend as 'n Christelike land (Bryce, 1990:326) waar die Christelike karakter deur verskeie instansies beskerm word. So byvoorbeeld bevorder die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling (1987) die Christelike karakter deur middel van seksuele inligtingsprogramme wat op Christelike uitgangspunte gebaseer is, maar wat ook ruimte vir adolessente laat om oor hulle eie waardes en oortuigings te besluit. Nog 'n instansie wat die Christelike waardes van Suid-Afrika beskerm, is die Departement van Onderwys en Kultuur (DOK, 1989). Hulle lewensopvoedingsprogram sluit byvoorbeeld nie net seksuele opvoeding in nie, maar ook ander onderwerpe soos die gevare van Satanisme, Okkultisme en "New Age"-denkkrigtings (DOK, 1989:128).

Die meeste studente aan Afrikaanse universiteite huldig 'n Christelike geloofsoortuiging en waardesisteem (Bryce, 1990:326). Die spesifieke universiteit waar die data vir hierdie studie ingesamel is, se wetenskapbeleid is dat die Christelike karakter implisiet en eksplisiet in die onderrig sowel as navorsing funksioneer.

### 3.2.2.2 Verandering van Christene se seksuele houdings

Volgens Bensman (1975:353) is die seksuele rewolusie veroorsaak deur die eng Christelike seksuele beginsels van die Victoriaanse era. Die Christelike geestelikes van die Victoriaanse era het van die standpunt uitgegaan dat seks slegs daargestel is vir prokreasie en dat die genot van seks uit die bose is (De Bruyn, 1989:16). Miles (1971:211) verduidelik hierdie houding soos volg: "There has been a sharp dichotomy between the flesh and the spirit. The flesh was labeled as evil and the spirit good." Om volgens die Victoriaanse siening heilig te wees, moes alle seksualiteit en seksuele gevoelens onderdruk word. Die probleem met hierdie uitgangspunt was dat die Christelike geloof "vergeestelik" is, met ander woorde, die geloof het nie praktiese riglyne vir die alledaagse lewe verskaf nie, maar beperkings gestel wat die normale funksies en behoeftes van

die mens onderdruk het (Kent & Kent, 1983:3). Hierdie siening van seksualiteit het van die tweede eeu na die geboorte van Christus tot in die 1950's mense se houding ten opsigte van seksualiteit en hulle uitlewing daarvan in die Westerse wêreld beheer (De Bruyn, 1989:16).

Na hierdie periode het daar uit die samelewing 'n reaksie teen die Christene se streng beheer oor seksualiteit gevolg. Die doel daarmee was om seksualiteit en die uitlewing daarvan as 'n normale deel van die mens se bestaan te erken (De Bruyn, 1989:13). Alhoewel sommige outeurs van mening is dat Christene seks steeds as sonde bestempel (Bensman, 1975:353; Masters *et al.*, 1992:629), was daar in die Christelike geleedere ook verandering ten opsigte van hulle houding teenoor seksualiteit en die uitlewing daarvan (Miles, 1971:211).

Tans word seksualiteit en die uitlewing daarvan deur Christene as 'n integrale deel van die menslike bestaan bestempel, wat binne die riglyne van die Bybel geniet kan word (Esterhuyse, 1980:1; Janson, 1971:1; Kent & Kent, 1983:1; Foster, 1991:92). Daar word ook erken dat mense in hulle totaliteit deur God geskape is, en dat die geslagtelike en seksuele aspekte van hulle bestaan deel van hierdie totaliteit uitmaak (Esterhuyse, 1980:1; Foster, 1991:92). Soos wat God alles goed en perfek geskape het, het Hy ook die mens se geslagtelikheid goed geskape. Die mens se seksualiteit is nie daargestel om 'n straf te wees nie, maar om geniet te word en om die mens se menswees en intimiteit in die huwelik volkome te maak (Kent & Kent, 1983:2).

Volgens Kent en Kent (1983:2) het God seks daargestel vir voortplanting, maar ook as 'n fisieke aktiwiteit wat aan die huwelikspaar die geleentheid bied om emosionele vervulling en eenwording te ondervind. Geslagsgemeenskap dien ook vir die Christen as 'n illustrasie van geestelike eenwording met Christus (vergelyk Efesiërs 5:22-25). In aansluiting hierby beklemtoon Foster (1991:101) die belangrikheid van die geestelike lewe, maar verwys na seksualiteit as 'n aanvulling van die geestelike dimensie: "The spiritual life enhances our sexuality and gives it direction. Our sexuality give an earthy wholeness to our spirituality. Our spirituality and our sexuality come into a working harmony in the kingdom of God."

Vanuit die nuwe Christelike oogpunt is seksualiteit 'n normale en natuurlike aspek van die menslike bestaan. Volgens Van Rensburg (1985:66) is dit egter belangrik om by die uitlewing van seksualiteit op die volgende beginsels te let:

"- Seksuele omgang is iets van en vir twee mense van die teenoorgestelde geslag wat in 'n vaste, persoonlike verhouding tot mekaar staan. Dit het die suiwerste en rykste vorm in die huweliksverhouding."

“- Los, onpersoonlike seks is (gevolglik) afkeurenswaardig, omdat dit nie om liefde (een van die hoogste moontlike menslike ervaringe) gaan nie, maar om blote lusbevrediging, wat seks dus goedkoop maak (’n prostituering van seks).”

“- Seks vra na privaatheid en heiliging.”

McDowell (1987:87) handhaaf van Rensburg se siening dat seksuele verhoudings die suiwerste vorm in die huwelik vind en beskou waardigheid, respek en die uniekheid van die mens as essensiële kenmerke wat in enige verhouding in aanmerking geneem behoort te word. Deurdat twee persone mekaar in ’n verhouding respekteer, sal nie een van hierdie partye die ander manipuleer om hulle eie behoeftes te bevredig ten koste van die ander persoon nie.

### **3.2.2.3 Die Christenadolesent se seksualiteit**

By die neerlegging van Christelike beginsels vir die uitlewing van adolessente seks moet die feit dat die mens van nature ’n seksuele wese is altyd in berekening gebring word (Foster, 1991:115). Verder moet onthou word dat die Christelike beginsels van sedelikheid slegs van toepassing is op diegene wat God waarlik dien en volgens die Christelike geloof en riglyne leef. Godwin (1993) is van mening dat daar nie van persone met ander geloofsoortuigings verwag kan word om hulle seksuele lewe ook volgens die Christelike beginsels in te rig nie. Persone wat Jesus Christus nie as hulle persoonlike Saligmaker erken en eer nie, word van nature aan vleeslike genot en sedelike onreinheid oorgegee (vergelyk Romeine 1:22-32).

Volgens McDowell (1987:87) word adolessente se seksualiteit in hulle vermoë om liefde te ontvang en liefde te gee, uitgeleef. Hierdie vermoë is essensieel in hulle ontwikkeling van seksualiteit. Daarom behoort adolessente aangemoedig te word om emosioneel verrykende en intieme vriendskappe te hê en hulle seksuele gevoelens te erken, te ervaar en te beheer (Renshaw, 1973:646). Dit impliseer dat hulle liefde en intieme emosies gekontroleerd met mekaar kan deel, sonder om hierdie emosionele intimiteit genitaal uit te druk. Foster (1991:115) is van mening dat om intiem te wees dit nie nodig is om liefde in ’n genitale vorm uit te druk nie.

#### **3.2.2.3.1 Voorhuwelikse geslagsgemeenskap**

Die Christelike houding ten opsigte van geslagsgemeenskap is dat die adolessent dit nie voor die permanente verbintenis van die huwelik mag beoefen nie (Janson, 1971:27). Met geslagsgemeenskap word daar ’n staat van fisieke eenheid bereik. Hierdie eenheid is egter meer as

net 'n fisieke eenheid. Foster (1991:118) beskryf dit as 'n psigo-geestelike eenheid wat tussen twee mense bereik word. Die eenheid is onverklaarbaar maar Goddelik, en het die krag om te vernietig of om lewe te gee. Smedes (1987:130) beskryf hierdie eenheid soos volg: "Genital sex outside of marriage is wrong because it violates the inner reality of the act; it is wrong because unmarried people thereby engage in a life-uniting act without a life-uniting intent... Intercourse signs and seals — and maybe even delivers — a life-union; and life-union means marriage."

### **3.2.2.3.2 Masturbasie**

Nadat die kerkleiers hulle in die Middeleeue en selfs nog aan die begin van die twintigste eeu baie sterk teen masturbasie uitgespreek het, het 'n meer verligte houding met die seksuele rewolusie ontstaan. Sommige Christene twyfel vandag nog oor wat die algemene Christelike uitgangspunt oor masturbasie is. Die rede vir hierdie onsekerheid is omdat daar nie direk van masturbasie in die Bybel melding gemaak word nie (Foster, 1991:124).

Foster (1991:124) stel sekere riglyne vir die evaluasie van hierdie seksuele aktiwiteit:

- Masturbasie gaan gewoonlik met seksuele fantasering gepaard en is aanvaarbaar mits dit aan die riglyne soos in 3.2.2.3.4 gestel, beantwoord (Foster, 1991:124; Miles, 1971:146).
- Wanneer masturbasie obsessief raak en tot skuldgevoelens lei omdat daar beheer oor die gewoonte verloor word, kan dit die adolessent geestelike en emosionele skade berokken.
- Masturbasie kan die adolessent seksueel so veilig laat voel dat die adolessent emosionele intimiteit sal probeer vermy uit vrees vir 'n latere seksuele verhouding binne die huwelik (Foster, 1991:127; Miles, 1971:147).

Indien bogenoemde drie punte in aanmerking geneem word, kan masturbasie deur die Christen beskou word as 'n seksuele uitlaatklep voor die huwelik. Dit is belangrik om in ag te neem dat masturbasie slegs fisieke ontlading verskaf en dat die werklike vervulling van die mens se seksualiteit nie net in orgasmes verkry word nie, maar in die intimiteit van 'n liefdesverhouding (Foster, 1991:126; Miles, 1971:146).

### **3.2.2.3.3 Liefkosing**

Volgens Morgonsen (1990:19) bestaan daar verskeie metodes van seksuele uitlewing en ekspressie:

- Onskuldige fisieke aanrakings soos hande vashou, hand-om-die-lyf-stap en soen.
- Meer erotiese handeling soos liefkosings, betasting, manipulasie van die borste en genitalieë, ensovoorts.
- Geslagsgemeenskap.

Alhoewel daar in die Christelike geloof ruimte is vir die uitlewing van emosies soos intimiteit en omgee, moet hierdie uitlewing beheer word (Kent & Kent, 1983:54). Gevoelens van hartstog behoort nie ontken te word nie, maar moet gekontroleer word, omdat hartstog 'n baie kragtige emosie is waarvoor 'n mens maklik beheer kan verloor (Foster, 1991:128). Indien persone as gevolg van erotiese aanraking beheer oor hulle gevoel van hartstog verloor het, is die waarskynlikheid dat geslagsgemeenskap kan plaasvind groot. Om seksuele drange te beheer, moet hartstog beheer en erotiese aanrakings vermy word (Foster, 1991:128).

Foster (1991:128) verstrek die volgende basiese riglyn om te bepaal wat toelaatbaar is in fisiese kontak: "Increased physical intimacy in a relationship should always be matched by increased commitment to that relationship." Soos wat die ware intimiteit tussen twee persone groei, so sal die verbintenis en verantwoordelikheid tussen hulle sterker word. Dit impliseer dat volkome intimiteit (geslagsgemeenskap) ondersteun moet word deur 'n volkome verbintenis (die huwelik) (Miles, 1971:199).

#### **3.2.2.3.4 Seksuele fantasering**

Foster (1991:122) en Kent en Kent (1983:31) bestempel fantasering as 'n normale deel van die adolessent se lewe. Maar die outeurs beklemtoon dat daar 'n belangrike onderskeid gemaak moet word tussen wellus, wat ongekontroleerde hartstog is, en seksuele fantasering. Wanneer fantasieë deur wellus gemotiveer word, word die inhoud van fantasieë gekenmerk deur 'n gedetailleerde beplanning van die seksuele gebruik en misbruik van persone. Fantasieë kan 'n mens se gedagte-wêreld obsessioneel begin oorheers, wat geestelike egbreuk kan beteken (Smedes, 1987:210). Fantasieë het ook die potensiaal om 'n plaasvervanger vir werklike verhoudings en intimiteit te word (Foster, 1991:122). Aan die ander kant kan gekontroleerde en beheerste seksuele fantasieë die behoefte na intieme verhoudings tydelik verlig. Fantasieë behoort nie onderdruk nie maar gereguleer te word.

Samevattend is seksuele fantasieë volgens die Christelike moraliteit toelaatbaar, indien die fantasieë fokus op dit wat eerlik, mooi, opbouend en rein is (Foster, 1991:122).

#### **3.2.2.3.5 Homoseksualiteit**

Volgens Foster (1991:108) en Comiskey (1989:40) beskou die Bybel heteroseksualiteit as die aanvaarde norm, aangesien God die man en vrou geskape het om eenwording deur middel van fisieke, emosionele en geestelike intimiteit te bereik. Volgens Christelike waardes is homoseksualiteit 'n distorsie van normale seksuele gedrag (Kent & Kent, 1983:27). Alhoewel homoseksualiteit as sonde bestempel word, impliseer dit nie dat

die persoon wat homoseksueel is deur die Christelike gemeenskap verwerp moet word nie (Foster, 1991:109).

Daar bestaan tog 'n alternatiewe siening, soos dié van Van Veen (1972, soos aangehaal deur De Bruyn, 1989:33). Volgens haar bestaan homoseksualiteit glad nie, aangesien dit so 'n normale seksuele uiting is dat dit nie nodig is om enigsins onderskeid te tref tussen verskillende seksuele oriëntasies nie. Verder is Pretorius (1990, soos aangehaal deur De Bruyn, 1993) van mening dat die Bybel nie homoseksuele daade veroordeel nie, terwyl Prock (1989, soos aangehaal deur De Bruyn, 1993) meen dat die verbod op homoseksualiteit nie meer geldig is nie, aangesien die Nuwe Testamentiese skrifgedeeltes wat oor homoseksualiteit handel tyd- en kultuurgebonde is. Hierdie siening word egter deur die meeste Christelike kerke in Suid-Afrika verwerp (Botha, 1988:6)

Wanneer na homoseksuele persone verwys word, moet daar 'n onderskeid getref word tussen persone wat net seksueel aangetrokke is tot 'n persoon van dieselfde geslag ("same sex responsiveness") en persone wat homoseksuele voorkeure het ("same sex preference") (Foster, 1991:108). Comiskey (1989:38) definieer 'n homoseksuele persoon as 'n persoon wat vanaf puberteit tot volwassenheid 'n sterk seksuele behoefte aan 'n persoon van dieselfde geslag het. Wanneer homoseksuele neigings persone se lewens so oorheers dat hulle hul lewens daarom bou, word hierdie neigings en voorkeure noodwendig versterk (Comiskey, 1989:38). Juis om hierdie rede kan intense seksuele gevoelens nie alleen bepaal wat die basiese waarhede en realiteit van die mens se seksualiteit en menswees is nie.

Foster (1991:108) is van mening dat homoseksualiteit nie altyd 'n persoon se keuse was nie, maar dat dit die gevolg is van die sondige wêreld waarin almal leef. Alhoewel die meeste homoseksuele persone nie verantwoordelik is vir hulle seksuele oriëntasie nie, is hulle wel verantwoordelik vir hulle gedrag (Foster, 1991:108). Volgens Foster (1991:108) bestaan daar drie keuses vir homoseksuele persone: hulle kan probeer om hul seksuele oriëntasie te verander, hulle kan hul homoseksuele gedrag beheer, of hulle kan hul homoseksualiteit uitleef (wat vir meeste Christene onaanvaarbaar is — vergelyk Romeine 1:27).

Die vraag word egter gevra of 'n persoon met 'n homoseksuele oriëntasie sy of haar seksuele oriëntasie kan verander. Pattison en Pattison (1980:1553) beantwoord hierdie vraag soos volg: "There is a substantial body of evidence for the plausibility of change from exclusive homosexuality to exclusive heterosexuality...". Comiskey (1989:14) is ook van mening dat homoseksuele persone hulle seksuele oriëntasie volkome kan verander. Hy verwys na hierdie verandering as 'n stelselmatige proses uit homoseksualiteit na "heterosexual wholeness", wat nie net gedragsverandering impliseer nie, maar ook

persoonlikheids groei. Daar moet egter gewaak word teen ooroptimisme, want nieteenstaande die sukses wat homoseksuele persone behaal het om 'n heteroseksuele lewe te lei, is daar ook van hierdie persone wat na talle pogings steeds homoseksuele oriëntasies het (Foster, 1991:111). Kaplan en Sadock (1982:552) rapporteer dat slegs 'n derde van die homoseksuele persone wat probeer het om 'n heteroseksuele oriëntasie te vorm, daarin geslaag het. 'n Alternatief wat vir hierdie persone bestaan, is om hul homoseksuele gedrag te beheer: "Some have chosen celibacy as the route of moral integrity." (Foster, 1991:111).

Ten slotte moet beklemtoon word dat alhoewel sommige predikante homoseksualiteit aanvaar, huwelike tussen homoseksuele persone goedkeur en vanuit die Bybel groter begrip vir homoseksualiteit bepleit (De Bruyn 1989:33), die meeste teoloë van mening is dat homoseksualiteit steeds 'n sonde bly en dat homoseksuele dade deur die kerk veroordeel moet word (Comiskey, 1989:43; Foster, 1991:107; Godwin, 1993; Kent & Kent, 1983:27; Louw, 1991:450; vergelyk ook Genesis 19:4-5 en 13:13; Levitikus 18:22 en 20:13; 1 Korintiërs 6:9; 1 Timotius 1:10; Romeine 1:26-27). Die balans word egter gevind in die wete dat homoseksualiteit volgens die Christelike beginsels nie 'n "groter" sonde as ander sondes is nie, aangesien Comiskey (1989:43) na heteroseksuele persone verwys wat hulle ook skuldig maak aan seksuele onaanvaarbare gedrag soos oordadige masturbasie, blootstelling aan pornografie, egbreuk, bloedskanie, ensovoorts. Homoseksuele persone wat seksuele onthouding of 'n heteroseksuele leefstyl verkies, behoort deur Christene in hierdie besluit ondersteun te word (Foster, 1991:109).

### **3.2.3 Christelike houdings versus seksuele rewolusie**

Die eerste verskil tussen die nuwe moraliteit van die seksuele rewolusie en die Christelike beginsels is dat die nuwe moraliteit die klem plaas op die manier waarop twee persone in 'n seksuele verhouding tot mekaar staan, byvoorbeeld respekvolle en onselfsugtige optrede teenoor liefdesmaats (Thom, 1991:411). Die Christelike beginsels beklemtoon ook onselfsugtige, respekvolle optrede teenoor seksuele maats, maar die klem word ook geplaas op die mens se verantwoordelikheid teenoor hom- of haarself en dan ook teenoor God wat die mens geskape het. Volgens McDowell (1987:87-89) impliseer verantwoordelikheid teenoor God dat mense nie volgens hulle eie oordeel sal besluit waar, wanneer en hoe hulle hul seksuele drange sal bevredig nie, maar dat hulle die riglyne wat God deur die Bybel daargestel het, sal volg.

Tweedens bestempel die nuwe moraliteit seks as 'n kommoditeit — iets wat verbruik en geniet kan word. Die Christelike waardes laat ook seksuele genot toe, maar beskou dit as 'n Goddelike gawe, wat gekoester, beskerm en met oordeelkundigheid gebruik moet word (Esterhuysen, 1980:12).

Derdens wil dit voorkom of persone gedurende en na die seksuele rewolusie baie klem op die seksualiteit van die mens plaas, maar volgens Foster (1991:92) word daar nie genoeg klem op die ware seksualiteit van die mens geplaas nie. Die fokus word geplaas op die bevrediging van die genitale behoeftes en op orgasmes, terwyl die ware intieme verhouding gewoonlik onderbeklemtoon word. Volgens hom is die volheid van seksualiteit baie meer dinamies en opwindend as dit wat die aanhangers van die seksuele rewolusie bepleit: "Genital sex is a part of the total picture, but human sexuality is a far larger reality than merely coitus."

Die vierde verskil tussen die seksuele beginsels van die nuwe moraliteit en dié van die Christelike etiek is dat die nuwe moraliteit alle seksuele gedrag as toelaatbaar beskou, solank dit nie ander mense skade berokken nie (Rice 1990:404). Volgens die Christelike beginsels is nie alle seksuele gedrag toelaatbaar nie. So byvoorbeeld word homoseksualiteit, voorhuwelikse geslagsgemeenskap, blootstelling aan pornografiese materiaal, uitruil van seksuele maats, sadisme, masochisme, ensovoorts as onaanvaarbare seksuele gedrag gereken (Foster, 1991:102; Kent & Kent, 1983:16). Christene glo dat die mens beheer oor sy seksuele behoeftes moet neem en nie aan elke begeerte moet toegee nie. Hieroor laat Kent en Kent (1983:2) hulle soos volg uit: "God invented sex...and He has also given us principles by which we can govern our sex drive." Janson (1971:21) sluit hierby aan deur te sê dat alhoewel seks geniet kan word, die vryheid met verantwoordelikheid gepaard moet gaan. Volgens hom beteken die vryheid wat die Christen seksueel kan ervaar nie bandeloosheid of skaamteloosheid wat op geestelike en emosionele dood sal uitloop nie, maar vryheid om die seksuele kwaliteite van die mens in die huwelik te geniet, wat vrede, eenheid en vervulling meebring.

Die vyfde verskil tussen die seksuele beginsels van die nuwe moraliteit en dié van die Christelike etiek is dat die seksuele rewolusie die houding handhaaf dat dit toelaatbaar is vir enige twee persone om homo- of heteroseksuele geslagsgemeenskap te hê, solank daar 'n mate van intimiteit en verbintenis bestaan (Wepener 1991:10). Volgens Foster (1991:97) en Janson (1971:20) is daar binne die Christelike beginsels ruimte vir erotiese liefde en geslagsgemeenskap mits dit tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag en binne die grense van 'n permanente verbintenis (die huwelik) geskied. Geslagsgemeenskap word nie deur onbeheerste hartstog (wellus) gemotiveer nie, maar deur die intensiteit, wederkerigheid, verbondenheid en intimiteit van twee mense se liefde vir mekaar.

Laastens wys Miles (1971:212) daarop dat die nuwe moraliteit in hulle "holistiese siening" van die mens nie die geestelike dimensie van die mens ten opsigte van seksualiteit in ag neem nie. As gevolg hiervan maak die nuwe moraliteit van kennisies en redenasies gebruik om seksualiteit te evalueer en besluite oor seksuele gedrag te neem. Miles

(1971:212) beklemtoon dit dat die mens volgens die Christelike uitgangspunt uit materiële en nie-materiële elemente bestaan (gees en liggaam), wat mekaar aanvul om 'n volkome eenheid te vorm. Wanneer besluite oor seksualiteit en seksuele gedrag geneem word, moet daar op grond van die bogenoemde Christelike mensbeskouing nie slegs op kognisies staatgemaak word nie, maar ook op die realiteit en die openbaring wat God deur die Bybel aan die mens gee. Miles (1971:212) beskryf Christelike besluitneming soos volg: "Christian thought must always use the processes of reason, but reason can never be used as a god or a final guide... Reason, like science, must always be a servant — never a master. Revelation and the realities of life and human experience transcend reason."

Bogenoemde aspekte dui die verskil tussen die nuwe moraliteit en die Christelike beginsels aan. Die ooreenkomste tussen hierdie twee uitgangspunte is dat albei deur 'n tydperk van verandering gegaan het en die houdings en waardes van mense beïnvloed het. Albei was ook 'n reaksieverskynsel wat op die onderdrukking en ontkenning van die mens se seksualiteit gevolg het (De Bruyn, 1989:43), maar die nuwe moraliteit van die seksuele rewolusie het volgens De Bruyn (1989:43) te vër gegaan. Dit het volgens hom daartoe gelei dat die mensdom in 'n seksuele verwildering verval het, wat humanisties verantwoordbaar is, maar deur Christelike norme afgekeur word.

### **3.3 HOUDINGS TEENOOR VOORHUWELIKSE GESLAGSGEMEENSAP**

Voor die seksuele rewolusie was die algemene houding dat geslagsgemeenskap voor die huwelik immoreel en sondig is. 'n Studie wat in 1965 deur Bell en Chaskes met 'n aantal studente onderneem is, het getoon dat 70% van die vrouens en 35% van die mans geslagsgemeenskap voor die huwelik as immoreel bestempel. Vyf jaar later (in 1970) het Bell en sy kollega weer dieselfde studie onderneem en 'n meer verligte houding onder die studente gevind. Van die vrouens het slegs 34% gerapporteer dat hulle glo dat voorhuwelikse seks immoreel is, terwyl daar slegs 15% van die mans was wat voorhuwelikse seks as immoreel bestempel het (Bensman, 1975:363). Die houdings van studente het dus tussen 1965 en 1970 radikaal verander. Die hedendaagse adollesent se houding oor voorhuwelikse geslagsgemeenskap blyk soos volg te wees.

Thom (1991:411) en Wepener (1991:10) is van mening dat adollesente glo dat geslagsgemeenskap nie noodwendig net binne die huwelik tuishoort nie, maar dat dit ook binne die konteks van 'n liefdesverhouding kan plaasvind. Olivier (1987:149) bevestig bogenoemde mening deur haar navorsing wat gerig was op 'n aantal Suid-Afrikaanse vroue. Van die vroue wat op die navorsing gereageer het, het 44% gerapporteer dat

seks voor die huwelik aanvaarbaar is, terwyl slegs 29,4% Afrikaanse en 10,8% Engelse vroue algehele onthouding voor die huwelik voorgestaan het.

Alhoewel geslagsgemeenskap voor die huwelik vir adolessente aanvaarbaar is, stel hulle tog sekere gedragskodes wat die voorhuwelikse seksuele aktiwiteite reguleer. Rice (1990:401) beskryf hierdie gedragskodes of standarde soos volg:

- **Algehele onthouding:** Hierdie onthouding kan in graad wissel, soos om tot soen beperk te wees, of om net voor werklike omgang op te hou.
- **Die dubbele standaard:** Hiervolgens word meer seksuele vryhede vir mans as vir vroue toegelaat.
- **Voorhuwelikse seks met toegeneentheid, verbintenis en verantwoordelikheid:** In hierdie langtermynverhouding is daar toegeneentheid en intimiteit en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir hulle dade. So byvoorbeeld sal hulle bereid wees om die gevolge van hulle onverskillige gedrag te dra en voorbehoedmiddels gebruik.
- **Voorhuwelikse seks met toegeneentheid, verbintenis, maar sonder verantwoordelikheid:** Hierdie standaard verskaf volgens Gerdes (1988:309) 'n aanduiding van onvolwassenheid en 'n gebrek aan besorgdheid.
- **Voorhuwelikse seks met toegeneentheid, maar sonder enige verbintenis:** Die adolessente verkeer seksueel wanneer hulle verlief is, alhoewel daar geen verbintenis in die verhouding is nie, soos byvoorbeeld wanneer adolessente uitgaan ("date") of kortstondige verhoudings ("affairs") het.
- **Voorhuwelikse seks sonder toegeneentheid:** Hierdie standaard impliseer die afwesigheid van emosionele betrokkenheid en intimiteit, en daarom word seks net as 'n genotvolle aktiwiteit bedryf.
- **Seksuele aktiwiteite met verbloemde en onuitgesproke motiewe:** Die adolessente gebruik seks om 'n vorige liefde te straf, 'n persoon se guns te wen of dankbaarheid vir 'n guns of diens te bewys. Seks kan ook gebruik word as onderhandelingsstegniek, byvoorbeeld "as jy vir my lief is, sal jy by my slaap".

Volgens meeste adolessente behoort geslagsgemeenskap slegs plaas te vind wanneer daar toegeneentheid en 'n mate van verbondenheid ("commitment") in hulle verhoudings teenwoordig is (Deaux & Wrightsman, 1988:285; Hopkins, 1983:163; Stevens-Long & Cobb, 1983:241; Wepener, 1991:69). Gedurende die sewentigerjare het Packard (1970:166) in Amerika bevind dat 75% van die vrouens in sy navorsing slegs seks sal hê met 'n man waarvoor hulle lief is, terwyl 47% van die mans slegs met 'n meisie seksueel sal verkeer as hy van haar hou. Hierdie resultate bevestig dat die vrouens en mans gewoonlik toegeneentheid in 'n seksuele verhouding verlang. 'n Geslagsverskil

word egter gevind deurdat mans minder toegeneentheid in 'n seksuele verhouding verlang as vrouens. Meer resente Amerikaanse navorsing deur Sprecher, Walsh en Anderson (1988:821) bevestig Packard se resultate. Uit 237 twintigjarige studente het 55% aangedui dat passievolle liefkosings tydens die eerste afspraak onaanvaarbaar is, terwyl 72% getoon het dat geslagsgemeenskap tydens die eerste afspraak onaanvaarbaar is. Wanneer daar toegeneentheid en 'n mate van verbondenheid bestaan, is geslagsgemeenskap vir 73% en passievolle liefkosing vir 83% aanvaarbaar. Uit hierdie resultate kan afgelei word dat geslagsgemeenskap wel aanvaarbaar is wanneer toegeneentheid betrokke is, maar dat verbintenis of verantwoordelikheid nie noodsaaklik is nie.

Die Suid-Afrikaanse adolessent verskil volgens Wepener (1991:167) nie veel van sy Amerikaanse eweknie nie. In haar navorsing met 95 studente op 'n Suid-Afrikaanse kampus het die meeste studente sterk negatiewe houdings getoon teenoor geslagsgemeenskap in 'n verhouding waar daar nie verbintenis en toegeneentheid bestaan nie ("casual sex"). Die ooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse studente en die Amerikaanse studente is dat albei toegeneentheid in 'n seksuele verhouding verlang voor geslagsgemeenskap plaasvind, maar ten spyte van die ooreenkoms word daar tog 'n verskil opgemerk. Terwyl die Amerikaanse adolessente slegs toegeneentheid in 'n verhouding verlang voor geslagsgemeenskap plaasvind, blyk dit dat die Suid-Afrikaanse studente toegeneentheid sowel as verbondenheid verlang. Hierdie tendens word deur Rice (1990:398) en Wepener (1991:57) verduidelik deur aan te dui dat die adolessent van die laat-tagtigerjare af stelselmatig neig na 'n standaard van seksuele aktiwiteite sonder toegeneentheid en verbondenheid. Dit lyk egter of die Amerikaanse adolessent vinniger hierdie voorspelde standaard aanvaar as die Suid-Afrikaanse adolessent. Hierdie standaard vir voorhuwelike seksuele aktiwiteite word deur Hopkins (1983:263) as die mees liberale standaard beskou, aangesien dit adolessente aanmoedig om seksueel permissief te wees.

### **3.4 DUBBELE STANDAARDE**

Dubbele standarde verwys na een standaard wat gestel word vir vrouens en 'n ander een vir mans (Rice, 1990:403). Volgens Garbarino (1985:341) is die oorsprong van die beginsel van 'n dubbele standaard die gevolg van verwagte geslagsrolle in spesifieke kulture. Die vrou se rol is tradisioneel afhanklik, passief, ekspressief en emosioneel gebonde, terwyl die man se rol deur aggressiwiteit, selfhandhawing en onafhanklikheid gekenmerk word (Garbarino, 1985:341).

Voorbeelde van sulke dubbele standarde is die aanmoediging van kuisheid by die vrou, maar die verwagting van seksuele permissiwiteit by mans (Masters, Johnson & Kolodny,

1992:274). Verder word die vrou van kleins af geleer om haar seksualiteit met groter verantwoordelikheid as die man te benader, wat veroorsaak dat sy meer negatiewe seksuele boodskappe uit die samelewing ontvang (Wepener, 1991:55).

Die vrou ontvang egter nie net negatiewe boodskappe van die samelewing nie, maar ook boodskappe met dubbele betekenis. Daar word byvoorbeeld van die vrou verwag om haar reputasie te beskerm en nie uitlokkend op te tree nie. Ook moet sy haar maagdelikheid koester en beskerm tot sy in die huwelik tree en nie baie vaste verhoudings met mans voor haar huwelik hê nie (Griffit, 1987:164). Ten spyte van hierdie beperkinge moet sy steeds vir die teenoorgestelde geslag aantreklik bly (Serbin & Sprafkin, 1987:189).

Die tradisionele voorskrifte vir die man is om 'n seksueel aktiewe rol te speel. Dit word van hom verwag om eerste seksuele toenadering by die vrou te soek (Griffit, 1987:161). Die man moet ook die inisiatief en leiding in die seksuele spel neem, terwyl die vrou haar aan hom moet onderwerp (Masters *et al.*, 1992:274). Daar word egter van die vrou verwag om die toenadering toe te laat, maar tog beheer oor die graad van intimiteit uit te oefen (Thom, 1991:413).

Volgens Masters *et al.*, (1992:246) is die verskynsel van dubbele standaarde besig om te verdwyn. 'n Aanduiding hiervan word gevind in navorsing wat deur Robinson en Jedlicka (1982:239) met 250 Amerikaanse kollegestudente gedoen is. Die studie het getoon dat 65,1% mans en 28,7% vrouens in 1965 voorhuwelikse geslagsgemeenskap gehad het. In 1980 het 77,4% mans en 63,5% dames gerapporteer dat hulle voorhuwelikse seks gehad het. In 1965 het mans dus tradisioneel aan die verwagtinge van die dubbele standaard voldoen deur seksueel te verkeer, terwyl die vrouens ook volgens die tradisionele verwagting hulleself van voorhuwelikse seks onthou het. In 1980 het die situasie vir vrouens redelik verander. Meer as die helfte van die vrouens het vyftien jaar later voorhuwelikse seks gehad, wat impliseer dat hulle nie meer volgens die dubbele standaard opgetree het nie.

In Suid-Afrika is die posisie van adolessente ten opsigte van die dubbele standaard onduidelik. Olivier (1987:145) bestempel Suid-Afrikaanse vrouens as passiewe minnaresse, wat steeds geneig is om die leiding en verantwoordelikheid in die seksuele spel op die man te plaas. Hieruit kan afgelei word dat die vrou steeds die tradisionele onderdanige seksuele rol vervul en dat die dubbele standaard dus moontlik nog kan bestaan. Tog het Wepener (1991:111) in haar studie met 'n aantal Suid-Afrikaanse studente gevind dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan ten opsigte van die mans en vrouens wat voorhuwelikse seks gehad het nie. Indien op die onbeduidende verskil tussen mans en vrouens gefokus word, kan dit moontlik daarop dui dat die dubbele standaard in Suid-

Afrika reeds verdwyn het, of indien gefokus word op die klein persentasie studente wat reeds voorhuwelikse seks gehad het, kan die afleiding gemaak word dat die Suid-Afrikaanse studente nie seksueel permissief is nie. Daar bestaan egter nie voldoende Suid-Afrikaanse navorsing om te bepaal of daar 'n dubbele standaard in Suid-Afrika ten opsigte van seksuele uitlewing is nie, en as daar is, of dit verander het nie.

### **3.5 HOUDING TEENoor MASTURBASIE**

Hopkins (1983:273) is van mening dat mense voor die seksuele rewolusie masturbasie as fisiek en psigies nadelig vir die adolessent bestempel het. Daar is beweer dat masturbasie puisies, swak oë, maagsere, genitale kanker, impotensie en kranksinnigheid by mans kan veroorsaak. Vrouens wat masturbeer, sou die volgende kon oorkom: histeria, duiseligheid, steriliteit, pyn, 'n misvormde liggaam en selfs die dood (Hopkins, 1983:273). Masturbasie is ook as 'n sonde beskou en daarom is dit met gevoelens van afsku en skuld bejeën (Thom, 1991:412).

Met die verskyning van die Kinsey-verslae in 1940-1950 het die mediese professie begin erken dat masturbasie nie nadelig is nie. Slegs wanneer oormatig of obsessieel gemasturbeer word, kan dit skadelik vir 'n adolessent se verhoudings, interaksies en algemene prestasies wees (Hopkins, 1983:273). Tans word masturbasie deur medici, professionele persone en 'n groot aantal adolessente aanvaar as 'n normale en integrale deel van die adolessent se seksualiteit (Ambron, 1981:480). Volgens Thom (1991:412) is daar steeds ouers wat dit as sonde bestempel en daarom die adolessent se houding teenoor masturbasie negatief beïnvloed. Dit kan volgens Thom (1991:412) tot ang- en skuldgevoelens by adolessente lei.

Toenemende kennis oor masturbasie het daartoe gelei dat daar tans 'n meer verdraagsame houding teenoor masturbasie bestaan en dat die mites daarvoor mettertyd uitgewis is (Thom, 1991:412).

### **3.6 HOUDING TEENoor PORNOGRAFIE**

Pornografiese materiaal word deur Peterson (1991:680) gedefinieer as "sexually orientated material that both arouses and offends". Masters *et al.* (1992:675) maak egter in hulle definisie van pornografie die onderskeid tussen materiaal wat seksueel opwek en materiaal wat aanstoot gee: "Pornography is books or pictures that depict erotic behavior with the intent of causing sexual excitement. Obscenity is disgusting to the senses, abhorrent

to morality or virtue, and/or specifically designed to incite lust or depravity. Technically, pornography is not illegal, obscenity is.”

Pornografie is in die agtiende eeu in Amerika wetlik verbied om die samelewing teen morele verval te beskerm (Masters *et al.*, 1992:618). Ten spyte daarvan het die verspreiding van pornografie in die negentiende eeu voortgegaan. Die Amerikaanse Hooggeregshof het hierdie wette in 1957 en in 1966 aangepas. Dit het 'n stryd vir die wettiging van pornografie ontketen (Masters *et al.*, 1992:618-619). Omdat daar geen objektiewe meetinstrument bestaan op grond waarvan die mate van obseniteit in pornografiese materiaal bepaal kan word nie, het die veldtog grond gewen (Masters *et al.*, 1992:618). Peterson (1991:680) verduidelik hierdie dilemma soos volg: “Determining the line between obscenity and pornography is a moral and social judgment to be made by each and every citizen.” Gedurende die seksuele rewolusie het pornografie vir sommige Amerikaners 'n belangrike plek in die vermaaklikheidswêreld ingeneem, wat die verspreiding van pornografie vergemaklik het (Bensman, 1975:341).

Aangesien pornografie reeds eeue lank bestaan, is De Bruyn (1989:30) van mening dat die rewolusie nie pornografie geskep het nie, maar wel die verspreiding van pornografie geïntensiveer het. Na die seksuele rewolusie het pornografie in die 1980's en 1990's al meer obseen geraak (Masters *et al.*, 1992:618). Tans word pornografie in die Westerse wêreld in die vorm van foto's, films, romans, tydskrifte, musiek en musiekvideo's versprei. Pornografie het toenemend van “sag” na “hard” ontwikkel en die verskil tussen die twee het al hoe meer vervaag (Van Rensburg, 1985:8).

Die verspreiders van pornografie probeer in toenemende mate om die status van pornografie te verhoog, omdat hulle aanvoer dat pornografie 'n nuwe seksuele wêreld vir die mens oopmaak, alternatiewe inligting verskaf (Van Rensburg, 1985:8) en 'n hulpmiddel is wat adolessente tot volwassenheid kan laat ontwikkel (De Bruyn, 1989:30).

Ongeag die voorspraak vir die toelating en verspreiding van pornografie word daar in Amerika deur kommissies en gemeenskapsleiers gepoog om weer 'n sterker verbod op pornografie in te stel. Die aangevoerde rede vir hierdie stap is die moontlikheid dat pornografie tot seksuele misdade kan lei en dat die vrou se waardigheid deur pornografie negatief geaffekteer word (Masters *et al.*, 1992:618).

In Suid-Afrika word pornografie deur die Wet op Publikasies van 1974 beheer. Hierdie wet is ook, soos vroeër in Amerika, daargestel om sedelikheid te bevorder, aangesien pornografie as moreel skadelik bestempel word (De Bruyn, 1989:30). Tog is “sagte”

pornografie al meer in Suid-Afrika beskikbaar. Soos in Amerika is pornografie in die vorm van foto's, films, romans, tydskrifte, musiek en musiekvideo's te kry. "Harde", obsene pornografie is nog steeds nie in Suid-Afrika toelaatbaar nie, alhoewel die Suid-Afrikaners hierdie tipe pornografie in die buurstate of andersins onwettig besigtig (Van Rensburg, 1985:8).

Uit bogenoemde inligting kan afgelei word dat daar twee uiteenlopende houdings teenoor pornografie bestaan. Die eerste is die houding dat pornografie aanvaarbaar is en daarom toegelaat behoort te word. Hiermee saam bestaan die houding dat pornografie nie deur wette beheer hoef te word nie, maar dat alle mense self moet besluit watter morele standarde hulle verkies (De Bruyn, 1989:30; Van Rensburg, 1985:8). Die tweede houding is dat pornografie moreel skadelik is en dat blootstelling aan pornografie sedelike verval kan bewerkstellig (Van Rensburg, 1985:67).

### 3.7 HOUDING TEENoor HOMOSEKSUALITEIT

Homoseksualiteit is vroeër in die meeste Westerse lande sterk afgekeur, en volgens Masters *et al.* (1992:388) ook gestraf. Die straf het bestaan uit teregwydings, gebede om vergifnis, marteling of selfs die dood op die brandstapel. Die eerste protesoptog deur homoseksuele persone, wat die aanvang van die "gay-rights movement" gekenmerk het, was in 1969 (Masters *et al.*, 1992:389). Na hierdie optog het die organisasie 'n veldtog geloods om homoseksualiteit as 'n normale seksuele oriëntasie erken te kry. Namate die veldtogte voortgeduur het, het die samelewing se houding oor homoseksualiteit meer verlig geraak (Masters *et al.*, 1992:389) en in 1974 het die APA (American Psychiatric Association) besluit om homoseksualiteit nie meer as 'n psigiese versteuring te klassifiseer nie (Masters *et al.*, 1986:25 & 1992:15).

In 1967 het Schmidt navorsing in Wes-Duitsland gedoen oor mense se houdings teenoor homoseksuele persone. In hierdie studie is bevind dat homoseksualiteit ten sterkste afgekeur word. Ses jaar later het Schmidt en Sigusch (1973) weer ondersoek ingestel na die houdings van mense teenoor homoseksualiteit. In hierdie studie het hulle gevind dat meer as die helfte van die mans en die vrouens homoseksualiteit aanvaar het (soos aangehaal deur Cronje & Van der Walt, 1986:106). Verder het Hass (1979) gevind dat 70% van sestien- tot negentienjarige adolessente in Amerika homoseksualiteit aanvaar. Die studies verskaf 'n aanduiding van die verandering in houdings teenoor homoseksualiteit. Waar die houdings aanvanklik negatief was, het die houdings van die heteroseksuele gemeenskap meer aanvaardend geraak (De Bruyn, 1982:112; Seifert & Hoffnung, 1991:595).

In die algemeen bestaan daar drie verskillende houdings oor homoseksualiteit. Eerstens is daar mense wat homoseksualiteit aanvaar en baie verdraagsaam is teenoor homoseksuele persone (Seifert & Hoffnung, 1991:595). Volgens Seifert en Hoffnung (1991:595) weerspieël dit die mees algemene houding teenoor homoseksualiteit. Tweedens is daar persone wat homoseksuele persone verwerp en hulle gedrag sterk afkeur (Masters *et al.*, 1992:389). Die derde houding blyk 'n verdraagsame houding te wees, alhoewel die houding eintlik meer krities en afkeurend is (Deaux & Wrightsman, 1988:282). Die rede vir hierdie houding spruit voort uit vrees vir homoseksuele persone, na aanleiding van die kommerwekkende voorkoms van vigs en die algemene assosiasie daarvan met homoseksualiteit (Seifert & Hoffnung, 1991:595; Masters *et al.*, 1992:389). Masters *et al.* (1992:389) dit stel soos volg: "It is clear that AIDS ... gave people an excuse once again to view homosexuality as a form of disease and provided ammunition to those who want to discriminate against gays."

### 3.8 HOUDING TEENoor SEKSUELE OPVOEDING

Gedurende die agtiende eeu is daar wel 'n mate van seksuele voorligting aan kinders gegee, maar volgens Van Ussel (1971:267) was hierdie voorligting daarop gerig om masturbasie te voorkom en daarom is daar geen inligting oor geslagsgemeenskap gegee nie. Met die aanvang van die negentiende eeu was die bespreking van seksuele onderwerpe nog steeds taboe en daarom is daar min, indien enige, seksuele voorligting aan kinders gegee (Van Ussel, 1971:305).

Eers met die seksuele rewolusie van die sestigerjare is die samelewing se onkunde oor seksualiteit blootgelê en is die adolessent se behoefte aan kennis oor seksualiteit, seksuele aspekte en seksuele gedrag geïdentifiseer (Masters *et al.*, 1986:25). Dit het gelei tot 'n polemieë oor seksuele opvoeding en oor wie daarvoor verantwoordelik behoort te wees (Kaplan & Stein, 1984:260). Volgens Masters *et al.* (1992:211) het daar uit die seksuele opvoedingskrisis twee groepe met verskillende houdings in verband met seksuele opvoeding ontstaan: die eerste groep is ten gunste van formele seksuele opvoeding in skole en die tweede groep meen dat seksuele opvoeding die ouers se plig is en dat die skool die kinders nie dieselfde waardes as die ouers sal leer nie.

In Suid-Afrika is die meeste ouers ten gunste van seksuele opvoeding op skool (Gous, 1985:84). Een van die redes daarvoor is die tekort aan effektiewe, betroubare en ingeligte bronne wat seksuele inligting aan adolessente kan verskaf (Garbarino, 1985:364; Rice, 1990:413).

Rosoff (1989:52) is van mening dat die ouers se houdings egter nie altyd positief was nie, maar wel positief verander het. Hierdie verandering het daartoe gelei dat adolessente, ouers, onderwysers, gemeenskap- en geestelike leiers in openhartige, informele en formele gesprekke oor seksuele onderwerpe tree en dat seksuele probleme so makliker uitgestryk word. Mace (1970:68) is van mening dat juis hierdie openhartige kommunikasie en seksuele opvoeding een van die belangrikste veranderinge is wat die seksuele rewolusie teweeg gebring het.

### 3.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die houdings van adolessente ten opsigte van sekere seksuele aspekte bespreek. Hierdie houdings is gegrond in sekere waardes wat die adolessente ten opsigte van seksualiteit het, aangesien houdings slegs 'n refleksie van waardes is (Kimble, 1990:140).

Spesifieke waardes waarop in hierdie hoofstuk gefokus is, is sosiale en religieuse waardes. Daar is aangedui dat die ooreenkoms tussen die sosiale en religieuse waardes die veranderinge is wat gedurende die sestiger- en sewentigerjare plaasgevind het. Veranderinge in sosiale waardes word gekenmerk deur 'n metaforiese seksuele rewolusie, terwyl die veranderinge in religieuse waardes (spesifiek die Christelike waardes) gekenmerk word deur 'n meer verligte siening van seksualiteit.

Hierdie veranderinge het die adolessente se houdings teenoor seksuele aspekte beïnvloed. Die seksuele houdings van die adolessente was tot met die vyftigerjare rigied en konserwatief, maar die seksuele rewolusie het 'n radikale omswaai in die denkwyses en houdings van sommige adolessente tot gevolg gehad. Gedurende die seksuele rewolusie het groter openhartigheid ontstaan om oor seksuele aangeleenthede te praat, terwyl seksualiteit ook al hoe meer as 'n natuurlike integrale deel van die mens se lewe bestempel is (Rice, 1990:404). Daar is egter ook persone wat nie optimisties is oor die uitkoms van die seksuele rewolusie nie. De Bruyn (1989:43) en Darling *et al.* (1986:416) is van mening dat die uiteinde van die rewolusie seksuele verwarring en emosionele en seksuele onvervuldheid teweeg gebring het, terwyl seksueel oordraagbare siektes kommerwekkende afmetings begin aanneem het.

Volgens Thom (1991:409) vorm hierdie houdings en waardes vir adolessente 'n verwysingsraamwerk waarvolgens hulle hul seksualiteit op 'n sosiaal aanvaarbare manier kan uitleef. Die *seksuele gedrag* van die adolessent word in die volgende hoofstuk bespreek.

# HOOFSTUK 4

## SEKSUELE GEDRAG

### 4.1 INLEIDING

Aangesien seksuele behoeftes 'n integrale deel van adolessente se ontwikkeling vorm, is dit natuurlik dat adolessente nie net sekere houdings ten opsigte van seksuele aspekte sal hê nie, maar ook seksueel sal eksperimenteer (Morgonsen, 1990:16). Soms word seksuele gedrag gemotiveer deur nuuskierigheid of 'n behoefte aan liefde, toegeneentheid, intimiteit en aanvaarding (Hopkins, 1983:103).

In hierdie hoofstuk word die seksuele gedrag van die adolessent bespreek, met verwysing na spesifieke seksuele aktiwiteite van die adolessent.

### 4.2 DIE VERBAND TUSSEN DIE ADOLESSENT SE SEKSUELE HOUDING EN GEDRAG

Volgens Thom (1991:409) vorm die adolessent se seksuele houding die verwysingsraamwerk vir sy seksuele gedrag. Kimble (1990:145) toon aan dat daar dikwels inkongruensie tussen gedrag en houding bestaan. Dieselfde tendens word by seksuele aangeleenthede gevind. Hulle houdings ten opsigte van seksualiteit stem nie altyd met hulle waarneembare seksuele gedrag ooreen nie (Deaux & Wrightsman, 1988:277; Garbarino, 1985:343; Wepener, 1991:16). Die houding van die adolessent teenoor seksuele gedrag is dikwels sterker en meer permissief as die werklike vergestaltung van die gedrag (Steyn, 1987:92). Garbarino (1985:367) bevestig bogenoemde stelling deur aan te dui dat seksuele voorligting 'n groter permissiewe invloed op die adolessente se seksuele houding het as op hulle seksuele gedrag.

Die redes vir die inkongruensie tussen seksuele gedrag en houding word deur Garbarino (1985:324) toegeskryf aan die swak kommunikasie tussen ouers en kinders oor seksuele onderwerpe. Soms gebeur dit dat kinders grootword met sekere religieuse oortuigings wat in stryd is met hulle eksperimentele of interpersoonlike seksuele gedrag. Verder

toon adolessente 'n behoefte aan aanvaarding deur hulle portuurgroep en daarom reflekteer hulle moontlik die groep se liberale houdings al is dit nie kongruent met hulle eie waardes nie. Adolessente wil soms graag gesofistikeerd voorkom deur oordrewe seksuele aktiwiteite en ondervindings met die groep te deel, terwyl hulle vertellings nie 'n ware refleksie van hulle eie seksuele aktiwiteite is nie (Garbarino, 1985:324). Elkind (1967) verskaf 'n ander verklaring vir die inkongruensie. Volgens hom is dit 'n normale kognitiewe ontwikkelingskenmerk van die adolessent om verbaal oor 'n saak standpunt in te neem sonder om hierdie standpunt in gedrag deur te voer.

Indien die houding onmiddellik herroep kan word voor die gedrag plaasvind, kan die houding en gedrag wel kongruent wees (Kimble, 1990:176). Wepener (1991:16) is van mening dat daar wel 'n mate van kongruensie tussen gedrag en houding is. Sy wys daarop dat die houding en ook die gedrag van die adolessent gedurende die seksuele rewolusie meer permissief geraak het. Verder het sy bevind dat die respondente in haar studie wat seksueel ervare was meer positiewe houdings ten opsigte van seksualiteit getoon het as die respondente wat nie seksueel ervare was nie (Wepener, 1991:173). Dit dui op 'n mate van kongruensie ook tussen seksuele ervaring en houding.

#### **4.3 DIE INVLOED VAN DIE SEKSUELE REWOLUSIE OP SEKSUELE GEDRAG**

Dat die seksuele rewolusie (soos in hoofstuk 3 bespreek) 'n invloed op seksuele houdings gehad het, is gewis (Papalia & Olds, 1986:348). Hopkins (1983:252) is van mening dat hierdie veranderinge egter minder waarneembaar is in adolessente se gedrag as in hulle houdings. Om Hopkins se stelling te bevestig, is dit nodig om navorsing oor seksualiteit voor, gedurende en na die seksuele rewolusie te bestudeer.

Slegs 'n beperkte aantal studies oor seksualiteit is in die tydperk 1938 tot 1966 onderneem. Die resultate van hierdie studies het wel getoon dat gemiddeld 30% vroue en 60% mans in hulle laat-adolessensie voorhuweliks seksueel aktief was. Vanaf 1966 tot 1970 het die gemiddelde persentasie voorhuwelikse geslagsgemeenskap vir vroue tot vyftig persent gestyg en vir mans was die gemiddeld sewentig persent. Die gemiddelde persentasie het gedurende 1970 tot 1978 gestyg tot 60% vir vroue en 75% vir mans (Hopkins, 1983:252). Zelnick en Kantner (1980:235) het in hulle studie met negentienjarige, ongetroude adolessente gevind dat 40% van hulle in 1971 reeds seksuele geslagsgemeenskap gehad het. Vyf jaar later, in 1976, het 54% en in 1979 het 65% adolessente geslagsgemeenskap gerapporteer (Zelnick & Kantner, 1980:235). Uit hierdie

resultate kan wel afgelei word dat die seksuele uitlewing van adolessente stelselmatig toegeneem het. Die toename blyk egter geleidelik oor 'n tydperk van veertig jaar te wees en is ook meer op die vrouens as mans van toepassing.

Dis nie net die persentasie seksueel aktiewe adolessente wat deur die dekades vermeerder het nie, maar die gemiddelde ouderdom van eerste seksuele aktiwiteit en geslags-gemeenskap het ook met elke dekade jonger geword (Hopkins, 1983:251; Stevens-Long & Cobb, 1983:240; Wepener, 1991:66). Tans is die gemiddelde ouderdom vir eerste geslagsgemeenskap sestien jaar, terwyl dit vroeër jare ongeveer agtien jaar was (Morgonsen, 1990:20). Verder toon adolessente 'n groter verskeidenheid van seksuele gedrag as vroeër, terwyl hulle hul ook in meer erotiese seksuele aktiwiteite soos oraal-genitale kontak, sodomie en groepseks begewe as vroeër (Hopkins, 1983:251).

Ten spyte van die veranderinge wat waargeneem word in die seksuele gedrag van adolessente gedurende die sestiger- en sewentigerjare, bly dit 'n ope vraag of hierdie veranderinge as 'n rewolusie bestempel kan word. Volgens Nielsen (1987:463) is daar wel bewyse van so 'n radikale omkeer in seksuele gedrag dat dit die term *seksuele rewolusie* regverdig, maar hierdie veranderinge het eerder onder die vrouens as onder die mans gemanifesteer. Conger en Petersen (1984:284) beskou die veranderinge in seksuele gedrag gedurende die sestiger- en sewentigerjare nie as 'n seksuele rewolusie nie, maar as 'n bereidheid by die proefpersone om meer oop en eerlik die vraelyste van navorsers te beantwoord. Die veranderinge in seksuele gedrag word dus nie, soos in die geval van seksuele houdings, as 'n rewolusie bestempel nie, maar nietemin word duidelike aanduidings van dramatiese liberalisering van standaarde en gedrag gevind (Hopkins, 1983:252).

#### **4.4 DETERMINANTE WAT MET SEKSUELE GEDRAG KORRELEER**

Daar bestaan 'n aantal determinante of aspekte wat 'n invloed op die seksuele gedrag van adolessente uitoefen en met hulle seksuele gedrag korreleer.

##### **4.4.1 Geloofsoortuiging**

Kerkbywoning en relatiewe sterk geloofsoortuigings toon 'n korrelasie met verantwoordelike seksuele gedrag (Juhasz & Sonnenshein-Schneider, 1980:743). Die afwesigheid van godsdienstige oortuigings by jong seksueel aktiewe seuns is deur Jessor *et al.* (1983:613) waargeneem. Jessor *et al.* (1983:623) is van mening dat laat-adolessente,

ongegag groepsdruk en die druk van die samelewing, nie seksueel sal verkeer indien hulle oor 'n sterk godsdienssin beskik nie. Godsdienstige waardes kan dus dien as die reguleerder van seksuele gedrag (Thom 1991:409).

Wepener (1991:170) het in haar studie bevind dat die Suid-Afrikaanse respondente wat baie sterk geloofsoortuigings gerapporteer het, wel 'n mate van inhiberende seksuele gedrag getoon het. Sy rapporteer verder dat 'n hoë graad van godsdienstelewing die studente verhinder het om by geslagsgemeenskap betrokke te raak. Daar is aan die ander kant gevind dat minder intense godsdienstelewing nie as 'n doeltreffende inhibeerder vir seksuele gedrag gedien het nie, alhoewel dit tog die aantal seksuele maats gereguleer het (Wepener, 1991:172). Godsdienstelewing het egter nie net 'n invloed op die gedrag van die studente gehad nie, maar ook op hulle houdings. Volgens Wepener (1991:172) het die adolessente met sterk godsdienstige oortuigings sterk negatiewe houdings teenoor seksuele aspekte getoon het, terwyl die studente wat baie min deur godsdienstelewing beïnvloed word sterk positiewe seksuele houdings gerapporteer het. Wepener (1991:172) vermoed egter dat die studente moontlik sosiaal wenslike response op haar vraelyste kon gee en waarsku dat die resultate versigtig geïnterpreteer moet word.

In 'n ander Suid-Afrikaanse studie, deur Olivier (1987), blyk dit egter dat godsdienstelewing nie 'n belangrike rol in die respondente se lewens speel nie. Slegs 27,9% maagde in die ouderdomsgroep 18-25 die religieuse redes aangevoer vir hulle maagdelikheid, terwyl nie een van die maagde jonger as 17 jaar godsdienstelewing aangevoer het as hulle rede vir onthouding van seksuele aktiwiteite nie. In hierdie geval kan dit moontlik wees dat godsdienstelewing nie 'n belangrike aspek in hierdie vrouens se lewe is nie, of dat godsdienstelewing nie 'n goeie inhibeerder van seksuele gedrag is nie. Indien laasgenoemde die geval is, verklaar De Bruyn (1982:136) die tendens as die inkongruensie wat tussen die Christelike leer en uitlewing van die leer bestaan. Tog blyk dit dat godsdienstelewing wel tot 'n mate die seksuele gedrag van adolessente beïnvloed.

#### **4.4.2 Ouderdom**

Daar bestaan volgens Scott en White (1990:221) 'n verband tussen ouderdom en verantwoordelike of permissiewe seksuele gedrag. Adolessente wat reeds in vroeë-adolessensie geslagsgemeenskap beoefen, sal waarskynlik meer permissief wees wanneer hulle laat-adolessensie hereik (Dignan & Anspaugh, 1978). Daar is ook gevind dat die proporsie adolessente in laat-adolessensie wat geslagsgemeenskap beoefen, hoër is as die adolessente in vroeë-adolessensie (Hopkins, 1983:251; Sorensen, 1973; Stevens-Long & Cobb, 1983:240; Vander Zanden, 1989). Verder blyk dit dat jonger adolessente geneig is om

meer konserwatief ten opsigte van seksuele gedrag te wees as laat-adolessente (Conger & Petersen, 1984:283; Sorensen, 1973).

#### **4.4.3 Sosio-ekonomiese status en opvoedingspeil**

Alhoewel adolessente met 'n hoë sosio-ekonomiese status en hoër opvoedingspeil geneig is om meer liberale seksuele houdings te toon as dié met 'n lae opvoedingspeil en lae sosio-ekonomiese status (Conger en Petersen, 1984:283), is die adolessente met 'n lae opvoedingspeil en lae sosio-ekonomiese status seksueel meer permissief en vroeër betrokke by geslagsgemeenskap as die adolessente met 'n hoë opvoedingspeil en hoë sosio-ekonomiese status (Lambert, 1978, soos aangehaal in Thom, 1991:409; Scott & White, 1990:221).

#### **4.4.4 Geslag**

Adolessente mans is volgens Houston (1981, soos aangehaal in Rice, 1990:369) meer seksueel permissief as adolessente vrouens. Nielsen (1987:459) rapporteer dat mans meer as vrouens geneig is om hulle seksuele aktiwiteite met volwassenheid en status te assosieer. Die gevolg hiervan is dat mans meer seksuele maats as vrouens het, en ook kennisse gebruik vir hulle seksuele bevrediging (Nielsen, 1987:459).

Hierdie gedrag kan verklaar word in die lig van die feit dat mans verhoudings sluit met psigo-biologiese behoeftes, terwyl vrouens psigo-affeksionele behoeftes in verhoudings het (Thom, 1991:417). Mans wil graag hulle fisieke behoefte bevredig, terwyl vrouens hoop dat hulle deur seks hulle betrokkenheid, liefde en verbondenheid in die verhouding kan bevestig (Nielsen, 1987:459).

Die dubbele standaard, waar seksuele toegewings aan die man gemaak word en van vrouens verwag word om hulle gedrag streng te reguleer (vergelyk 3.4), is ook 'n oorsaak dat mans seksueel meer permissief as vrouens is. Alhoewel hierdie dubbele standaard besig is om vinnig te verdwyn, het Papalia en Olds (1986:350) bevind dat mans steeds meer seksueel aktief as vrouens is.

#### **4.4.5 Ouers**

Volgens 'n aantal outeurs beïnvloed ouerlike dissipline, strengheid en beheer adolessente se seksuele gedrag. So toon adolessente wat swak dissipline en kontrole van die ouer rapporteer meer seksueel permissiewe gedrag as adolessente wat deur streng maar reg-

verdige ouers opgevoed word (Miller, McCoy, Olson & Wallace, 1986:509; Thom, 1991:412). In aansluiting hierby het Miller *et al.* (1986:509) gevind dat die adolessente waaroor die moeder nie beheer het nie en vir wie daar nie reëls neergelê is nie ook meer permissiewe gedrag getoon het. Verder is Miller *et al.* (1986:509) en Scott en White (1990:221) van mening dat adolessente wat deur afwesige of onbetrokke ouers opgevoed word ook waarskynlik meer seksueel permissiewe gedrag sal toon as die adolessente wat deur betrokke ouers opgevoed word.

Dit is egter nie net die neerlê van reëls en dissipline deur ouers wat die adolessente se seksuele gedrag beïnvloed nie, maar ook kommunikasie en intimiteit in die gesin (Shah & Zelnik, 1981). Walters en Walters (1983:11) het bevind dat openlike en gemaklike kommunikasie tussen ouers en adolessente tot gevolg gehad het dat die adolessente minder verkeerde idees oor seksualiteit gehad het, hulle makliker met hulle ouers oor seksuele aangeleenthede kon gesels het en dat hulle op 'n latere ouderdom seksueel aktief geraak het as die adolessente wat nie 'n goeie verhouding met hulle ouers gehad het nie. Laastens het Schofield (1967:224) bevind dat gebroke gesinsverhoudinge tot permissiewe seksuele gedrag aanleiding kan gee.

#### **4.4.6 Die portuurgroep**

Die portuurgroep het 'n belangrike invloed op adolessente se seksuele gedrag (Papalia & Olds, 1986:345). Jessor *et al.* (1983:609) meen dat adolessente wat meer betrokke by hulle portuurgroep as by hul ouers is, geneig sal wees om meer permissiewe gedrag te toon as adolessente wat 'n goeie verhouding met hulle ouers en portuurgroep het.

Volgens Shah en Zelnik (1981:379) toon die gedragpatrone van adolessente sterk ooreenkomste met dié van hulle portuurgroep. Ongelukkig is die portuurgroep, volgens Steyn (1987:92), eerder geneig om permissief as geïnhibeerd te wees. Antonovsky (1980, soos aangehaal deur Weitsz, 1988:29) ondersteun hierdie bevinding deur aan te dui dat die adolessente wie se vriende/vriendinne geslagsgemeenskap beoefen ook waarskynlik self geslagsgemeenskap sal beoefen.

Steyn (1987:93) wys daarop dat die portuurgroep nie net 'n negatiewe nie maar ook 'n positiewe invloed op adolessente kan hê. Die portuurgroep kan die adolessent motiveer tot meer konserwatiewe seksuele gedrag en hulle kan ook 'n terapeutiese groep vorm wat die adolessent selfs met seksuele probleme kan bystaan (Steyn, 1987:93).

Die feit dat daar 'n gevoel van samehorigheid en betrokkenheid tussen die adolessente en hulle maats bestaan, is een van die redes waarom die portuurgroep 'n invloed op individuele adolessente uitoefen. Hulle voel dat persone van hulle eie ouderdom hulle eerder sal verstaan en hulle waardes sal deel as ouer persone (Paplia & Olds, 1986:345). Die portuurgroep vorm dan 'n ondersteuningsstelsel vir die adolessent om outonoom en onafhanklik te begin funksioneer (Paplia & Olds, 1986:345).

Hierdie gedagte dat die portuurgroep 'n belangrike rol in die adolessent se lewe speel, word deur die bevindings van Weitsz (1988:93) ondersteun. Sy het bevind dat die Suid-Afrikaanse adolessente in haar studie eerder met hulle vriende as hulle ouers oor emosionele probleme praat. Dit kan moontlik dui op die vertroue en waarde wat adolessente in hulle portuurgroep het. Dit plaas die portuurgroep dan in die posisie om 'n positiewe invloed op die adolessent uit te oefen.

Wanneer adolessente ouer en meer volwasse word, begin hulle meer op hulle eie oordeel staatmaak in plaas daarvan om deur hulle ouers en portuurgroep beïnvloed te word (McDowell, 1987:37). Paplia en Olds (1986:346) meen dat hulle dan meer geneig sal wees om hulle eie standarde te stel en daarvolgens te handel. Hierdie meer volwasse adolessent met gevestigde waardes en 'n sterk selfbeeld kan volgens McDowell (1987:37) dan weer die portuurgroep beïnvloed.

#### **4.5 SEKSUELE GEDRAG VAN ADOLESSENTE**

Seksuele gedrag word deur Hopkins (1983:263) gedefinieer as "the physical expression of emotional closeness among both men and woman". Rice (1990:404) beklemtoon dat seks meer is as die blote gedrag van twee persone. Dit is die uitdrukking van diep-gewortelde behoeftes en gevoelens. Seks is nie net die uitdrukking van positiewe gevoelens nie, maar ook van negatiewe gevoelens. Aanvaarding, haat, wraak of liefde kan deur middel van seksuele aktiwiteite oorgedra word. Die motiewe en tipe verhouding tussen twee persone sal bepaal wat die betekenis van die seksuele aktiwiteit is en watter boodskap oorgedra word (Rice, 1990:404).

Wanneer twee adolessente bymekaar kom, sal hulle gewoonlik eers 'n aantal kere saam uitgaan ("date"). Hierdie uitgaan dien as hofmakery en verskaf aan die adolessent die geleentheid vir rekreasie en ondervinding in sosialisering met die teenoorgestelde geslag. Uitgaan dien ook as 'n simbool van gewildheid, aanvaarding en status. Verder verskaf

hierdie uitgaan soms vir adolessente die geleentheid om seksueel te eksperimenteer (Roger, soos aangehaal deur Garbarino, 1985:338).

'n Meer intieme verhouding waar daar tot 'n verbintenis ooreengekom is, word in Suid-Afrika "vas uitgaan", "kys", of "vas sleep" genoem. Hierdie tipe verhouding bly steeds die mees populêre manier om interpersoonlike intimiteit daar te stel (Garbarino, 1985:338). Vas uitgaan verskaf aan die adolessent die geleentheid om buite die grense van die gesin intimiteit te beoefen. In hierdie tipe verhouding word hulle vermoë om toegeneentheid te gee en te ontvang bevorder. Dit bied ook aan hulle die geleentheid om die plesier, frustrasies en probleme van 'n intieme verhouding te hanteer. Dit is dan juis hierdie ervaring van 'n vaste verhouding wat die adolessent volgens DeLora, Warren en Ellison (1981) van 'n selfgesentreerde kind-ouerverhouding na 'n intieme volwasse verhouding laat groei. Adolessente verkies ook om in hierdie verhoudings seksueel aktief te wees (Conger & Petersen, 1984:283; Hopkins, 1983:263; Stevens-Long & Cobb, 1983:241; Wepener, 1991:69).

In teenstelling met die bogenoemde outeurs wat van mening is dat vaste verhoudings intimiteit en volwassenheid by die adolessent vestig, bestempel Cobliner (1988:103) vaste verhoudings as verhoudings wat sporadies en episodies is en wat meestal sonder verbintenis en verantwoordelikheid gepaard gaan. In hierdie verhoudings is adolessente geneig om hulle gevoelens van liefde en teerheid te onderdruk om sodoende hulleself teen seerkry te beskerm. Die gevolg is dat intimiteit gewoonlik eers ontwikkel (indien wel) nadat 'n seksuele verhouding gevestig is.

In aansluiting hierby beweer Rice (1990:401) dat die meeste vaste verhoudings met of sonder verantwoordelikheid en werklike toegeneentheid gepaardgaan. Die verantwoordelikheid en toegeneentheid gee 'n aanduiding van die mate van volwassenheid wat in die adolessente se verhoudings teenwoordig is. Indien verantwoordelikheid en toegeneentheid afwesig is, kan so 'n verhouding vir die adolessent emosioneel nadelig wees. Die adolessent is dan te emosioneel onvolwasse om die eise van 'n emosionele asook fisieke verhouding te hanteer. Dit kan aanleiding gee tot verwaarlosing van vriende en gesinsbande (Garbarino, 1985:340). Thom (1991:412) beklemtoon juis in hierdie verband dat liggaamlike rypheid nie noodwendig emosionele volwassenheid impliseer nie.

Wanneer die adolessent wel besluit om seksueel aktief te raak in 'n verhouding (met of sonder verbintenis) is daar 'n ketting van gebeure wat tot geslagsgemeenskap lei. Jemail en Geer (soos aangehaal deur Garbarino, 1985:347) het gepoog om die belangrikste

gebeure wat aanleiding tot geslagsgemeenskap gee, vas te stel. Die opeenvolgende gebeurtenisse is gewoonlik soen, die stimulasie van die bors per hand, die stimulasie van die genitalieë per hand, orale stimulasie van die genitalieë, geslagsgemeenskap en orgasme. Dit is hoogs onwaarskynlik dat 'n paartjie sonder om te soen, betrokke sal raak in oraal-genitale stimulasie. Volgens DeLora *et al.* (1981:301) verlaat die meerderheid paartjies hulle op intieme, passiewolle liefkosings en probeer op grond van morele oortuigings deur orale stimulasie of deur wedersydse masturbasie 'n orgasme bereik. Hierdeur vermy die adolessente geslagsgemeenskap en die risiko's daaraan verbode (DeLora *et al.*, 1981:301). Vrouens wat deur heteroseksuele aktiwiteite orgasmes bereik het, maar waar geslagsgemeenskap nog nooit plaasgevind het nie, staan bekend as “tegniese maagde” (Wepener, 1991).

Seksuele verhoudings bied aan adolessente die geleentheid om 'n mate van seksuele bevrediging te ondervind en hulle identiteit as seksuele wese te ontwikkel (Juhasz & Sonnenshein-Schneider, 1980:743). Volgens Erikson en Sullivan is dit belangrik vir laat-adolessente om die werking van hulle genitalieë te ondersoek. Die adolessente integreer hierdie informasie by hulle identiteit en bevorder so die vermoë om betrokke te raak in volwasse intieme verhoudings (Stevens-Long & Cobb, 1979:257). Voorhuwelike geslagsgemeenskap berei ook die adolessent voor vir die seksuele aktiwiteite in 'n huwelik. Romantiese en idilliese gedagtes oor die huwelik word met meer rasionele en realistiese gedagtes oor die huwelik vervang (Thom, 1991:412).

Tog is daar volgens Garbarino (1985:343) aan vroeë seksuele betrokkenheid emosionele gevare verbode wat baie ontwrigtend en skadelik vir adolessente kan wees. Steyn (1987:92) is van mening dat vroeë seksuele betrokkenheid angs, skuldgevoelens en vrees vir moontlike swangerskappe by adolessente kan veroorsaak. Verder het Sorensen (1973) bevind dat die seksuele satisfaksie, veral by vroue in adolessensie, laag is en gekenmerk word deur negatiewe belewenisse en ook negatiewe gevoelens oor die seksuele ervaring.

Voorhuwelike seksuele aktiwiteite het dus die potensiaal om voordelig of skadelik te wees. Dit word bepaal deur die adolessent se motiewe vir geslagsgemeenskap en die kwaliteit van die verhouding (Garbarino, 1985:336; Rice 1990:404). Garbarino (1985:336) is van mening dat daar in baie van die adolessente se verhoudings nie sprake van intimiteit is nie. Olivier (1987:42) het by 'n aantal Suid-Afrikaanse vrouens bevind dat hulle eerste geslagsgemeenskap meestal sonder toegeneentheid en intimiteit plaasgevind het. Sy rapporteer dat slegs 15,9% vrouens verlief was op die persoon met wie hulle hul eerste seksuele ervaring gehad het.

Volgens Cobliner (1988:103) is die meeste adolessente se primêre doel met seksuele aktiwiteite fisieke satisfaksie, maar volgens Hopkins (1983:263) is daar ook ander doelwitte. Vir baie adolessente is seks 'n vorm van ontsnapping van die druk en verwagtinge van volwassewording, van huislike probleme, en van alleenheid. Adolessente gebruik soms seks om hulle ouers te straf of om aan hulle ouers te bewys dat hulle fisiek volwasse is, aangesien hulle geneig is om te glo dat fisieke volwassenheid sosiale volwassenheid impliseer. Vroeë seksuele aktiwiteite kan vir sommige adolessente bevestiging van normaliteit by die portuurgroep wees, asook die indirekte maar duidelike verklaring dat die adolessent gereed is vir 'n vaste, intieme verhouding (Hopkins, 1983:263).

Morgonsen (1990:18) dui op 'n ander belangrike rede waarom adolessente seksueel aktief is. Volgens hom het adolessente behoefte om hulle seksualiteit en die seksuele "wêreld" te ontdek. Hierdie ontdekkingstog staan bekend as *seksuele eksperimentering* (Morgonsen, 1990:18). Masters *et al.* (1992:369) rapporteer dat sommige adolessente buiten masturbasie, liefkosings en geslagsgemeenskap ook met dwelmmiddels eksperimenteer om die genot van die seksuele ervaring te verhoog. Ander vorms van adolessente seksuele eksperimentering is anale en orale seks, 'n verskeidenheid seksuele posisies en seksuele ervarings met manlike of vroulike prostitute (Masters *et al.*, 1992:369).

#### 4.5.1 Liefkosings ("petting")

Luckey en Nass (1969, soos aangehaal deur Dusek, 1987:268) het gevind dat die meeste adolessente al met ligte liefkosings ("light petting") geëksperimenteer het, dit wil sê, hande vasgehou, drukkies gegee en intiem gesoen het (dit is 'n "oopmond" soen waar die tonge van die paartjie aan mekaar raak). Daar bestaan ook 'n meer intieme vorm van liefkosing ("heavy petting") wat ooreenstem met seksuele voorspel, maar sonder dat geslagsgemeenskap plaasvind (Nielsen, 1987:462). Hierdie passievolle liefkosings is intieme seksuele aktiwiteite wat volgens Nielsen (1987:462) semi-naak of naak plaasvind en fisiek bevredigend kan wees. Gepaardgaande hiermee kan wedersydse masturbasie en oraal-genitale stimulasie plaasvind, met of sonder die bereiking van 'n orgasme.

Aangesien passievolle liefkosings soms net so bevredigend as geslagsgemeenskap is (Nielsen, 1987:462), meen DeLora *et al.* (1981:301) dat liefkosings 'n alternatief is wat die adolessent gebruik om wel seksuele bevrediging te ontvang, terwyl geslagsgemeenskap vermy word. Moreel is hierdie tipe seksuele gedrag ook vir ouers meer aanvaarbaar as voorhuwelike geslagsgemeenskap (Nielsen, 1987:462). DeLora *et al.*

(1981:300) is oortuig dat bykans alle laat-adolesente op twintigjarige ouderdom reeds een of ander vorm van liefkosing ervaar het.

#### 4.5.2 Geslagsgemeenskap

Met beskrywing van die invloed van die seksuele rewolusie op seksuele gedrag vroeër in die hoofstuk (vergelyk 4.3) is die verandering wat gedurende die sestiger- en sewentigerjare plaasgevind het, aangedui. Vervolgens 'n beskrywing van die hedendaagse adolessente se betrokkenheid by geslagsgemeenskap.

In Amerika het die Guttmacher Instituut (1981:7) aangetoon dat 80% van die adolessente mans en 70% van die adolessente vrouens voor negentienjarige ouderdom geslagsgemeenskap gehad het. Olivier (1987:70) het bevind dat die Suid-Afrikaanse vroue in haar studie meestal reeds seksueel aktief was. In die ouderdomsgroep sewentien jaar en jonger het 65 van 89 vrouens geslagsgemeenskap gehad, terwyl 96,5% van die vrouens tussen 18 en 25 jaar ook geslagsgemeenskap gehad het. Die gemiddelde ouderdom vir eerste geslagsgemeenskap is deur Zelnick en Kantner (1980:230) op 16 jaar vasgestel. Sebrin en Sprafkin (1987:188) meen dat die gemiddelde ouderdom effens jonger is vir eerste geslagsgemeenskap. Volgens hulle raak heelparty adolessente al op veertienjarige ouderdom seksueel aktief.

Volgens Masters *et al.* (1992:227) is daar verskeie emosionele ervarings by die eerste geslagsgemeenskap gerapporteer, naamlik geluk, genot, intimiteit, satisfaksie, maar ook bekommernis, ongemak, teleurstelling, skuldgevoelens en verwardheid. Nielsen (1987:462) meen dat dit veral vrouens is wat tot skuldgevoelens, teleurstelling en angsgeneig is. Hieruit kan afgelei word dat mans se ervarings van eerste seksuele geslagsgemeenskap nie dieselfde as dié van vrouens is nie. Mans is gewoonlik meer bekommerd oor die korrektheid van die uitvoering van die daad, terwyl vrouens hulle bekommer of hulle die regte keuse gemaak het (Children's defence fund, 1988, soos aangehaal deur Masters *et al.*, 1992:227). Die rede vir hierdie verskil is moontlik die dubbele standaard, aangesien vrouens volgens Masters *et al.* (1992:227) in geslagsgemeenskap betrokke raak om die intimiteit en toegeneentheid van die verhouding te bevestig, terwyl die meeste mans 'n genotvolle ervaring verwag en geslagsgemeenskap beoefen om hulle seksueel-biologiese behoeftes te bevredig.

Zelnick en Shah (1983:65) toon deur hulle navorsing aan dat die maat met wie vrouens (15-19 jaar) en mans (17-21 jaar) hulle eerste geslagsgemeenskap gehad het van mekaar verskil. Hulle bevindings is soos volg: 55,2% van die vrouens en 36,5% van die mans

het vas uitgegaan, terwyl 24,4% vrouens en 20% mans hulle eerste geslagsgemeenskap gehad het met die persoon met wie hulle uitgegaan ("date") het. Van die vrouens het 6,7% geslagsgemeenskap gehad met 'n vriend, terwyl 33,7% van die mans met 'n vriendin hulle eerste geslagsgemeenskap gehad het. Hierdie resultate bevestig Masters *et al.* (1992:227) se stelling dat mans minder bekommerd is met wie hulle hul eerste seksuele ervaring het solank hulle die fisieke ervaring daarvan kon beleef. Die hoë persentasie vrouens wat hulle eerste seksuele ervaring met 'n persoon in 'n vaste verhouding gehad het, dui daarop dat vrouens toegeneentheid in die geslagsgemeenskap belangrik ag.

Masters *et al.* (1992:228) meen dat daar baie adolessente is wat negatief en ongelukkig voel, omdat hulle hul maagdelikheid verloor het. Nielsen (1987:465) bevestig hierdie vermoede en skryf die ongelukkigheid toe aan hoë seksuele verwagtinge wat uitgeloop het op teleurstelling, omdat hulle voel dat hulle as seksuele maats gefaal het. 'n Ander waarskynlike rede vir die ongelukkigheid is bekommernis oor moontlike swangerskap of die realiteit van die dubbele standaard. Die man voel dat daar as gevolg van die dubbele standaard druk op hom geplaas word om seksueel aktief te wees al voel hy nie gereed daarvoor nie. Wanneer hy dan by geslagsgemeenskap betrokke raak, voel hy teleurgestel en ongelukkig. Die vrou voel op haar beurt dat die dubbele standaard van haar verwag om altyd beheer oor die seksuele intimiteit uit te oefen. Wanneer sy dan nie aan hierdie verwagting voldoen nie en aan geslagsgemeenskap toegee, voel sy skuldig (Nielsen, 1987:465).

Die verbreking van 'n vaste verhouding kan ook tot negatiewe gevoelens oor geslagsgemeenskap aanleiding gee. Sommige adolessente voel dan gebruik en verneder, omdat hulle emosioneel en fisiek baie in die verhouding prysgegee het (Masters *et al.*, 1992:228). Aan die ander kant kan die adolessente wat steeds in 'n vaste verhouding is, voel dat seks aanvanklik aangenaam was, maar dat hulle verhouding nou deur seks gedomineer word. As gevolg van hierdie gevoelens is daar adolessente wat hulleself van seks onthou totdat hulle in 'n permanente verhouding ('n huwelik) betrokke is, terwyl ander, ten spyte daarvan dat hulle dit nie geniet nie, voortgaan met hulle seksuele aktiwiteite (Masters *et al.*, 1992:228).

#### **4.5.3 Masturbasie**

Masturbasie verwys na enige tipe stimulasie van die genitalieë wat erotiese opwekking veroorsaak. Hierdie erotiese opwekking hoef nie noodwendig tot 'n orgasme te lei nie. Volgens Rice (1990:397) word masturbasie deur beide mans en vrouens voor die huwelik

en in die huwelik beoefen. Masturbasie is gewoonlik die kind se eerste kennismaking met seks en lei tot selfontdekking, ervaring van fisieke sensasies en stimulasie (Papalia & Olds, 1986:349).

Waar masturbasie voorheen as 'n sonde bestempel is, word dit tans as 'n normale en integrale deel van die adolessent se bestaan aanvaar (Ambron, 1981:480). Tog word daar steeds gevind dat adolessente angste en skuldgevoelens ervaar wanneer hulle masturbeer (Thom, 1991:412). Volgens Rice (1990:397) is hierdie negatiewe gevoelens van die adolessent die enigste nadeel van masturbasie. Hopkins (1983:273) is van mening dat skuldgevoelens oor masturbasie verband hou met sterk geloofsoortuigings. Die persentasie adolessente wat skuldgevoelens oor masturbasie het, is egter laag. Slegs 10% van die 4420 Suid-Afrikaanse vrouens in Olivier (1987:157) se ondersoek het skuldgevoelens oor masturbasie gerapporteer. In Amerika het DeLora, Warren en Ellison (1981:282) ook gevind dat slegs 10% van hulle respondente skuldgevoelens tydens of na masturbasie ervaar het.

Al voel adolessente nie almal skuldig oor masturbasie nie, beskou hulle selfstimulasie as een van die moeilikste onderwerpe om openlik oor te praat (DeLora *et al.*, 1981:282; Conger & Petersen, 1984:275; Papalia & Olds, 1986:349; Sorensen, 1973).

Die voorkoms van masturbasie is gewoonlik hoër onder mans as onder vrouens (Conger & Petersen, 1984:275). Vrouens masturbeer ook nie so gereeld soos mans nie, maar voor tienjarige ouderdom masturbeer meer meisies as seuns (Garbarino, 1985:363). Sorensen (1973) het bevind dat 90% van die mans voor die ouderdom van negentien jaar masturbeer, terwyl slegs 60% van die vrouens in hierdie ouderdomsgroep dit doen. Hass (1979) het in sy navorsing bevind dat twee derdes van die sestien- tot negentienjarige seuns en die helfte van die vrouens in sy studie meer as een keer per week masturbeer. Masters, Johnson en Kolodny (1992:224) toon aan dat ongeveer drie kwart van die adolessente vrouens wat by hulle ondersoek betrokke was, masturbeer, terwyl Warren en Ellison (1981, soos aangehaal deur Thom, 1991:413) van mening is dat feitlik alle mans en twee-derdes van die vrouens in die VSA al tot 'n punt van orgasme gemasturbeer het.

Rice (1990:397) en Nielsen (1987:462) is van mening dat masturbasie adolessente help om hulle liggaam en seksuele response te leer ken, en dat dit as 'n seksuele uitlaatklep dien. Masturbasie verskaf ook 'n veilige manier van seksuele eksperimentering, dit bou die adolessent se seksuele selfvertroue, reguleer seksuele impulse, verminder verveeldheid en veroorsaak ontlading van algemene spanning (Masters, Johnson & Kolodny, 1992:225).

Garbarino (1985:363) wys daarop dat, indien daar tot die punt van orgasme gemasturbeer word, wedersydse masturbasie ook as 'n substituuat vir geslagsgemeenskap kan dien.

#### **4.5.4 Oraal-genitale seks**

Oraal-genitale seks is 'n seksuele aktiwiteit waar die genitalieë van 'n persoon deur sy/haar seksuele maat se mond en tong gestimuleer word. Die man stimuleer die vrou se klitoris, vulva en vagina deur dit met sy mond en tong te manipuleer (cunnilingus) en die vrou stimuleer die man se penis deur dit te soen of te suig (fellatio) (Stoppard, 1989:159).

Masters *et al.* (1992:225) wys daarop dat oraal-genitale seks meer algemeen aanvaarbaar geword het na Kinsey se studie. Navorsing deur Newcomer en Udry (1985:42) dui daarop dat 53% mans en 42% vrouens al oraal-genitale seks beoefen het. Een kwart van die mans en 16% van die vrouens was nog maagde toe hulle oraal-genitale seks beoefen het. Hier kan die afleiding gemaak word dat oraal-genitale seks 'n plaasvervanger vir geslagsgemeenskap kan wees.

Volgens Stoppard (1989:159) vind mans hierdie seksuele aktiwiteit meer genotvol en stimulerend as vrouens. Die vrou wat oraal-genitale stimulasie toepas, doen dit meestal omdat haar maat dit van haar verlang al vind sy dit nie noodwendig aangenaam nie (Hass, 1979). Ook nie alle mans wat oraal-genitale stimulasie verskaf, geniet dit nie, maar doen dit omdat hulle dit as 'n aanloop tot geslagsgemeenskap beskou (Newcomer & Udry, 1985:45).

Daar is tog 'n aantal adolessente wat hierdie vorm van seksuele stimulasie geniet, aangesien hulle voel dat dit 'n metode is om die intimiteit in die verhouding te verhoog (Masters, Johnson & Kolodny, 1992:226). Vir sommige persone is hierdie vorm van seks meer intiem as geslagsgemeenskap (Stoppard, 1989:159).

Navorsing oor oraal-genitale stimulasie onder adolessente is egter skraap.

#### **4.5.5 Seksuele fantasieë**

Renshaw (1988:7) beskou seksuele fantasieë as 'n natuurlike en veilige manier waarop seksuele behoeftes in die verbeelding uitgedruk word. Volgens haar is fantasieë beelde wat in persone se gedagtes verskyn in 'n slaap of wakker toestand. Die persoon is gewoonlik daarvan bewus dat die beelde nie deel van die werklikheid vorm nie en

daarom kan dit nie as hallusinasies of delusies bestempel word nie. Fantasië is meestal baie privaat en daarom bespreek mense dit selde (Renshaw, 1988:7). Genitale en emosionele opwekking kan met hierdie fantasië gepaardgaan, alhoewel emosionele opwekking gewoonlik deur bewustelike beheer of onbewustelike verdedigings onderdruk word (Renshaw, 1988:7).

Renshaw (1988:7) is van mening dat seksuele fantasië veral in vroeë-adolessensie voorkom as gevolg van die sterk seksuele impulse en hormonale veranderinge van die adolessent. 'n Voorbeeld hiervan is seksuele fantasië wat in die drome van adolessente mans uitgespeel word en tot ereksies en ejakulasies (nagtelike stortings) lei. Vrouens kan ook gedurende slaap orgasme bereik deurdat die klitoris swel en die vagina gesmeer word. Kinsey (1970) het gevind dat 40% van die vrouens in sy studie al orgasme gedurende slaap ervaar het (Renshaw, 1988:7).

Na die publiserings van die Kinsey-bevindinge in die veertigerjare is aangeneem dat vrouens minder as mans fantaseer. Meer onlangse navorsingsresultate dui egter nie 'n kwantitatiewe verskil in fantasië tussen mans en vrouens aan nie (Griffit, 1987:159). Masters *et al.* (1992:350) het in 1980 bevind dat 86% van hulle proefpersone in die ouderdomsgroep 18 tot 35 jaar seksueel fantaseer, terwyl 66% van 'n aantal Suid-Afrikaanse vroue wat aan 'n studie van Olivier (1987:160) deelgeneem het, gerapporteer het dat hulle gedurende hulle liefdespel fantaseer. Verder het 39% van hierdie vroue gerapporteer dat hulle gedurende masturbasie fantaseer (Olivier, 1987:160).

Verskillende outeurs is dit eens dat daar geslagsverskille ten opsigte van die fantasie-inhoud bestaan (Masters *et al.*, 1992:350; Nielsen, 1987:459; Stoppard, 1989:159). Masters en Johnson (1979, soos aangehaal deur Masters *et al.*, 1992:347) tabuleer in volgorde van voorkeur die inhoud van mans en vrouens se seksuele fantasië soos volg:

□ **Heteroseksuele mans**

- Vervanging van maat.
- Gedwonge seksuele kontak met 'n vrou.
- Observasie van seksuele aktiwiteite.
- Homoseksuele kontakte.
- Seksuele ervaring met 'n groep persone.

## □ **Heteroseksuele vrouens**

- Vervanging van maat.
- Gedwonge seksuele kontak met 'n man.
- Observasie van seksuele aktiwiteite.
- Idilliese, seksuele ondervindinge met onbekende mans.
- Seksuele ervaring met 'n groep persone.

Masters, Johnson en Kolodny (1992:350) bestempel die vrou as die passiewe fantaseerder, aangesien die vrou gewoonlik fantaseer dat iets aan haar gedoen word. Die mans daarenteen is aktief in hulle fantasieë betrokke. Volgens Nielsen (1987:459) en Stoppard (1989:159) word die inhoud van mans se seksuele fantasieë gekenmerk deur seksuele dominansie, aggressie en seks met vreemdelinge, terwyl vrouens se fantasieë gewoonlik meer romanties van aard is met 'n gevoel van intimiteit en liefde. Olivier (1987:160) het in studie met 'n aantal Suid-Afrikaanse vrouens bevind dat 69% van die respondente oor 'n liefdestoneel tussen 'n man en vrou fantaseer. 'n Ander fantasie wat deur 7,4% van die respondente gerapporteer is, is 'n liefdestoneel waar hulle met twee of meer mans seksueel verkeer, terwyl 5,6% fantaseer dat hulle met 'n ander vrou seksueel verkeer. Deur hierdie navorsing het Olivier (1987:45) aangetoon dat daar 'n verskil tussen die seksuele fantasieë van Suid-Afrikaanse en Amerikaanse vrouens is. Die tema van verkragting, sado-masochisme en soöfilie (seksuele aktiwiteite met diere) kom oor die algemeen meer onder Amerikaanse vrouens as onder Suid-Afrikaanse vrouens voor.

Indien daar gefantaseer word oor gedwonge of geforseerde kontak, impliseer dit nie dat die persoon dit wil uitleef nie (Masters *et al.*, 1992:344). Renshaw (1988:7) meen dat die vrou in sulke fantasieë aangetrek word deur die hulpeloosheid en onskuld van die slagoffer, terwyl mans gewoonlik die gevoel van beheer en die mag wat die oortreder in die fantasie ervaar, geniet. Olivier (1987:48) het bevind dat 40% van 'n aantal alleenlopende Suid-Afrikaanse vrouens hulle seksuele fantasieë probeer uitleef, terwyl 13,8% van die vrouens jonger as 18 jaar hulle seksuele fantasieë uitleef (Olivier, 1987:57). Alhoewel daar 'n aantal vrouens is wat graag hulle seksuele fantasieë probeer uitleef, impliseer dit nie dat al die vrouens noodwendig hulle seksuele fantasie sal uitleef nie.

Olivier (1987:45) is van mening dat seksuele fantasieë belangrik is, aangesien dit sekere psigologiese aspekte van seksuele aktiwiteite aanspreek en in werking stel. Fantasering bied soms aan 'n persoon die geleentheid om uit onaangename situasies te ontvlug. 'n Vrou wat gedurende onvervullende of onaangename seksuele aktiwiteite fantaseer, hanteer

die seksuele aktiwiteit makliker, en sy mag selfs seks begin geniet (Renshaw, 1988:8). So verskaf fantasering verligting van spanning en 'n substituuat vir seksuele ontlasting. Dit kan ook in die geval van impotensie of anorgasmisiteit gebruik word om sekstegnieke te repeteer (Renshaw, 1988:8).

Seksuele fantasering voor of gedurende geslagsgemeenskap kan tot groter seksuele genot bydra (Stoppard, 1989:159). So kan verhoed word dat die seksuele verhouding vervelig en eentonig raak. Fantasering kan ook gebruik word om die bevrediging en genot van masturbasie te verhoog. Volgens Stoppard (1989:159) vul die een die genot van die ander aan.

In 'n fantasie is alles moontlik en niks is reg of verkeerd nie; daarom kan die gebruik van fantasie 'n persoon se seksuele lewe verryk (Olivier, 1987:46). Kent en Kent (1983:32) waarsku egter teen obsessionele en onrealistiese fantasering. 'n Persoon kan deur fantasieë onrealistiese verwagtinge in verhoudings skep en ook deur sadistiese en masochistiese fantasieë die mens se menswaardigheid afbreek. Verder kan seksuele fantasieë volgens Renshaw (1988:7) tot skuldgevoelens lei, aangesien die meeste persone onbewus van die universaliteit van fantasieë is. Aan die ander kant mag persone skuldgevoelens ervaar, omdat die inhoud van hulle fantasieë teen hulle morele en geloofs-oortuigings is. So byvoorbeeld kan fantasering tot innerlike konflikte en verwarring lei, wat tot verhoudingsprobleme en seksuele wanfunksionering aanleiding kan gee (Masters *et al.*, 1992:345).

#### **4.5.6 Pornografie**

Peterson (1991) beskryf pornografie as seksueel georiënteerde materiaal wat seksueel stimuleer maar ook mense aanstoot gee. Van Rensburg (1985:23) ondersteun hierdie definisie deur ook op die seksuele stimulasie wat pornografie verskaf, te dui. Hy beklemtoon dit ook dat pornografie mense aanstoot gee en die mens se waardigheid afbreek: "Pornografie is 'n goedgekeurde beelding van obseniteit, wat dui op die ontheiliging van die mens." (Van Rensburg, 1985:23). Worsthorne (1972, soos aangehaal deur Van Rensburg, 1985:21) verduidelik ontheiliging soos volg: "Pornography to an irreligious society, is what blasphemy is to a religious one: that which debases and endangers the very secret of life." In aansluiting hierby beskryf die Longford-kommissie (1972, soos aangehaal deur Van Rensburg, 1985:21) pornografie as "that which exploits and dehumanises sex".

Masters *et al.* (1992:675) maak 'n onderskeid tussen materiaal wat seksueel opwek en materiaal wat aanstoot gee (vergelyk 3.6): "Pornography is books or pictures that depict erotic behavior with the intent of causing sexual excitement. Obscenity is disgusting to the senses, abhorrent to morality or virtue, and/or specifically designed to incite lust or depravity. Technically, pornography is not illegal, obscenity is." Volgens Masters *et al.* is pornografie dus seksueel stimulerende materiaal en obscene materiaal is dit wat afstootlik is.

Porno word as 'n versamelnaam van seksueel eksplisiete materiaal gebruik, soos byvoorbeeld, pornografie (skriftelike voorstelling), beeldporno (beeldende voorstelling), klankporno (voorstelling deur klank), ensovoorts. Ander terme wat ook op pornografie betrekking het, is "erotiese" en "seksueel eksplisiete materiaal". Volgens Van Rensburg (1985:2) impliseer die term *eroties* 'n gemoedstoestand (seks in die verbeelding), terwyl seksueel eksplisiete materiaal 'n neutrale term is wat alle seksuele materiaal (beeldend of beskrywend) saamgroepeer ongeag die feit of die materiaal uitlokkend, wetenskaplik, pervers, wettig, onwettig, natuurlik of onnatuurlik is nie.

Die verskil tussen harde en sagte pornografie word al hoe onduideliker (Van Rensburg, 1985:8). Volgens Peterson (1991:680) is sagte pornografie materiaal wat seksuele tonele suggereer, terwyl harde pornografie die eksplisiete en soms ook obscene vertoon van seksuele tonele is. In Suid-Afrika is enige vorm van harde pornografie onwettig, maar sagte pornografie is toelaatbaar en kom in vroue-tydskrifte, storieboeke, algemene populêre films, ensovoorts voor (Van Rensburg, 1985:119).

Volgens Masters *et al.* (1992:351) is die voorkoms van pornografie baie algemeen, wat veroorsaak dat ongeveer alle Amerikaanse laat-adolescente al een of ander vorm van erotiese materiaal bestudeer het. Van die aantal Suid-Afrikaanse vroue wat deelgeneem het aan 'n studie deur Olivier (1987:173) het 49,2% erken dat hulle dit geniet om erotiese materiaal te lees of daarna te kyk. Hulle verkies om dit te lees of daarna te kyk wanneer hulle alleen of saam met hulle maats is. Indien die maats alleen na erotiese materiaal kyk, kan dit moontlik as 'n bedreiging ervaar word. Daar kan dus geargumenteer word dat ongeveer alle adolessente al pornografiese materiaal gesien het, maar dat nie almal dit geniet het om daarna te kyk nie.

Daar is in die verlede geglo dat mans makliker deur erotika gestimuleer en opgewek word as vrouens. Huidige navorsing het egter getoon dat vrouens net soveel opwekking deur seksueel stimulerende materiaal ervaar as mans (Masters *et al.*, 1992:351).

Adolescente stel in erotiese materiaal belang, omdat dit 'n bron van seksuele inligting oor seksuele gedrag is. Die materiaal prikkel en intensiveer ook seksuele fantasieë en verskaf seksuele opwekking (Masters *et al.*, 1992:351). Alhoewel pornografie die bogenoemde waarde vir adolessente inhou, word daar beweer dat pornografie die mens depersonaliseer en die sedelike moraliteit van die samelewing afgetakel (Van Rensburg, 1985:67).

Die gevare van pornografie word ook deur Olivier (1987:197) beklemtoon: "There is nothing wrong with pornographic material per se, but it can have very serious consequences if watched or read by people (children or adults) who are ignorant or emotionally immature... The danger of pornography, therefore, lies in the fact that it can easily give the impression that it is setting the norm and anything that deviates from what it advocates is abnormal." Olivier (1987:197) wys ook daarop dat pornografie 'n misleidende, onrealistiese prentjie van 'n seksuele verhouding kan skep waarin niks verkeerd loop nie. Pornografie beklemtoon boonop die fisieke aspekte van 'n verhouding en laat nie ruimte vir emosionele intimiteit nie. Die doel van pornografie is dus om seksuele drange en die onmiddellike bevrediging daarvan ("lust") weer te gee sonder om aandag aan gewone menslike seksualiteit te skenk (Olivier, 1987:197).

Pornografie word in Suid-Afrika deur die Wet op Publikasies nr. 42 van 1974 beheer. Die primêre doelstelling van hierdie wet is om sedelikheid in Suid-Afrika te bevorder deur die daarstelling van 'n raamwerk waarbinne 'n sedelike bestaan gevoer kan word (Van Rensburg, 1985:101).

#### **4.5.7 Homoseksualiteit**

Cronje en Van der Walt (1986:91) definieer homoseksualiteit as 'n behoefte aan 'n affektiewe verhouding met iemand van dieselfde geslag met die oog op seksuele en ander bevrediging.

Daar bestaan 'n groot verskeidenheid homoseksuele verhoudings, waarvan die vernaamste kategorieë ware homoseksualiteit, biseksualiteit, pseudohomoseksualiteit en jeughomoseksualiteit is (Cronje & Van der Walt, 1986:91). Ware homoseksuele persone is persone wat affektiewe en seksuele verhoudings met slegs persone van dieselfde geslag aanknoop (Cronje & Van der Walt, 1986:91), terwyl biseksualiteit volgens Garbarino (1985:361) dui op 'n persoon se keuse om seksuele verhoudings met beide geslagte te hê.

Pseudohomoseksuele persone knoop homoseksuele verhoudings aan as substituuat vir die bevrediging van hulle heteroseksuele behoeftes. Dit gebeur meesal wanneer hulle weens ongewone omstandighede nie seksuele kontak met persone van die teenoorgestelde geslag het nie, soos wanneer hulle in die gevangenis of weermag is (Cronje & Van der Walt, 1986:91).

Jeughomoseksualiteit dui op homoseksuele ervarings tydens adolessensie. Hierdie homoseksuele ervarings vind gewoonlik vrywillig tussen twee adolessente plaas en kom volgens Garbarino (1985:361) redelik algemeen onder vroeë-adolessente voor. Gewoonlik lei jeughomoseksualiteit nie noodwendig tot homoseksualiteit in die volwasse lewe nie, omdat jeughomoseksualiteit meestal bloot eksperimentering is (Garbarino, 1985:361, Hopkins, 1983:277; Stoppard, 1989:159). Hierdie eksperimentering bestaan uit wederzijdse betasting of masturbasie (Hopkins, 1983:277). Garbarino (1985:361) is van mening dat adolessente wat met jeughomoseksualiteit eksperimenteer mekaar meestal net sal soen, hande vashou en liefkoos, maar mekaar nie tot die punt van orgasme sal stimuleer nie.

Nielsen (1987:465) is van mening dat die verdraagsame houding van die gemeenskap teenoor homoseksualiteit (vergelyk 3.7) daartoe lei dat homoseksualiteit al hoe meer voorkom. Sekere outeurs stem egter nie hiermee saam nie. Volgens hulle het die voorkoms van homoseksualiteit nie die afgelope aantal jare verander nie (Garbarino, 1985:362; Hass, 1979; Papalia & Olds, 1986:349). In Suid-Afrika het 11,8% van die respondente in 'n opname van die RGN (Olivier, 1989:28) gerapporteer dat hulle biseksueel is, terwyl 5,9% aangedui het dat hulle homoseksueel is.

Daar bestaan geen statistiek ten opsigte van Suid-Afrikaanse homoseksuele adolessente nie. In Amerika het Sorensen (1973) gevind dat 20-25% van al die mans en 6% van al die vrouens in sy ondersoek ten minste een homoseksuele ervaring voor twintigjarige ouderdom gehad het. Hass (1979) se resultate verskil nie baie van dié van Sorensen (1973) nie. Hy toon aan dat 15% mans en 10% vrouens homoseksuele ervarings gedurende adolessensie gehad het. Van hierdie adolessente het slegs 3% mans en 2% vrouens ná adolessensie voortgegaan met 'n homoseksuele lewenswyse (Hass, 1979). Dit blyk dus dat meer mans as vrouens homoseksuele ervarings gedurende adolessensie gehad het (Hopkins, 1983:277; Papalia & Olds, 1986:349).

Homoseksualiteit vorm 'n belangrike deel van die seksuele bewuswording en psigo-seksuele rypwording in puberteit en moet volgens Cronje en Van der Walt (1986:91) en Olivier (1987:83) as 'n normale fase van persoonlikheidsontwikkeling beskou word.

Homoseksuele verhoudings word gewoonlik verbreek sodra die adolessent heteroseksuele verhoudings aanknoop. Dit bevestig die tydelikheid van jeughomoseksualiteit (Cronje & Van der Walt, 1986:96). Die toetrede tot 'n homoseksuele lewenstyl en identifisering met homoseksualisme vind gewoonlik in laat-adolessensie of vroeë-volwassenheid plaas.

Kent en Kent (1983:28) is van mening dat alhoewel sommige adolessente aanvanklik met homoseksuele aktiwiteite sal eksperimenteer, 'n homoseksuele lewenstyl moontlik emosionele probleme soos jaloesie, verwerping, rusteloosheid, isolasie, en gevoelens van waardeloosheid en hopeloosheid kan veroorsaak. Indien dit wel die geval is, kan homoseksuele verhoudings dalk ook 'n traumatiese emosionele ervaring vir die adolessent wees (Kent & Kent, 1983:28).

#### **4.5.8 Ongewenste en gedwonge seksuele kontak**

Ongewenste seksuele kontak word deur Meuhlenhard en Cook (1988) en Christopher (1988) beskryf as enige ongewenste fisieke kontak, soos soen, liefkosings, betasting van genitalieë of borste, orale seks en geslagsgemeenskap. Hierdie seksuele kontak word gekenmerk deur die adolessent se teensinnige toestemming tot hierdie gedrag, en daarom gaan hierdie seksuele aktiwiteit nie met geweld gepaard nie (Rice, 1990:404). Meuhlenhard en Cook (1988) rapporteer in hulle navorsing met ongeveer 1000 Amerikaanse studente dat 97,5% mans en 93,5% vrouens ongewenste seksuele kontak beleef het.

Die belangrikste redes wat die adolessente aangevoer het vir hulle deelname aan ongewenste seksuele kontak is die begeerte om hulle maat se behoeftes te bevredig, die behoefte om seksuele ervaring te verkry, groepsdruk, manipulasie van die maat, bedwelming deur alkohol en die behoefte om sekerheid te verkry oor geslagsrolidentiteit (Meuhlenhard & Cook, 1988). Christopher (1988) is van mening dat vrouens gewoonlik seksuele kontak sal toelaat as mans hulle lank genoeg deur middel van liefdesverklarings of ander positiewe uitinge tot seksuele verkeer probeer oorhaal (Christopher, 1988).

Daar is ook gevalle waar adolessente deur dwang by 'n seksuele aktiwiteit betrokke raak. Hierdie geforseerde seksuele kontak staan by jonger persone bekend as molestering of verkragting en by ouer adolessente en volwassenes as verkragting (Peterson, 1991:678; Stoppard, 1989:330). Masters *et al.* (1992:442) definieer verkragting as "a sexual act, that is primarily an expression of violence, anger or power". Verkragting is nie 'n daad van hartstog nie, maar 'n kriminele oortreding (Peterson, 1991:678). Kiernan en Taylor (1990) toon in hulle navorsing met 'n groep Amerikaanse studente aan dat 13,9%

van die studente gedwing was om seksuele kontak te hê, terwyl 36,6% pogings tot geforseerde seksuele kontak ervaar het.

Verkragting kan ook binne die konteks van 'n verhouding of vriendskap plaasvind. Rice (1990:406) maak melding van verkragting wat kan plaasvind wanneer 'n man 'n vrou uitneem en haar dan verkrag. "Date rape occurs on a voluntary, prearranged date, or after a woman meets a man on a social occasion and voluntary goes with him." (Rice, 1990:406). Hierdie vorm van verkragting is volgens Masters *et al.* (1992:444) baie algemeen en word veral by naskoolse opleidingsinstitute soos universiteite gevind. Warshaw (1988, soos aangehaal deur Masters *et al.*, 1992:444) rapporteer dat een uit elke tien vroue op twee en dertig Amerikaanse kampusse in 1987 deur 'n bekende persoon verkrag is, terwyl een uit elke ses vroue 'n slagoffer was van 'n poging tot verkragting. Masters *et al.* (1992:442) rapporteer ook dat 57% van alle verkragtings plaasvind wanneer die slagoffer en die verkragter saam uitgegaan het. In 84% van die verkragtings was die verkragter 'n bekende persoon.

Verkragting deur 'n sosiale vriend word selde by die polisie aangemeld, aangesien die slagoffer soms onseker is of dit werklik verkragting was en of hulle nie tot die verkragting aanleiding gegee het nie. In sulke gevalle is die slagoffers geneig om baie van die blaam vir die verkragting op hulleself te neem.

Masters *et al.* (1992:447) meen dat "date rape"-verkragters meestal mans is wat wanpersepsies oor verkragting het en glo dat hulle geregtig is om seksueel te verkeer met die vrou wat saam met hulle uitgaan. Sommige mans is onder die indruk dat die man die seksuele aggressor is en seksueel beheer oor die vrou moet neem. Vrouens is soms onseker oor die korrekte optrede teenoor mans en weet nie altyd presies wat mans van hulle verwag nie. Hierdie vrouens is geneig om die man sonder enige voorbehoud te vertrou, en daarom begewe hulle hulleself in potensieel gevaarlike situasies (Masters *et al.*, 1992:447).

Die gevolge van die verkragting word in terme van 'n sindroom beskryf, waar die akute fase van hierdie trauma gekenmerk word deur apatie of emosionaliteit (Peterson, 1991:679). Peterson (1991:679) meen dat, indien daar nie professionele hulp ingewin word nie, die slagoffer tot depressie en angstigheid geneig is, selfs maande en jare na die gebeurtenis. Die langtermyn effek van verkragting stem volgens Peterson (1991:679) baie ooreen met die **post traumatiese stressindroom**.

Nielsen (1987:382) en Seifert en Hoffnung (1991) is van mening dat daar nie genoeg gedoen word om adolessente wat seksueel misbruik is, te identifiseer en te behandel nie. Hulle stel voor dat ouers meer ingelig moet wees oor seksuele druk en geweld, terwyl Warzak en Page (1990) voorstel dat die adolessente meer effektiewe selfgeldingsvaardighede moet ontwikkel sodat hulle seksuele druk kan weerstaan. Nietemin behoort elke instansie wat by adolessente betrokke is 'n hulpbron daar te stel wat aan die slagoffers ondersteuning kan bied (De Barros, 1989).

#### **4.5.9 Die gebruik van voorbehoedmiddels**

'n Mens sou verwag dat adolessente wat seksueel aktief is van voorbehoedmiddels gebruik sou maak ter voorkoming van swangerskappe. Hierdie aanname word gemaak op grond van die feit dat voorbehoedmiddels vir adolessente vryelik beskikbaar is. In Suid-Afrika word voorbehoedmiddels gratis deur die gesinsbeplanningsklinieke versprei. Dit is ook by enige apteek, huisdokter, sommige kafees en supermarkte te koop (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987).

Stevens-Long en Cobb (1983:240) is van mening dat die vryelike beskikbaarheid van voorbehoedmiddels die risiko's van voorhuwelikse geslagsgemeenskap verminder het, seksuele aktiwiteite by verstandelik verdraagde persone moontlik gemaak het, keuses van seksuele maats vergroot het en die seksuele gedrag van vroue meer permissief verander het. Dit is egter nie die beskikbaarheid van voorbehoedmiddels wat swangerskappe voorkom nie, maar die effektiewe gebruik van hierdie middels (Stevens-Long en Cobb, 1983:251).

Nie baie van die seksueel aktiewe adolessente gebruik voorbehoedmiddels nie. Zelnick en Kantner (1980:235) het uit hulle steekproef met 15- tot 19-jarige vrouens bevind dat 34% voorbehoedmiddels gebruik, terwyl 39% vrouens somtyds voorbehoedmiddels gebruik en 27% nooit voorbehoedmiddels gebruik nie. Zelnick en Kantner se bevindinge word deur navorsing van Jemmott en Jemmott (1990:350) ondersteun. Van die adolessente wat Jemmott en Jemmott in hulle ondersoek betrek het, het 22% aangedui dat hulle met hulle eerste seksuele kontak van voorbehoedmiddels gebruik gemaak het, en dat 56% daarvan gebruik gemaak het met daaropvolgende seksuele kontakte. Olivier (1987:138) het in haar studie met 'n aantal Suid-Afrikaanse vrouens bevind dat 15,6% van die seksueel aktiewe vrouens jonger as 17 jaar nie voorbehoedmiddels wil gebruik nie, terwyl 17,2% soms voorbehoedmiddels gebruik. Ten spyte daarvan staan adolessente redelike positief teenoor die gebruik van voorbehoedmiddels (veral kondoomgebruik). Malavaud en sy kollegas (1990:260) het bevind dat 65% van die adolessente wat aan

hulle navorsing deelgeneem het ten gunste van voorbehoedmiddels is, maar 25% van hierdie adolessente het probleme ondervind met die gebruik van voorbehoedmiddels, omdat verskeie faktore soos kennis, ouderdom, skuldgevoelens, betrokkenheid by verhouding, ensovoorts hulle gebruik van voorbehoedmiddels beïnvloed.

Foutiewe of onvolledige inligting oor voorbehoedmiddels veroorsaak dat baie adolessente nie daarvan gebruik maak nie (Dembo & Lundell, 1979:658; Zelnick & Kim, 1982:119). Sommige adolessente weet nie hoe om sekere voorbehoedmiddels korrek te gebruik nie, terwyl ander weer onkundig is oor bevrugting en swangerskap. Die gevolg is dat hulle glo dat hulle nie kan swanger raak nie. Soms is adolessente nie daarvan bewus dat daar 'n verskeidenheid voorbehoedmiddels beskikbaar is nie, met die gevolg dat hulle op onaanvaarbare opsies aangewese is (Zelnick & Kim, 1982:119).

Zelnick en Kantner (1978:135) meen dat vroeë-adolessente nie so geredelik voorbehoedmiddels gebruik as die adolessente in laat-adolessensie nie. Dit mag moontlik wees as gevolg van die kognitiewe onvolwassenheid wat by die vroeë-adolesent bestaan. Indien terugverwys word na hoofstuk 2 waar die adolessent se egosentrisme bespreek is, kan die aspekte van die persoonlike fabel en denkbeeldige gehoor toegepas word op die adolessente se gebruik van voorbehoedmiddels (Cvetkovich *et al.*, 1975 soos aangehaal deur Garbarino, 1985:354). Die adolessente mag ervaar dat hulle seksuele gedrag deur 'n denkbeeldige gehoor waargeneem word, en daarom voel hulle blootgestel en verleë. Sulke situasies kan veral manifesteer wanneer adolessente voorbehoedmiddels by 'n apteek koop. Omdat dit vir die adolessente mag lyk of die apteker en verkoops-personeel hulle negatief beleef en hulle gedrag afkeur, is hulle huiwerig om voorbehoedmiddels te koop. Daarby oorbeklemtoon adolessente hulle eie uniekheid in hulle persoonlike fabel en glo dat dit nie vir hulle moontlik is om swanger te raak nie — “It won't happen to me!” (Olivier, 1987:138).

Adolessente wat skuldgevoelens oor hulle seksuele aktiwiteite het, is geneig om langer te neem om van voorbehoedmiddels gebruik te maak as adolessente met min of geen skuldgevoelens (Gerrard, 1987:979). Die verklaring wat Garbarino (1985:252) hiervoor gee, is dat die vrouens met baie skuldgevoelens nie die man die indruk wil gee dat sy die seksdaad vooruit beplan het nie. Dit gebeur egter merendeels dat die seksuele aktiwiteite wel spontaan en nie vooruit beplan is nie, wat die beskikbaarheid van voorbehoedmiddels minimaliseer (Hernandez & Smith, 1990:295).

'n Ander faktor wat die gebruik van voorbehoedmiddels beïnvloed, is die mate van intimiteit en betrokkenheid wat daar in 'n verhouding is. Zelnick en Kantner (1978:138)

is van mening dat die besluit om voorbehoedmiddels te gebruik 'n groeiproses is wat saam met die intimiteit van die verhouding groei. Waar die adolessente aanvanklik van onttrekking en die kalendermetode gebruik gemaak het om swangerskappe te voorkom, word hierdie metodes later in 'n verhouding deur meer effektiewe metodes vervang (Garbarino, 1985:252). In teenstelling met bogenoemde mening kan die adolessente ook gemotiveerd wees om voorbehoedmiddels (veral kondome) te gebruik al bestaan daar geen verbintenis tussen twee persone in 'n seksuele verhouding nie. In sulke gevalle is sommige adolessente versigtig en tref hulle, ter wille van hulle eie gesondheid en veiligheid, voorsorg teen enige seksueel oordraagbare siektes en swangerskappe (Malavaud, Dumay & Malavaud, 1990:260).

Dubbele standaard kan ook 'n invloed op die gebruik van voorbehoedmiddels uitoefen. Volgens Kisker (1985:85) verwag vrouens van die mans om leiding te neem, terwyl mans weer op hulle beurt van die vrouens verwag om beheer oor intimiteit uit te oefen en meer verantwoordelik as hulleself te wees deur voorbehoedmiddels te gebruik. Dit blyk egter uit die volgende resultate dat vrouens, meer as mans, die verantwoordelikheid van voorbehoeding op hulle neem. Die voorbehoedpil en kondome is, in volgorde van belangrikheid, die gewildste voorbehoedmiddels by adolessente in die VSA en Suid-Afrika (Beck & Davies, 1987:367; Olivier, 1987:140). Hierop volg onttrekking en die ritme- of kalendermetode, terwyl minder adolessente van die diafragma, intrauteriene apparaat en vaginale sperm doders gebruik maak (Beck & Davies, 1987:367). Afgesien van die gewildheid van die Pil by vrouens lewer mans ook hulle bydrae ten opsigte van voorbehoeding deurdat die tweede en derde gewildste metodes kondome en onttrekking is. Die gewildheid van kondome hou waarskynlik verband met die reklame wat dit as voorbehoedmiddel en beskerming teen seksueel oordraagbare siektes geniet (Zelnick & Kantner, 1980:235).

#### **4.6 SAMEVATTING**

Alle adolessente ervaar seksuele behoeftes wat hulle graag wil bevredig. Met die seksuele rewolusie het die seksuele gedrag van adolessente meer permissief geraak. Daar is tans 'n groot verskeidenheid seksuele gedrag wat vir adolessente aanvaarbaar is en deur hulle gebruik word om seksuele ontlading te verkry. Sulke seksuele gedrag is liefkosings, geslagsgemeenskap, fantasering, masturbasie, oraal-genitale seks, ensovoorts. Die feit dat adolessente se gedrag en houdings nie altyd kongruent is nie dra daartoe by dat hulle sekere seksuele aktiwiteite sal beoefen al beskou hulle die besondere aktiwiteite as onaanvaarbaar (Deaux & Wrightsman, 1988:277; Garbarino, 1985:343).

Die meeste adolessente is in alle tipes seksuele aktiwiteite betrokke. Wanneer daar na adolessente se heteroseksuele aktiwiteite verwys word, is dit belangrik om te vra wat die motief van die aktiwiteite is en of daar werklik intimiteit, verbintenis en verantwoordelikheid in die verhouding teenwoordig is (Rice, 1990:401). Indien hierdie eienskappe in die verhouding aanwesig is, sal die persone in die verhouding tot volwassenheid groei, maar dit blyk dat meeste adolessente slegs 'n mate van toegeneentheid en verbintenis in 'n verhouding vereis (vergelyk 3.3). Die adolessente word in so 'n verhouding emosioneel blootgestel en mag selfs emosionele trauma beleef.

Die meeste van die seksuele aktiwiteite wat beoefen word, het die potensiaal om persoonlikheids groei en ontwikkeling te bevorder, maar dit het ook die potensiaal om nadelig te wees en dus risiko's vir die adolessent in te hou. Dit wil egter voorkom of die adolessente nie bewus is van die nadele of risiko's verbonde aan seksuele aktiwiteite nie.

In die volgende hoofstuk word die adolessente se seksuele kennis bestudeer om te bepaal of die adolessente oor genoegsame kennis beskik om seksueel verantwoordelik op te tree. Indien die seksuele kennis onvoldoende is, mag dit sekere risiko's vir die onkundige adolessent inhou.

# HOOFSTUK 5

## SEKSUELE KENNIS

### 5.1 INLEIDING

Kennis ten opsigte van seksuele aspekte word nie outomaties verkry nie (Olivier, 1987:1). Tog bestaan daar 'n mite dat kinders instinkatief kennis oor seksualiteit sal hê en daarom slegs 'n paar riglyne nodig het om seksueel effektief te funksioneer (Gous, 1985:85; Olivier, 1987:2). Die teendeel is egter waar, aangesien adolessente sonder effektiewe leiding en seksuele opvoeding in sporadiese en episodiese seksuele aktiwiteite betrokke kan raak wat traumatiese gevolge soos swangerskappe, seksueel oordraagbare siektes en gevoelens van ontoereikendheid, skuld en angste vir hulle kan inhou (Finkel & Finkel, 1983:544; Van Rensburg, 1985:73). Moyse (1990:57) beklemtoon dat adolessente nie net ter wille van die voorkoming van bogenoemde risiko's seksuele inligting behoort te kry nie, maar dat hulle ook die reg en behoefte het om kennis oor hulle eie seksuele ontwikkeling en problematiek te verkry.

Alhoewel die seksuele kennis van Suid-Afrikaners die afgelope paar jaar vermeerder het, is dit volgens Olivier (1987:5) steeds hopeloos onvoldoende. 'n Groot aantal adolessente is oningelig of waningelig (Conger & Petersen, 1984:281; Stevens-Long & Cobb, 1983:252). Hulle weet nie wat onverantwoordelike seksuele gedrag behels en wat die gevolge van sulke seksuele gedrag kan wees nie. Seksuele kennis is egter nie al leemte in die adolessente se seksuele funksionering nie. Sommige adolessente beskik ook nie oor die vaardighede om seksuele eise te hanteer of oor morele riglyne en waardes om oor seksuele aangeleenthede besluite te neem nie. Verantwoordelike seksuele gedrag en besluitneming is noodsaaklik aangesien die meeste adolessente reeds heteroseksueel aktief is (vergelyk hoofstuk 4).

Seksuele onkunde kan aangespreek word deur formele seksuele voorligtings- en opvoedingsprogramme. Alhoewel daar verskeie ander bronne van seksuele inligting bestaan, is hulle volgens Rice (1990:414) onvoldoende. 'n Seksuele opvoedingsprogram behoort aangebied te word deur 'n bekwame persoon wat nie net oor genoegsame seksuele

kennis beskik nie, maar wat ook gemaklik oor seksualiteit kan gesels. Al bogenoemde aspekte word meer volledig in hierdie hoofstuk bespreek.

## **5.2 DIE INVLOED VAN SEKSUELE KENNIS OP DIE SEKSUELE GEDRAG EN HOUDINGS VAN ADOLESSENTE**

Volgens Treboux en Busch-Rossnagel (1990:175) beïnvloed seksuele kennis die seksuele houdings van adolessente. Seksuele houdings wat deur seksuele kennis beïnvloed is, oefen op hulle beurt 'n invloed op die gedrag van die adolessente uit. Davidson en Darling (1986) bevestig deur hulle navorsing wel die hipotese dat seksuele kennis 'n invloed op seksuele gedrag en ook op seksuele houdings het. Hulle het bevind dat seksuele opvoedingsprogramme nie net die adolessente se seksuele kennis vermeerder het nie, maar ook die adolessente se houdings en gedrag verander het. Volgens Ray en Kirkpatrick (1983) beïnvloed seksuele kennis die adolessente se houding ten opsigte van seksuele eksperimentering en algemene seksuele aktiwiteite meer positief, terwyl adolessente minder angstigheid oor seks ervaar (Finkel & Finkel, 1983:546). Rickert, Gottlieb en Jay (1990) rapporteer dat seksuele kennis adolessente se gebruik van voorbehoedmiddels verhoog en dat hulle hul seksuele maats met groter versigtigheid kies. Op hierdie wyse bevorder seksuele kennis dus verantwoordelike seksuele gedrag (Garbarino, 1985:368), waardeur die risiko's van seksueel oordraagbare siektes en adolessente swangerskappe verminder word (Page, 1990:3).

Daar word beraam dat ongeveer twee derdes van die ongeveer een miljoen jaarlikse adolessente swangerskappe in Amerika (Masters, Johnson & Kolodny, 1986: 153) die gevolg is van mites of 'n tekort aan korrekte informasie (Dembo & Lundell (1979:658). Volgens Zelnick en Kantner (1978:136) en Moyse (1990:65) maak seksueel aktiewe adolessente as gevolg van oningeligtheid en sekere seksuele mites nie van voorbehoedmiddels gebruik nie. Voorbeelde hiervan is adolessente wat meen dat hulle te jonk is om swanger te raak of wat glo dat hulle nie swanger kan raak nie omdat hulle ongereeld en min geslagsgemeenskap het of omdat hulle gemeenskap gedurende die "veilige tyd" van die maand het (Zelnick & Kantner, 1978:136). Zelnick en Kim (1982:119) het deur hulle navorsing aangetoon dat ongetroude seksueel aktiewe vroue wat seksuele voorligting ontvang het minder swangerskappe getoon het as dié wat nie voorligting gehad het nie. Thom (1991:414) toon ook aan dat die aantal tienergeboortes in Suid-Afrika besig is om af te neem. Hy skryf hierdie tendens toe aan geslaagde geslagsvoorligting en gesinsbeplanningsprogramme.

Genoegsame seksuele kennis verlaag egter nie net die hoeveelheid adolessente swangerskappe nie, maar verminder ook indirek die adolessente se risiko om 'n seksueel oordraagbare siekte aan te steek. Doeltreffende seksuele voorligting kan adolessente bewus maak van die gevare van seksueel oordraagbare siektes en hulle in staat stel om seksueel versigtiger en meer verantwoordelik op te tree (Rickert, Gottlieb & Jay, 1990) deur kondome tydens geslagsgemeenskap te gebruik en hulle seksuele maats met groter versigtigheid te kies (Davidson & Darling, 1986; Rickert *et al.* 1990).

Fisiologiese kennis kan adolessente help om hulle liggame en die funksies van hulle genitalieë beter te verstaan met die oog op groter seksuele genot. Olivier (1987:43) het gevind dat 74,4% van die Suid-Afrikaanse vroue wat sy in haar ondersoek betrek het nie hulle eerste seksuele kontak geniet het nie, omdat hulle nie goed ingelig was nie en daarom swak voorberei was op hulle eerste seksuele ervaring.

Daar moet egter in ag geneem word dat die meeste navorsing oor die invloed van seksuele kennis op die gedrag en houdings van adolessente in die konteks van 'n seksuele opvoedings- of voorligtingsprogram geskied het. In sulke voorligtingsprogramme word nie net seksuele kennis aan die leerlinge oorgedra nie, maar ook morele waardes en hanteringsvaardighede (Lerner & Spanier, 1980:319). Daarom is dit belangrik om die resultate wat vroeër in hierdie hoofstuk gemeld is versigtig te interpreteer.

### 5.3 SEKSUELE KENNIS VAN ADOLESSENTE

Volgens 'n aantal outeurs beskik adolessente nie oor genoegsame seksuele kennis om volwasse seksuele besluite te neem nie (Conger & Petersen, 1984:281; Stevens-Long & Cobb, 1983:252). Dusek (1987:282) het in 'n ondersoek bevind dat, alhoewel adolessente kennis oor die name van seksueel oordraagbare siektes gehad het, hulle nie die simptome van die siektes geken het nie. So ook het Sorensen (1973) bevind dat die adolessente in sy studie wel 'n mate van kennis ten opsigte van voorbehoedmiddels getoon het, maar dat meer as die helfte van hulle nie seker was waar gratis voorbehoedmiddels verkry kan word nie. In Suid-Afrika het Weitsz (1988:93) gevind dat adolessente self meen dat hulle seksuele kennis nie genoegsaam is nie. Weitsz rapporteer dat 53,4% van die adolessente meen dat hulle wel oor seksuele inligting beskik, maar dat hulle inligting net gedeeltelik korrek is.

Navorsing deur Dusek (1987:282), Moyse (1990:65) en Zelnick en Kantner (1978:136) het bewys dat adolessente se seksuele kennis oor spesifieke onderwerpe soos voor-

behoedmiddels en seksueel oordraagbare siektes onvoldoende is. Oor adolessente se seksuele kennis van onderwerpe soos biologiese aspekte, seksuele funksionering, swangerskap en geregtelike aspekte (byvoorbeeld aborsie, molestering, ensovoorts) is daar min wetenskaplike inligting beskikbaar. Rice (1990:412) het wel bevind dat adolessente behoefte aan inligting het oor onderwerpe soos geslagsgemeenskap, voorbehoedmiddels, seksueel oordraagbare siektes, swangerskap, aborsie, verkragting, prostitusie, pornografie, seksuele oortredings, liefde, genot en skuldgevoelens wat met seksuele gedrag gepaardgaan. In 'n soortgelyke studie wat met 582 Amerikaanse manstudente onderneem is, is die volgende gevind: ongeveer 51% van die mans wil graag oudio-visuele materiaal oor masturbasie sien, 90% mans wil materiaal oor voorbehoedmiddels sien, 84% mans stel belang in oudio-visuele materiaal oor seksueel oordraagbare siektes, terwyl 76% mans belangstel in materiaal oor aborsie en 48% mans in materiaal oor homoseksualiteit (Renshaw, 1989:155).

Volgens Rice (1990:414) beskik laat-adolessente, veral studente, oor meer seksuele kennis as vroeë- of middel-adolessente. Die rede wat hy hiervoor aanvoer, is dat daar by die laat-adolessent reeds informele leer asook 'n mate van formele leer plaasgevind het. Of hierdie kennis egter genoegsaam is om verantwoordelike seksuele besluite te neem, is te betwyfel, aangesien toereikende seksuele inligtingsbronne volgens Nielsen (1987:503) onvoldoende is.

#### **5.4 BRONNE VAN INLIGTING**

In die Westerse samelewing word daar twee tipes bronne van seksuele inligting geïdentifiseer, naamlik formele en informele bronne. Formele inligtingsbronne is onder andere die aanbieding van seksuele programme deur enige opleidings-/opvoedingsinstansie of gesinsbeplanningskliniek, die media of praatjies en besprekings gelei deur professionele persone. Informele inligtingsbronne is byvoorbeeld die portuurgroep, vriende en ouers (Strouse & Fabes, 1985:251).

Bevindings deur die Departement Onderwys en Kultuur (DOK, 1989) het getoon dat adolessente van die volgende seksuele inligtingsbronne gebruik maak: ouers (42,6%), vriende (26,7%) en die media (22,6%). Onderwysers (2,5%) en predikante (0,5%) word as onbeduidende inligtingsbronne aangedui. Steyn (1987:92) verskil hiermee. Hy dui die portuurgroep as die belangrikste en grootste bron van informasie aan, en daarna die media en dan die ouers. In Amerika waar seksuele programme reeds in skole

geïmplementeer is, word vriende en die skool as primêre inligtingsbronne bestempel, terwyl boeke, ouers, televisie en films sekondêre bronne is (Rice, 1990:413)

#### 5.4.1 Die ouer

Ouers word gewoonlik as die belangrikste bron van seksuele inligting bestempel. Verskeie outeurs meen dat dit die ouers se taak is om hulle kinders in die konteks van die gesinswaardes en norme op te voed (Craig, 1992:399; Kaplan & Stein, 1984:260; Olivier, 1987:6; Papalia & Olds, 1986:355; Renshaw, 1982:37; Rice, 1990:414), maar volgens Olivier (1987:6) en Rice (1990:414) slaag die ouers nie daarin nie. De Beer (1987:23) meen dat Suid-Afrikaanse ouers nie hulle kinders voorberei op die emosionele en fisieke eise en verantwoordelikhede wat seksuele verhoudings en geslagsgemeenskap meebring nie. Berne (1988:37) verwys spottend na die standaard seksuele woordeskat van ouers, wat volgens hom uit vier woorde bestaan, naamlik “ja”, “nee”, “wow”, en “ugh”.

Slegs 24% van die vrouens in die ouderdomsgroep 17-35 jaar wat aan 'n studie deur Olivier (1987:6) deelgeneem het, rapporteer seksuele opvoeding deur hulle ouers. Voorts het slegs 26,7% van die vroue dit maklik gevind om met hulle moeders oor seks te praat, terwyl dit vir 69,9% van die respondente onmoontlik was om met hulle ouers oor seks te kommunikeer (Olivier, 1987:6). Hierteenoor is die kommunikasie van die adolessente dogter met die vader baie swak. Slegs 7,6% vrouens jonger as 25 jaar het die vrymoedigheid om seksuele sake met hulle vader te bespreek (Olivier, 1987:6).

Ouers ervaar, net soos hulle kinders, ongemak wanneer seksuele opvoeding gegee moet word. Ongeveer 60% van die vroue en 76% van die mans in 'n studie deur Gous (1985:84) rapporteer dat hulle verleë voel wanneer hulle seksuele sake met hulle kinders moet bespreek. Daar bestaan verskeie redes en teorieë wat die swak kommunikasie ten opsigte van seksuele sake tussen die ouer en adolessent verklaar:

- Baie ouers het grootgeword met die idee dat seks vuil en sondig is en voel verleë, ongemaklik, negatief en verdedigend wanneer die onderwerp bespreek word. Hulle wil ook verkieslik enige besprekings oor seksualiteit vermy as gevolg van hulle eie negatiewe houding jeens seksualiteit (Darling & Hicks, 1982:233; Steyn, 1987:92). Wanneer seks wel bespreek word, word dit deur kortaf, indirekte antwoorde gehanteer of in 'n angstige en geheimsinnige atmosfeer gedoen. Hierdeur word die boodskap dat seks nie 'n normale deel van 'n persoon se bestaan is nie aan die kind oorgedra (Conger & Petersen, 1984:283;

Stevens-Long & Cobb, 1983:254). Die houding dat seks vuil en sondig is, word ook by die kind of adolessent gekweek (Olivier, 1987:43; Strouse & Fabes, 1985:253) en openlike kommunikasie oor seksuele onderwerpe word ontmoedig (Strouse & Fabes, 1985:253).

- Sommige ouers is self oningelig en weet nie wat om met hulle kinders te bespreek nie. Daar ontstaan veral 'n krisis wanneer 'n kind of adolessent onverwags 'n vraag vra waarop die ouers hulleself nie voorberei het nie (Rice, 1990:415). Sulke onderwerpe is byvoorbeeld geslagsiektes, masturbasie en morele aspekte van seks en homoseksualiteit (Gous, 1985:84).
- Ouers is ook somtyds bang dat seksuele kennis tot seksuele eksperimentering sal lei; daarom verkies sommige ouers om nie hulle kinders in te lig nie en om hulle so lank as moontlik “onskuldig” te hou. Daar is egter tans geen bewyse dat seksuele kennis tot seksuele eksperimentering lei nie, maar daar is wel bevind dat onkundigheid negatiewe gevolge het (Rice, 1990:415; Stevens-Long & Cobb, 1983:253).
- Ouers wat wel oor seksuele aspekte kommunikeer, doen dit somtyds te laat. Hulle argumenteer dat vroeë- en in sommige gevalle selfs die middel-adolessent te jonk is om inligting oor seksuele aspekte te ontvang. Wanneer hulle dan wel later met die adolessent wil praat, het hulle meestal reeds inligting van die portuurgroep en vriende ontvang (Rice, 1990:415).
- Sommige moeders vind die seksuele ontwaking van hulle dogters bedreigend, en verkies dan om seksuele besprekings met hulle dogters te vermy en so die seksuele ontwikkeling te ignoreer (Olivier 1987:7).
- Dogters beskou soms hulle moeders as a-seksuele wesens en deel nie hulle gevoelens en behoeftes met hulle moeders nie, omdat hulle aanneem dat die moeder moontlik nie sal verstaan nie (Olivier, 1987:7).
- Sommige adolessente het nie die vrymoedigheid om met hulle ouers te praat nie, omdat hulle bang is vir verwerping, straf of preek, of dat hulle hul ouers sal skok of teleurstel (Papalia & Olds, 1986:348).

- Hass (1979:175) is ook van mening dat die ouer-kindgesprekke oor seksualiteit soms te abstrak is en nie spesifiek op die adolessent se seksuele behoeftes en gedrag gerig word nie.

Wanneer die ouer en die kind dieselfde waardes aan seksualiteit heg, liberaal of konserwatief, kan dit tot openlike kommunikasie tussen hulle lei (Hass, 1979:175).

#### **5.4.2 Die portuurgroep**

Die portuurgroep speel 'n primêre rol as inligtingsbron ten opsigte van seksuele informasie. In gevalle waar die adolessente wel seksuele inligting by hulle portuurgroep ontvang, is dit 'n geval van 'n kind wat deur 'n kind geleer word (Renshaw, 1982:37). Inligting oor masturbasie, kontrasepsie, geslagtelike omgang, "vryery", homoseksualiteit en prostitusie word veral op hierdie vlak gedeel (Steyn, 1987:92).

Volgens Renshaw (1982:37) ervaar adolessente die inligting wat hulle van hul maats kry as opwindend, veral aangesien sommige inligting deur hulle ouers afgekeur of verbied word. Die gevaar is egter dat hierdie inligting onakkuraat is en tot traumatiese gevolge kan lei. Daarom word vriende as die mees onbetroubare informasiebron bestempel (Garbarino, 1985:365; Steyn, 1987:92).

#### **5.4.3 Professionele persone**

Volgens Garbarino (1985:365) is professionele persone, soos opgeleide terapeute, maatskaplike werkers en selfs medici, soms onbetroubare inligtingsbronne. Die rede hiervoor is dat baie van hulle nie opgelei is om seksuele leiding te verskaf nie. Blum en Bearinger (1990:290) dui aan dat meer as die helfte van die sielkundiges wat in hulle ondersoek betrek was, erken het dat hulle min van die adolessent se seksuele belange en oriëntasies af weet. Renshaw (1973:645) lê daarop klem dat seksuele opvoeders goed opgelei moet wees.

Alhoewel dit blyk dat professionele persone nie geskikte bronne is nie, doen De Barros (1989:12) en Renshaw (1973:646) 'n beroep op verskillende professies om betrokke te raak by seksuele opvoeding, omdat daar 'n tekort is aan seksuele opvoeders in Suid-Afrika is.

#### **5.4.4 Die media**

Die media (televisie, film, pers en radio) is 'n invloedryke seksuele inligtingsbron vir adolessente (Darling & Hicks, 1982), aangesien die inligting wat deur die media be-

skikbaar gestel word maklik bekombaar is. Die meeste ouers verkies ook om van die media as 'n inligtingsbron gebruik te maak.

Die media kan waardevolle en leersame inligting verskaf indien die inligting korrek en betroubaar is, maar daar is ook populêre vermaaklikhede wat deur die media gelewer word wat 'n verdraaide indruk oor seksualiteit laat ontstaan. Hier word veral gedink aan die uitbeelding van ewigdurende romanse, passievolle liefdesverhoudinge en menigvuldige orgasmes wat as die realiteit voorgestel word. Indien die adolessent hierdie boodskap oor seks as die waarheid aanvaar, kan dit tot teleurstellings en gevoelens van ontoereikendheid en ontnugtering lei (Garbarino, 1985:366; Greathead, 1988:28).

Die media is ook geneig om teenstrydige boodskappe aan die adolessent te verkondig (Garbarino, 1985:343). Sensualiteit, buite-egtelike en vrye, ongebonde seks word as mode voorgedou. Seks word voorgedou as 'n oplossing vir eensaamheid en 'n maklike manier om liefde en aandag te kry. Die indruk word meesal geskep dat 'n verliefde paartjie net deur middel van seks hulle liefde aan mekaar kan verklaar (De Barros, 1989:10). McDowell (1987:27) is ook van mening dat die media adolessente wil oortuig dat seks altyd bevredigend is en dat dit slegs ongewilde en dom persone is wat wag om in die huwelik seksueel aktief te wees. Verder wys die media dikwels nie op die nadele van voorhuwelikse seks of van 'n verskeidenheid seksuele maats nie.

Die bogenoemde boodskappe deur die media kontrasteer egter met inligting en waarskuwings teen vigs en oorpopulasie. Daar word byvoorbeeld in advertensies en spesiale uitsendings oor vigs klem gelê op veilige seks, met ander woorde die gebruik van kondome en die motivering om slegs een seksuele maat te hê. Soms word die indruk ook geskep dat seks immoreel en sondig is, deurdat seks in sekere films en televisieprogramme saam met alkohol, dwelms en rook gegroepeer word. Hierdie inligting kan die adolessent verwar. Aan die een kant word seks as 'n wonderlike kommoditeit voorgestel en aan die ander kant word dit as immoreel en sondig afgemaak. Boonop word die verantwoordelikheid wat met seksuele gedrag gepaardgaan ook nog beklemtoon (De Barros, 1989:10).

#### **5.4.5 Die kerk**

Die Departement Onderwys en Kultuur (DOK, 1989) het bevind dat predikante deur adolessente as onbeduidende inligtingsbronne bestempel word. Slegs 0,5% adolessente het in 'n studie deur die DOK gerapporteer dat hulle predikante vir hulle 'n inligtingsbron oor seksuele sake was. De Bruyn (1982:370) is van mening dat dit nie die taak van

die kerk is om seksuele voorligting te verskaf nie, maar die taak van die ouer. Tog laat De Bruyn ruimte in kategeseonderrig vir die bespreking van onderwerpe soos geslagsgemeenskap. Godwin (1993) ondersteun De Bruyn se mening dat dit in die eerste plek die taak van die ouer is om die adolessent seksueel op te voed, maar hy wys tog daarop dat die kerk 'n belangrike rol in die seksuele opvoeding behoort te speel, aangesien die meeste ouers dit nie tuis doen nie en die skool nie noodwendig aan spesifieke Christelike waardes aandag gee nie. Aan die ander kant stel Weitz (1988:65) voor dat daar op die terrein van seksuele voorligting ook van Christelike opvoeders gebruik gemaak kan word, en nie net noodwendig van predikante nie.

Kerke raak in die afgelope tyd al hoe meer by seksuele opvoeding betrokke deur die aanbieding van voorhuwelikse beradingskursusse en kursusse oor verhoudings (Foster, 1991). Hoewel seksuele opvoeding slegs 'n afdeling van hierdie kursusse uitmaak, word daar tog soms belangrike seksuele inligting aan die adolessent gebied. Al is die kerk se pogings in hierdie verband verdienstelik, bly dit, soos baie van die ander seksuele inligtingsbronne, onvoldoende.

#### **5.4.6 Seksuele voorligting op skool**

Aangesien baie adolessente nie by die huis seksuele opvoeding ontvang nie en die vriende onbetroubare bronne is, het dit die belangrike taak van die skool geword om die adolessent seksueel op te voed. Alhoewel seksuele opvoeding in skole 'n polemiese saak is, is daar onlangs in Suid-Afrika bevind dat 74,4% van die Afrikaanssprekende ouers ten gunste van seksvoorligting op skool is (De Beer, 1987:22). Volgens Gous (1985:84) het 90% van die ouers wat aan 'n opname van 'n Suid-Afrikaanse tydskrif deelgeneem het, aangetoon dat hulle die verantwoordelikheid van seksuele voorligting met die skool moet deel. Volgens hierdie ouers word van die skool verwag om onderwerpe soos homoseksualiteit, morele standaarde, hantering van emosies, geslagsiektes en die behandeling daarvan te behandel (Gous, 1985:84).

Van die adolessente wat deur die Departement van Onderwys en Kultuur (DOK, 1989:247) ondervra is, het 56% 'n behoefte aan seksuele voorligting aangedui. Die behoefte bestaan moontlik omdat daar nie genoegsame seksuele voorligting op skoolvlak aangebied word nie. Gous (1985:84) rapporteer dat slegs 18% van die ouers in haar studie seksuele voorligting op skool ontvang het, terwyl Olivier (1987:8) bevind het dat slegs 2,8% van die vrouens in die ouderdomsgroep 17-35 jaar voorligting op skool ontvang het. Deur hierdie navorsing word 'n probleem wat vroeër in die skoolsisteem bestaan het, geïdentifiseer.

Die verskillende onderwysdepartemente het aanvanklik nie seksuele voorligting verskaf nie, omdat daar geglo is dat die verantwoordelikheid van seksuele opvoeding by die ouers berus. Nadat die Amerikaanse onderwysstelsel seksuele opvoeding by skole geïmplementeer het, het ander lande soos Suid-Afrika gevolg en seksuele opvoedingsprogramme begin implementeer. Die programme was beperk tot 'n sekere aantal skole en het later begin uitbrei na ander skole. Tans word seksuele opvoedingsprogramme in die meeste skole op primêre en sekondêre vlak aangebied (DOK, 1987).

Die voordeel van die implementering van seksuele opvoedingsprogramme in skole is dat al die kinders in Suid-Afrika bereik kan word. Verder is die skool 'n gestruktureerde stelsel waar onderwysers leiding kan ontvang om seksuele opleiding met die nodige sensitiwiteit, kennis en bekwaamheid te kan hanteer (Kirby en Scales, 1981:229).

Alhoewel daar nie by sekere skole seksuele opvoedingsprogramme aangebied word nie, word sekere seksuele aspekte wel in sommige vakke behandel soos wanneer die liggaam en reproduksie in die vak biologie bespreek word (Gous, 1985:84), terwyl moederskap in die vak huishoudkunde behandel word. In die jeugweerbaarheids- of voorligtingsperiode word die adolessent bewus gemaak van verhoudings, keuses, besluitneming, en verantwoordelikhede (Coetzee, 1986; Gous, 1985:84). Die adolessente kom dus wel op skoolvlak indirek en selfs direk met sekere aspekte van seksualiteit in aanraking.

## **5.5 SEKSUELE OPVOEDINGSPROGRAMME**

Die Departement van Onderwys en Kultuur (DOK, 1987) maak 'n onderskeid tussen geslagsopvoeding en geslagsvoorligting. Geslagsvoorligting behels die deurgang van inligting oor alle aspekte van seksualiteit, terwyl geslagsopvoeding gerigte opvoeding is waar die adolessent aan die hand van waardes tot verantwoordelike seksuele besluitneming begelei word (DOK, 1987). Lerner en Spanier (1980:319) som seksuele opvoedingsprogramme soos volg op: "Sex education involves a lot more than reproductive instruction... rather, sex education should teach youth to understand and accept themselves as people with sexual feelings and reproductive capacities. It should include learning how to interact with others in a competent, responsible, healthy, and meaningful way. Its goal should be to achieve a balance between social responsibility, on the one hand, and personal freedom and growth, on the other."

Wanneer besluit moet word of 'n seksuele voorligtingsprogram of 'n opvoedingsprogram vir adolessente aangebied moet word, verkies die Departement van Onderwys en Kultuur

seksuele opvoedingsprogramme, aangesien dit nie net die adolessente se seksuele kennis aanspreek nie, maar ook morele aspekte, waardes en sekere vaardighede wat adolessente mag benodig om verantwoordelike seksuele keuses te maak. Renshaw (1982:38) ondersteun ook seksuele opvoedingsprogramme, aangesien sy van mening is dat 'n goed afgeronde seksuele program nie net uit biologiese kennis bestaan nie, maar dat dit 'n samestelling van fisiologiese kennis en emosionele, etiese en sosio-kulturele aspekte is.

Seksuele opvoeding begin reeds van geboorte af. Die houding van ouers bepaal of kinders hulle seksuele ontdekking negatief sal ervaar of nie (McDowell, 1987:101). 'n Negatiewe houding kan byvoorbeeld geskep word wanneer ouers met hulle kinders raas of hulle hand wegstamp as hulle hulself betas om hulle liggame te eksplorieer. Vanaf drie- tot vierjarige ouderdom kan die kind verbale seksuele opvoeding ontvang. Hierdie opvoeding kan positief wees indien die ouers bereid is om die kinders se vrae eerlik en informeel te beantwoord en korrekte terminologie te gebruik (McDowell, 1987:101). Wanneer die kinders puberteit nader, behoort die seksuele opvoeding meer doelbewus en intensief te wees. Indien kinders onkundig bly, word verkeerde inligting en stereotipes geglo en kan hulle moontlik op die verkeerde inligting reageer. Dit veroorsaak verder dat adolessente onbewus mag wees van onverantwoordelike seksuele gedrag en die gevolge daarvan (Stevens-Long & Cobb, 1983:256).

### **5.5.1 Inhoud van 'n seksuele opvoedingsprogram**

Volgens Stevens-Long en Cobb (1983:256) is dit belangrik dat al die aspekte wat in 'n seksuele opvoedingsprogram behandel word met die individu se bestaande kennis en houdings oor seksualiteit geïntegreer word. Hierdie feite en vaardighede moet binne die adolessente se verwysingsraamwerk aangebied word.

#### **5.5.1.1 Verantwoordelike besluitneming**

Die primêre doel van enige seksuele opvoedingsprogram behoort te wees om die adolessente genoeg inligting oor die breë spektrum van seksualiteit te verskaf sodat hulle volwasse en verantwoordelike besluite oor hulle eie seksuele gedrag kan neem (Stevens-Long & Cobb, 1983:256). Die adolessente behoort daarna gemotiveer te word om te kies tussen twee waarskynlik veilige besluite, naamlik of hulle hulself algeheel van voorhuwelikse geslagsgemeenskap gaan onthou en of hulle geslagsgemeenskap in 'n verhouding waar toegeneentheid, verbondenheid en verantwoordelikheid bestaan, gaan beoefen. Daar moet van die begin af beklemtoon word dat losse ("casual") of promiskue seks gevaarlik is en vermy moet word (Masters *et al.*, 1992:241).

### **5.5.1.2 Emosionele aspekte verbonde aan seksualiteit**

Die adolessente behoort verder ingelig te word oor die universaliteit en normaliteit van seksuele gevoelens en behoeftes. Daar behoort ook verduidelik te word dat hierdie gevoelens vir die meeste adolessente verwarrend maar ook opwindend kan wees, aangesien emosionaliteit wat met seksuele opwekking gepaardgaan meestal onvoorspelbaar en onstandvastig is (Renshaw, 1982:38). Om hierdie rede moet die adolessente nie altyd op hulle seksuele gevoelens reageer nie, maar beheer oor hierdie gevoelens uitoefen. Renshaw (1982:38) verduidelik beheer soos volg: "Every teen should know that the body is ready for intercourse years before the emotions are. They must gain control of the sexual function, as they learned to take control of the bladder and bowel." Om beheer oor seksuele gevoelens en behoeftes te neem, impliseer dat die adolessente hulle seksuele behoeftes sosiaal en moreel aanvaarbaar moet uitdruk en nie net impulsief op hierdie gevoelens moet reageer nie (Renshaw, 1982:38).

### **5.5.1.3 Hanteringsvaardighede**

Soos wat die adolessente gedurende seksuele opvoeding van hulle eie en ander se seksualiteit bewus word, is dit noodsaaklik om hulle ook hanteringsvaardighede aan te leer sodat hulle hul seksuele behoeftes en gevoelens effektief kan beheer. Deurdat adolessente nie net oor kennis beskik nie, maar ook oor die vaardighede om hierdie kennis toe te pas, word hulle beter toegerus vir betekenisvolle intieme verhoudings (De Barros, 1989:10). Volgens Kok (1991:112) is dit noodsaaklik om kognitiewe en gedragsvaardighede in 'n seksuele opvoedingsprogram in te sluit. Hierdie vaardighede moet verkieslik gemik word op die oplos van interpersoonlike probleme en selfgeldig (Warzak & Page, 1990:133). Warzak en Page (1990:133) het gevind dat die aanleer van effektiewe selfgeldingsvaardighede seksuele aktiwiteite by hulle proefpersone verminder het. Rickel (1989:113) is van mening dat besluitnemingsvaardighede, en daarby die aanvaarding en hantering van verantwoordelikhede, ook by so 'n program ingeskakel behoort te word.

### **5.5.1.4 Kognitiewe kennis**

Volgens die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling (1987:1) behoort 'n seksuele opvoedingsprogram wat op effektiewe seksuele besluitneming gemik is 'n verskeidenheid kognitiewe kennisaspekte te dek. Die basiese kennis waarvoor 'n kind voor die aanvang van puberteit moet beskik, is die volgende:

- Die volgorde van normale gebeure tydens puberteit en algemene variasies.
- Die besonderhede en betekenis van menstruasie en ejakulasie/nagtelike stortings.
- Voortplantingsfisiologie.
- Die biologie van bevrugting, swangerskap, geboorte.
- Die korrekte terminologie vir die anatomie en fisiologie wat met seksualiteit verband hou.
- Simptome, komplikasies, behandeling en voorkoming van seksueel oordraagbare siektes.
- Die normaliteit van geslagsgebeurtenisse, soos spontane ereksies, masturbasie, seksgedagtes en -fantasieë.
- Toepaslike reaksies op seksuele toenaderings deur volwassenes en portuurgroepe, met die bespreking van sekere liggaamlike reaksies wat dit moeilik maak om toepaslik in sekere omstandighede op te tree.

Voordat die puberteitstadium verby is, moet die adolessente ook ten minste van die volgende aspekte kennis dra:

- Die gevare verbonde aan voor- en buite-egtelike geslagsgemeenskap.
- Voorbehoeding en voorbehoedmiddels, die gebruik daarvan, waar dit verkry kan word, risiko's en die voordele en nuwe-effekte van hierdie middels.
- Die opsies indien swangerskap sou ontstaan en die voordele en risiko's verbonde aan hierdie keuses.
- Die verskillende vorms van seksuele gedrag, naamlik homoseksualiteit, bi-seksualiteit, sosiaal onaanvaarbare gedrag, verskillende vorms van heteroseksuele aktiwiteite asook die risiko's, betekenis en wetsgeldigheid van hierdie verskillende gedragsvorme.
- Probleme en afwykings in geslagsgemeenskap, byvoorbeeld ontydige ejakulasie, gebrek aan orgasme, ensovoorts.
- Ouerskap, ouerskapvaardighede en potensiële huweliksprobleme.
- Bronne van seksuele inligting.

#### **5.5.1.5 Waardes en morele riglyne**

Rice (1990:393) wys daarop dat die probleme wat adolessente met seksualiteit ondervind nie net bestaan omdat die adolessente nie genoegsame kennis het om verantwoordelike seksuele keuses te maak nie, maar ook omdat daar nie genoegsame morele riglyne aan adolessente gestel word nie. Dit veroorsaak dat daar nie slegs 'n krisis oor seksuele kennis is nie, maar ook 'n morele krisis. Morele riglyne verskaf aan adolessente antwoorde

op kritiese vrae soos “hoe moet twee individue mekaar in ’n verhouding hanteer?”, “wat word van my as verantwoordelike adolessent verwag?” en “wanneer tree ’n persoon respekvol op?” (Rice, 1990:393).

Alhoewel Whitehouse (1977:29) van mening is dat daar geen reëls of etiese standaarde in seksuele opvoeding behoort te wees nie, meen McDowell (1987:109) dat geen seksuele voorligting of opvoeding waardevry aangebied kan word nie, aangesien waardes wel oorgedra word al is dit nie intensioneel nie. Conger en Petersen (1984:279) rapporteer ’n toenemende neiging om besluite oor seksuele gedrag op persoonlike waardes en norme te baseer en in ’n mindere mate te konformeer met informele sosiale kodes.

Die sukses wat in Swede met seksuele opvoedingsprogramme behaal is, word toegeskryf aan die feit dat adolessente in skole aangemoedig word om hulle eie waardes oor sekere seksuele onderwerpe te vorm (Rickel 1989:113). Die programme volg ’n pragmatiese benadering waarin verantwoordelike gedrag beklemtoon word. Waardesisteme word nie op die adolessent afgedwing nie, alhoewel waardes tog aangespreek word (Rickel 1989:113). Volgens Kohlberg (1966:7) is die rol van die opvoeder nóg die afdwing van persoonlike norme nóg die indoktrinasie van waardes, maar wel die stimulasie van adolessente om hulle eie waardesisteme te vorm deur die fasilitering van openhartige besprekings.

Hierdie uitgangspunt impliseer egter nie dat geen waardes of morele riglyne oorgedra behoort te word nie. Garbarino (1985:370) twyfel aan die vermoë van die vroeë- en middel-adolessente om morele besluite sonder leiding te kan neem. Volgens hom steun seksuele besluitneming op die morele oordeel van adolessente, maar die adolessente in hierdie fases is nie altyd toegerus om morele oordele te vorm nie. Garbarino se mening spruit voort uit Kohlberg se teorie oor die morele ontwikkeling van die adolessent. Volgens Kohlberg verkeer die adolessent in die konvensionele vlak van morele redenering, wat beteken dat die adolessent se keuses afhanklik van die wette en reëls van die samelewing is (Thom, 1991:492). Die adolessent kan eers in laat-adolessensie op ’n hoër morele vlak funksioneer deur kontraktuele ooreenkomste met die samelewing en individue te sluit oor wat aanvaarbare gedrag is. Alhoewel laat-adolessente die samelewing se reëls in ag neem, fundeer hulle hul besluitneming op hulle eie waardes en standaarde (Kohlberg, 1976:34; vergelyk ook 2.5.1). Garbarino (1985:370) stel, met inagneming van die adolessent se morele ontwikkeling, voor dat volwassenes en opvoeders waardes met die adolessent moet deel sodat stimulasie vir die vorming van eie waardes kan plaasvind. Volwassenes behoort ook adolessente wat probleme met die vorming van eie waardes ondervind, direk te help.

Powell en Jorgensen (1985:475) stel 'n kerk- of geloofsgebaseerde seksuele opvoedingsprogram voor, waar waardes, norme en verantwoordelikheid bespreek kan word. Sulke programme mag skuldbelaaide boodskappe van die vorige dekades verkeerd bewys en waardevolle inligting oordra. Eerstens kan die siening van gelowiges dat die liggaam en seksuele gevoelens sondig is, gesmoor word. Hierteenoor kan selfbewustheid en selfaanvaarding verkondig word. Tweedens kan die seksualiteit van die mens in perspektief geplaas word deur daarop te wys dat die totale mens na die beeld van God geskape is. Deur die uniekheid en heiligheid van die mens te beklemtoon, kan die beginsels van selfaktualisering en selfwaarde gevestig word (Powell & Jorgensen, 1985:476). Die adolessente wat by so 'n program waar spesifieke morele waardes oorgedra word, betrek word, moet verkieslik 'n homogene groep wees wat almal die Christelike geloof bely.

Die seksopvoeder se taak is meer ingewikkeld as die blote oordra van seksuele feite en vaardighede. Die opvoeder behoort morele riglyne en waardes aan die adolessent voor te hou sonder om dit af te dwing. Seksuele besluitneming daag morele oordeel tot die uiterste grense, en daarom is dit soms noodsaaklik om in hierdie verband leiding aan die adolessent te verskaf (Garbarino, 1985:370).

### **5.5.2 Aanbieding van seksuele opvoedingsprogramme**

Die mees suksesvolle metode van seksuele inligting is, volgens Rickert, Gottlieb en Jay (1990:299), seksuele opvoedingsprogramme wat aangebied word met klein groepe wat uit beide geslagte bestaan. Die doel van die klein groepe is eerstens om lesings aan te bied en daarna gesprekke oor seksuele onderwerpe te inisieer. Videomateriaal kan as 'n ondersteunende hulpmiddel gebruik word. Moyse (1990:60) is van mening dat sulke klein groepe 'n veilige omgewing vir adolessente skep om seksuele inligting te ontvang.

### **5.5.3 Seksuele opvoeding van ouers**

'n Seksuele opvoedingsprogram behoort nie net op adolessente gerig te word nie, maar ook op ouers (Weitsz, 1988). Renshaw (1982:38) is van mening dat die boodskap aan ouers oorgedra behoort te word dat seksuele kennis nie toestemming aan die adolessent verleen om seksueel te eksperimenteer sonder enige reëls of grense nie. Ouers mag en moet steeds grense vir hulle kinders se gedrag stel, maar terselfdertyd adolessente die reg gun om inligting te ontvang en besluite binne hierdie grense te neem. Ouers behoort ook ingelig te word oor die basiese anatomie, seksuele gedrag en seksuele houdings van adolessente (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:1).

#### 5.5.4 Seksuele opvoeders

Dit is nie net die inhoud van 'n seksuele opvoedingsprogram wat aan sekere vereistes moet voldoen nie, maar ook die persoon wat hierdie inligting aan die adolessent oordra (Renshaw, 1973:646).

Seksuele opvoeders moet oor deeglike kennis van geslagsanatomie, fisiologie en seksuele gedrag asook die basiese psigo-sosiale en seksuele ontwikkeling van die mens beskik (Renshaw, 1973:646; Weitsz, 1988:67). Renshaw (1973:646) meen dat seksuele opvoeders ook oor selfkennis behoort te beskik en gemaklik moet wees met hulle eie seksualiteit en seksuele waardes (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:1). Daarbenewens behoort hulle ook vertrouwd te wees met die gebruik van sekere terme om seksuele aspekte te beskryf of te verduidelik (Weitsz, 1988:68).

Volgens Weitsz (1988:68) is dit ook noodsaaklik dat die opvoeder oor empatiese vermoëns moet beskik, sowel as die vermoë om gemaklik, spontaan, maar ook opreg met die adolessent te kommunikeer. Die verhouding tussen die adolessent en die seksuele opvoeder moet dié van vertroue en wedersydse respek wees (Weitsz, 1988:68).

Renshaw (1973:646) is van mening dat die taak van die seksuele opvoeder moeilik en gekompliseerd is. Die opvoeder moet nie net bereid wees om 'n gesonde houding oor seksuele aktiwiteite by die adolessent te vestig nie, maar behoort ook bewus te wees van die adolessent se vrese en inhibisies sodat die opvoeder sulke situasies sensitief kan hanteer. Verder behoort die opvoeder se aanbieding van so 'n aard te wees dat dit die adolessente help om hulle eie seksualiteit te begryp en motiveer om verantwoordelike seksuele keuses te maak.

Benewens hierdie take moet die opvoeder bereid wees om krisisse te hanteer, nasorg te bied, leiding te verskaf, moreel-etiese kwessies aan te spreek en terapeutiese ingrepe te maak of om probleemgevalle na ander toepaslike hulpbronne te verwys. Die opvoeder moet ook voorbereid wees op aggressiewe en beledigende aanmerkings van die leerlinge, ouers, kollegas en selfs die pers, wat nie seksuele opvoeding as 'n noodsaaklikheid aanvaar nie (Renshaw, 1973:646).

De Barros (1989:11) is van mening dat enige persoon wat in die beroep wat hulle beoefen 'n ondersteuningsbron vir adolessente is, as seksuele opvoeder kan optree. Sulke persone is byvoorbeeld sielkundiges, maatskaplike werkers, medici, ensovoorts. Verder ag De Barros (1989:11) dit nodig dat organisasies soos kerke, tienerklubs,

universiteite en privaat- of staatsklinieke by seksuele opvoeding betrokke sal raak. Want hoewel skole en gesinsbeplanningsklinieke die adolessente seksueel opvoed, is dit volgens hom noodsaaklik dat alle persone betrokke moet raak by die seksuele opvoeding van adolessente.

Ondanks al die beskikbare opvoedingsbronne bly ouers die primêre opvoeder ten opsigte van seksuele aangeleenthede. Hulle moet die verantwoordelikheid aanvaar om op 'n kundige wyse by die adolessent se seksuele ontwikkeling betrokke te raak deur middel van openhartige bespreking sonder veroordeling (McDowell, 1987:109).

## 5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die belangrikste bevindinge oor die adolessent se seksuele kennis uit die beskikbare literatuur aangestip. Kenners is dit eens dat adolessente nie oor genoegsame seksuele kennis beskik om volwasse seksuele besluite te neem nie. Een van die belangrike redes hiervoor is dat bestaande seksuele opvoedingsbronne nie geskik of voldoende is nie (Nielsen, 1987:503). In hierdie opsig wil dit voorkom of die verantwoordelikheid van seksuele opvoeding van die ouer na die skool verplaas is (Gous, 1985:84).

Die seksuele opvoedingsprogramme wat in skole aangebied word, bestaan uit 'n verskeidenheid seksuele aspekte wat geïntegreer moet word, soos byvoorbeeld biologiese kennis, hanteringsvaardighede en morele riglyne. Aangesien adolessente in baie gevalle op die seksuele opvoeder vir hulp of leiding aangewese is, behoort die opvoeder ook aan streng vereistes te voldoen (Weitsz, 1988).

In die volgende hoofstuk word daar gelet op die *risiko's van onverantwoordelike seksuele gedrag*.

## HOOFSTUK 6

### RISIKO'S VERBONDE AAN ADOLESSENTE SEKSUELE GEDRAG

#### 6.1 INLEIDING

Soos wat seksuele gedrag van die sestiger- en sewentigerjare af toegeneem en houdings meer liberaal geraak het, het die risiko's verbonde aan seksuele gedrag kwantitatief ook toegeneem. Die besluit om seksueel aktief te wees, is nie net meer 'n morele, sosiale en religieuse besluit nie, maar ook 'n gesondheids- en psigologiese besluit (Stevens-Long & Cobb, 1983:258).

Dit wil voorkom of adolessente nie kennis dra van die risiko's verbonde aan onverantwoordelike seksuele aktiwiteite nie, of bloot nie voorkomend te werk gaan om hierdie risiko's te verminder nie (Dusek, 1987:282; Moyse, 1990:65). Die volgende risiko's is geïdentifiseer: seksueel oordraagbare siektes, tienerswangerskappe en emosionele trauma.

#### 6.2 SEKSUEEL OORDRAAGBARE SIEKTES

Die adolessent wat seksueel aktief is, loop 'n hoë risiko om aan enige seksueel oordraagbare siekte (SOS) blootgestel te word. Alhoewel die meeste SOS wel behandel en genees kan word, het SOS egter epidemiese afmetings in Suid-Afrika begin aanneem (Thom, 1991:415). Van Rooyen (1989, soos aangehaal deur Page, 1990:11) het aangetoon dat 47% van die populasie in Suid-Afrika een of ander geslagsiekte het. In Amerika het Sorensen (1973) bevind dat 10% van die seksueel aktiewe adolessente ten minste een keer 'n geslagsiekte gerapporteer het en 20% van die laat-adolessente het op een of ander stadium 'n seksueel oordraagbare siekte gehad.

Laat-adolessente (18-23 jaar) is die groep wat volgens Garbarino (1985:356) en Rice (1990:410) die meeste deur seksueel oordraagbare siektes geïmpak word, terwyl die vyftien- tot negentienjariges ook baie kwesbaar is. Daar is in die VSA bevind dat 75% van alle SOS-pasiënte tussen 15 en 24 jaar oud is (Thom, 1991:414).

Seksueel aktiewe adolessente word in die algemeen bestempel as die hoë risikogroep met betrekking tot SOS, omdat hulle nie kondome gebruik nie en 'n onrealistiese houding teenoor SOS het (Rice, 1990:411). Daarbenewens het hulle gewoonlik nie net een seksuele maat nie. Self al vind hulle seksuele aktiwiteite binne die konteks van 'n verhouding plaas, is dit nie noodwendig 'n langtermynverhouding nie (Rice, 1990:411).

SOS kan in drie kategorieë ingedeel word (Stevens-Long & Cobb, 1983:259):

- Algemeen ernstige siektes.
- Skaars ernstige siektes.
- Algemeen minder ernstige siektes.

### 6.2.1 Algemeen ernstige seksueel oordraagbare siektes

Gonorrée, sifilis en verworwe immuniteitsgebreksindroom (vigs) is seksueel oordraagbare siektes van destruktiewe aard wat algemeen voorkom. Volgens Stevens-Long en Cobb (1983:259) is daar in Amerika ongeveer vier miljoen mense wat met gonorrée en sifilis besmet is. Vyftig persent van hulle is tussen 15 en 29 jaar oud.

Daar bestaan geen betroubare statistiek van vigsbesmette persone nie, aangesien die virus vir 'n periode van 6 maande tot 5 jaar in die liggaam kan sluimer voordat enige simptome manifesteer. In hierdie periode kan besmetting van ander persone wel plaasvind (Capuzzi & Cross, 1989:232). Die aantal draers van die vigsvirus is onbekend, maar volgens skatting neem dit epidemiese afmetings aan (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1991:6). Volgens die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling (1991:6) was daar in Augustus 1990 reeds 455 gerapporteerde vigslyers in Suid-Afrika. In 1992 het die getal gerapporteerde vigsgevalle in Suid-Afrika tot 1 517 gestyg (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1992:49). Dit beteken 'n styging van meer as 'n honderd persent in twee jaar.

Gonorrée is veral by vroue moeilik identifiseerbaar. Die simptome van hierdie siekte by vrouens is vaginale ongemak, irritasie van die eksterne genitalieë, pynlike urinering en abnormale menstruele bloeding (Masters, Johnson & Kolodny, 1992:476). Die simptome van gonorrée by mans is 'n waterige afskeiding van die penis, wat later gelerig en dikker voorkom, 'n swelling van die testis en pynlike urinering (Masters *et al.*, 1992:476). Die behandeling daarvan is gewoonlik suksesvol, maar indien hierdie toestand onbehandel gelaat word, kan dit steriliteit veroorsaak (Stevens-Long & Cobb, 1983:259).

Onbehandelde gonorree by die vrou kan ook tot 'n verstopping van die fallopusbuise lei, wat verdere infeksies kan veroorsaak (Stoppard, 1989:254).

Sifilis kan uitgeken word aan pynlose sere wat aanvanklik in die omgewing van die genitalieë verskyn, maar weer binne vier tot ses weke verdwyn. Wanneer hierdie seertjies nie behandel word nie, verskyn daar later 'n veluitslag op die voetsole en handpalms, wat gepaardgaan met hoofpyne, koors, haar- en gewigsverlies en klam sere rondom die genitalieë en anus (Masters *et al.*, 1992:476).

Om 'n herinfeksie van sifilis te verhoed, behoort albei die seksuele maats gelyktydig behandel te word. Stoppard (1989:255) is van mening dat die siekte nie skadelike nagevolge het nie, behalwe dat dit die fetus van 'n swanger vrou kan affekteer. In gevalle waar sere inwendig voorkom, kan die nalaat van behandeling die sentrale senuweestelsel of kardiovaskulêre sisteem affekteer, wat tot verlamming, disoriëntasie en selfs die dood kan lei (Garbarino, 1985:357). Die behandeling van sifilis is gewoonlik eenvoudig en meestal suksesvol (Garbarino, 1985:357).

Die simptome van vigs is die volgende: 'n gewigsverlies van 10% van die totale liggaamsmassa, kliere wat chronies geswel is, langdurige koors, aanhoudende diarree, nagsweet, vergeetagtigheid, verwardheid en dimensia (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1989:7). Die gevaar van hierdie siekte is dat die liggaam se natuurlike immuniteitstelsel afgebreek word, en dit maak die liggaam weerloos teen enige ander siektes (Olivier, 1987:181). Aangesien daar geen geneesmiddel of entstof teen vigs bestaan nie, is hierdie siekte fataal.

### **6.2.2 Skaars ernstige seksueel oordraagbare siektes**

Hierdie siektes is chancroid, "granuloma inguinale" en "lympho-granuloma venereum". Hierdie siektes kom minder algemeen as ander geslagsiektes voor, maar die gevolge daarvan is baie nadelig (Stevens-Long & Cobb, 1983:259). Al hierdie siektes veroorsaak sere op die vel, wat, indien dit nie behandel word nie, genitale weefsel vernietig. "Lympho-granuloma venereum" veroorsaak ook 'n swelling van die limfkliere en 'n vergroting van die genitalieë. Indien dit nie behandel word nie, kan dit die limfkliere vernietig en tot 'n infeksie in die anus en genitalieë lei (Olivier, 1987:183; Stevens-Long & Cobb, 1983:259).

### 6.2.3 Algemeen minder ernstige seksueel oordraagbare siektes

Geringe SOS is infeksies wat nie net deur seksuele kontak oorgedra word nie. As gevolg hiervan word die infeksies nie altyd onder veneriese siektes geklassifiseer nie. Hierdie tipe infeksies word deur die "Chlamydial trachomatis"-bakterie veroorsaak. Masters *et al.* (1992:479) beraam dat daar per jaar ongeveer drie tot vier miljoen gevalle van hierdie siektes in Amerika voorkom. Die hoeveelheid persone wat deur hierdie bakterie besmet word, groei elke jaar teen 'n geweldige tempo. Hierdie infeksie kom oënskynlik meer dikwels by laat-adolescente en jong volwassenes as by ander ouderdomsgroepe voor (Masters *et al.*, 1992:479). Volgens Shafer (1989:2562) het 15% van die adolessente vrouens en 8% adolessente mans in Amerika hierdie infeksie. Stevens-Long en Cobb (1983:262) is egter van mening dat 25% seksueel aktiewe adolessente die infeksie het.

Die simptome van hierdie infeksie by die man is 'n wit of kleurlose vloeistof wat deur die penis afskei word en wat soms met ongemaklike of pynlike urinering gepaardgaan (Olivier, 1987:177). Die skrotum kan ook teer, geswel en pynlik wees. Alhoewel die meeste vrouens nie simptome ervaar nie, kan 'n wit melkerige afskeiding voorkom, wat soms met 'n gejeuk en ongemak van die genitalieë en pynlike urinering gepaardgaan (Masters *et al.*, 1992:480). Die *chlamydial*-bakterie wat infeksie in die pelvis veroorsaak, lei by die vrou tot die volgende simptome: lae abdominale pyn, vaginale bloeding en koors (Masters *et al.*, 1992:480). Wanneer hierdie toestand nie behandel word nie, kan die infeksie versprei en skade in alle liggaamsdele aanrig. In gevalle waar die vrou se infeksie simptoomloos is, kan die bakterie rustend wees, maar nog steeds ander persone deur middel van seksuele kontak besmet (Masters *et al.*, 1992:482).

Genitale herpes is ook 'n minder ernstige seksueel oordraagbare siekte. Stevens-Long en Cobb (1983:259) reken dat ongeveer 25% seksueel aktiewe adolessente herpes het. Oppenheimer (1982, soos aangehaal deur Rice, 1990:410) is van mening dat een uit elke vyf en dertig adolessente genitale herpes het. Alhoewel dit slegs 2,8% gevalle is, moet in ag geneem word dat Oppenheimer nie onderskeid maak tussen seksueel aktiewe adolessente en dié wat nie seksueel aktief is nie. Indien by wel 'n onderskeid gemaak het en slegs op die seksueel aktiewe adolessent gefokus het, kon die persentasie moontlik hoër gewees het.

Genitale herpes word gekenmerk deur klein pynvolle blasies op die genitalieë. Hierdie blasies kan bars en klein seertjies agterlaat, wat baie pynlik is. By vrouens word hierdie seertjies op die genitale lippe aangetref, terwyl dit by die man op die penis aangetref

word (Olivier, 1987:177). Die behandeling van genitale herpes is gekompliseerd, aangesien dit besonder moeilik is om van genitale herpes ontslae te raak. Dit is ook baie aansteeklik. Die meeste behandelingsmetodes is gerig op die verligting van simptome. Indien hierdie toestand nie behandel word nie, keer die toestand herhaaldelik terug (Stoppard, 1989:255). Olivier (1987:178) verwys ook na servikale kanker wat by die vrou kan ontstaan indien die toestand nie behandel word nie.

Die sielkundige effek van herpes is volgens Garbarino (1985:357) meer destruktief as die werklike siekte self. Die lyers begin seksuele kontak en intimiteit vermy, impotensie kan by mans ontstaan en die seksdrang kan verminder. Depressie word deur 80% van die lyers ondervind.

### **6.3 ADOLESSENTE SWANGERSKAPPE**

Volgens Thom (1991:413) het swangerskappe die afgelope paar dekades onder adolessente toegeneem as gevolg van 'n toename in voorhuwelikse geslagsgemeenskap, onvoldoende geslagsvoorligting en die neiging om nie voorbehoedmiddels te gebruik nie.

#### **6.3.1 Voorkoms van adolessente swangerskappe**

Daar word ongeveer een miljoen adolessente swangerskappe per jaar in Amerika gerapporteer (Alan Guttmacher Institute, 1981; Capuzzi & Cross, 1989:195; Zelnick & Kantner, 1978:135). Trussell (1988:262) is van mening dat een uit elke tien Amerikaanse vrouens tussen vyftien en negentien jaar oud buite-egtelik swanger sal raak. Die fetusse van ongeveer 42% van hierdie swanger meisies sal geaborteer word, terwyl 45% babas gebore sal word. Daar is ongeveer een kwart van hierdie moeders wat besluit om te trou en 10% van die vrouens wat besluit om hulle kind vir aanneming te gee (Trussell, 1988:268).

In Suid-Afrika word daar volgens die Gesinsbeplanning Assosiasie van Suidelike Afrika (1990:1) 'n probleem met buite-egtelike swangerskappe ondervind. 'n Studie deur Nash (1990) het getoon dat 30,5% van die totale aantal babas wat gedurende 1973 tot 1983 in 'n Paarlse hospitaal gebore is, tienergeboortes was. Volgens Todt (1991:30) het 63 blanke meisies, 1426 bruin meisies, en 26 swart meisies jonger as sestien in 1987 by die Tygerberghospitaal in Kaapstad lewe geskenk. Uit die totale getal Suid-Afrikaanse moeders wat in 1986 lewe geskenk het, was 7% blanke tienermoeders, 14,5% kleurling tienermoeders en 9,5% Asiër tienermoeders (Todt, 1991:27). Statistiek verskaf deur

die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling vir die totale getal lewendgebore kinders wat vir die jare 1986, 1988 en 1989 aan moeders jonger as 20 jaar gebore is, is soos volg:

- Blankes: 'n styging van 6,96% tot 7,2% en 'n verdere styging tot 7,3%.
- Kleurling: 'n styging van 13,9% tot 16% en dan 'n daling tot 15,1%.
- Asiërs: 'n styging van 9,23% tot 10,9% en dan 'n daling tot 9,7%.
- Swartmense: styging van 11,8% tot 13,9% en dan 'n daling tot 12,4%.

(Daar moet in ag geneem word dat slegs ongeveer 45% van alle swart geboortes geregistreer word. Die statistiek met betrekking tot swartes is dus onvolledig en moet in hierdie lig vertolk word (Thom, 1991:414)).

Alhoewel die blankes se statistieke verhoudingsgewys heelwat laer is as dié van ander etniese groepe, is die konstante styging by hierdie groep vrouens, teenoor die daling by die ander etniese groepe, kommerwekkend.

### **6.3.2 Gevolge van adolessente swangerskappe**

Moederskap veroorsaak baie spanning in die lewe van die adolessent (McLaughlin & Micklin, 1983:47). Volgens Sapire (1986:424) ondervind die adolessente moeder ekonomiese en finansiële probleme. 'n Belangrike faktor wat daartoe aanleiding gee, is lae opleidingsvlakke, aangesien die moeder geneig is om nie haar skoolopleiding te voltooi nie. In Suid-Afrika word verdere skoolopleiding gekompliseer deur sommige skole wat nie die jong moeder weer in die skool wil toelaat na die geboorte van 'n kind nie (Greathead, 1988:21). Dit veroorsaak dat die moeder, alhoewel intelligent, werkloos is of met 'n lae inkomste die gesin moet onderhou (Grindstaff, 1988:58). Volgens Atwater (1988:223) moet die ouers gewoonlik hierdie adolessente moeder onderhou, aangesien die vader van die baba nie altyd finansiële of emosionele ondersteuning verskaf nie.

Coletta, Hadler en Gregg (1981:500) meen dat die psigologiese en sosiale implikasies van 'n adolessente swangerskap isolasie van vriende is, wat die moeder laat vereensaam. Dit kan gevoelens soos neerslagtigheid, depressie, frustrasie en selfs verwerping by die adolessent laat ontstaan (Bierman & Street, 1982, soos aangehaal deur Rickel, 1989:30). Die adolessent se behoefte om haar doelwitte te bereik en haarself te aktualiseer, kan ook frustrasie laat ontstaan, omdat sy as gevolg van haar verbondenheid en take as 'n moeder meestal nie hierdie doelwitte kan realiseer nie (Stevens-Long & Cobb, 1983:264). Wanneer die adolessente moeder enkelouerskap of 'n huwelik verkies en die ouers van

die adolessent die opvoeding van die baba wil oorneem, kan dit tot konflik en psigologiese probleme vir die adolessent lei (Rickel, 1989:30).

Buiten psigologiese, ekonomiese en sosiale implikasies is daar ook fisiologiese gevare verbonde aan swangerskappe op 'n jeugdige ouderdom. In teenstelling met moeders van twintig jaar en ouer is jong moeders se kinders meer geneig om prematuur te wees met 'n lae geboortegewig en neurologiese en fisieke defekte (Greathead, 1988:20). Daar is ook gevind dat die perinatale, neonatale en postnatale mortaliteitsyfer van adolessente moeders se babas hoër is as babas van moeders uit ouer ouderdomsgroepe (Atwater, 1988:223; Greathead, 1988:20; McKenry, 1979:28; Tyrer 1977, soos aangehaal deur Sapire, 1986:423). Aangesien die adolessent se liggaam nog besig is om te groei, kan die fetus addisionele spanning op die adolessent se liggaam plaas, wat die moontlikheid van komplikasies gedurende die swangerskap verhoog (Greathead, 1988:20).

Daar bestaan min inligting oor die gevolge van adolessente swangerskap op die vader van die baba. Masters, Johnson en Kolodny (1986:155) spekuleer dat navorsing oor die vaders bemoeilik word deur probleme wat ondervind word om adolessente vaders te identifiseer. Tog toon Masters *et al.* (1992:236) in meer resente studies dat die vaders gewoonlik, net soos die moeders, skool verlaat en nie hulle opleiding voltooi nie. Hulle is dikwels geneig om dwelms te gebruik en by kriminele aktiwiteite betrokke te raak. Die vaders wat besluit om met die swanger adolessent in die huwelik te tree, ervaar ook probleme (kyk 6.3.3.1).

Greathead (1988:20) beklemtoon dat die gevolge van voorhuwelikse swangerskappe nie net die moeder en vader affekteer nie, maar ook die kind. Die kinders van jong adolessente word dikwels die slagoffers van onvolwasse en emosioneel onstabiele ouers, wat hulle sonder die nodige verantwoordelikheid kan hanteer en hulle moontlik kan verwaarloos of selfs mishandel (Rickel, 1989:29). Hierdie kinders is ook geneig om swakker op skool te presteer as kinders van volwassene ouers (Sapire, 1986:424).

### **6.3.3 Keuses van die swanger adolessent**

Volgens Greathead (1988:20) is die swanger adolessent verward en nie in staat om objektiewe keuses oor die swangerskap te maak nie. Professionele persone wat leiding aan die adolessent verskaf, behoort daarom die besluitnemingsproses sensitief en objektief te hanteer. Wanneer besluite oor die swangerskap en toekoms van die kind geneem moet word, is dit belangrik dat die adolessent se doelwitte wat sy vir haarself gestel het, geëvalueer en in aanmerking geneem word (Greathead, 1988:20). Greathead

(1988:20) meen dat die vader van die kind, asook die ouers van albei partye, verkieslik by die besluitnemingsproses betrek moet word.

### 6.3.3.1 Gedwonge huwelik

Alhoewel daar volgens Papalia en Olds (1986:352) minder gedwonge huwelike as vroeër jare plaasvind, bly dit steeds vir die adolessente 'n belangrike alternatief. Marsiglio (1987, soos aangehaal deur Masters *et al.*, 1992:137) het bepaal dat een derde van die adolessente mans wat aan sy navorsing deelgeneem het, verkies om te trou, terwyl ongeveer die helfte van hulle verkies om by die vrou en kind in te woon sonder om in die huwelik te tree. Daar is egter belangrike aspekte wat in ag geneem moet word wanneer hierdie besluit oorweeg word. Sulke aspekte is onder andere die duur van die verhouding, die ouderdom en opleidingsvlak van die adolessente, finansiële implikasies, die waarskynlikheid van egskeiding en die doelwitte wat albei individue aan hulleself gestel het (Greathead, 1988:28).

'n Aantal outeurs is daarvan oortuig dat die meeste gedwonge huwelike onsuksesvol is (Atwater, 1988:224; Booth & Edwards, 1985:68; Gershenson, 1983:592; Greathead, 1988:22; McLaughlin & Micklin, 1983:47; Mitchell, 1971:34). Die probleme wat in gedwonge huwelike ontstaan, is gewoonlik as gevolg van die emosionele en sosiale onrypheid van die adolessente (Thom, 1991:414). Booth en Edwards (1985:68) meen dat dit moeilik is vir twee onvolwasse adolessente om die komplekse aanpassing wat 'n huwelik en kind vereis, te hanteer. Nie alleen moet die individue die verantwoordelikhede van 'n huwelik hanteer nie, maar ook hulle eie onsekerheid, emosionele onstabieliteit en soeke na identiteit. Die adolessent beskik volgens Booth en Edwards (1985:68) ook nie oor die hanteringsvaardighede om probleme en krisisse suksesvol op te los nie.

Grindstaff (1988:58) rapporteer twee basiese probleme wat in 'n gedwonge huwelik ontstaan, naamlik finansiële en seksuele probleme. Gewoonlik het die adolessente paar geen of slegs 'n klein inkomste as gevolg van studies wat nie voltooi is nie en die swanger vrou wat nie kan werk nie of geen vorige werkservaring het nie. Die inkomste waarop hulle wel staat maak, moet nie net die gesin onderhou nie, maar ook die mediese koste van die swangerskap en bevalling dek (Grindstaff, 1988:58). Volgens Grindstaff (1988:58) manifesteer seksuele probleme gewoonlik na die geboorte van die kind wanneer die vrou 'n verlaging in haar seksuele libido ondervind. Aangesien die vrou dan minder in seksuele aktiwiteite belangstel en die man graag seksueel wil

verkeer, kan konflik oor die kwaliteit en frekwensie van seksuele kontak ontlok word (Grindstaff, 1988:58).

### **6.3.3.2 Enkelouerskap**

Enkelouerskap blyk die mees algemene keuse van die laat-adolesent te wees. Dit hou moontlik verband met die aanvaardende houding van die samelewing teenoor enkelouerskap (Greathead, 1988:23). Greathead (1988:23) is van mening dat die sukses van die adolessent as enkelouer deur die emosionele, fisieke, geestelike en finansiële ondersteuning van familie en vriende bepaal word. Indien hierdie ondersteuning nie beskikbaar is nie, word enkelouerskap gekompliseer.

Probleme word veral deur die enkelouer ervaar wanneer finansiële en beroepseise gestel word. Die ouer ervaar ook 'n probleem met die versorging van die kind gedurende die dag wanneer sy werk. Nog 'n aspek wat probleme kan veroorsaak, is die vooruitsigte van 'n huwelik en die effek wat 'n kind op 'n voorgenome huwelik kan uitoefen (Greathead, 1988:28).

### **6.3.3.3 Aanneming**

Om 'n baba vir aanneming te gee, is volgens Greathead (1988:28) een van die aanneemlikste alternatiewe. Greathead (1988:28) meen dat die moeder aanvanklik kan redeneer dat sy as gevolg van die wandaad wat sy gepleeg het die kind moet versorg en haar verantwoordelikheid as moeder moet nakom. Later in die swangerskap mag die swanger adolessent egter aanneming oorweeg. Hierdie besluit kan versterk word wanneer sy redeneer dat sy deur aanneming altruïsties tot ander ouers se geluk kan bydra. Sapire (1986:424) waarsku dat die besluit nie ligtelik opgeneem behoort te word nie: "Adoption is considered a devastating experience by most adolescents and their parents."

Indien die swanger adolessent wel besluit om hierdie alternatief te volg, het sy die keuse om haar swangerskap geheim te hou deur na 'n tehuis vir ongehude moeders te gaan en vir die laaste paar maande van die swangerskap in 'n veilige, beskermde omgewing te bly (Greathead, 1988:28).

### **6.3.3.4 Aborsie**

In Suid-Afrika is aborsies onwettig, maar die Aborsie en Sterilisasiewet (Wet 2 van 1975) bepaal dat wetlike aborsies wel kan plaasvind indien die vrou verkrag is, daar

'n geskiedenis van patologie bestaan, abnormaliteite by die fetus ontdek word, die swangerskap die moeder se lewe in gevaar stel of bloedsgrande plaasgevind het. Greathead (1988:21) bepaal dat daar ongeveer 474 wetlike aborsies in 1983 in 'n staatshospitaal uitgevoer is, terwyl daar volgens Todt (1991:13) ongeveer 200 000 onwettige aborsies per jaar in Suid-Afrika uitgevoer word.

Alhoewel aborsie onwettig is, is dit die eerste alternatief wat die meeste adolessente gewoonlik oorweeg, omdat baie adolessente nie wil erken dat hulle seksueel aktief is nie, allermins dat hulle swanger is. Die keuse oor aborsie is 'n moreel religieuse kwessie wat emosionele trauma by die adolessent kan laat ontstaan. Die gevolge van die trauma is skuldgevoelens, depressie en isolasie (Greathead, 1988:21). Onwettige aborsies het nie net emosionele nie maar ook fisiologiese nagevolge, soos byvoorbeeld beskadiging van die vrou se voortplantingsorgane, steriliteit of selfs die dood (Rickel, 1989:23).

#### **6.4 EMOSIONELE TRAUMA**

Volgens Llewellyn-Jones (1985:48) is die psigologiese gevolge van seksuele aktiwiteite tydens adolessensie eweneens ingrypend. Llewellyn-Jones (1985:48) bestempel verantwoordelikhede soos die neem van die Pil en roetine-ondersoeke met die oog op die vasstelling al dan nie van seksueel oordraagbare siektes (SOS) as "kwasi-verantwoordelikhede", terwyl die beskerming van die emosionele en geestelike aspekte die belangrikste verantwoordelikheid is.

Billy (1988) beweer dat adolessente nie deur seksuele aktiwiteite psigologies benadeel word nie. Hy het van 1980 af oor 'n tydperk van twee jaar skoliere met 'n gemiddelde ouderdom van 14 jaar ondervra. In 1982 het hy dieselfde skoliere in 'n opvolgstudie betrek. Die resultate het getoon dat die adolessente wat seksueel aktief was gedurende die twee jaar nie beduidende psigiese of sosiale veranderinge getoon het nie, alhoewel hulle houdings oor seksuele aspekte meer liberaal geword het. Wat wel beduidend verander het, is die adolessente se akademiese gemiddeld en hulle belangstelling in verdere opleiding. Die seksueel aktiewe adolessente se akademiese gemiddeld was aansienlik laer as met die aanvang van die studie. Hulle het ook minder belangstelling in naskoolse opleiding getoon as die adolessente wat nie by seksuele aktiwiteite betrokke was nie.

Alhoewel Billy getoon het dat daar nie prominente psigologiese veranderinge by die seksueel aktiewe adolessente was nie, is ander navorsers soos Cobliner (1988), De Bruyn (1982; 1989), Garbarino (1985), Kent en Kent (1983) en Renshaw (1989) van mening dat die emosies wat wel met seksuele kontak gepaardgaan, aangenaam maar ook negatief kan wees. So byvoorbeeld kan seksuele aktiwiteite tot onaangename emosionele ervarings aanleiding gee, wat volgens Cobliner (1988:104) moontlik selfs tot afwykende psigiese toestande kan bydra.

Adolessente se eerste seksuele kontak is volgens Nielsen (1987:464) meestal teleurstellend. Cobliner (1988:103) meen dat adolessente behoefte het aan sentiment en fisieke sowel as emosionele intimiteit in hulle verhoudings. Voor hierdie gevoelens egter kan ontwikkel, ontstaan 'n seksuele verhouding (Cobliner, 1988:103). Hierdie seksuele kontak voldoen gewoonlik nie aan die adolessente se verwagting nie en is ook nie so vervullend as wat hulle hul voorgestel het nie (Nielsen, 1987:464). Die adolessente word daardeur emosioneel so ontnugter en ontwrig (De Bruyn, 1982:340) dat hulle spyt het oor hulle besluit om seksueel aktief te wees (Nielsen, 1987:464). Daarom vermy hulle intimiteit en onderdruk alle emosionele betrokkenheid (Cobliner, 1988:103; McDowell, 1987:133). Volgens Cobliner (1988:103) kan die onderdrukking van gevoelens tot depersonalisasie lei, wat die verwydering tussen self en emosies impliseer.

Ongeag die afwesigheid van intimiteit en emosionele verbondenheid ("commitment") kan die verhouding steeds voortgaan. Meestal is dit nie die genot van seksuele aktiwiteite wat die motivering van 'n verlengde verhouding is nie, maar skuldgevoelens. Aangesien seksuele kontak gewoonlik vir die adolessente slegs in 'n vaste verhouding aanvaarbaar is (vergelyk 3.3), vereis hulle verbintenis 'n mate van permanensie in hulle seksuele verhoudings (Rice, 1990:403). Indien verbintenis ontbreek, oortree hulle hul eie beginsels, wat volgens Kaplan en Stein (1984:143) tot skuldgevoelens aanleiding gee. Om hierdie rede sal adolessente voortgaan met 'n verhouding sonder enige emosionele verbondenheid en intimiteit. Hulle voel dat 'n verbreking van die verhouding 'n oortreding van hulle eie beginsels is (Kaplan & Stein, 1984:146).

Hoewel adolessente 'n skuldgevoel wil vermy, is dit een van die mees algemene gevoelens oor seksualiteit. Skuldgevoelens kan gedefinieer word as "a generalized expectancy for self-monitored punishment for violating or anticipating violating internalized (moral) standards of behavior" (Mosher, 1965:162). Hopkins (1983:266) is egter van mening dat seksuele skuldgevoelens die gevolg (straf) is van die oortreding van stadaarde en nie soos Mosher (1965:162) dit definieer, die afgagting van straf nie. Skuld is reeds die straf wat die adolessent verduur as gevolg van die oortreding van hulle eie beginsels

en dié van die samelewing, hulle ouers, vriende of geloof. Namate skuldgevoelens in die adolessente groei, kan dit tot verskeie onaangename gevoelens soos spanning, angs, neerslagtigheid, depressie en aggressie lei (De Bruyn, 1982:343; Peterson, 1991:244). Indien hierdie gevoelens nie deur die adolessent gehanteer en verwerk word nie, kan dit anorgasmisiteit (Olivier, 1987:124-125), inhibering van seksuele drange (Olivier, 1987:51-52) en seksuele koudheid (De Bruyn, 1982:344) veroorsaak. Wepener (1991:83) rapporteer dat seksuele skuldgevoelens seksuele fantasieë en masturbasie inhibeer, terwyl die adolessent geneig is om seksuele kontak te vermy.

Benewens die emosionele nadele van skuldgevoelens moet in ag geneem word dat skuldgevoelens die interne reguleerder is van sosiaal aanvaarbare gedrag waarvolgens die mens met integriteit en menswaardigheid kan bly voortleef (Peterson, 1991:244). Wanneer adolessente hulle skuldgevoelens hanteer, kan dit positiewe gevolge hê en tot persoonlikheids groei lei (Kaplan & Stein, 1984:146). Kaplan en Stein (1984:146) is van mening dat skuldgevoelens verminder kan word wanneer adolessente hulle gelowe, houdings of waardes herevalueer en indien nodig aanpas. Daarna moet adolessente verantwoordelikheid vir hulle gedrag neem en die gevolge daarvan aanvaar. Adolessente word ook aangeraai om hulle gedrag te verander indien die gedrag nie in ooreenstemming met hulle waardes is nie.

Vrees is ook 'n algemene gevoel wat adolessente met seksuele kontak ervaar. Volgens Renshaw (1989:57) vrees die meeste adolessente dat hulle seksuele aktiwiteite aan die lig sal kom, en daarom doen hulle baie moeite om hierdie gedrag te verskans. Daar bestaan by adolessente ook vrees vir swangerskappe (De Bruyn, 1982:338). Hierdie vrees intensiveer wanneer die vrou haar menstruele periode nader en sy onseker is of haar menstruele periode bloot laat is en of sy swanger is.

Wanneer swangerskap vermoed word, ervaar die adolessent gewoonlik ook teleurstelling, skuld en angs (Nielsen, 1987:465). Hierdie gevoelens is nie net gebonde aan die konteks van 'n moontlike swangerskap nie, maar kan ook volgens Renshaw (1989:57) ervaar word gedurende of na seksuele kontak. McDowell (1987:133) bestempel hierdie gevoelens as die "morning after syndrome". Die adolessente mag selfs terugflitse van vorige seksuele kontakte ervaar, wat veral steurend en ontwrigtend kan wees wanneer hierdie terugflitse onaangenaam is. Dit kan huidige seksuele kontak beïnvloed of gedurende seksuele kontak manifesteer (McDowell, 1987:133).

McDowell (1987:133) meen dat die adolessente na seksuele kontak hulleself negatief mag beleef en 'n versteurde beeld en waarde van hulleself mag ontwikkel. Llewellyn-Jones

(1985:48) sluit by McDowell aan deur aan te voer dat vrouens wat met 'n aantal mans seksueel verkeer het 'n identiteitskrisis mag ontwikkel. Hy beskryf so 'n vrou as onvergenoeg, onseker en verward. Die oorsaak van hierdie identiteitskrisis kan teruggevoer word na die ontwikkeling van die adolessent se identiteit. Adolessente hoop om deur betrokkenheid en identifikasie met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag hulle eie identiteit te vestig (Papalia & Olds, 1986:340). Wanneer te veel verhoudings ontwikkel, kan die adolessent verwar word, aangesien daar te veel persone was waarmee geïdentifiseer is. In so 'n geval kan die adolessent probleme met die vestiging van 'n eie identiteit ervaar.

Verwarring kan ook ontstaan namate die adolessent tussen seksuele drange ("lust") en liefde moet onderskei. Hierdie konsepte het volgens McDowell (1987:135) betrekking op die mate waarin daar in 'n verhouding selfsugtig geneem of onselfsugtig gegee word. Adolessente kan deur hulle behoefte aan seks 'n ander persoon as 'n "objek van plesier" bestempel en die persoon vir behoeftebevrediging gebruik. Hulle kan hulleself dan regverdig deur aan te voer dat die motivering vir hulle daad liefde is, terwyl dit eintlik wellus ("lust") was (McDowell, 1987:135). Adolessente kan hulle waarde as vriend/vriendin verloor as hulle onder die indruk verkeer dat hulle bloot beskikbaar moet wees vir die verskaffing van seksuele genot (Nielsen, 1987:464). Aangesien hierdie adolessente hulle ervaring van "liefde" negatief beleef, begin hulle in die waarde van liefde twyfel en vermy dan dikwels situasies waarin hulle weer liefde moet gee of ontvang.

Wanneer die adolessente bewus is dat hulle nie die eerste seksuele maat van 'n persoon is nie, kan hulle ervaar dat hulle met vorige seksuele maats vergelyk word. Dit lei tot gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid, veral in situasies waar kommunikasie en terugvoering in die verhouding afwesig is en daar 'n onsekerheid bestaan oor seksuele vertoon (McDowell, 1987:135). Daarenteen kan adolessente met baie seksuele ervarings hulle huidige maat evalueer deur hom/haar met hulle vorige ervarings te vergelyk. Die seksuele ontoereikendheid en tekortkominge van die seksuele maat kan tot die verbreking van 'n moontlike permanente verhouding lei (McDowell, 1987:135).

Gevoelens van skuld, teleurstelling, ontoereikendheid, ensovoorts kan ook in die gesin waarin die adolessent leef, manifesteer en konflik veroorsaak. Sapire (1986:412) wys daarop dat gesinskonflikte algemeen voorkom in gevalle waar die adolessent voor emosionele volwassenheid in seksuele aktiwiteite betrokke raak. As in ag geneem word dat gebroke gesinsverhoudinge 'n determinant vir permissiewe seksuele gedrag is (Schofield,

1967:224; vergelyk 4.4.5), is dit moontlik dat die gesinsverhoudinge reeds voor die seksuele kontak swak was.

Om saam te vat: seksuele gedrag by adolessente lei tot onaangename emosies soos skuld, vrees, onsekerheid, verwarring, teleurstelling, ensovoorts. Alhoewel daar baie oor die psigologiese effek van seksuele gedrag op adolessente geteoretiseer word, bestaan daar 'n leemte in wetenskaplike navorsing oor hierdie aspek.

## **6.5 VOORKOMING VAN SEKSUEEL OORDRAAGBARE SIEKTES, ADOLESSENTE SWANGERSKAPPE EN EMOSIONELE TRAUMA**

Volgens die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling (1987) berus die voorkoming van die risiko's van adolessente se seksuele gedrag op verantwoordelike besluitneming deur die adolessente, verskaffing van seksuele kennis, die regstelling van verkeerde seksuele inligting, en die inisiëring van 'n morele waardestelsel by die adolessent. Hierby beklemtoon Renshaw (1989:157) ook die motivering van die adolessente om hulle seksuele gedrag aan te pas of te verander.

### **6.5.1 Verskaffing van seksuele inligting**

Die verskaffing van inligting en die opvoeding van adolessente is die eerste stap in die voorkoming van die risiko's van adolessente se seksuele gedrag. Adolessente weet gewoonlik dat daar iets soos seksueel oordraagbare siektes (SOS) is, maar hulle ken nie die simptome, behandelings of metodes van voorkoming nie (Stevens-Long & Cobb, 1983:259). So ook is adolessente bewus daarvan dat ander adolessente swanger raak, maar as gevolg van hulle onkunde, persoonlike fabels (vergelyk 2.4.2) en verkeerde inligting glo hulle dat dit nie met hulle kan gebeur nie (Zelnick & Kantner, 1978:136).

Seksuele inligting kan as ondersteuning vir adolessente dien om volwasse en verantwoordelike besluite oor hulle seksualiteit en seksuele gedrag te neem, waardeur die adolessente weer hulleself teen onnodige emosionele trauma kan beskerm (Renshaw, 1989:155)

### **6.5.2 Seksuele opvoeding**

Seksuele opvoeding impliseer meer as net die blote verskaffing van kennis. Soos wat daar reeds in hoofstuk 5 gemeld is, bestaan 'n seksuele opvoedingsprogram uit die

verskaffing van kennis, aanleer van hanteringsvaardighede, vasstelling van sekere morele beginsels en die aanleer van interaksionele vaardighede (Lerner & Spanier, 1980:321). Deur die vasstelling van morele beginsels word besluitneming vir die adolessente vergemaklik, aangesien adolessente daardeur sekerheid verkry oor wat vir hulle reg of verkeerd is. Hierdie morele beginsels word ondersteun deur die aanleer van hanteringsvaardighede soos selfgeding, waar die adolessente leer hoe om hierdie waardes te implementeer (Warzak & Page, 1990). Op hierdie wyse leer die adolessente hoe om seksuele druk te weerstaan, te eis dat geen seksuele kontak sal plaasvind indien daar nie van kondome gebruik gemaak word nie, hoe om respekvol teenoor die seksuele maat op te tree, en hoe om hulle gevoelens van skuld of vrees te hanteer, ensovoorts.

### **6.5.3 Aanpassing of verandering van seksuele gedrag**

Deur genoegsame kennis kan adolessente gemotiveer word om hulle seksuele gedrag aan te pas of te verander sodat die risiko's van hulle seksuele gedrag verminder word.

#### **6.5.3.1 Keuse van seksuele maats**

Renshaw (1989:154) rapporteer dat 55,6% mans en 48,8% vrouens gemiddeld 2 tot 5 seksuele maats per jaar het. Deur verskeie seksuele maats te hê, word die risiko om met 'n seksuele oordraagbare siektes besmet te word baie verhoog (Capuzzi & Cross, 1989:234; Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1993:22; Renshaw, 1989:154). Aangesien verskeie seksuele maats die risiko van SOS verhoog, beveel Masters *et al.* (1992:496) aan dat adolessente gemotiveer behoort te word om so min seksuele maats as moontlik te hê. Op grond van hierdie voorstel beklemtoon Janson (1971:20) dat die huwelik (wat 'n permanente verhouding is) die veiligste alternatief is om nie met SOS besmet te word nie.

#### **6.5.3.2 Die gebruik van kondome en ander voorbehoedmiddels**

Wanneer adolessente wel kies om voor die huwelik seksueel aktief te wees, moet hulle aangemoedig word om kondome en ander voorbehoedmiddels te gebruik. Aangesien 'n kondoom SOS en swangerskappe relatief suksesvol kan voorkom, word die gebruik daarvan deur Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling (1989:15) aanbeveel. Verder wys Stoppard (1989:190) daarop dat kondome ook maklik beskikbaar is, maklik is om te gebruik en deur alle mans gebruik kan word. Alhoewel die gebruik van 'n kondoom tydens geslagsgemeenskap nie 'n waarborg is dat 'n persoon

nie met 'n SOS besmet of swanger sal word nie, word die risiko's verminder (Masters *et al.*, 1992:496).

Wanneer daar meer gefokus word op die voorkoming van swangerskappe as op die voorkoming van seksueel oordraagbare siektes, kan metodes van voorbehoeding soos die ritme- of kalendermetode, diafragma, geboortebeperkingspil, intrauteriene apparaat, vaginale spermdoders en onttrekking gebruik word (Stoppard, 1989:175). Dit is belangrik dat adolessente genoeg inligting en kennis oor die voordele en gevare van elke metode het, sodat hulle self kan besluit watter metode hulle sal gebruik (Stoppard, 1989:175). Die gewildste voorbehoedmiddels van Suid-Afrikaanse adolessente is voorbehoedpille en kondome (Olivier, 1987:140). Adolessente se vrees vir 'n moontlike swangerskap kan deur die gebruik van voorbehoedmiddels verminder word (Nielsen, 1987:465).

### **6.5.3.3 Waaksaamheid en oplettendheid**

Dit is volgens Masters *et al.* (1992:496) belangrik dat adolessente voortdurend hulle eie en hulle seksuele maat se fisieke toestande sal evalueer en bedag sal wees op enige afskeidings, seertjies, uitslag, of enige ander tekens van genitale infeksies wat op 'n seksueel oordraagbare siekte kan dui. Die ondersoek van die seksuele maat kan ongemerk gedoen word wanneer die persoon bad, aantrek of tydens seksuele voorspel. In geval van onsekerheid oor die gesondheid van die seksuele maat, moet aangedring word op die gebruik van 'n kondoom tydens die seksuele aktiwiteite (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1989:15; Hernandez & Smith, 1990:296).

Masters *et al.* (1992:496) beklemtoon ook die belangrikheid dat adolessente 'n dokter of plaaslike kliniek moet besoek wanneer enige van bogenoemde tekens by die adolessent self gevind is of wanneer die adolessent vermoed dat daar deur geslagsgemeenskap, genitaal-orale seks of anale seks blootstelling aan 'n seksueel oordraagbare siekte was.

## **6.6 SAMEVATTING**

Die risiko's van adolessente seks kan fisiek of psigologies wees. Llewellyn-Jones (1985:48) is van mening dat daar gewoonlik net gefokus word op die fisiologiese risiko's verbonde aan permissiewe seksuele gedrag, terwyl die emosionele trauma wat die adolessent kan beleef as gevolg van seksuele aktiwiteite ook 'n motivering behoort te wees om seksuele gedrag in heroerweging te neem. Die fisieke gevolge van onoordeelkundige, permissiewe of onverantwoordelike seksuele aktiwiteite is seksueel oordraagbare siektes en adolessente

swangerskappe. Verder stel adolessente hulleself ook psigologies bloot aan onaangename gevoelens en die trauma van gebroke en onstandvastige verhoudings (McDowell, 1987:134).

Adolessente kan wel die risiko's van seksuele gedrag verminder en selfs uitskakel as hulle voorkomend optree. Daarom is dit noodsaaklik dat adolessente hulle houding en gedrag evalueer en verander of, indien nodig, aanpas. Verder is dit belangrik dat adolessente oor genoegsame inligting in verband met seksuele aangeleenthede beskik om sodoende die verandering in gedrag en houding te motiveer en te ondersteun (Morgonsen, 1990:20).

In die volgende hoofstuk word die metode van ondersoek wat in hierdie skripsie gevolg is, uiteengesit.

# HOOFSTUK 7

## METODE VAN ONDERSOEK

### 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetode wat in hierdie ondersoek gebruik is, bespreek. Aandag word geskenk aan die steekproef, meetinstrumente, navorsingsprosedures wat gevolg is, asook spesifieke statistiese metodes wat gebruik is.

### 7.2 ONDERSOEKSGROEP

Die beskikbaarheidsondersoeksgroep het uit 561 universiteitstudente bestaan wat afkomstig was van 2 dames- en 2 manskoshuise op die kampus. Daar was 315 vroulike, 243 manlike respondente en 3 respondente wat nie hulle biografiese gegewens korrek voltooi het nie. Die ouderdomme van die respondente het gewissel tussen 17 en 23 jaar, met 'n gemiddelde ouderdom van ongeveer 19 jaar.

Die kriteria waaraan die respondente moes voldoen, is die volgende:

- Hulle moes tussen 17 en 23 jaar oud wees.
- Hulle moes universiteitstudente wees.
- Hulle moes inwoners van die gekose koshuise wees.

### 7.3 MEETINSTRUMENTE

Die meetinstrumente bestaan uit verskillende vraelyste, elk vir die bepaling van sekere faktore. Die volgende vier vraelyste is gebruik:

- Biografiese vraelys.
- 'n Saamgestelde en aangepaste seksuele kennisvraelys.
- 'n Saamgestelde en aangepaste seksuele houdingsvraelys.
- 'n Saamgestelde en aangepaste seksuele gedragsvraelys.

Hierdie vraelyste is saamgegroepeer in een vraelysboekie wat uit vier afdelings bestaan. Elke afdeling verteenwoordig een van bogenoemde vraelyste. Die toets is 'n potlood-en-papiertoets wat deur die studente in groepe voltooi is. Die gemiddelde tyd wat dit geneem het om die volledige toets te voltooi, was 75 minute, wat dit moontlik gemaak het om die toets in 'n enkele sessie af te handel. Die vraelysboekie was net in Afrikaans beskikbaar.

Die volledige vraelys soos in die navorsing gebruik, is in bylaag B vervat.

### 7.3.1 Ontwikkeling van die vraelyste

'n Poging is aangewend om geskikte vraelyste vir studente in laat-adolessensie te bekom. Alhoewel sommige vraelyste wat gevind is die verlangde veranderlikes gemeet het, was dit nie geskik vir die spesifieke ouderdomsgroep wat vir hierdie studie beoog is nie. Verder het die vraelyste ook nie al die spesifieke inligting wat vir hierdie studie noodsaaklik was, gemeet nie. Daar was in sommige vraelyste vrae wat onnodig en irrelevant vir hierdie studie was. Die probleme met die vraelyste het aanpassings, veranderings en samestellings van die vraelyste genoodsaak. Chilman (1979, soos aangehaal deur Cohen & Rose 1984:242) beveel in so 'n geval aan dat 'n nuwe vraelys, deur middel van die aanpassing en samestelling van verskeie vraelyste, saamgestel word.

Voor die veranderinge aan bestaande vraelyste aangebring is, is literatuur oor die spesifieke veranderlikes (seksuele kennis, gedrag en houdings) bestudeer. Besprekings is ook gevoer met professionele persone wat by studente betrokke is, soos byvoorbeeld die kampus se algemene mediese praktisyn, 'n predikant van een van die studentegemeentes, dosente en verpleegkundiges by die munisipale klinieke.

Na die eerste samestelling en aanpassings van die vraelys is dit aan vyf vakkundiges voorgelê, waarna verdere aanpassings van sekere items gedoen is. Hierna het 'n voortoetsing gevolg. Die vraelys is aan 'n groep van 35 nagraadse psigologiestudente voorgelê. Na die voltooiing van die vraelys is die proefrespondente versoek om hulle mening oor die formaat, inhoud, styl, taalgebruik en instruksies daarvan te lig. Daarna is die vraelys weer aan twee ander vakkundiges vir goedkeuring voorgelê. Hierdie prosedure is gevolg nie net om die vraelys af te rond nie, maar ook om inhouds- en voorkomsgeldigheid daar te stel (Huysamen, 1988:41, Smit, 1986:49). Smit (1986:31) is van mening dat die interbeoordelaarsbetroubaarheid van 'n vraelys verkry kan word deur die vraelys aan verskillende beoordelaars voor te lê. Die beoordelaars het in hierdie geval saamgestem oor die betroubaarheid van die items wat in die vraelyste gebruik is.

### **7.3.2 Biografiese vraelys (Afdeling A)**

Die biografiese vraelys is ontwerp om die biografiese data van die proefpersone te bekom. Die vraelys bestaan uit veertig vrae wat die volgende aspekte dek:

- Geslag.
- Ouderdom.
- Akademiese studiejaar.
- Aspekte van gesinsagtergrond.
- Geloofsaspekte.
- Verhoudingsaspekte.
- Bronne van seksuele kennis.
- Ouderdom van verkryging van seksuele kennis.

### **7.3.3 Seksuele kennisvraelys (Afdeling B)**

Vraelyste van Anagnostaras (1988), Magwentshu (1990) en Kirby (1984) het die basis gevorm van hierdie vraelys wat uit die volgende vier subafdelings bestaan:

- Bevrugting en voorbehoeding.
- Seksueel oordraagbare siektes.
- Fisiologiese kennis.
- Wetlike aspekte.

Die betroubaarheid is deur middel van Cronbach se alfakoëffisiënt bepaal. Die interne konsekwenheidskoëffisiënt op die totale seksuele kennisafdeling is 0,65. Volgens Owen en Taljaard (1989:30) kan 'n toets met 'n betroubaarheidskoëffisiënt so laag as 0,65 nog 'n betekenisvolle bydrae lewer. Huysamen (1988:30) verduidelik dat, indien verskillende groepe items in die toets verskillende attribute meet, die alfakoëffisiënt verklein word, wat in hierdie geval die lae interne konsekwenheidskoëffisiënt verduidelik.

### **7.3.4 Seksuele houdingsvraelys (Afdeling C)**

Anagnostaras (1988) se vraelys het hier as basis gedien. Sy vraelys is egter op jonger adolessente wat van die tradisionele Westerse kultuur verskil, van toepassing. Die vraelys kon daarom nie sonder aanpassings en weglatings op die studente in laat-adolessensie van toepassing gemaak word nie.

Die vraelys bestaan uit ses subafdelings:

- Die gebruik van voorbehoedmiddels.
- Seksueel oordraagbare siektes.
- Seksuele gedrag.
  - Geslagsgemeenskap.
  - Solitêre seksuele gedrag (masturbasie, pornografie en fantasering).
- Seksuele voorligting.
- Dubbele standaard.
- Portuurdruk.

Die interne konsekwentheidskoëffisiënt op die totale seksuele houdingsafdeling is 0,66. Soos reeds in 7.3.3 genoem, kan 'n toets met 'n betroubaarheidskoëffisiënt so laag as 0,65 nog 'n betekenisvolle bydrae lewer. By die seksuele houdingsafdeling word die alfakoëffisiënt ook deur die verskillende subafdelings, wat elk verskillende attribute meet, verklein (Huysamen, 1988:30).

### **7.3.5 Seksuele gedragsvraelys (Afdeling D)**

Die seksuele gedragsvraelys wat in hierdie studie gebruik is, bestaan uit komponente van Bentler (1968) en Magwentshu (1990) se vraelyste wat oor seksuele gedrag handel.

Die vraelys bestaan uit die volgende subafdelings:

- Geslagsgemeenskap.
- Passiewe seksuele gedrag.
- Aktiewe seksuele gedrag.
- Solitêre seksuele gedrag.
- Seksuele aggressie.
- Gebruik van voorbehoedmiddels.
- Seksueel oordraagbare siektes.

Die betroubaarheidskoëffisiënt op die subafdelings passiewe en aktiewe seksuele gedrag is onderskeidelik 0,94 en 0,92. Dit dui op 'n hoë betroubaarheid. Die ander subafdelings bestaan uit enkelitems.

### 7.3.6 Geldigheid

Indien die funksie van die toetse wat in hierdie studie gebruik is die meting van teoretiese veranderlikes of konstrakte is, behoort die konstruktgeldigheid van die vraelyste bepaal te word (Huysamen, 1988:35). Konstruktgeldigheid word deur Huysamen (1988:43) gedefinieer as die mate waarin 'n toets inderdaad die teoretiese konstrukt meet wat dit voorgee om te meet.

Huysamen (1988:44) is van mening dat daar geen unieke navorsingsontwerp en statistiese prosedure bestaan om konstruktgeldigheid te bepaal nie. Die kennis wat wel ingewin kan word om die konstruktgeldigheid te bepaal, word opgebou deur die akkumulatie en integrasie van etlike ondersoekte. Daarom kan die geldigheid nie in terme van 'n enkele geldigheidskoëffisiënt uitgedruk word nie (Huysamen, 1988:44).

Volgens Huysamen (1988:41) behoort die inhoudsgeldigheid van toetse wat prestasie monitor, bepaal te word. Alhoewel die onderhawige navorsing nie op die meting van spesifieke prestasies gemik is nie, toon die vraelys wel inhoudsgeldigheid, aangesien die kundiges wat die vraelyste geëvalueer het, bevind het dat:

- die veranderlikes wat gemeet word voldoende deur die gekose items verteenwoordig word (Huysamen, 1988:41),
- die gekose items spesifiek daarop gerig is om die doel van die toets te beantwoord (Smit, 1986:48), en
- die gekose items spesifiek op die groep wat getoets word, betrekking het (Smit, 1986:48).

## 7.4 PROSEDURE

Twee dames- en twee manskoshuise is ewekansig uit die aantal koshuise op die kampus getrek. Daar is aan al die koshuise nommers toegeken, waaruit twee nommers vir die dames- en twee nommers vir die manskoshuise getrek is. Een van die manskoshuise wat getrek is, het verkies om nie aan die navorsing deel te neem nie, en daarom is 'n ander manskoshuis se nommer getrek. Daarna is elke student in die koshuis uitgenooi om aan die navorsing deel te neem. Alle koshuise op die kampus het dus 'n gelyke kans vir deelname aan die navorsing gehad, en die studente in deelnemende koshuise kon hulleself vrywillig vir deelname aan die navorsing beskikbaar stel.

Eerstens is toestemming van die koshuisvaders van die vier gekose koshuise gekry dat hulle koshuise aan die navorsingsprojek mag deelneem. Daarna is 'n sentrale punt vir elke koshuis gereël waar die proefpersone die vraelyste kon invul. Die verskillende koshuise het die navorsingsprojek self in die koshuis geadverteer, sonder om die tema van die navorsing bekend te maak. Die navorser het ook by die verskillende koshuise se huisvergaderings die studente toegesprek en, ter motivering vir deelname, die belangrikheid van die navorsing beklemtoon, maar weer eens sonder om van die seksuele tema daarvan melding te maak. Daardeur kon enige weerstand en skuld- of angstevoelens wat dalk voor die studie kon ontwikkel, verhoed word.

Die studente wat daarin belanggestel het om aan die navorsing deel te neem, het op 'n afgesproke tyd by die sentrale punt van 'n gekose koshuis bymekaargekom om die vraelyste te voltooi. Die studente is eerstens welkom geheet en bedank vir hulle moeite en bereidwilligheid om aan die navorsing deel te neem. Die erns van die studie is telkens benadruk, terwyl daar ook beklemtoon is dat die sukses van die studie van hulle samewerking en volkome eerlikheid afhanklik is. Daarna het die navorser 'n dekbrief (bylaag A) saam met die groep deurgelees, waarna hulle versoek is om die brief te onderteken. Die brief verduidelik die noodsaaklikheid van die beplande navorsing en beklemtoon die studente se anonimiteit, vrywillige deelname en vertroulikheid.

Na die deurlees van die brief is die ondertekende strokies ingeneem. Hierdie strokies verleen aan die navorser toestemming om die studente se gegewens vir die navorsing te gebruik. Die strokies is voor die uitdeel van die vraelyste weer opgeneem om sodoende die studente se anonimiteit met die beantwoording van die vraelys te verseker.

'n Vraelysboekie met 'n stel ponskaarte wat as antwoordblad gedien het, is daarna aan elke student gegee. Elke student het 'n unieke nommer gekies wat hulle op die ponskaarte ingevul het sodat al die individue se ponskaarte met mekaar verbind kan word. Deur die unieke nommer kon geen spesifieke persoon geïdentifiseer word nie. Sodoende is die anonimiteit van die studente verseker. Om verdere vertroulikheid en privaatheid te waarborg, is 'n koevert aan elke student gegee waarin die voltooide ponskaarte geplaas kon word sodat niemand 'n ander persoon se antwoorde kon sien nie.

Die toegeplakte koevert is na die voltooiing van die vraelys in 'n houer gegooi. Om te verseker dat dieselfde afneemprosedure by al vier die koshuise gevolg word, het die navorser self die toetsing van die studente gehanteer.

Na die voltooiing van die toetsing het die navorser die rou data met behulp van 'n gerekenariseerde ponskaartleser onttrek. Die data is na volledige ondersoek vir enige foutiewe ponskaarte of antwoorde aan die universiteit se statistiese konsultasiediens oorhandig, wat die data op die SAS-sisteem vir statistiese verwerking oorgeplaas het.

## 7.5 ETIESE OORWEGINGS

Met die ondersoek na seksualiteit was dit belangrik om sekere etiese beginsels in ag te neem, omdat seksualiteit volgens Babbie (1989:478) 'n baie persoonlike onderwerp is wat angs en spanning kon meebring. Om hierdie rede is die volgende beginsels van Babbie (1989:478) in die ondersoek beklemtoon:

- Die respondente moet ingelig word oor die motivering en doel van die ondersoek asook die verwagtings van die navorser, soos byvoorbeeld die eerlike, maar vrywillige beantwoording van die vraelys, stilte tydens die toetsing, ensovoorts.
- Aangesien seksualiteit van persoonlike en blootstellende aard is, is dit belangrik om die privaatheid van die respondent te verseker. Daar word deur McKinney (soos aangehaal deur Babbie, 1989:478) aanbeveel dat die anonimiteit van die respondente beklemtoon moet word. 'n Verdere aanbeveling is dat die toetsgroep anoniem moet bly en dat slegs hulle resultate gerapporteer moet word.
- McKinney (soos aangehaal deur Babbie, 1989:478) meen dat die angstigtheid van respondente in enige seksuele navorsing in aanmerking geneem moet word. Sekere vrae mag vir die respondente onaangenaam wees, terwyl ander weer sekere onaangename herinneringe mag ontlok. Om hierdie angstigtheid te verminder, word aanbeveel dat anonimiteit bevestig word. Selfmeedelende vraelyste, in plaas van onderhoude, kan ook angs verminder.

In hierdie studie is daar op verskeie wyses aan hierdie etiese aspekte aandag gegee:

- Die respondente is ingelig oor die doel van die studie deur die nodige inligting in die vorm van 'n dekbrief aan die respondente te gee. Daar was voor die toetsing geleentheid om die dekbrief deur te lees, terwyl sekere belangrike aspekte daarna weer deur die navorser beklemtoon is. Verder is daar so vêr moontlik gepoog om 'n gekontroleerde toetsituasie met 'n atmosfeer van stilte en erns te skep.
- Daar is op verskeie wyses gepoog om die anonimiteit van die respondente te waarborg:

- Die respondente is in die dekbrief van hulle anonimiteit verseker.
  - Voor die aanvang van die toetsing is die respondente die geleentheid gebied om hulle eie unieke nommer te kies wat hulle op hulle ponskaarte ingevul het. Daar is ook beklemtoon dat hulle nie hulle studentenummer nie maar hulle eie unieke nommer moes gebruik.
  - Die respondente het hulle voltooid ponskaarte in verseëldes koevertes geplaas. Hierdie koevertes is aan die einde van die toetsing in 'n houer gegooi. Sodoende kon geen koevert geëien of aan 'n persoon verbind word nie.
- Daar is gepoog om die moontlike angst van die respondente soos volg te verminder:
  - Die navorser het op die dekbrief 'n telefoonnommer verskaf vir respondente wat na afloop van die toetsing vrae oor die navorsing wou stel of wat enige seksuele aspekte wou bespreek.
  - Die vrywilligheid van deelname is beklemtoon. Daar is aan die respondente verduidelik dat hulle die reg het om enige vrae of gedeeltes van die vraelys uit te laat indien hulle dit om welke redes ook al nie wou voltooi nie.
  - Anonimiteit is beklemtoon.
  - Daar is geen onderhoud met die respondente gevoer nie.
- Die privaatheid van die respondente is gerespekteer deur nie die koshuise wat in die navorsing betrek was of die universiteit waarvan die koshuise deel is, te identifiseer nie.
- Die respondente se reg op toestemming vir die gebruik van hulle response is gehandhaaf. Vir hierdie doel moes die respondente 'n toestemmingstrokie onderteken. Hierdie toestemmingstrokie is steeds in die navorser se besit.

## 7.6 STATISTIESE ONTWERP

Die navorsing was 'n Ex Post Facto-opname met 'n korrelasionele ontwerp.

### 7.6.1 Hipoteses

Die hipoteses wat na aanleiding van die doelwitte gestel is, is slegs tentatiewe aannames oor die verband tussen twee of meer veranderlikes wat deur middel van empiriese navorsing getoets kon word.

**Hipotese 1**

$H_0$  : Die student in laat-adolessensie se seksuele kennis ten opsigte van fisiologie, seksueel oordraagbare siektes en voorbehoedmiddels verskil nie van mekaar nie.

$H_1$  : Die student in laat-adolessensie se seksuele kennis ten opsigte van fisiologie, seksueel oordraagbare siektes en voorbehoedmiddels verskil.

**Hipotese 2**

$H_0$  : Die student in laat-adolessensie is net soveel by passievolle liefkosings as by geslagsgemeenskap betrokke.

$H_1$  : Die student in laat-adolessensie is meer by passievolle liefkosings as by geslagsgemeenskap betrokke.

**Hipotese 3**

$H_0$  : Die houding van die student in laat-adolessensie ten opsigte van seksuele voorligting, die gebruik van voorbehoedmiddels, geslagsgemeenskap voor die huwelik en solitêre seksuele gedrag verskil nie van mekaar nie.

$H_1$  : Die houding van die student in laat-adolessensie ten opsigte van seksuele voorligting, die gebruik van voorbehoedmiddels, geslagsgemeenskap voor die huwelik en solitêre seksuele gedrag verskil.

**Hipotese 4**

$H_0$  : Daar bestaan geen behoefte aan 'n seksuele opvoedingsprogram by studente in laat-adolessensie nie.

$H_1$  : Daar bestaan 'n behoefte aan 'n seksuele opvoedingsprogram by studente in laat-adolessensie.

**Hipotese 5**

$H_0$  : Daar bestaan geen beduidende verband tussen die seksuele kennis en seksuele houdings van studente in laat-adolessensie nie.

$H_1$  : Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die seksuele kennis en seksuele houdings van studente in laat-adolessensie.

□ **Hipotese 6**

$H_0$  : Daar bestaan geen beduidende verband tussen die seksuele gedrag en seksuele houdings van studente in laat-adolessensie nie.

$H_1$  : Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die seksuele gedrag en seksuele houdings van studente in laat-adolessensie.

□ **Hipotese 7**

$H_0$  : Daar bestaan geen beduidende verband tussen die seksuele kennis en seksuele gedrag van studente in laat-adolessensie nie.

$H_1$  : Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die seksuele kennis en seksuele gedrag van studente in laat-adolessensie.

### **7.6.2 Statistiese tegnieke**

Frekwensiedistribusies, persentasies en gemiddeldes is gebruik om die data te rapporteer. Ander statistiese tegnieke wat gebruik is, is Pearson se Produkmoment Korrelasie-koëffisiënt, die toets vir praktiese betekenisvolheid by verskille tussen twee gemiddeldes, t-toetse, Friedman se variansie-analise en Wilcoxon se gepaarde t-toets.

#### **7.6.2.1 Bepaling van betekenisvolle verskille**

Vanweë die steekproefmetode is daar slegs 'n mate van ewekansigheid. Die data en besprekings daarvan sal egter deurgaans weergegee word asof die steekproef ewekansig is. Dit is om hierdie rede dat daar p-waardes sowel as d-waardes weergegee sal word om die betekenisvolle verskille tussen mans en vrouens uit te wys.

#### **7.6.2.2 Toets vir praktiese betekenisvolheid by verskille tussen twee gemiddeldes**

Om die praktiese betekenisvolheid tussen twee veranderlikes vas te stel, sal van effek-groottes gebruik gemaak word. Drie effek-groottes is deur Cohen (1977, soos aangehaal deur Huysamen, 1991:186) gedefinieer. In die geval van onafhanklike groepe, soos dit

in hierdie studie van toepassing is, is die d-waardes bepalend vir die effekgrootte. Die d-waardes is soos volg:  $d = 0,2$  — 'n klein effek;  $d = 0,50$  — 'n medium effek; en  $d = 0,80$  — 'n groot effek.

Huysamen (1991:188) stel voor dat navorsers voor die interpretasie van hulle gegewens moet besluit oor hoe groot die effek moet wees wat van praktiese of teoretiese belang is. In hierdie studie word die “ $d = 0,80$  effekgrootte” bepaal as die effekwaarde wat van praktiese belang is, aangesien die inligting wat in hierdie studie verkry is, gebruik kan word om 'n seksuele voorligtingsprogram op te stel. Verskille wat slegs klein of gemiddeld is, kan steeds in 'n heterogene groep (mans en vrouens gemeng) geakkommodeer word. Indien daar egter 'n groot aantal groot effekte bestaan, sal dit van praktiese belang wees om 'n beoogde seksuele voorligtingsprogram vir mans en dames apart aan te bied.

## 7.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die empiriese ondersoekmetode verduidelik. Die ondersoek berus op die administrasie van 'n potlood-en-papier psigometriese toetsbattery. Die toetsbattery bestaan uit vier meetinstrumente wat aangewend is om tersaaklike inligting van 'n groep universiteitstudente te verkry.

In die administrasie van die toets is veral gefokus op die etiese aspekte betrokke by die navorsing van seksualiteit. Daar is gepoog om vertroulikheid, anonimiteit en privaatheid te vestig en gevoelens van angs te kontroleer.

In hoofstuk 8 word die resultate van die navorsing uiteengesit.

# HOOFSTUK 8

## DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

### 8.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die resultate soos volg uiteengesit word:

- Biografiese inligting.
- Resultate verkry uit die seksuele kennisafdeling en subafdelings.
- Resultate verkry uit die seksuele houdingsafdeling en subafdelings.
- Resultate verkry uit die seksuele gedragsafdeling en subafdelings.
- Resultate van behoefte aan seksuele voorligtingsprogramme.
- Resultate van korrelasies tussen seksuele kennis en seksuele houding.
- Resultate van korrelasies tussen seksuele houdings en seksuele gedrag.
- Resultate van korrelasies tussen seksuele kennis en seksuele gedrag.

### 8.2 BIOGRAFIESE INLIGTING

Daar was 561 respondente wat aan die navorsing deelgeneem het (kyk tabel 8.1). Weens die sensitiewe aard van die onderwerp, en om deelname te verseker, is aan die respondente verduidelik dat die invul van alle vrae nie verpligtend is nie en hulle enige vrae onbeantwoord kan laat indien hulle dit verkies. Die data wat in hierdie geval gerapporteer word, is derhalwe onvolledig.

### 8.2.1 Geslag van respondente

*Tabel 8.1: Geslag van respondente*

<b>GESLAG</b>	<b>AANTAL STUDENTE N</b>	<b>%</b>
Vrouens	315	56,1
Mans	243	43,4
Onbeantwoord	3	0,5
<b>TOTAAL</b>	<b>561</b>	<b>100,0</b>

Uit die gegewens soos in tabel 8.1 vevat, blyk dit dat daar effens meer vrouens as mans aan die studie deelgeneem het.

### 8.2.2 Ouderdom van respondente

*Tabel 8.2: Ouderdom van respondente*

<b>OUERDOM</b>	<b>AANTAL STUDENTE F</b>	<b>%</b>
17-18 jaar	34	6,1
18-19 jaar	196	35,0
19-20 jaar	182	32,4
20-21 jaar	89	15,8
21-22 jaar	41	7,3
22-23 jaar	14	2,5
Onbeantwoord	5	0,9
<b>TOTAAL</b>	<b>561</b>	<b>100,0</b>

Die ouderdom van die respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het, wissel van 17 tot 23 jaar, met 'n gemiddelde ouderdom van ongeveer 19 jaar.

### 8.2.3 Akademiese studiejaar

*Tabel 8.3: Akademiese studiejaar*

STUDIEJAAR	AANTAL STUDENTE f	%
1e jaar	280	49,9
2e jaar	154	27,5
3e jaar	93	16,5
4e jaar (voorgraads)	11	2,0
Nagraads	20	3,6
Onbeantwoord	3	0,5
<b>TOTAAL</b>	<b>561</b>	<b>100,0</b>

Die persentasie respondente wat direk na hulle skoolopleiding by die universiteit ingeskryf het, is 90,7%, terwyl slegs 3,9% van die studente eers hulle weermagopleiding voltooi het. Die ander 5,4% het by die universiteit ingeskryf nadat hulle reeds 'n beroep gevolg het of opleiding by ander instansies ontvang het.

### 8.2.4 Aspekte van gesinsgeskiedenis

Hierdie subafdeling van afdeling A bestaan uit items 5 tot 8 (vergelyk bylaag B).

#### 8.2.4.1 Plek van verblyf gedurende skoolloopbaan

Twee en twintig persent van respondente het aangedui dat hulle gedurende hulle laerskoolloopbaan in 'n stad woonagtig was, terwyl 78% respondente die platteland as hulle woonplek tydens laerskooljare aangedui het. Die woonplek van die respondente het nie veel verander van hulle laerskooljare tot hulle hoërskooljare nie. Hieruit blyk

dit dat die meeste respondente (75,4%) in hulle hoërskooljare op die platteland gewoon het, terwyl 24,6% van die respondente gedurende hulle hoërskoolloopbaan in 'n stad woonagtig was.

#### 8.2.4.2 Huwelikstaat van ouers

Ten tye van die afneem van die vraelys was die meeste respondente se ouers getroud (84,8%). Nege en sewentig respondente, dit wil sê 14,1% van die respondente, kom uit enkelouergesinne, hetsy as gevolg van egskeiding of dood. Die huwelikstaat van die respondente se ouers word in tabel 8.4.1 uiteengesit.

*Tabel 8.4.1: Huwelikstaat van respondente se ouers*

OUERS	AANTAL STUDENTE f	%
Getroud	476	84,8
Geskei	40	7,1
Een ouer oorlede	39	7,0
Albei ouers oorlede	1	0,2
Ouers vervreem van mekaar	2	0,4
Onbeantwoord	3	0,5
<b>TOTAAL</b>	<b>561</b>	<b>100,0</b>

#### 8.2.4.3 Emosionele betrokkenheid

Alhoewel die meeste respondente rapporteer dat hulle ouers getroud is, beteken dit nie noodwendig dat die gesinslede emosioneel by mekaar betrokke is nie. Tabel 8.4.2 verskaf meer duidelikheid ten opsigte van die emosionele betrokkenheid van die respondente en hulle gesinslede.

*Tabel 8.4.2: Emosionele betrokkenheid van gesinslede*

EMOSIONELE BETROKKENHEID	AANTAL STUDENTE f	%
Baie betrokke	406	72,3
Minder betrokke	141	25,2
Onbetrokke	12	2,1
Onbeantwoord	2	0,4
<b>TOTAAL</b>	<b>561</b>	<b>100,0</b>

Uit die bogenoemde resultate blyk dit dat die meeste respondente se ouers steeds getroud is en dat die ouers en ander gesinslede emosioneel by mekaar betrokke is.

### **8.2.5 Geloofsaspekte**

Die subafdeling van afdeling A wat oor geloofsaspekte handel, bestaan uit items 9 en 10 (vergelyk bylaag B).

In tabel 8.5 word die kerkverband van die respondente aangedui en in tabel 8.6 die intensiteit van die respondente se geloofsoortuigings en die invloed daarvan op hulle lewens.

Sommige van die kerkgroepe is saamgegroeper soos byvoorbeeld die Pinksterkerke, waaronder die AGS, PPK, Baptiste en Volle Evangelie ressorteer, en die Charismatiese kerke soos byvoorbeeld Rhema, Christian Assemblies, Living Waters en Agape.

Respondente wat nie aan die bogenoemde kerke behoort nie, het aangedui dat hulle by die Ou Apostelkerk, die Sewendedagadventiste, die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) en die Kerk van die Nasarener inskakel.

*Tabel 8.5: Kerkverband van respondente*

KERKVERBAND	AANTAL STUDENTE f	%
Gereformeerde Kerk	108	19,3
N.G. Kerk	328	58,5
Hervormde Kerk	49	8,8
Pinksterkerke	23	4,1
Charismatiese kerke	8	1,4
Rooms-Katolieke Kerk	5	0,8
Ander kerke	37	6,6
Onbeantwoord	3	0,5
<b>TOTAAL</b>	<b>561</b>	<b>100,0</b>

*Tabel 8.6: Die invloed van respondente se geloofsoortuigings op hulle lewens*

INVLOED VAN GELOOF	AANTAL STUDENTE f	%
Min tot geen	4	0,7
Redelik min	8	1,4
Gemiddeld	64	11,4
Redelik baie	186	33,2
Baie sterk	290	51,7
Onbeantwoord	9	1,6
<b>TOTAAL</b>	<b>561</b>	<b>100,0</b>

Uit tabelle 8.5 en 8.6 kan afgelei word dat die meerderheid van die respondente (86,6%) die tradisionele Afrikaanse Gereformeerde kerke verteenwoordig. Verder het die meerderheid respondente (85%) aangedui dat hulle geloof beslis 'n invloed op hulle lewe het.

### 8.2.6 Verhoudingsaspekte

Tabelle 8.7, 8.8 en 8.9 bevat inligting oor die respondente se vriendskappe en vaste verhoudings. Hierdie inligting is uit die response op items 11 tot 16 van die vraelys verkry (vergeelyk bylaag B).

*Tabel 8.7: Vriendetal van respondente*

AANTAL	VRIENDE VAN DIESELFDE GESLAG		VRIENDE VAN TEENOR- GESTELDE GESLAG	
	f	%	f	%
0	5	0,9	21	3,8
1	27	4,9	46	8,2
2	52	9,3	66	11,8
3	78	13,8	87	15,5
4	73	13,0	70	12,4
5	52	9,3	33	5,9
Meer as 5	269	47,9	236	42,0
Onbeantwoord	5	0,9	2	0,4
<b>TOTAAL</b>	<b>561</b>	<b>100,0</b>	<b>561</b>	<b>100,0</b>

Volgens tabel 8.7 beskik byna al die respondente oor goeie vriende/vriendinne van dieselfde of teoorgestelde geslag, met die uitsondering van 26 respondente wat aangedui het dat hulle nie oor goeie maats van dieselfde of teoorgestelde geslag beskik nie.

Die duur van die respondente se verhouding met hulle beste vriend/vriendin blyk meestal langdurig te wees. Drie honderd drie en sewentig respondente (67%) het aangetoon dat hulle verhouding met hulle beste maat reeds twee jaar of langer duur, terwyl 18,2% respondente aangedui het dat hulle een tot twee jaar lank met hulle beste maat bevriend is. Die ander 14% het aangedui dat hulle verhouding met hulle beste maat slegs 'n paar maande, maar nie langer as 'n jaar duur nie.

In tabel 8.8 word die aantal vaste verhoudings waarin die respondente betrokke was, getabelleer.

*Tabel 8.8: Aantal vaste verhoudings waarin die respondente betrokke was*

AANTAL VASTE VERHOUDINGS	AANTAL STUDENTE f	%
0	113	20,1
1	127	22,6
2	101	18,0
3	94	16,7
4	53	9,5
5	36	6,5
Meer as 5	34	6,1
Onbeantwoord	3	0,5
<b>TOTAAL</b>	<b>561</b>	<b>100,0</b>

Die meeste respondente (22,6%) het gedurende hulle skool- en universiteitsloopbaan net een vaste verhouding aangegaan, terwyl 20,1% nog nooit in 'n vaste verhouding betrokke was nie. Ongeveer 18% van die respondente het aangedui dat hulle reeds in twee vaste verhoudings betrokke was en 16,7% in drie vaste verhoudings. Ongeveer 22% van die respondente was reeds in vier of meer vaste verhoudings betrokke.

*Tabel 8.9: Duur van die respondente se langste vaste verhouding*

DUUR VAN VERHOUDING	AANTAL STUDENTE f	%
Geen	103	18,3
1-3 maande	83	14,7
3-6 maande	78	14,0
6-12 maande	85	15,3
1-2 jaar	104	18,5
2 jaar of langer	103	18,3
Onbeantwoord	5	0,9
<b>TOTAAL</b>	<b>561</b>	<b>100,0</b>

Volgens tabel 8.9 was ongeveer 37% van die respondente se langste vaste verhoudings langer as 'n jaar. Die meerderheid respondente (44%) se langste vaste verhouding was korter as 'n jaar. Die mediaan van die duur van die langste vaste verhouding val in die kategorie 6 tot 12 maande. Van die 561 respondente het 179 (32%) respondente aangetoon dat hulle ten tye van die navorsing betrokke was in 'n vaste verhouding, terwyl 373 (68%) nie op daardie stadium in 'n vaste verhouding betrokke was nie.

### **8.2.7 Bron van seksuele kennis**

Hierdie subafdeling word deur items 17 tot 28 gevorm (vergelyk bylaag B).

Die frekwensieverspreiding van die respondente se inligtingsbronne ten opsigte van hulle seksuele kennis word in tabel 8.10 aangetoon. Hiervolgens het 32,34% van die respondente die media toevallig of bewustelik as die bron van hulle seksuele inligting gebruik. Maats is in 27,48% van die gevalle as bron gebruik, en die moeder in 24,28% van die gevalle. Vaders, onderwysers en professionele persone is onderskeidelik slegs in 4,13%, 3,59% en 5,1% van die gevalle as bron van seksuele inligting gebruik.

Volgens die respondente het die media aan hulle veral inligting ten opsigte van seksueel oordraagbare siektes, homoseksualiteit en molestering verskaf. Maats het veral inligting oor masturbasie, voorbehoeding en nagtelike stortings verskaf. Aspekte van seksuele inligting wat veral deur die moeder hanteer is, is byvoorbeeld die oorsprong van babas, swangerskap, fisieke verandering gedurende puberteit en, in die geval van die vrouens, menstruasie.

*Tabel 8.10: Bron van seksuele kennis*

ONDERWERP		BRON						
		Moeder	Vader	Maats	Onderwyser	Profesioneel	Media	Ander
Oorsprong van babas	f	323	36	113	10	9	61	7
	%	57,8	6,4	20,2	1,8	1,6	10,9	1,3
Swangerskap & geboorte	f	313	39	88	24	16	72	6
	%	65,1	7,0	15,8	4,3	2,9	12,9	1,1
Fisieke veranderinge	f	249	46	104	30	24	87	14
	%	44,9	8,3	18,8	5,4	4,3	15,7	2,5
Molestering	f	113	32	27	34	27	320	4
	%	20,3	5,7	4,8	6,1	4,8	57,5	0,7
Voorbehoedmiddels	f	112	27	191	21	36	161	10
	%	20,1	4,8	34,2	3,8	6,5	28,9	1,8
Homoseksualiteit	f	73	26	140	21	31	262	5
	%	13,1	4,7	25,1	3,8	5,6	47,0	0,9
Seksueel oordraagbare siekte	f	80	17	62	30	65	297	3
	%	14,4	3,1	11,2	5,4	11,7	53,6	0,5

Tabel 8.10: Bron van seksuele kennis (vervolg)

ONDERWERP		BRON						
		Moeder	Vader	Maats	Onderwyser	Professioneel	Media	Ander
Menstruasie	f	270	15	152	21	24	66	10
	%	48,4	2,7	27,2	3,8	4,3	11,8	1,8
Nagtelijke stortings	f	48	19	279	17	38	122	31
	%	8,7	3,4	50,4	3,1	6,9	22,0	5,6
Masturbasie	f	36	14	251	17	37	176	24
	%	6,5	2,5	45,2	3,1	6,7	31,7	4,3
Seksuele posisies	f	22	1	192	4	18	289	24
	%	4,0	0,2	34,9	0,7	3,3	52,5	4,3
Orale seks	f	18	3	231	10	16	241	26
	%	3,3	0,6	42,4	1,8	2,9	44,2	4,8
<b>TOTAAL</b>		1657	275	1830	239	341	2154	164
<b>TOTALE %</b>		24,87	4,13	27,48	3,59	5,2	32,3	2,46

Uit tabel 8.10 blyk dit dan dat die media die gewildste en belangrikste bron van seksuele inligting was. Ander belangrike bronne was maats en daarna die moeder. Die bronne wat die minste deur die respondente gebruik is, is professionele persone, die vader en onderwysers. Daar was ook 'n aantal respondente wat nie hulle bron van inligting gespesifiseer het nie.

### 8.2.8 Ouderdom van verkryging van seksuele kennis

Die frekwensieverspreiding van die ouderdom waarop die respondente hulle seksuele kennis ingewin het, word in tabel 8.11 aangetoon. Hierdie afdeling bestaan uit items 29 tot 40 (vergeelyk bylaag B).

*Tabel 8.11: Ouderdom waarop seksuele kennis verkry is*

ONDERWERP		OUDERDOM						
		1-4	5-8	9-12	13-15	16-18	19-21	21 en ouer
Oorsprong van babas	f	97	169	215	69	4	1	0
	%	17,5	30,2	38,9	12,5	0,7	0,2	0,0
Swangerskap & geboorte	f	68	164	212	98	10	0	0
	%	12,3	29,7	38,4	17,8	1,8	0,0	0,0
Fisieke veranderinge	f	6	42	329	164	13	2	0
	%	1,1	7,6	59,2	29,5	2,3	0,4	0,0
Molestering	f	18	48	168	256	62	3	0
	%	3,2	8,6	30,3	46,1	11,2	0,5	0,0
Voorbehoed-middels	f	2	6	90	342	114	0	0
	%	0,4	1,1	16,2	61,7	20,6	0,0	0,0
Homoseksualiteit	f	2	13	118	316	104	3	0
	%	0,4	2,3	21,2	56,8	18,7	0,5	0,0
Seksueel oor-draagbare siekte	f	4	66	307	168	9	0	0
	%	0,7	11,9	55,4	30,3	1,6	0,0	0,0
Menstruasie	f	3	21	243	222	62	5	0
	%	0,5	3,8	43,7	39,9	11,2	0,9	0,0

Tabel 8.11: Ouderdom waarop seksuele kennis verkry (vervolg)

ONDERWERP		OUDERDOM						
		1-4	5-8	9-12	13-15	16-18	19-21	21 en ouer
Nagtelike stortings	f	1	5	97	274	145	21	9
	%	0,2	0,9	17,6	49,6	26,3	3,8	1,6
Masturbasie	f	5	9	109	257	154	18	1
	%	0,9	1,6	19,7	46,5	27,8	3,3	0,2
Seksuele posisies	f	1	2	43	206	253	37	4
	%	0,2	0,4	7,9	37,7	46,3	6,8	0,7
Orale seks	f	3	4	25	172	276	54	7
	%	0,6	0,8	4,7	32,3	51,9	8,5	1,3
<b>TOTAAL</b>		210	541	1956	2376	1206	135	21
<b>TOTALE %</b>		3,2	8,39	30,35	36,87	18,7	2,9	0,3

Volgens tabel 8.11 het die meeste respondente hulle seksuele kennis tussen 13- en 15-jarige ouderdom opgedoen. Daar was ook 'n groot groep van die respondente wat voor puberteit, tussen 9- en 12-jarige ouderdom, seksuele kennis verkry het. Verder het 18,7% van die respondente sekere seksuele inligting tussen 16- en 18-jarige ouderdom ontvang.

### 8.3 SEKSUELE KENNIS

Die respondente se kennis van verskeie seksuele aspekte (bylaag B, afdeling B) is deur waar of vals items bepaal. Hierdie items is soos volg in subafdelings ingedeel: fisiologiese kennis (items 1-7, 10-13, 16-18, 42 en 43) seksueel oordraagbare siektes (items 32-41), bevrugting en voorbehoedmiddels (items 5-8, 22-31 en 44) en wetlike aspekte (items 14-15 en 20-21).

Tabel 8.12 verskaf 'n aanduiding van die tellings wat die respondente op die seksuele kennisafdeling en subskale behaal het.

*Tabel 8.12: Gemiddelde, standaardafwykings en maksimumwaardes vir seksuele kennis*

Subafdeling	Gemiddeld	Standaardafwyking	Moontlike maksimumwaarde	Helte van maksimumwaarde
Seksuele kennis	34,00	3,94	44	22
Fisiologiese kennis	13,34	2,36	16	8
Bevrugting en voorbehoeding	10,49	1,76	15	7,5
Seksueel oordraagbare siektes	8,92	1,45	10	5
Wetlike aspekte	3,3	0,66	4	2

In die seksuele kennisafdeling het die respondente 'n gemiddeld van 34 uit 'n moontlike totaal van 42 items korrek beantwoord. Dit gee 'n gemiddelde persentasie van ongeveer 80%. Die subafdeling waarin die respondente die hoogste gemiddelde persentasie behaal het, is seksueel oordraagbare siektes (89,5%). In die subafdeling wat oor wetlike aspekte handel, het die respondente 83% behaal. Hulle fisiologiese kennis (72%) en kennis oor bevrugting en voorbehoeding (71%) blyk egter onder hulle totale gemiddeld te wees.

Geen beduidende verskille is tussen mans en vrouens gevind nie.

#### **8.4 SEKSUELE HOUDINGS**

Die houding van respondente ten opsigte van sekere seksuele aspekte is deur middel van 56 items bepaal (bylaag B, afdeling C). Die verskillende subafdelings vir seksuele houdings is seksuele voorligting (items 1, 3, 9, 10, 16, 17, 33, 37 en 56), seksueel

oordraagbare siektes (items 33, 34, 39, 51), die gebruik van voorbehoedmiddels (items 2, 4, 8, 14, 22 en 23), solitêre seksuele gedrag (pornografie — item 27, masturbasie — items 7 en 50, fantasering — items 25 en 30), geslagsgemeenskap voor die huwelik (items 6, 12, 15, 40, 45, 46, 48, 49 en 52), dubbele standaard (items 13, 18-20, 24, 32, 35, 45) en vriende se invloed (items 29, 31, 36, 38, 43).

Indien die respondente se gemiddelde telling van die verskillende subafdelings laer is as die helfte van die maksimumtelling, is dit 'n aanduiding van 'n negatiewe of afkeurende houding, terwyl 'n hoër gemiddelde telling as die helfte van die maksimumtelling 'n positiewe houding weerspieël.

In die geval van die *dubbele standaard* beteken 'n hoër gemiddelde telling as die helfte van die maksimumtelling dat die respondente die dubbele standaard afkeur, en 'n laer gemiddelde telling as die helfte van die maksimumtelling impliseer dat die respondente die dubbele standaard goedkeur. In die geval van *seksueel oordraagbare siektes* toon 'n hoër gemiddelde telling as die helfte van die maksimumtelling dat die respondente van mening is dat dit belangrik is om van seksueel oordraagbare siektes kennis te neem en meer daarvan te leer.

In die subafdeling waarin respondente se houding ten opsigte van hulle *maats se invloed* op hulle seksuele besluite en lewens bepaal is, beteken 'n hoër gemiddelde telling as die helfte van die maksimumwaarde dat hulle van mening is dat maats nie 'n groot invloed op die seksuele lewens van mense speel nie, terwyl 'n laer gemiddelde telling as die helfte van die maksimumtelling daarop dui dat die respondente van mening is dat maats tog 'n invloed op die seksuele lewens van persone het.

Uit tabel 8.13 blyk dit dat die respondente se houdings ten opsigte van seksuele voorligting positief is, maar effens negatief tot neutraal ten opsigte van die gebruik en bemerking van voorbehoedmiddels voor die huwelik. Meer as die helfte van die respondente is van mening dat daar meer van seksueel oordraagbare siektes kennis geneem en geleer behoort te word. Die respondente keur geslagsgemeenskap voor die huwelik af, asook die dubbele standaard wat vir mans en vrouens gestel word.

Die respondente het in die subafdeling wat oor solitêre seksuele gedrag handel, masturbasie sowel as seksuele fantasering goedgekeur. Hulle houding ten opsigte van pornografie is deur slegs een item bepaal. Die meeste respondente (83,9%) was van mening dat pornografie 'n ongesonde seksuele houding by mense kweek.

*Tabel 8.13: Gemiddelde, standaardafwykings en maksimumwaardes vir seksuele houdings*

Subafdeling	Gemiddeld	Standaardafwyking	Moontlike maksimumwaardes	Halfte van maksimumwaardes	Rigting van houding
Seksuele voorligting	6,42	1,25	9	4,5	Positief
Voorbehoedmiddels	2,85	0,67	6	3	Negatief
Seksueel oordraagbare siektes	2,56	0,96	4	2	Positief
Geslagsgemeenskap voor huwelik	3,58	1,60	9	4,5	Negatief
Seksuele fantasering	1,54	0,64	2	1	Positief
Masturbasie	1,45	0,68	2	1	Positief
Dubbele standarde	5,28	1,31	8	4	Positief
Vriende se invloed	2,10	1,28	5	2,5	Negatief

In die subafdeling wat oor die invloed van maats handel, het die steekproef 'n gemiddelde telling van 2,10 uit 'n moontlike totaal van 5 gekry. Hierdie gemiddeld dui aan dat die respondente van mening is dat 'n persoon se maats 'n invloed op sy seksuele lewe uitoefen. Daar was egter 'n statisties betekenisvolle verskil ( $p < 0,001$ ) en 'n prakties betekenisvolle verskil ( $d > 0,8$ ) volgens Cohen (soos aangehaal deur Huysamen, 1991) tussen die mans en die dames se gemiddelde tellings in hierdie subafdeling. Die mans het 'n gemiddeld van 2,72 behaal en die dames 'n gemiddeld van 1,62. Daar was dus meer dames as mans wat gereken het dat maats 'n groot invloed op 'n persoon se seksuele lewe en besluitneming het.

## 8.5 SEKSUELE GEDRAG

Die inligting verkry uit die seksuele gedragsafdeling (bylaag B, afdeling D) wat uit 47 items bestaan, verskaf 'n aanduiding van die spesifieke seksuele gedrag van die respondente. Hierdie afdeling bestaan uit die volgende subafdelings: passiewe seksuele gedrag (items 15, 16, 19, 20 en 23), aktiewe seksuele gedrag (items 17, 18, 21, 22 en 24) geslagsgemeenskap (item 13 en 14), gedwonge seksuele kontak (item 25), solitêre seksuele gedrag wat masturbasie, seksuele fantasering, seksueel stimulerende drome, seksueel stimulerende films, seksueel stimulerende tydskrifte en onwettige pornografie insluit (items 7-12), die gebruik van voorbehoedmiddels (item 40-45) en seksueel oordraagbare siektes (item 47).

Die respondente het op items 1-24 'n keuse van sewe moontlike response op elke item gehad. Hierdie moontlike response is gekoppel aan die mate waarop die respondente aan seksuele aktiwiteite deelgeneem het.

### 8.5.1 Solitêre seksuele gedrag

Solitêre seksuele gedrag word gedefinieer as seksuele gedrag wat alleen beoefen word, soos masturbasie, seksuele fantasering, seksueel stimulerende drome en die bestudering van erotiese materiaal (pornografie) (Masters, Johnson & Kolodny, 1992:331).

*Tabel 8.14: Frekwensie en persentasieverspreiding van solitêre seksuele gedrag*

Solitêre seksuele gedrag		Nooit	Amper nooit	Selde	Soms	Dikwels	Gereeld	Baie
Masturbasie	f	173	81	57	92	62	51	16
	%	32,5	15,7	10,7	17,3	11,7	9,6	3,0
Seksuele fantasering	f	39	95	84	121	79	77	45
	%	7,2	17,6	15,6	22,4	14,6	14,3	8,3
Seksuele drome	f	199	135	100	75	19	8	1
	%	37,1	25,1	18,6	14,0	3,5	1,5	0,2

**Tabel 8.14: Frekwensie en persentasieverspreiding van solitêre seksuele gedrag (vervolg)**

Solitêre seksuele gedrag		Nooit	Amper nooit	Selde	Soms	Dikwels	Gereeld	Baie
Seksuele films	f	178	189	110	50	10	4	0
	%	32,9	34,9	20,3	9,2	1,8	0,7	0,0
Seksuele tydskrifte	f	199	173	93	50	16	8	0
	%	36,9	32,1	17,3	9,3	3,0	1,5	0,0
Onwettige pornografie	f	401	98	27	9	2	2	0
	%	74,4	18,2	5,0	1,7	0,4	0,4	0,0
<b>TOTAAL</b>		1189	771	471	397	188	150	62
<b>TOTALE %</b>		36,8	23,9	14,59	12,3	5,8	4,6	1,9

Uit tabel 8.14 blyk dit dat ongeveer 36,8% van die respondente nog nooit een of ander vorm van solitêre seksuele gedrag beoefen het nie. Vir 23,9% van die respondente was hulle solitêre seksuele ervaring eenmalig van aard. Daarenteen beoefen 14,59% van die respondente een of ander vorm van solitêre seksuele gedrag ongeveer een maal in ses maande. Daar was 12,3% van die respondente wat een of twee maal per week een of ander solitêre seksuele gedrag beoefen. 'n Heelwat kleiner persentasie (5,8%) beoefen sekere solitêre seksuele gedrag ongeveer een maal per week, terwyl 4,6% respondente meer as een maal per week sekere solitêre seksuele gedrag beoefen. 'n Baie klein persentasie van die respondente (1,9%) beoefen sekere solitêre seksuele gedrag ongeveer een of selfs meer keer per dag.

Seksuele fantasering blyk die gewildste vorm van solitêre seksuele gedrag te wees. Ongeveer 92,8% van die respondente het aangedui dat hulle seksueel fantaseer. Met betrekking tot die gereeldheid van seksuele fantasering het ongeveer 37% van die respondente aangedui dat hulle een maal per week tot een of selfs meer keer per dag fantaseer. Volgens tabel 8.15 bestaan daar 'n statistiese verskil ( $p < 0,001$ ) en 'n praktiese verskil ( $d > 0,5$ ) tussen die mans en die dames se gemiddelde tellings op seksuele fantasering. Die mans het 'n gemiddelde telling van 3,8 behaal en die dames 'n gemiddelde

telling van 2,3. Hieruit blyk dit dat die dames gemiddeld minder as die mans seksueel fantaseer.

*Tabel 8.15: Die verskil van gemiddeldes tussen mans en dames ten opsigte van solitêre seksuele gedrag*

Gedrag	t-waarde	Vryheidgrade	p-waarde	d-waarde
Masturbasie	-10,286	504,1	0,0001 **	0,90 ***
Seksueel stimulerende drome	-7,55	500,0	0,0001 **	0,65 **
Seksuele fantasering	-6,802	512,1	0,0001 **	0,59 **
Seksueel stimulerende films	-4,86	510,0	0,0001 **	0,42 *
Seksueel stimulerende tydskrifte	-5,32	474,4	0,0001 **	0,43 *
Onwettige pornografie	-7,87	362,2	0,0001 **	0,57 **

\*  $p < 0,05$

\*\*  $p < 0,001$

\*  $d = 0,2$  klein effek

\*\*  $d = 0,5$  medium effek

\*\*\*  $d = 0,8$  groot effek

Ten opsigte van masturbasie is bevind dat 48,5% van die dames nog nooit gemasturbeer het nie. In die geval van die mans het slegs 12,7% nog nooit gemasturbeer nie. Daar bestaan 'n statistiese ( $p < 0,001$ ) en prakties betekenisvolle verskil ( $d > 80$ ) tussen die mans en die dames se gemiddelde tellings op masturbasie. Die mans het 'n gemiddeld van 3,84 behaal en die dames 'n gemiddeld van 2,33. Hieruit blyk dit dat die dames gemiddeld minder as die mans masturbeer.

Wat seksueel stimulerende drome en die lees van harde pornografie betref, bestaan daar 'n statisties ( $p < 0,001$ ) en prakties betekenisvolle verskil ( $d > 0,5$ ) tussen die gemiddelde

tellings van die mans en die dames. Die mans het onderskeidelik gemiddelde tellings van 2,7 en 1,60 op hierdie twee subafdelings behaal en die dames gemiddelde tellings van 1,9 en 1,14. Hieruit blyk dit dat die dames gemiddeld minder as mans seksueel stimulerende drome ervaar en ook minder harde of onwettige pornografie lees.

### 8.5.2 Geslagsgemeenskap

Daar was 26 respondente wat nie die twee items oor geslagsgemeenskap beantwoord het nie.

*Tabel 8.16: Frekwensie en persentasieverspreiding van geslagsgemeenskap*

Geslags-gemeenskap		Nooit	Amper nooit	Selde	Soms	Dikwels	Gereeld	Baie
In 'n verhouding	f	462	43	15	24	12	9	6
	%	79,6	8,0	2,8	4,5	2,2	1,7	1,1
Sonder 'n verhouding	f	486	28	11	4	5	0	1
	%	90,8	5,2	2,1	0,7	0,9	0,0	0,2

Uit tabel 8.16 blyk dit dat ongeveer 79,6% van die respondente nog nooit geslagsgemeenskap in 'n vaste verhouding gehad het nie, terwyl 90,8% nog nooit "casual" of losse seks gehad het nie. Aan die ander kant beoefen ongeveer 20,4% van die respondente geslagsgemeenskap in 'n vaste verhouding. Ongeveer 9,2% van die respondente beoefen "casual" geslagsgemeenskap, wat impliseer dat hulle nie emosioneel verbonde is aan hulle seksuele maat nie. Altesaam was daar ongeveer 29,6% respondente wat al geslagsgemeenskap beoefen het.

By verdere ondersoek het dit geblyk dat 64,2% van die seksueel aktiewe respondente slegs een seksuele maat die afgelope jaar gehad het, 12,1% twee seksmaats, 11,4% drie seksmaats, 8,57% vier tot agt seksmaats, 0,7% nege tot dertien en 2,85% het veertien en meer seksmaats die afgelope jaar gehad.

Een en vyftig persent van die respondente het hulle eerste geslagsgemeenskap tussen die ouderdom 16 en 18 jaar gehad. Ongeveer 4,3% was jonger as 5 jaar, 5,8% was 5 tot 8 jaar oud, 3,6% was 9 tot 12 jaar oud, 9,4% was tussen 13 en 15 jaar oud en 25,5% was

ouer as 19 jaar. Die seksuele maat met wie die eerste geslagsgemeenskap plaasgevind het, was in 56,2% van die gevalle 'n persoon met wie die respondent in 'n vaste verhouding betrokke was, en in 13,7% gevalle 'n persoon met wie daar geen emosionele verbondenheid was nie ("one night stand"). Verder was 12,3% 'n goeie maat, 5,4% 'n familielid, 3,42% 'n vriend van die familie en 8,9% van die respondente het die kategorie "ander" gekies.

Respondente wat nog nie geslagsgemeenskap gehad het nie het die rede daarvoor soos volg aangedui: geloofsoortuiging (72%); vrees vir swangerskap (5,4%); verkies om te wag vir troudag (15,2%); nog nie die regte persoon ontmoet nie (4%); vrees vir seksueel oordraagbare siektes (0,2%); vrees dat gedrag uitgevind sal word (1,2%); voel onseker oor hoe om seksueel op te tree (2,1%).

### 8.5.3 Aktiewe seksuele gedrag

Onder die subafdeling *aktiewe seksuele gedrag* ressorteer seksuele gedrag waar die respondent aktief met 'n maat seksuele aktiwiteite beoefen deur middel van orale seks of die stimulasie van die seksuele maat se borste en genitalieë.

*Tabel 8.17: Frekwensie en persentasieverspreiding van aktiewe seksuele gedrag*

Stimulasie van:		Nooit	Amper nooit	Selde	Soms	Dikwels	Gereeld	Baie
Borste bo klere	f	277	57	44	69	43	33	10
	%	52,0	10,7	8,3	12,9	8,1	6,2	1,9
Borste onder klere of naak	f	293	56	41	62	43	30	9
	%	54,9	10,5	7,7	11,6	8,1	5,6	1,7
Genitalieë bo klere	f	265	81	51	56	47	23	8
	%	49,9	15,3	9,6	10,5	8,9	4,3	1,5
Genitalieë onder klere of naak	f	289	72	48	55	42	21	7
	%	54,1	13,5	9,0	10,3	7,9	3,9	1,3

**Tabel 8.17: Frekwensie en persentasieverspreiding van aktiewe seksuele gedrag (vervolg)**

Stimulasie van:		Nooit	Amper nooit	Selde	Soms	Dikwels	Gereeld	Baie
Genitalieë per mond	f	389	48	37	27	14	14	3
	%	73,0	9,1	7,0	5,1	2,6	2,6	0,6
<b>TOTAAL</b>		1511	314	221	269	176	121	37
<b>TOTALE %</b>		57,2	11,8	8,3	10,9	6,66	4,58	1,4

Daar was 27 respondente wat verkies het om nie die vrae in hierdie subafdeling te beantwoord nie.

Uit tabel 8.17 word afgelei dat meer as die helfte van die respondente nie aktiewe seksuele gedrag deur middel van orale seks of die stimulering van 'n maat se borste en genitalieë beoefen nie.

#### **8.5.4 Passiewe seksuele gedrag**

Onder die subafdeling *passiewe seksuele gedrag* ressorteer seksuele aktiwiteite waarin die seksuele maat die aktiewe persoon in die seksuele spel is. Passiewe seksuele gedrag sluit die stimulasie van die respondent se borste en genitalieë asook orale seks in.

Daar was 28 respondente wat verkies het om nie die vrae in hierdie subafdeling te beantwoord nie.

Meer as die helfte van die respondente het aangedui dat hulle al seksuele stimulasie deur 'n ander persoon ervaar het. Van hierdie respondente het 57,2% aangetoon dat hulle borste bo-oor hulle klere gestimuleer is, terwyl 52% aangetoon het dat hulle naakte borste gestimuleer is. Ongeveer 51% respondente het aangedui dat hulle genitalieë bo-oor hulle klere gestimuleer is, terwyl 46% aangetoon het dat hulle naakte genitalieë deur 'n ander persoon gestimuleer is. Heelwat minder respondente (27,2%) het aangetoon dat hulle genitalieë mondelings deur 'n persoon gestimuleer is.

*Tabel 8.18: Frekwensie en persentasieverspreiding van passiewe seksuele gedrag*

Stimulasie van:		Nooit	Amper nooit	Selde	Soms	Dikwels	Gereeld	Baie
Borste bo klere	f	221	70	58	66	50	33	18
	%	42,8	13,6	11,2	12,8	9,7	6,4	3,5
Borste onder klere of naak	f	247	59	48	64	44	34	19
	%	48,8	11,5	9,3	12,4	8,5	6,6	3,7
Genitalieë bo klere	f	252	91	57	56	42	30	7
	%	47,1	17,0	10,7	10,5	7,9	5,6	1,3
Genitalieë onder klere of naak	f	288	73	56	44	44	23	8
	%	54,1	13,6	10,4	8,2	8,2	4,3	1,5
Genitalieë per mond	f	388	52	31	27	19	13	3
	%	72,8	9,8	5,8	5,1	3,6	2,4	0,6
<b>TOTAAL</b>		1396	345	290	257	199	133	37
<b>TOTALE %</b>		53,2	13,1	11,0	9,8	7,59	5,0	1,4

Deur middel van Pearson se korrelasiekoëffisiënt ( $r$ ) is die verband tussen aktiewe en passiewe seksuele gedrag vasgestel. Die korrelasiekoëffisiënt was 0,88, wat daarop dui dat daar 'n verband tussen passiewe en aktiewe seksuele gedrag bestaan. Verder is die korrelasiekoëffisiënt op die 0,001-peil statisties beduidend. Dit wil voorkom of die respondente nie slegs passiewe ontvangers van seksuele gedrag is nie, maar aktief in die seksuele gedrag meeleeft.

### 8.5.5 Gedwonge seksuele kontak

Gedwonge seksuele kontak word gedefinieer as enige seksuele kontak waarin die respondent fisiek of verbaal weerstand gebied het. Daar was 67 respondente wat aangedui het dat hulle gedwonge seksuele kontak beleef het. Dit is ongeveer 12,7% van die respondente.

Die persentasie respondente wie se eerste seksuele ervaring gedwonge seksuele kontak was, is 11,4% waarvan 6,7% seksueel gemolesteer is. In die geval van geslagsgemeenskap was ongeveer 6% van die respondente gedwing om geslagsgemeenskap te hê. Daarbenewens het 5,2% van die respondente aangedui dat hulle gedwonge seksuele ervaring die rede is waarom hulle by seksuele aktiwiteite betrokke geraak het.

#### 8.5.6 Gebruik van voorbehoedmiddels

Slegs 29,5% van die respondente wat seksueel aktief was, het voorbehoedmiddels gebruik. Die ander 69,5% het geen voorbehoedmiddels gebruik nie, en die belangrikste rede wat hulle daarvoor aangevoer het, is dat hulle seksuele aktiwiteite onbeplan en impulsief plaasgevind het (57,9%). Daar was ook 17,1% van die respondente wat gemeen het dat voorbehoeding hulle maat se verantwoordelikheid is, terwyl 8,6% van die respondente skaam was om voorbehoedmiddels te bekom. Elf persone (7,2%) het aangedui dat hulle nie van die gebruik van voorbehoedmiddels hou nie, terwyl 3,3% nie in die gebruik van voorbehoedmiddels glo nie. 'n Verdere 3,3% van die respondente het aangedui dat die gebruik van voorbehoedmiddels te veel moeite is, terwyl 2,6% van mening was dat indien hulle swanger moet raak, dit maar so moet wees.

Van die respondente wat wel voorbehoedmiddels gebruik, het 51% aangedui dat hulle of hulle seksuele maats kondome gebruik. Die res van die seksueel aktiewe respondente het soos volg oor hulle gebruik van voorbehoedmiddels gerapporteer: 21,1% gebruik die voorbehoedpil, 14,2% gebruik die onttrekkingsmetode waar die penis net voor ejakulasie uit die vagina onttrek word, 2,8% gebruik die ritmemetode en 9,2% gebruik ander metodes wat nie in die vraelys gespesifiseer is nie. Slegs 1,4% maak van die intrauteriene apparaat gebruik, en geen respondente gebruik vaginale skuim nie.

Die respondente wat nie seksueel aktief is nie, beplan om die voorbehoedpil (38,8%) en kondome (45,3%) as metode van voorbehoeding in die toekoms wanneer hulle seksueel aktief raak, te gebruik.

Die intrauteriene apparaat blyk die mees onbekende voorbehoedmiddel te wees, aangesien 44,5% aangedui het dat hulle nie hierdie metode ken nie. In die geval van die ander metodes het 14,5% van die respondente aangedui dat vaginale skuim as voorbehoedmiddel aan hulle onbekend is. Vir 13,1% van die respondente was die ritmemetode, 9,9% kondome, 7,3% die voorbehoedpil en 4,1% die onttrekkingsmetode onbekend.

Sewentien respondente het aangedui dat hulle of hulle seksuele maat as gevolg van hulle toedoen swanger geraak het.

### 8.5.7 Seksueel oordraagbare siektes

Verskeie simptome van seksueel oordraagbare siektes word deur item 47 van afdeling D gedek. Daar kan nie met sekerheid bewyse gelewer word dat hierdie simptome op 'n seksueel oordraagbare siekte dui nie, aangesien 'n mediese ondersoek vir die diagnoseering daarvan nodig is, maar hierdie resultate kan wel 'n aanduiding verskaf van moontlike seksueel oordraagbare siektes wat die respondente mag ondervind.

In tabel 8.19 word die respondente se response op hierdie vraag uiteengesit.

*Tabel 8.19: Frekwensieverspreiding van moontlike seksueel oordraagbare siektes*

SEKSUEEL OORDRAAGBARE SIEKTES	VROUENS		MANS	
	f	%	f	%
Gonorree	17	7,1	10	4,9
Sifilis	1	0,4	4	2,0
Chlamydial-infeksie	86	35,7	39	19,2
Genitale herpes	0	0,0	1	0,5
Geen simptome	137	56,8	149	73,4
<b>TOTAAL</b>	<b>241</b>	<b>100</b>	<b>203</b>	<b>100</b>

Daar was 117 respondente wat nie die vraag beantwoord het nie.

Volgens tabel 8.19 het die meeste respondente aangedui dat hulle nie enige simptome van seksueel oordraagbare siektes toon nie. Daar was 'n groot aantal vroue respondente (35,7%) wat moontlike Chlamydial-infeksies gerapporteer het. Daar moet egter in ag geneem word dat hierdie tipe infeksies nie noodwendig deur seksuele kontak oorgedra word nie.

Daar was 6,1% respondente wat moontlike simptome van gonorree gerapporteer het, terwyl onderskeidelik 1,2% en 0,2% van die respondente simptome van sifilis en genitale herpes gerapporteer het.

### 8.5.8 Seksuele gedrag nie anders gespesifiseer

Sekere van die vrae wat in afdeling D gevra is, word nie onder een van die subafdelings behandel nie, maar verskaf tog belangrike inligting. Hierdie vrae handel oor die respondente se seksuele voorkeur, hulle eerste seksuele ervaring en hulle vertellings ten opsigte van hulle seksuele ervarings.

#### 8.5.8.1 Seksuele voorkeur

In tabel 8.20 word die response op die vraag met watter geslag die respondente tot op hede seksuele ervarings gehad het, uiteengesit.

*Tabel 8.20: Frekwensieverspreiding van die geslag van persone met wie die respondente sekere seksuele ervarings gehad het*

SEKSUELE ERVARINGS WAS MET:	VROUENS		MANS	
	f	%	f	%
Slegs mans	238	87,8	14	6,4
Slegs vrouens	18	6,6	184	86,3
Hoofsaaklik met mans	12	4,4	2	0,9
Hoofsaaklik met vrouens	2	0,8	13	5,9
Dieselfde hoeveelheid mans as vrouens	1	0,4	1	0,5
<b>TOTAAL</b>	<b>271</b>	<b>100,0</b>	<b>214</b>	<b>100,0</b>

Daar was 76 respondente wat nie hierdie vraag beantwoord het nie.

Ongeveer 87,9% van die damesrespondente se seksuele ervarings was met mans, terwyl 12,1% van die damesrespondente homoseksuele ervarings gehad het. Daar was ongeveer

13,7% van die mansrespondente wat homoseksuele ervarings gehad het, terwyl 86,3% van die mansrespondente se seksuele ervarings met vrouens was.

Vyf honderd en elf respondente (96,4%) wil slegs heteroseksuele verhoudings in die toekoms aangaan, terwyl nege respondente (1,7%) slegs homoseksuele verhoudings in die toekoms wil aanknoop. Tien respondente (1,9%) stel in biseksuele verhoudings vir die toekoms belang.

#### **8.5.8.2 Eerste seksuele ervarings**

Persone is geneig om hulle eerste seksuele ervaring verskillend te definieer. Dit was ook met die respondente die geval. Die meeste respondente (37,1%) het aangedui dat 'n intieme soen hulle eerste seksuele ervaring was, terwyl 23,7% van die respondente masturbasie as hulle eerste seksuele ervaring aangedui het. Ander eerste seksuele ervarings wat aangedui is, is die speel van seksuele speletjies as kinders (16,9%), aanraking en eksplorering van eie genitalieë (10,8%), die betasting van genitalieë deur 'n ouer persoon (7%) en geslagsgemeenskap (2,4%). Die persentasie respondente wat nie gespesifiseer het wat hulle eerste seksuele ervaring was nie, is 2,2%. Die gemiddelde ouderdom waarop die respondente hulle eerste seksuele ervaring gehad het, was 14,8 jaar.

Die persoon met wie die respondente hulle eerste seksuele ervaring gehad het, was in 39,3% van die gevalle die persoon met wie die respondente in 'n vaste verhouding betrokke was, en by 30,4% van die gevalle was dit 'n goeie maat. By 10,6% van die respondente was dit 'n kennis of "one night stand", by 8% 'n familielid, by 5% 'n vriend van die familie, en 6,8% het nie gespesifiseer wie die persoon was nie.

Daar was 87,7% respondente wat aangedui het dat hulle eerste seksuele ervaring vrywillig plaasgevind het, terwyl 12,3% respondente teensinnig aan hulle eerste seksuele aktiwiteit deelgeneem het.

Die redes wat die respondente vir hulle betrokkenheid by seksuele aktiwiteite aangevoer het, was soos volg: seksuele aangetrokkenheid (28,7%); intense verhouding (23,7%); nuuskierigheid (20,1%); impulsiwiteit (10,4%); molestering/verkragting (5,2%); vrees om maat te verloor (2,8%); ongespesifiseerd (9%).

### 8.5.8.3 Vertellings van seksuele ervarings

Die gewildste persone met wie die respondente hulle seksuele ervarings gedeel het, was hulle boesemvriende (36,9%). In 8,1% van die gevalle was hierdie vriende van dieselfde geslag en in 2,3% van die gevalle was hulle van die teenoorgestelde geslag. Slegs 2,9% van die respondente bespreek hulle seksuele ervarings met hulle ouers, terwyl 2,9% van die respondente met ander familielede oor hulle seksuele aktiwiteite praat. Daar was drie respondente (0,3%) wat hulle seksuele ervarings met professionele persone bespreek het.

Ongeveer 46% van die respondente praat met niemand oor hulle seksuele ervarings nie. Die rede wat hierdie respondente hiervoor aanvoer, is dat daar nie seksuele ervarings is om te deel nie, of dat hulle dit verkies om hulle seksuele ervarings privaat te hou.

Slegs 'n klein persentasie (4,2%) van die respondente vertel nie die waarheid wanneer hulle met ander persone oor hulle seksuele ervarings praat nie, terwyl 'n skrale 3,1% hulle seksuele ervarings in detail bespreek.

## 8.6 SEKSUELE VOORLIGTING

Items 53 tot 56 in afdeling C handel spesifiek oor die respondente se behoefte aan 'n seksuele opvoedings- of voorligtingsprogram. Daar was 66% van die respondente wat van mening was dat 'n seksuele voorligtingsprogram aangebied behoort te word wanneer daar 'n heterogene groep, bestaande uit mans en dames, teenwoordig is. Slegs 34% van die respondente was van mening dat mans en dames seksuele voorligting in aparte groepe moet ontvang.

Daar was 68,5% van die respondente wat van mening was dat die bywoning van 'n seksuele voorligtingsprogram vrywillig behoort te wees, terwyl 31,5% respondente van mening was dat die bywoning van so 'n program verpligtend moet wees.

Die koshuis se sitkamer is deur 46,2% van die respondente as die mees geskikte plek vir die aanbieding van 'n seksuele voorligtingsprogram aangewys, terwyl 23,8% 'n klaslokaal, 21,8% die ouditorium en 1,2% die eetsaal as 'n geskikte lokaal verkies het. Die oorblywende 6,6% het ander lokale aangedui sonder om dit te spesifiseer.

Op die vraag of respondente meen dat professionele persone soos sielkundiges, dokters, verpleegkundiges, maatskaplike werkers, ensovoorts geskikte aanbieders van so 'n program sal wees, het 84,7% respondente ja geantwoord, terwyl 'n skrale 15,3% nee geantwoord het.

Daar was 87,2% van die respondente wat aangedui het dat hulle by 'n seksuele voorligtingsprogram baat sou kon vind. Slegs 12,8% het aangedui dat 'n seksuele voorligtingsprogram hulle nie kan baat nie. Dieselfde resultate is behaal op die vraag of dit nodig is vir persone ouer as 18 jaar om seksuele voorligting te ontvang: 87,3% het ja geantwoord, terwyl 12,7% nee geantwoord het.

## 8.7 DIE VERBAND TUSSEN SEKSUELE KENNIS EN SEKSUELE HOUDING

Die verband tussen die totale seksuele kennisafdeling en die totale seksuele houdingsafdeling is deur Pearson se korrelasiekoëffisiënt ( $r$ ) bepaal. Die verband tussen die verskillende subafdelings van seksuele kennis, wat met dieselfde subafdelings van seksuele houdings ooreenstem, is ook bepaal.

*Tabel 8.21: Korrelasiekoëffisiënt vir seksuele kennis en seksuele houdings*

SEKSUELE KENNIS	SEKSUELE HOUDINGS		
	Totale vraelys	Voorbehoedmiddels	Seksueel oordraagbare siektes
Totale vraelys	0,21 **	—	—
Voorbehoedmiddels	—	0,05	—
Seksueel oordraagbare siektes	—	—	0,14 **

\*  $p < 0,05$

\*\*  $p < 0,001$

Indien bepaal word of daar 'n verband tussen die verskillende aspekte bestaan, moet die korrelasiekoëffisiënt in ag geneem word. Hoe nader aan  $+1$ , hoe groter is die verband. Volgens Chaplin (1968) dui 'n korrelasiekoëffisiënt van 0,00 tot 0,20 op geen

tot 'n geringe korrelasie, 0,20 tot 0,40 op 'n geringe tot matige korrelasie, en 0,40 tot 1,00 op 'n matige tot groot korrelasie. Huysamen (1988) wys egter daarop dat wanneer 'n groot steekproef gebruik is ( $N > 100$ ) 'n geringe of matige korrelasiekoëffisiënt sterker is as wat dit vertoon, aangesien die standaardfout van die korrelasie kleiner raak namate die steekproef toeneem.

In hierdie navorsing is daar van 'n groot steekproef gebruik gemaak, wat afleidings oor die verband tussen veranderlikes kompliseer indien daar net op die korrelasiekoëffisiënt gefokus word. Wanneer die p-waardes ook in ag geneem word, blyk dit dus dat daar 'n positiewe verband ( $p < 0,001$ ) bestaan tussen die totale seksuele kennisafdeling en totale seksuele houdingsafdeling. Daar bestaan ook 'n verband tussen seksuele kennis en seksuele houdings ten opsigte van seksueel oordraagbare siektes ( $p < 0,001$ ). Geen verband is tussen seksuele kennis en seksuele houdings ten opsigte van voorbehoedmiddels gekry nie.

## 8.8 DIE VERBAND TUSSEN SEKSUELE HOUDINGS EN SEKSUELE GEDRAG

Die verband tussen die verskillende subafdelings van die seksuele houdingsafdeling en die seksuele gedragsafdeling wat met mekaar ooreenstem, sal bepaal word.

*Tabel 8.22: Korrelasiekoëffisiënt vir seksuele houdings en seksuele gedrag*

SEKSUELE GEDRAG	SEKSUELE HOUDINGS			
	Solitêre gedrag	Voorbehoedmiddels	Seksueel oordraagbare siektes	Geslagsgemeenskap
Solitêre gedrag	-0,053	—	—	—
Voorbehoedmiddels	—	0,1825 *	—	—
Seksueel oordraagbare siektes	—	—	0,002	—
Geslagsgemeenskap	—	—	—	0,265 **

\*  $p < 0,05$

\*\*  $p < 0,001$

Volgens tabel 8.22 korreleer seksuele houdings ten opsigte van geslagsgemeenskap beduidend positief met die aktiewe beoefening van geslagsgemeenskap ( $p < 0,001$ ). Daar bestaan ook 'n beduidende positiewe korrelasie tussen die houdings ten opsigte van die gebruik van voorbehoedmiddels en die werklike gebruik van voorbehoedmiddels ( $p < 0,05$ ).

## 8.9 DIE VERBAND TUSSEN SEKSUELE KENNIS EN SEKSUELE GEDRAG

Die verband tussen die verskillende subafdelings van die seksuele gedragsafdeling en die seksuele kennisafdeling wat met mekaar ooreenstem, sal bepaal word.

*Tabel 8.23: Korrelasiekoëffisiënt vir seksuele kennis en seksuele gedrag*

SEKSUELE KENNIS	SEKSUELE GEDRAG	
	Voorbehoedmiddels	Seksueel oordraagbare siektes
Voorbehoedmiddels	0,0024	—
Seksueel oordraagbare siektes	—	0,0373

\*  $p < 0,05$

\*\*  $p < 0,001$

Daar kon geen beduidende verband gevind word tussen die respondente se seksuele kennis van voorbehoedmiddels en seksueel oordraagbare siektes en hulle seksuele gedrag nie.

## 8.10 SAMEVATTING

Die inligting wat in hierdie hoofstuk verskaf is, is ingewin deur middel van die voltooiing van 'n vraelys bestaande uit verskillende afdelings. Uit hierdie inligting het dit geblyk dat meer vrouens as mans die vraelys ingevul het en dat hulle gemiddeld 19 jaar oud was. Die meeste respondente se gewildste seksuele bron van inligting was die media, maats en moeder, en die meeste respondente het tussen 13- en 15-jarige ouderdom hulle seksuele inligting ontvang. Verder beskik die respondente oor meer seksuele kennis

ten opsigte van seksueel oordraagbare siektes en wetlike aspekte, en minder kennis oor fisiologiese aspekte en bevrugting en voorbehoeding. Die houding van die respondente ten opsigte van seksuele voorligting en solitêre seksuele gedrag was positief, maar negatief ten opsigte van die bemerking en gebruik van voorbehoedmiddels voor die huwelik. Die respondente was van mening dat daar meer van seksueel oordraagbare siektes kennis geneem en geleer behoort te word. Verder keur hulle geslagsgemeenskap voor die huwelik, asook die dubbele standaard wat tussen mans en vrouens gestel word, af. Die respondente was ook van mening dat maats 'n invloed op die seksuele lewens van ander persone uitoefen.

Ongeveer die helfte van die respondente het aangetoon dat hulle nie seksueel aktief is nie, terwyl ongeveer 30% van die respondente al geslagsgemeenskap beoefen het. Die respondente wat seksueel aktief is, blyk nie net passiewe ontvangers van seksuele gedrag te wees nie, maar neem ook aktief aan seksuele aktiwiteite deel.

Daar bestaan 'n verband tussen die totale seksuele kennisafdeling en seksuele houdingsafdeling en ook tussen die respondente se seksuele kennis en houdings ten opsigte van seksueel oordraagbare siektes. Verder bestaan daar 'n verband tussen die respondente se houdings ten opsigte van geslagsgemeenskap en die beoefening van geslagsgemeenskap en hulle houdings ten opsigte van voorbehoedmiddels en die gebruik van die voorbehoedmiddels.

In die volgende hoofstuk word die resultate van die ondersoek bespreek en aanbevelings gemaak.

# **HOOFSTUK 9**

## **BESPREKING VAN RESULTATE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

### **9.1 INLEIDING**

In hierdie hoofstuk word die resultate van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek bespreek asook gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

### **9.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE**

Die bespreking van die resultate sal aan die hand van die doelwitte en die navorsingsvraag van hierdie studie, soos in hoofstuk 1 uiteengesit, gedoen word. Dit sal geskied met die oog op die beantwoording van die doelwitte en navorsingsvraag.

Die biografiese gegewens van die respondente in die ondersoek word kortliks uiteengesit om as agtergrond vir die bespreking te dien.

#### **9.2.1 Biografiese data**

Die respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het, was oorwegend eerstejaarstudente met 'n gemiddelde ouderdom van ongeveer 19 jaar. Hulle is in die ontwikkelingsfase laat-adolessensie, wat volgens Bee en Mithcell (1984:304) van 17 tot 22 jaar strek.

Die meeste respondente (76%) het op die platteland grootgeword en het direk na hulle skoolloopbaan by die universiteit ingeskryf. Hulle het dus vanuit die ouerhuis, waar die meeste van hulle se ouers getroud en die gesinslede emosioneel naby aan mekaar is, verhuis na 'n universiteitskoshuis (vergelyk tabelle 8.4.1 en 8.4.2). Die respondente se geloof blyk 'n belangrike rol in hulle lewens te speel na aanleiding van die 85% respondente wat gerapporteer het dat hulle geloof beslis 'n invloed op hulle lewens uitoefen. Geloofwaardes is daarom moontlik 'n aspek wat die respondente vanuit hulle ouerhuis na die betrokke universiteit gebring het.

Die respondente het aangedui dat hulle baie maats het, en dit blyk dat hulle vriendskappe redelik stabiel is deurdat ongeveer drie kwart van die respondente aangetoon het dat hulle beste vriendskappe reeds een jaar en langer duur. Ten opsigte van vaste verhoudings blyk die respondente ook stabiel te wees, aangesien die respondente gemiddeld twee vaste verhoudings gehad het wat gemiddeld 6 tot 12 maande geduur het.

### **9.2.2 Die aard van die respondente se seksuele kennis**

Uit die verkreeë resultate blyk dit dat die respondente meer kennis van seksueel oordraagbare siektes het as fisiologiese kennis en kennis van voorbehoedmiddels (vergelyk tabel 8.12). Hierdie verskil kan verduidelik word in die lig van die respondente se bron van inligting, aangesien die bron van inligting bepaal of korrekte en volledige inligting aan die adolessent weergegee word. Die meeste respondente het hulle inligting ten opsigte van seksueel oordraagbare siektes van professionele persone ontvang, terwyl die inligting ten opsigte van voorbehoedmiddels deur hulle maats verskaf is. Die inligting wat die respondente ontvang het ten opsigte van fisiologiese veranderinge en gepaardgaande aspekte is meestal deur die moeder voorsien.

Die resultate bevestig dat die maats nie 'n betroubare bron van inligting is nie, omdat hulle self nie altyd korrekte seksuele inligting het nie, en in die geval van die moeder kan dit wees dat die moeders self nie oor genoegsame kennis beskik het om die adolessente korrek oor al die belangrike seksueel fisiologiese aspekte in te lig nie (vergelyk 5.4.1 en 5.4.2). Dit blyk egter dat professionele persone as geskikte geslagsopvoeders kan optree, veral indien hulle opleiding ontvang het en hulle oor betroubare en genoegsame seksuele inligting beskik, wat hulle op 'n gemaklike maar professionele manier aan die respondente kan oordra.

### **9.2.3 Die aard van die respondente se seksuele houdings**

Die respondente het 'n positiewe houding ten opsigte van seksuele voorligting getoon. Hulle was ook van mening dat daar meer van seksueel oordraagbare siektes kennis geneem en geleer moet word (vergelyk tabel 8.13). Die respondente se behoefte aan meer kennis oor verskeie seksuele aangeleenthede blyk duidelik uit die bogenoemde.

Verder het die respondente 'n negatiewe houding ten opsigte van voorhuwelikse geslagsgemeenskap getoon al sou dit ook deur verloofdes of persone in 'n vaste verhouding beoefen word. Volgens die meeste respondente (ongeveer 85%) behoort geslagsgemeenskap net in die huwelik beoefen te word. Een van die moontlike redes wat hiervoor

aangevoer kan word, is dat 78,8% van die respondente van mening is dat seksuele omgang buite die huwelik 'n nadelige uitwerking op die seksuele verhouding binne die huwelik sal hê.

Bogenoemde mening kan moontlik in konteks van die respondente se geloofsoortuigings verklaar word, aangesien die meeste respondente (94%) aan 'n kerk behoort waar die Christelike geloof verkondig word. Van die respondente het 85% aangedui dat hulle geloof 'n sterk invloed op hulle lewens uitoefen. Ter bevestiging van die invloed van hulle geloof het 72% van die respondente hulle geloof aangevoer as rede waarom hulle nog nie geslagsgemeenskap gehad het nie. Hierdie resultate stem ooreen met die Christelike geloof waarvolgens geslagsgemeenskap voor die huwelik as 'n sonde bestempel en afgekeur behoort te word. Hierdie houding verskil van die houdings wat persone gedurende die seksuele rewolusie gevorm het (vergelyk 3.2.3).

Bogenoemde bevinding verskil van dié van Wepener (1991) en Olivier (1987) (vergelyk 3.3). Wepener en Olivier het bevind dat geslagsgemeenskap vir hulle respondente voor die huwelik aanvaarbaar is, met die voorwaarde dat daar wel 'n liefdesverhouding bestaan, terwyl die respondente in hierdie navorsing hulle uitspreek teen enige voor-huwelikse geslagsgemeenskap, selfs al bestaan daar 'n liefdesverhouding. Nietemin was 41,2% van die respondente in hierdie studie van mening dat studente volwasse genoeg is om seksuele verhoudings te hanteer.

Die meeste respondente (ongeveer 70%) se houdings ten opsigte van masturbasie was positief. Die houding stem ooreen met die verligte oortuigings van die Christelike geloof en die nuwe denkrigting wat na die seksuele rewolusie gevolg het (vergelyk 3.2.2.3.2 en 3.5). Die meeste respondente het ook 'n positiewe houding ten opsigte van seksuele fantasieë. Daar was 76% van die respondente wat van mening was dat seksuele fantasieë 'n mens se lewe verryk, wat ooreenstem met Olivier (1987:46) se bevinding dat fantasieë 'n persoon se seksuele lewe interessant kan maak en verryk.

Volgens Olivier (1987:197) kan pornografie nadele sowel as voordele hê. Een van die nadele waarvan sy melding maak, is dat dit 'n ongesonde seksuele houding by mense kan kweek. Die respondente in hierdie studie was ook van mening dat pornografie 'n ongesonde seksuele houding by mense kan teweeg bring. Hulle beklemtoon eerder die nadele as die voordele van pornografie (vergelyk 5.6).

Verder was die meeste respondente van mening dat maats wel 'n invloed op die seksuele lewens van ander persone uitoefen. Die respondente is daarvan oortuig dat daar 'n

mate van groepsdruk bestaan waarmee sommige persone sal konformeer. So byvoorbeeld het 63% van die respondente aangedui dat dit gewoonlik as 'n prestasie gereken word wanneer 'n man met 'n meisie seksueel verkeer.

In die geval van die bemerking en gebruik van voorbehoedmiddels voor die huwelik was die respondente neutraal tot effens negatief. Daar was 65% van die respondente wat van mening was dat hulle skuldig sou voel indien hulle voorbehoedmiddels sou gebruik. Die moontlik rede hiervoor kan wees dat 69% van die respondente genoem het dat wanneer 'n persoon voorbehoedmiddels in hulle besit het dit lyk asof die persoon seksuele omgang voor die tyd beplan het. Dit is juis hierdie vrees om voorbarig of goedkoop voor te kom wat Garbarino (1985:252) beklemtoon as een van die redes waarom adolessente, wanneer hulle seksueel aktief is, nie enige voorbehoedmiddels wil gebruik nie.

'n Ander belangrike aspek wat ook genoem kan word, is dat 46,3% van die respondente saamgestem het dat die verkryging van kondome vir die studente makliker gemaak behoort te word deur die plasing van 'n kondoommasjien in die mans- en/of dames-badkamers.

## **9.2.4 Die aard van die respondente se seksuele gedrag**

### **9.2.4.1 Liefkosings**

Uit tabelle 8.17 en 8.18 blyk dit dat ongeveer die helfte van die respondente in hulle verhoudingslewe 'n redelike graad van intieme liefkosings ervaar het. Hierdie respondente was nie slegs passiewe ontvangers van die seksuele gedrag nie, maar het ook aktief aan die liefkosings deelgeneem. Daar was ongeveer 30% van die respondente wat seksuele bevrediging in intieme liefkosings (wedersydse masturbasie, betasting van borste en genitalieë en orale seks) gekry het, maar nie tot geslagsgemeenskap oorgegaan het nie.

### **9.2.4.2 Geslagsgemeenskap**

'n Klein persentasie van die respondente (29,6%) het buiten intieme liefkosings ook geslagsgemeenskap gehad. Bogenoemde bevinding bevestig DeLora (1981:301) se mening dat daar nie baie adolessente is wat verder as wedersydse masturbasie of orale seks sal gaan nie en wat hierdie metodes as substituuat vir geslagsgemeenskap kies. Volgens DeLora (1981:301) besluit laat-adolessente meestal as gevolg van morele redes om nie

geslagsgemeenskap te hê nie. Hierdie stelling word ook deur die navorsing bevestig, deurdat 72% van die respondente hulle geloof aanvoer as rede waarom hulle nog nie geslagsgemeenskap gehad het nie.

Uit vorige studies blyk dit dat baie meer adolessente as wat hier bevind is al geslagsgemeenskap gehad het. Die Guttmacher Instituut (1981) het byvoorbeeld bevind dat 75% van die Amerikaanse adolessente voor negentienjarige ouderdom geslagsgemeenskap gehad het, terwyl Olivier (1987) in Suid-Afrika bevind het dat 73% van haar vroulike respondente wat 17 jaar en jonger is al geslagsgemeenskap gehad het. Daar was egter een studie waarmee ongeveer dieselfde resultate as in hierdie studie verkry is, naamlik dié van Wepener (1991). Sy het bevind dat 32,6% van die respondente in haar studie al geslagsgemeenskap gehad het. Wepener se steekproef stem baie ooreen met die steekproef in hierdie studie. Dit verklaar waarskynlik die ooreenstemming in die resultate.

'n Verklaring wat moontlik gebied kan word vir die klein persentasie respondente (29,6%) wat geslagsgemeenskap gehad het, is dat hierdie respondente se sterk geloofsoortuigings 'n inhibeerder vir hulle seksuele aktiwiteite kon wees. Volgens Juhasz en Sonnenschein-Scheider (1980) toon sterk geloofsoortuigings wel 'n korrelasie met verantwoordelike seksuele gedrag (vergelyk 4.4.1).

#### **9.2.4.3 Masturbasie**

In die geval van masturbasie is Conger en Petersen (1984:275) van mening dat meer mans as vroue masturbeer, terwyl Garbarino (1985:363) ook noem dat vrouens nie so gereeld as mans masturbeer nie. Verder het Masters *et al.* (1992:224) en Sorensen (1973) bevind dat 90% van die adolessente mans en drie kwart (75%) van die adolessente vrouens masturbeer.

In hierdie studie blyk dit dat daar, soos verwag is, 'n verskil tussen die mans en vroue se masturbasiegedrag is. Meer mans (87,3%) as vrouens (51,5%) het aangetoon dat hulle masturbeer, terwyl die mans ook gemiddeld meer as die vrouens gemasturbeer het. Die vrouens het gerapporteer dat hulle gemiddeld ongeveer een keer in ses maande masturbeer, terwyl die mans gemiddeld ongeveer een tot twee keer 'n maand masturbeer.

Ten opsigte van die verwagte aantal vrouens wat masturbeer, verskil die bevindinge van hierdie studie wel van die Amerikaanse statistieke. Slegs 51,5% van die vroulike studente het aangedui dat hulle al gemasturbeer het, terwyl 75% van die Amerikaanse vrouens masturbeer (Sorensen, 1973). Daar word nie 'n verskil gevind tussen die

manlike respondente in die studie en hulle Amerikaanse eweknieë nie, aangesien 87,3% van die manlike respondente aangedui het dat hulle masturbeer en 90% van die Amerikaanse adolessente mans masturbeer (Masters *et al.*, 1992:224; Sorensen, 1973).

#### **9.2.4.4 Seksuele fantasering**

Masters *et al.* (1992:224) het bevind dat 86% van hulle respondente in die ouderdomsgroep 18 tot 35 jaar seksueel fantaseer. In die onderhawige studie was daar egter meer respondente wat aangetoon het dat hulle fantaseer, naamlik 92,8%, met mans wat gemiddeld meer as vrouens fantaseer. Volgens Griffit (1987:159) sou eintlik verwag word dat daar geen kwantitatiewe verskil in fantasieë tussen mans en vrouens is nie.

#### **9.2.4.5 Pornografie**

Daar was heelwat minder respondente wat erotiese materiaal of pornografie kyk of lees as wat Masters *et al.* (1992:351) in hulle studie met Amerikaanse respondente vermoed. Daar was ongeveer 65% van die respondente wat al pornografiese materiaal gesien het, terwyl Masters *et al.* van mening is dat ongeveer alle Amerikaanse adolessente al pornografiese materiaal gesien het. Die resultate van die onderhawige studie stem wel ooreen met dié van Olivier (1987) wat bevind het dat 49,2% van 'n groep Suid-Afrikaanse vrouens dit geniet het om na erotiese materiaal te kyk, terwyl 54% van die vroulike respondente in die onderhawige studie al erotiese materiaal gesien het.

'n Faktor wat in ag geneem moet word wanneer statistieke tussen Suid-Afrika en Amerika ten opsigte van pornografie vergelyk word, is dat sagte pornografie eers die afgelope paar jaar vryelik in Suid-Afrika beskikbaar geword het, terwyl dit vir 'n paar dekades reeds vryelik in Amerika beskikbaar is. Die publiek in hierdie twee lande se blootstelling aan erotiese materiaal verskil dus van mekaar.

Alhoewel harde pornografie onwettig in Suid-Afrika is, het 25,6% van die respondente aangedui dat hulle al aan harde pornografie blootgestel was.

#### **9.2.4.6 Gedwonge seksuele kontak**

Daar was 12,7% van die respondente wat gedwonge seksuele kontak beleef het. Hierdie kontak kon plaasgevind het as gevolg van molestering, verkragting of "date rape". Die persentasie persone wat gedwonge seksuele kontak beleef het, stem ooreen met die

navorsing van Kiernan en Taylor (1990) in Amerika. Hulle het bevind dat 13,9% van hulle respondente gedwonge seksuele kontak beleef het.

#### 9.2.4.7 Gebruik van voorbehoedmiddels

Zelnick en Kantner (1980:235) het bevind dat 27% van hulle Amerikaanse respondente nooit voorbehoedmiddels tydens geslagsgemeenskap gebruik nie, terwyl 15,6% van Olivier (1987:138) se Suid-Afrikaanse respondente dit nooit gebruik nie. Slegs 29,5% van die respondente wat aan die onderhawige ondersoek deelgeneem het, gebruik voorbehoedmiddels, terwyl 'n skokkende 70,5% nie enige voorbehoedmiddels tydens geslagsgemeenskap gebruik nie. Hierdie resultate verskil baie van Zelnick en Kantner en Olivier se bevindinge deurdat baie meer respondente as wat verwag is nie voorbehoedmiddels gebruik nie. Die meeste respondente het die feit dat hulle seksuele aktiwiteite onbeplan en impulsief plaasvind as rede daarvoor aangevoer. Volgens Hernandez en Smith (1990:259) is dit 'n algemene rede onder adolessente. Die denkbeeldige gehoor wat Garbarino (1985:354) as een van die redes bevind het (vergelyk 4.5.9), blyk nie so van toepassing op hierdie respondente in hulle laat-adolessensie te wees nie. Slegs 8,5% van die respondente het aangedui dat hulle skaam voel om voorbehoedmiddels te bekom, wat 'n aanduiding kan wees dat die respondente voel daar is 'n denkbeeldige gehoor wat hulle dophou wanneer hulle die middels aankoop. Die dubbele standaard was by 17,1% van die respondente die rede waarom hulle nie voorbehoedmiddels gebruik nie. Hierdie respondente het aangedui dat die gebruik van voorbehoedmiddels hulle maat se verantwoordelikheid is, wat volgens Kisker (1985:85) 'n bewys van die dubbele standaard is.

Volgens Olivier (1987:140) en Beck en Davies (1987:367) is die voorbehoedpil die gewildste metode van voorbehoeding en daarna kondome. In die onderhawige studie is egter bevind dat kondome (51%) en daarna die voorbehoedpil (21,1%) die gewildste voorbehoedmiddels was. Die helfte van die respondente gebruik dus kondome wat die meeste risiko's van voorhuwelikse seksuele aktiwiteite verminder, naamlik seksueel oordraagbare siektes en swangerskappe. Wat egter kommerwekkend is, is dat so min respondente wel voorbehoedmiddels gebruik. Dit impliseer dat 70,5% van die seksueel aktiewe respondente swanger kan raak of deur 'n seksueel oordraagbare siekte geïnfecteer kan word.

Die feit dat so min vrouens professionele persone soos dokters van hulle seksuele gedrag vertel (vergelyk 8.5.8.3), is waarskynlik die rede vir die swak gebruik van die voorbehoedpil.

#### **9.2.4.8 Homoseksualiteit**

Hass (1979) het bevind dat 15% van die mans en 10% van die vrouens in 'n ondersoek ten minste een homoseksuele ervaring in die verlede gehad het. Die onderhawige studie bevestig Hass se resultate deurdat ongeveer 12,2% van die vroulike en 13,4% van die manlike respondente aangetoon het dat hulle op een of ander stadium 'n homoseksuele ervaring gehad het.

Verder het slegs 'n klein persentasie (2,5%) van die persone in Hass se ondersoek aangedui dat hulle met 'n homoseksuele leefstyl sal voortgaan. Volgens die resultate van die onderhawige studie is daar ook slegs 'n klein persentasie (1,7%) van die respondente wat hulle homoseksuele verhoudings in die toekoms wil voortsit, terwyl 1,9% van die respondente met biseksuele verhoudings wil voortgaan.

#### **9.2.4.9 Risiko's verbonde aan seksuele aktiwiteite**

Die risiko's verbonde aan seksuele aktiwiteite wat in hierdie studie bepaal is, is seksueel oordraagbare siektes en swangerskappe.

'n Groot aantal vroulike respondente (35,7%) het aangedui dat hulle simptome van 'n Chlamydial-infeksie toon. Hierdie infeksies word nie noodwendig deur seksuele kontak oorgedra nie, maar kan ook deur bakterieë en virusse veroorsaak word. Verder het 6,1% van die respondente melding gemaak van simptome wat moontlik op gonorree kan dui, terwyl 'n paar respondente ook simptome van sifilis en genitale herpes genoem het.

Die verwagte aantal respondente met genitale herpes (kragtens Stevens-Long en Cobb se bevindinge soos in hoofstuk 6 gemeld) was meer as wat in die onderhawige studie werklik bevind is. Stevens-Long en Cobb (1983:259) het bevind dat 25% van die Amerikaanse adolessente in hulle ondersoek moontlik genitale herpes kan hê, terwyl slegs een persoon in die onderhawige navorsing simptome van herpes aangedui het.

Die gevalle van Chlamydial-infeksies was egter hoër as dit wat volgens die Amerikaanse statistiek verwag is. In Shafer (1989:2562) se ondersoek het 15% van die Amerikaanse vroue en 8% van die mans Chlamydial-infeksies aangedui, terwyl 35,7% van die vroulike respondente en 19,2% van die manlike respondente in die onderhawige studie simptome van so 'n infeksie aangedui het.

Daar moet egter in ag geneem word dat 'n seksueel oordraagbare siekte slegs deur middel van 'n volledige mediese ondersoek gediagnoseer kan word. Die statistieke ten opsigte van seksueel oordraagbare siektes moet dus versigtig geïnterpreteer word.

'n Ander risiko wat in die onderhawige ondersoek onder die soeklig gekom het, was adolessente swangerskappe. In hierdie opsig het 17 respondente aangedui dat hulle, of 'n persoon as gevolg van hulle toedoen, al swanger geraak het. Dit is ongeveer 4% van al die respondente. Volgens Thom (1991:414) is die verwagte aantal geboortes deur ongetroude blanke adolessente moeders in Suid-Afrika 7,3%. Daar is dus minder swangerskappe deur die respondente gerapporteer as wat Thom vir die Suid-Afrikaanse adolessente stel. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die laat-adolesent wat swanger raak reeds 18 jaar en ouer is en dus in die huwelik kan tree. Sulke persone was egter nie betrek by die onderhawige ondersoek nie, aangesien slegs koshuisstudente by die ondersoek betrek is.

### **9.2.5 Die respondente se behoefte aan seksuele voorligting**

'n Belangrike bron waardeur seksuele informasie verkry kan word, is seksuele voorligtingsprogramme (Weitsz, 1988:49). Die Departement van Onderwys en Kultuur (1991) het bevind dat 56% van die skoolgaande adolessente in hulle ondersoek 'n behoefte aan seksuele voorligting het, terwyl 87,2% van die universiteitstudente in die onderhawige ondersoek aangedui het dat hulle 'n behoefte aan seksuele voorligting het. Dieselfde hoeveelheid persone (87,3%) was van mening dat persone ouer as 18 jaar seksuele voorligting behoort te ontvang. Hierdie resultaat kan moontlik 'n projeksie van die respondente se eie behoefte aan seksuele voorligting wees.

Ten opsigte van die ouers se betrokkenheid by die seksuele opvoeding was 99,1% van die respondente van mening dat ouers en kinders oor seksuele aangeleenthede behoort te praat, terwyl van 58,7% van die respondente van mening was dat ouers geskikte geslagsvoorligters is. Aan die ander kant was daar 83,9% respondente wat van mening was dat studente seksueel meer ingelig is as hulle ouers. Op grond hiervan verwag die respondente van ouers om seksuele voorligting aan hulle kinders te verskaf, maar aan die ander kant is hulle van mening dat die ouers nie voldoende toegerus is om veral aan laat-adolesente seksuele leiding te verskaf nie.

Verder bestempel 84,7% van die respondente professionele persone soos sielkundiges, dokters, ensovoorts as geskikte geslagsopvoeders. Hierdie is bloot 'n mening, aangesien slegs 5,7% van die respondente aangedui het dat professionele persone wel die bron

van hulle seksuele inligting was. Die respondente is dus van mening dat professionele persone betrokke moet wees by die seksuele opvoeding van adolessente, alhoewel dit in baie min gevalle realiseer. Op grond hiervan bestaan daar 'n behoefte aan 'n seksuele opvoedingsprogram vir adolessente waarby meer professionele persone betrokke moet wees.

Die meeste respondente was van mening dat seksuele opvoeding in 'n groep waar mans sowel as vrouens teenwoordig is, moet plaasvind. Rickert *et al.* (1990:299) is van mening dat groepe waar beide geslagte teenwoordig is die mees suksesvolle oordragmetode van seksuele inligting is. Verder het die meeste respondente 'n informele plek soos koshuissitkamers as lokaal vir seksuele opvoedingsprogramme verkies.

### **9.2.6 Die verband tussen seksuele kennis en seksuele houdings**

Daar bestaan 'n positiewe verband tussen die totale seksuele kennis- en houdingsafdeling in hierdie studie. Hierdie verband word deur die literatuur bevestig. Volgens Ray en Kirkpatrick (1983) sal adolessente met meer seksuele kennis meer positiewe houdings ten opsigte van sekere seksuele aspekte toon. Die respondente in hierdie studie wat hoër tellings op die seksuele kennisvraelys behaal het, het 'n meer positiewe houding ten opsigte van seksualiteit getoon as die respondente wat gemiddeld swakker op die seksuele kennisvraelys gevaar het.

Ten opsigte van seksueel oordraagbare siektes is daar ook 'n betekenisvolle verband gevind. Die respondente wat meer oor seksueel oordraagbare siektes geweet het, was van mening dat daar meer oor seksueel oordraagbare siektes geleer behoort te word, terwyl die persone wat redelik min oor seksueel oordraagbare siektes geweet het, gemeen het dat dit nie so belangrik is om meer van seksueel oordraagbare siektes te leer nie. Diegene wat meer oor seksuele oordraagbare siektes geweet het, het met ander woorde die erns van die seksueel oordraagbare siektes besef, asook die probleme wat daaruit kan voortvloei. Hulle was moontlik van mening dat meer inligting hulle kan help om voorkomend op tree en die risiko van seksueel oordraagbare siektes te verminder (vergelyk 5.2).

### **9.2.7 Die verband tussen seksuele houdings en seksuele gedrag**

Daar is 'n positiewe verband tussen die respondente se geslagsgemeenskap en hulle houdings ten opsigte daarvan gevind. Dit impliseer dat die meeste respondente wat 'n negatiewe houding ten opsigte van die beoefening van geslagsgemeenskap voor die

huwelik getoon het, nog nooit geslagsgemeenskap beoefen het nie. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Wepener (1991:173) wat bevind het dat respondente met geen ondervinding van geslagsgemeenskap meer negatief teenoor voorhuwelikse geslagsgemeenskap ingestel was as diegene met meer ervaring.

Na aanleiding van Garbarino (1985:343) en Deaux en Wrightman (1988:277) se bevindinge is die verwagting dat daar nie 'n verband tussen gedrag en houdings bestaan nie, aangesien die houdings soms sterker en meer permissief as die werklike ervaring van die gedrag is. Die onderhawige studie het wel 'n verband aangedui. 'n Moontlike rede vir hierdie kongruensie word gevind in die rede wat die onervare respondente aangevoer het vir hulle onthouding van geslagsgemeenskap. Daar was 72% van die respondente wat geloofsredes daarvoor aangevoer het. Die Christelike geloof, wat deur die meeste respondente bely word, veroordeel voorhuwelikse geslagsgemeenskap en dit skep by hulle 'n negatiewe houding ten opsigte van voorhuwelikse geslagsgemeenskap (vergelyk 3.2.2.3.1). Daar bestaan dus in werklikheid kongruensie tussen die respondente se geloof en die uitlewing van hulle geloof.

Die ondersoek het ook 'n positiewe verband tussen die respondente se gebruik van voorbehoedmiddels en hulle houdings ten opsigte daarvan aangetoon. Die respondente wat voorbehoedmiddels gebruik, was van mening dat die gebruik van voorbehoedmiddels aangemoedig behoort te word, terwyl die respondente wat dit nie gebruik nie negatief ingestel was teenoor die bemerking en gebruik van voorbehoedmiddels voor die huwelik. Daar moet aanmerking geneem word dat die respondente wat negatief oor die gebruik van voorbehoedmiddels voor die huwelik voel nie noodwendig seksueel aktief is nie, terwyl die groep wat positief daaroor voel en voorbehoedmiddels gebruik waarskynlik seksueel aktief is. Hieruit kan afgelei word dat die respondente wat voorbehoedmiddels gebruik die belangrikheid van die gebruik daarvan besef en ander wil aanmoedig om dit te gebruik.

Verder is daar nie 'n beduidende verband gevind tussen die respondente se houding oor solitêre seksuele gedrag, soos masturbasie, pornografie en fantasering, en die beoefening daarvan nie. Die respondente se houding oor masturbasie en seksuele fantasering blyk redelik positief te wees. Die meeste van hulle beoefen ook hierdie gedrag.

Alhoewel die meerderheid van die respondente (84%) van mening was dat pornografie 'n ongesonde seksuele houding by mense kweek, was meer as die helfte van die respondente (ongeveer 65%) al daaraan blootgestel. Hierdie diskrepansie bestaan waarskynlik as gevolg van die respondente se blootstelling aan erotiese materiaal, aangesien hulle moont-

lik na aanleiding van die blootstelling hulle mening gevorm het dat pornografie 'n negatiewe invloed op mense se seksuele houdings kan hê.

### **9.2.8 Die verband tussen seksuele gedrag en seksuele kennis**

Volgens Garbarino (1985:368) en Page (1990:3) verminder kennis van seksuele aspekte die voorkoms van seksueel oordraagbare siektes en adolessente swangerskappe, aangesien kennis persone motiveer om voorbehoedmiddels, veral kondome, te gebruik. Die verwagting was dus dat daar 'n positiewe verband tussen seksuele kennis en die gebruik van voorbehoedmiddels en die voorkoms van seksueel oordraagbare siektes bestaan. Daar is egter geen beduidende verband in die onderhawige ondersoek tussen hierdie aspekte van seksuele gedrag en seksuele kennis gevind nie. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die respondente met meer seksuele kennis nie noodwendig seksueel aktief is en daarom van voorbehoedmiddels gebruik hoef te maak nie. Verder het die respondente wat simptome van seksueel oordraagbare siektes aangetoon het nie noodwendig minder seksuele kennis nie. Gebrekkige seksuele kennis is slegs een van verskeie redes waarom persone nie kondome gebruik om seksueel oordraagbare siektes te vermy nie (Garbarino, 1985:252). Volgens die respondente in hierdie studie is impulsiewe en onbeplande seks die belangrikste rede (57%) waarom hulle nie kondome of enige ander voorbehoedmiddel gebruik nie.

## **9.3 BESPREKING VAN NAVORSINGSHIPOTESSES**

Vervolgens word die aanvaarding of verwerping van die navorsingshipoteses bespreek.

### **□ Hipotese 1**

$H_0$  : Die student in laat-adolessensie se seksuele kennis ten opsigte van fisiologie, seksueel oordraagbare siektes en voorbehoedmiddels verskil nie van mekaar nie.

$H_1$  : Die student in laat-adolessensie se seksuele kennis ten opsigte van fisiologie, seksueel oordraagbare siektes en voorbehoedmiddels verskil.

Uit die navorsingsdata blyk dit dat die studente in laat-adolessensie oor meer kennis ten opsigte van seksueel oordraagbare siektes beskik as oor kennis van fisiologiese aspekte en voorbehoedmiddels. Volgens Friedman se variansie-analise is daar ook gevind

dat die ANOVA-chi-kwadraat 785,32 is en die  $p < 0,001$  is. Op grond van hierdie bevindings word die nulhipotese verwerp.

□ **Hipotese 2**

Ho : Die student in laat-adolessensie is net soveel by passievolle liefkosings as by geslagsgemeenskap betrokke.

H<sub>1</sub> : Die student in laat-adolessensie is meer by passievolle liefkosings as by geslagsgemeenskap betrokke.

Deur middel van Wilcoxon se gepaarde t-toets is bevind dat  $z = 20,003$  en  $p < 0,001$ . Op grond hiervan word die nulhipotese verwerp. Daar is ook in 9.2.4.1 en 9.2.4.2 aangedui dat meer respondente by intieme liefkosings as by geslagsgemeenskap betrokke was.

□ **Hipotese 3**

Ho : Die student in laat-adolessensie se houding ten opsigte van seksuele voorligting, die gebruik van voorbehoedmiddels, geslagsgemeenskap voor die huwelik en solitêre seksuele gedrag verskil nie van mekaar nie.

H<sub>1</sub> : Die student in laat-adolessensie se houding ten opsigte van seksuele voorligting, die gebruik van voorbehoedmiddels, geslagsgemeenskap voor die huwelik en solitêre seksuele gedrag verskil.

Na aanleiding van Friedman se variansie-analise blyk die ANOVA-chi-kwadraat gelyk aan 913,28 te wees en die  $p < 0,001$ . Op grond hiervan word die nulhipotese verwerp en die alternatiewe hipotese aanvaar.

□ **Hipotese 4**

Ho : Daar bestaan geen behoefte aan 'n seksuele opvoedingsprogram by die student in laat-adolessensie nie.

H<sub>1</sub> : Daar bestaan 'n behoefte aan 'n seksuele opvoedingsprogram by die student in laat-adolessensie.

Volgens die inligting soos in 9.2.5 vervat, het die respondente wel die behoefte aan 'n seksuele voorligtingsprogram. Die nulhipotese word dus verwerp.

□ **Hipotese 5**

$H_0$  : Daar bestaan geen beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele kennis en sy seksuele houdings nie.

$H_1$  : Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele kennis en sy seksuele houdings.

Volgens die inligting soos in 9.2.6 vervat, bestaan daar wel 'n beduidende verband tussen die laat-adolesent se seksuele kennis en seksuele houdings ( $p < 0,001$ ). Die nulhipotese word dus verwerp.

□ **Hipotese 6**

$H_0$  : Daar bestaan geen beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele gedrag en sy seksuele houdings nie.

$H_1$  : Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele gedrag en sy seksuele houdings.

Volgens die inligting soos in 9.2.7 vervat, bestaan daar wel 'n beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele gedrag en seksuele houdings. Hierdie verband is spesifiek ten opsigte van geslagsgemeenskap ( $p < 0,001$ ) en die gebruik van voorbehoedmiddels ( $p < 0,05$ ) gevind. Die nulhipotese word dus verwerp.

□ **Hipotese 7**

$H_0$  : Daar bestaan geen beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele kennis en sy seksuele gedrag nie.

$H_1$  : Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele kennis en sy seksuele gedrag.

Volgens die inligting soos in 9.2.8 vervat, bestaan daar nie 'n beduidende verband tussen die student in laat-adolessensie se seksuele kennis en seksuele gedrag nie. Die nulhipotese word dus aanvaar.

#### 9.4 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Hierdie studie is uitgevoer met die oog op 'n langtermyn doelwit, naamlik die bepaling van moontlikhede vir die opstel en aanbieding van 'n seksuele voorligtings-/opvoedingsprogram vir studente in laat-adolessensie. Vir die bereiking van hierdie langtermyn doelwit was dit egter noodsaaklik om eers korttermyn doelwitte te stel. Die korttermyn doelwitte is in hierdie spesifieke studie aangespreek deur vas te stel wat die seksuele kennis, houdings en gedrag van die student in laat-adolessensie is.

Aanbevelings op grond van die bevindings van die studie behoort met die langtermyn doelwitte van die studie geïntegreer te word, naamlik die opstel en aanbieding van 'n seksuele opvoedingsprogram.

Die doelwitte vir die opstelling van 'n seksuele opvoedingsprogram vir laat-adolessente is soos volg:

- Voldoende kennis en inligting ten opsigte van seksualiteit moet beskikbaar gestel word (Garbarino, 1985:367).
- Onverskillige seksuele houdings moet aangespreek word en waardes en beginsels moet vasgelê word (Lerner & Spanier, 1980:319).
- Onverskillige seksuele gedrag moet aangespreek en vrae oor seksuele funksionering en aktiwiteite moet beantwoord word (Garbarino, 1985:367).
- Die risiko's van seksuele aktiwiteite, soos seksueel oordraagbare siektes, swangerskappe en emosionele trauma, moet verminder en voorkom word (De Barros, 1989:10).
- Die program moet aan die spesifieke behoeftes van die laat-adolessente voldoen.

Die aanbevelings op grond van die bevindings van die studie word soos volg met die doelwitte van die voorgestelde seksuele opvoedingsprogram geïntegreer:

- Die respondente beskik wel oor 'n redelike mate van seksuele kennis. Hulle kennis van verskillende tipes voorbehoedmiddels en die fisiologiese aspekte van

seks kan uitgebrei word. Daar is ook by die respondente 'n behoefte aan meer gedetailleerde inligting oor die simptome van seksueel oordraagbare siektes.

- Die respondente huldig Christelike waardes en houdings. Die seksuele voorligtingsprogram behoort daarom volgens Christelike riglyne aangebied te word. Die klem moet val op die keuse wat adolessente het om sekere waardes te verwerp of met hulle bestaande seksuele houdings en waardes te integreer.
- Die respondente is van mening dat die dubbele standaard steeds in mense se seksuele aktiwiteite manifesteer. Die seksuele voorligtingsprogram behoort daarom die verantwoordelikheid en besluitneming wat met seksuele aktiwiteite gepaardgaan nie slegs aan mans of slegs aan vrouens toe te sê nie, maar aan albei persone wat by seksuele aktiwiteite betrokke is. Daar behoort ook klem gelê te word op albei geslagte se regte en vryhede in enige seksuele aktiwiteit.
- Die respondente is van mening dat maats steeds 'n invloed op die laat-adolesent se seksuele lewe uitoefen. Die laat-adolesent kan hierdie portuurgroepdruk deur die aanleer van sekere hanterings- en sosiale vaardighede, soos selfgeldingsopleiding, hanteer. Om hierdie rede behoort die aanleer van sulke vaardighede by 'n seksuele opvoedingsprogram ingesluit te word.
- Die meeste van die respondente wat geslagsgemeenskap gehad het, het nie voorbehoedmiddels gebruik nie. Verder het ongeveer 9,2% van die respondente geslagsgemeenskap met 'n "one night stand" gehad. Hierdie tipe seksuele gedrag van die respondente kan as onverantwoordelik bestempel word, aangesien dit hulle risiko verhoog om met seksueel oordraagbare siektes besmet te word of om swanger te raak. Die belangrikheid van verantwoordelike seksuele gedrag behoort dus aan die adolessente oorgedra te word en die risiko's en gevolge van die risiko's behoort ook duidelik aan hulle gestel te word sodat hulle volkome bewus kan wees van die implikasies van sulke onverantwoordelike gedrag. Verder kan sulke inligting die persone wat nie seksueel aktief is nie motiveer om voorkomend op te tree indien hulle wel seksueel aktief raak.
- Adolessente wat gedwonge seksuele kontak beleef het, behoort deur die seksuele opvoeder ondersteun te word en, indien nodig, na 'n meer gespesialiseerde persoon vir hulp verwys te word.

- Aangesien 'n groot getal van die respondente masturbeer en seksueel fantaseer, behoort die normaliteit en algemeenheid van hierdie gedrag beklemtoon te word sodat moontlike skuldgevoelens of bekommernis besweer kan word.
- 'n Aantal van die respondente het aangedui dat hulle moontlik 'n seksueel oordraagbare siekte het en dat hulle al swanger was of dat 'n vrou as gevolg van hulle toedoen al swanger geraak het. In 'n seksuele voorligtingsprogram behoort daar dus nie net aandag geskenk te word aan die voorkoming van seksueel oordraagbare siektes en swangerskappe nie, maar ook aan die beplanning wat nodig is vir die genesing van 'n seksueel oordraagbare siekte of die besluitneming wat met 'n buite-egtelike swangerskap gepaardgaan. Daar behoort ook tyd ingeruim te word vir die hantering van emosionele trauma as gevolg van seksuele kontak. Hierdie aspek kan in klein terapeutiese groepe opgevolg word.

Die respondente het aangedui dat hulle 'n behoefte aan 'n seksuele opvoedingsprogram het, en dat hulle by so 'n program sal kan baat.

## **9.5 KRITIEK EN SAMEVATTENDE OPMERKINGS**

Die gestelde doelwitte van die studie is bereik en die navorsingsvraag is beantwoord.

### **9.5.1 Beperkinge en kritiek**

Die studie het die volgende beperkinge:

- Die navorsingsliteratuur oor Suid-Afrikaanse adolessente seksualiteit is beperk en dit het veroorsaak dat daar voortdurend na dieselfde studies verwys is en min oor die stand van Suid-Afrikaanse adolessente seksualiteit uitgebrei kon word.
- Die universiteit waar die respondente ingeskrewe studente is, het 'n sterk Christelik-Afrikaanse karakter. Verder was die respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het oorwegend blankes. Enige veralgemenings na ander groepe laat-adolessente moet dus met versigtigheid en oordeelkundigheid gemaak word.

- Voordat die vraelyste van hierdie studie hergebruik word, behoort 'n faktoranalise met die oog op die verhoging van die alfakoëffisiënt gedoen te word.
- 'n Sosiale wenslikheidskaal behoort in die vraelyste ingebou te word, aangesien daar, ten spyte van al die voorsorg teen sosiaal wenslike antwoorde, wel moontlik sosiaal wenslike response was.
- Aangesien die veld van seksualiteit baie groot en omvattend is, sou 'n meer spesifieke afbakening van verskeie aspekte, soos seksuele kennis, seksuele gedrag en houdings, wenslik wees.

Hierdie ondersoek lewer egter 'n empiriese bydrae tot die kennis oor laat-adolesente seksualiteit in Suid-Afrika. Alhoewel daar weer eens gewaarsku moet word teen veralgemenings van die studie, toon Nielsen (1987) aan dat die meeste navorsing oor adolessente seksualiteit in Amerika ook by opleidingsinstansies soos universiteite gedoen is en met versigtigheid na groter populasies veralgemeen kan word. So byvoorbeeld kan die resultate van die onderhawige studie versigtig veralgemeen word na persone tussen 18 en 23 jaar wat aan 'n Afrikaanse universiteit met 'n redelik prominente Christelike karakter studeer.

### **9.5.2 Implikasies vir sielkundiges**

Sielkundiges behoort ag te slaan op die respondente se behoefte aan seksuele opvoeding en die vertroue wat hulle in professionele persone as seksuele opvoeders stel (vergelyk 9.2.5). In hierdie opsig is dit belangrik dat sielkundiges opgelei, ingelig en bekwaam moet wees om seksuele voorligting/opvoeding aan die laat-adolesent te bied. Alhoewel hulle ander professies soos dokters en verpleegkundiges kan gebruik om sekere aspekte, soos fisiologiese veranderinge, aan die adolessente te verduidelik, behoort sielkundiges 'n algemene kennis van al die aspekte rakende die seksualiteit van die mens te hê.

Sielkundiges moet ook bewus wees van die risiko's van seksuele aktiwiteite sodat daar effektiewe leiding en, indien nodig, terapeutiese ingrepe gemaak kan word, aangesien die risiko's die algemene psigiese funksionering van die adolessent kan strem.

### **9.5.3 Verdere navorsing op die gebied van die adolessent se seksualiteit**

Daar bestaan in Suid-Afrika geen navorsing oor die emosionele trauma van seksueel aktiewe adolessente nie, behalwe vir 'n aantal teorieë en hipoteses daaroor.

Vir die beplanning en aanbieding van 'n seksuele opvoedingsprogram is dit noodsaaklik dat die spesifieke sosiale en hanteringsvaardighede, wat adolessente benodig om hulleself seksueel te handhaaf, ook wetenskaplik nagevors moet word.

'n Wetenskaplike bepaling van sielkundiges se seksuele kennis en houding ten opsigte van die aanbieding van seksuele opvoedingsprogramme behoort ook van waarde te wees. Daardeur kan vasgestel word of sielkundiges toegerus en bereid is om die veld van seksuele opvoeding te betree.

Alhoewel slegs enkele van die respondente (12,7%) in die studie aangedui het dat hulle gedwonge seksuele kontak beleef het, behoort die behoefte aan krisis- of traumasentra vir studente en die publiek op die verskillende universiteitskampusse wetenskaplik ondersoek te word. Daarbenewens behoort die kundigheid van sielkundiges en ander werkers by sulke sentrums bepaal te word.

Daar bestaan ook 'n groot behoefte aan gestandaardiseerde vraelyste om die seksuele kennis, houding en gedrag van Suid-Afrikaanse adolessente te bepaal.

Dit is ook belangrik om na aanleiding van die bevindings, soos in hoofstukke 8 en 9 uiteengesit, seksuele opvoedingsprogramme vir universiteite saam te stel sodat die universiteite ook op seksuele terrein 'n "afgeronde" persoon aan die mark kan lewer.

## **9.6 SLOT**

Die hoop word uitgespreek dat hierdie skripsie belangstelling en navorsing oor laat-adolessente seksualiteit en gepaardgaande aspekte sal stimuleer. 'n Groter kennis van hierdie aspekte, veral ten opsigte van die Suid-Afrikaanse adolessent, kan 'n reuse bydrae tot die wetenskaplike daarstelling van seksuele standarde en norme vir die Suid-Afrikaanse situasie lewer.

## BIBLIOGRAFIE

AJZEN, I. & FISHBEIN, M. 1973. Attitudinal and normative variables as predictors of specific behaviors. *Journal of personality and social psychology*, 27(1):41-57.

AMBRON, S.R. 1981. Child development. 3rd ed. New York : Holt Rinehart & Winston.

ANAGNOSTARAS, A. 1988. The construction and evaluation of a scale for assessing the attitudes of black adolescents. Johannesburg. (Verhandeling (MA) - RAU.)

ANASTASI, A. 1971. Psychological testing. 3rd ed. London : Macmillan.

ATWATER, E. 1988. Adolescence. 2nd ed. Engelwood Cliffs, New York : Prentice-Hall.

BABBIE, E. 1989. The practice of social research. 5th ed. London : Chapman & Hall.

BEE, H.L. & MITCHELL, S.K. 1984. The developing person. 2nd ed. New York : Harper & Row.

BECK, J.G. & DAVIES, D.K. 1987. Teen contraception: a review of perspectives on compliance. *Archives of sexual behavior*, 16:337-368.

BENSMAN, J. 1975. The sexual revolution and cultural styles: a reactionary point of view. (In Thornburg, H.D., ed. Contemporary adolescence: readings. 2nd ed. California : Brooks & Cole.)

BENTLER, P.M. 1968. Heterosexual behavior assessment. Los Angeles : Department of Psychology, Franzhall.

BERNE, E. 1988. Sex in human loving. London : Penguin.

BILLY, J.O.G. 1988. Effects of sexual activity on adolescent social and psychological development. *Social psychology quaterly*, 51:190-212.

BLUM, R.W. & BEARINGER, L.H. 1990. Knowledge and attitudes of health professionals toward adolescent health care. *Journal of adolesent health care*, 11(4):289-294.

BOOTH, A. & EDWARDS, J. N. 1985. Age at marriage and marital instability. *Journal of marriage and the family*, 47:67-75.

BOTHA, W. 1988. Goedpraterly van "gay"-gedrag kwel. *Kerkbode*, 141:3.

BRIGHAM, J.C. 1991. Social Psychology. 2nd ed. Harper Collins.

BRUWER, J. 1985. Pornografie, erotiek en sensuur. *Communicatio*, 11(2):3-22.

BRYCE, A. 1990. Die A tot Z van loopbane in Suid-Afrika. 2de uitg. Kaapstad : ABC.

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAPUZZI, D. & CROSS, D.R. 1989. Youth at risk: a resource for counselors, teachers and parents. Alexandria, VA : American Association for Counseling and Development.

CHAPLIN, J.P. 1968. Dictionary of psychology. New York : Dell.

CHRISTOPHER, F.S. 1988. An initial investigation into a continuum of premarital sexual pressure. *The journal of sex research*, 25:255-266.

COBLINER, W.G. 1988. The exclusion of intimacy in the sexuality of the contemorary college-age population. *Adolescence*, 22:403-419.

- COETZEE, J.C. 1986. Juigweerbaarheid en gesinsvoorligting. Kaapstad : Perskor.
- COHEN, D.D. & ROSE, R.D. 1984. Male adolescent birth control behavior: the importance of developmental factors and sex difference. *Journal of youth and adolescence*, 13(3):239-252.
- COLETTA, N.D., HADLER, S. & GREGG, C.H. 1981. How adolescents cope with the problems of early motherhood. *Adolescence*, 16:499-512.
- COMFORT, A. 1972. The joy of sex. New York : Crown.
- COMISKEY, A. 1989. Pursuing sexual wholeness. Florida : Creation House.
- CONGER, J.J. & PETERSEN A.C. 1984. Psychological development in a changing world. 3rd ed. New York : Harper & Row.
- COON, D. 1991. Essentials of psychology. 5th ed. New York : West.
- CRAIG, G.J. 1992. Human development. 6th ed. New Jersey : Prentice-Hall.
- CRONJE, G.F. 1988. Die ontwikkeling van 'n ouerbegeleidingsprogram betreffende die fisieke en seksuele ontwikkeling van die adolessent. Bloemfontein. (Verhandeling (MA) - UOVS.)
- CRONJE, G. & VAN DER WALT, P.J. 1986. Die afwykende in die gemeenskap. Pretoria : UNISA.
- DARLING, C.A. & DAVIDSON, J.K. 1986. Coitally active university students: sexual behaviors, concerns and challenges. *Adolescence*, 22:403-419.
- DARLING, C.A. & HICKS, M.W. 1982. Parental influence on adolescent sexuality: implications for parents as the educators. *Journal of youth and adolescence*, 11(6):231-244.
- DAVIDSON, J.K. & DARLING, C.A. 1986. The impact of college-level sex education on sexual knowledge, attitudes and practices: the knowledge/sexual experimentation myth revisited. *Deviant-behavior*, 7(1):13-30.

DEAUX, K. & WRIGHTSMAN, L.S. 1988. *Social psychology*. 5th ed. Pacific Grove, Calif.: Brooks/Cole.

DE BARROS, H. 1989. When children have children. *Publico*, 12:10-12.

DE BEER, A. 1987. Swygsame ouers, swanger tieners. *Sarie*:22-23, Okt. 21.

DE BRUYN, P.J. 1982. Voorhuwelikse geslagsgemeenskap: 'n teologies-etiese studie. Potchefstroom. (Proefskrif - PU vir CHO.)

DE BRUYN, P.J. 1989. Seksuele etiek: deel 1. Potchefstroom : PU vir CHO Dept. Sentrale Publikasie.

DE BRUYN, P.J. 1993. Seksuele etiek. (Lesing gelewer op 12 Februarie 1993 aan die PU vir CHO.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

DELORA, J.S., WARREN, C.A.B. & ELLISON, C.R. 1981. *Understanding sexual interaction*. 2nd ed. Boston : Houghton Mifflin.

DEMB, J. 1990. Black inner-city, female adolescents and condoms: what the girl say. *Family systems-medicine*, 8(4):401-406.

DEMBO, M.H. & LUNDELL, B. 1979. Factors affecting adolescent conception practices: implications for sex education. *Adolescence*, 14:659-664.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN BEVOLKINGS-ONTWIKKELING. 1987. Die feite van seksualiteit. Pretoria : Skakeling en publikasies.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN BEVOLKINGS-ONTWIKKELING. 1991. Vroue en vigs. Pretoria : Skakeling en publikasies.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN BEVOLKINGS-ONTWIKKELING. 1992. *Gesondheidstendense in Suid-Afrika: 1992*. Pretoria : Skakeling en publikasies.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN BEVOLKINGSONTWIKKELING. 1993. Risky sexual behaviour needs to be changed. *Salus*, 16(1):22-23.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR. 1989. Koester ons jeug 2000. Pretoria : Staatsdrukkers.

DIGNAN, M. & ANSPAUGH, D. 1978. Permissiveness and premarital sexual activity. *Adolescence*, 13:703-711.

DUSEK, J.B. 1987. Adolescent development and behavior. Englewood Cliffs : Prentice-Hall.

ELKIND, D. 1967. Egocentrism in adolescence. *Cild development*, 38:1025-1034.

ESTERHUYSE, W.P. 1980. Die mens en sy seksuele moraal. Durban : Butterworth.

FINKEL, M.L. & FINKEL, D.J. 1983. Adolescent sexual behavior, the forgotten partner: a review. *JOSH*, 53(9):544-546.

FOSTER, R. 1991. Money, sex and power. London : Hodder & Stoughton.

FOURIE, A.M. 1993. Retief se perspektief. *Bult*, 41(3):3-5.

GARBARINO, J. 1985. Adolescent development: an ecological perspective. Ohio : Bell & Howell.

GERDES, L.C. 1988. Die ontwikkelende volwassene. 2de uitg. Durban : Butterworths.

GERRARD, M. 1987. Sex, sex guilt and contraceptive use revisited: the 1980's. *Journal of personality and social psychology*, 52(5):975-980.

GERSHENSON, H.P. 1983. Redefining fatherhood in families with white adolescent mothers. *Journal of marriage and the family*, 42:591-599.

GESINSBEPLANNING ASSOSIASIE VAN SUIDELIKE AFRIKA. 1990. Sex education update, 2(1):1-4.

GODWIN, R. 1993. Mondelinge medeling. Randburg. (Kassetopname in besit van outeur.)

GOFF, J.L. 1990. Sexual confusion among certain college males. *Adolescence*, 25(99):599-614.

GORDON, S. 1981. The case for moral sex education in schools. *Journal for school health*, 51(4):214-218.

GOUS, E. 1985. Uitslag van die Rooi Rose ondersoek: Ssksonderig...wie se plig. *Rooi Rose*:84-85, Jan. 9.

GREATHEAD, E. 1988. The dilemma of the pregnant teenager. *Nursing RSA*, 3(10):20-28.

GREENWOOD, J. 1984. Coping with sexual relationships. Edinburg : Macdonald.

GRIFFIT, W. 1987. Females, males and sexual response. (*In Kelly, K., red. Females, males and sexuality: theories and research. Albany : State University of New York Press. p.141-173.*)

GRINDSTAFF, C.F. 1988. Adolescent marriage and childbearing: the longterm economic outcome: Canada in the 1980's. *Adolescence*, 23:45-58.

GUTTMACHER, A. 1981. Teenage pregnancy: the problem that hasn't gone away. New York : Alan Guttmacher Institute.

HASS, A. 1979. Teenage sexuality: a survey of teenage sexual behavior. New York : Macmillan.

HERNANDEZ, J.T. & SMITH, F.J. 1990. Inconsistencies and misperceptions putting college students at risk of HIV infection. *Journal of adolescent health care*, 11(4):295-297.

HOPKINS, R.J. 1983. Adolescence: the transitional years. London : Academic Press.

HUFFMAN, K., VERNON, M. & WILLIAMS, B. 1991. Psychology in action. 2nd ed. New York : John Wiley.

HUYSAMEN, G.K. 1988. Sielkundige meting: 'n inleiding. 2de uitg. Pretoria : Academia.

HUYSAMEN, G.K. 1991. Steekproefgroottes in plaaslik gepubliseerde psigologiese navorsing. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir sielkunde*, 21(3):183-190.

JANSON, M. 1971. Murray Janson praat oor seks. Kaapstad : Tafelberg.

JEMMOTT, L.S. & JEMMOTT, J.B. 1990. Sexual knowledge, attitudes, and risky sexual behavior among inner-city black adolescent males. *Journal of adolescent research*, 5(3):346-369.

JENSEN, L.C. 1985. Adolescence: theories, research, applications. New York : West.

JESSOR, R., COSTA, F., JESSOR, S.L. & DONOVAN, J.E. 1983. Time of first intercourse: a prospective study. *Journal of personality and social psychology*, 44:608-626.

JUHASZ, A.M. 1973. Sexual development and behavior. Illinois : Dorsey.

JUHASZ, A.M. & SONNENSHEIN-SCHNEIDER, M. 1980. Adolescent sexual decision-making: components and skills. *Adolescence*, 15:743-750.

JUHASZ, A.M. & SONNENSHEIN-SCHNEIDER, M. 1987. Adolescent sexuality: values, morals and decision-making. *Adolescence*, 22:579-590.

KAPLAN H.I. & SADOCK B.J. 1982. Modern synopsis of comprehensive textbook of psychiatry. 3rd ed. London : Williams & Williams.

KAPLAN, P.S. & STEIN J. 1984. Psychology of adjustment. California : Wadsworth.

KATZ, D. 1968. Consistency for what?: the functional approach. (In Abelson, R.P., Aronson, E., McGuire, W.J., Newcomb, T.M., Tannenbaum, P.H., *reds.* Theories of cognitive consistency: a sourcebook. Chicago : Rand McNally. p.179-191.)

KENT, D. & KENT, W. 1983. And God said let there be sex. Colorado : Today's World Ministries.

KIERNAN, J.E. & TAYLOR, V.L. 1990. Coercive sexual behavior among Mexican-American college students. *Journal of sex and marital therapy*, 16(1):44-50.

KIMBLE, C.E. 1990. Social psychology: studying human interaction. Dubuque : Brown.

KIRBY, D. & SCALES, P. 1981. An analysis of state guidelines for sex education instruction in public schools. *Family relations*, 30:229-237.

KIRBY, J. 1984. Sexuality education: an evaluation of programs and their effects. Mathstech. Santa Cruz : Network.

KISKER, E.E. 1985. Teenagers talk about sex, pregnancy and contraception. *Family planning perspectives*, 17:83-90.

KOHLBERG, L. 1966. Moral education in schools, a developmental approach. *School review*, 74:1-30.

KOHLBERG, L. 1976. Moral stages and moralization: the cognitive-developmental approach. (In Lickona, T., *red.* Moral development and behavior: theory, research and social issues. New York : Holt, Rinehart & Winston. p.31-53.)

KOHLBERG, L. & GILLIGAN, C. The adolescent as a philosopher: the discovery of the self in a postconventional world. *Daedalus*, 100:1051-1086.

KOK, G. 1991. Sex and AIDS education for adolescents. *Medical sex journal of South Africa*, 2(4):112.

KRITZINGER, M.S.B., LABUSHAGNE, F.J., PIENAAR, P. 1982. Verklarende Afrikaanse woordeboek. 6de uit. Pretoria : Van Schaik.

- LERNER, R.C. & SPANIER, G.B. 1980. Adolescent development: a lifetime perspective. New York : McGraw-Hill.
- LIEF, H.I., FULLARD, W. & DEVLIN, S.J. 1990. A new measure of adolescent sexuality. *Journal of sex education therapy*, 16(2):79-91.
- LLEWELLYN-JONES, D. 1985. Ek, die vrou. 2de uitg. Johannesburg : Perskor.
- LOUW, G.J.J. 1991. Die sogenaamde moderne opvatting van seksualiteit en die implikasies daarvan vir die opvoeding. *Koers*, 56(3):447-461.
- MACE, D.R. 1970. The Christian response to the sexual revolution. New York : Abingdon.
- MAGWENTSHU, B.M. 1990. A critical analysis of sex education knowledge and behaviour of teenagers in Soweto high schools. Pretoria. (Verhandeling (MA) - UNISA.)
- MASTERS, W.H. & JOHNSON, V.E. 1970. Human sexual inadequacy. Boston : Little Brown.
- MASTERS, W.H., JOHNSON, V.E. & KOLODNY, R.C. 1986. Sex and human loving. Boston : Little Brown.
- MASTERS, W.H., JOHNSON, V.E. & KOLODNY, R.C. 1992. Human sexuality. New York : Harper Collins.
- MALAVAUD, S., DUMAY, F. & MAVALAUD, B. 1990. HIV infection: assessment of sexual risk, knowledge and attitudes towards prevention in 1,586 high school students in the Toulouse education authority area. *American journal of health promotion*, 4(4):260-265.
- McDOWELL, J. 1987. How to help your child to say "no" to sexual pressure. United Kingdom : Word (UK) Ltd.
- McKENRY, P. 1979. Adolescent pregnancy: a review of the literature. *Family coordinator*, 28:17-28.

McLAUGHLIN, S.D. & MICKLIN, M. 1983. The timing of the first birth and changes in personal efficiency. *Journal of marriage and the family*, 45:47-55.

MEUHLHARD, C.L. & COOK, S.W. 1988. Men's selfreport of unwanted sexual activity. *The journal of sex research*, 24:58-72.

MILES, H.J. 1971. *Sexual understanding before marriage*. London : Zondervan.

MILLER, B.C., McCOY, J.K., OLSON, T.D. & WALLACE, C.M. 1986. Parental discipline and control attempts in relation to adolescent sexual attitudes and behavior. *Journal of marriage and the family*, 48(3):503-512.

MITCHELL, J.J. 1971. *Adolescence: some critical issues*. Toronto : Holt, Rinehart & Winston.

MÖLLER, A.T. 1986. *Persoonlikheidsielkunde*. Durban : Butterworth.

MORGONSEN, J.H. 1990. Sex in adolescence. *Journal of adolescent behaviour*, 10:16-20.

MOSHER, D.L. 1965. Interaction of fear and guilt in inhibited unacceptable behavior. *Journal of consulting psychology*, 30(1):25-29.

MOYSE, D. 1990. A model for adolescent pregnancy prevention through the use of small groups. *Social work with groups*, 13(2):57-68.

NASH, E.S. 1990. Teenage pregnancy: need a child bear a child? *South African medical journal*, 77:147-151.

NEUBECK, G. 1983. Sex in retrospect and prospect. *Marriage and family review*, 6(3-4):153-155.

NEWCOMER, S.F. & UDRY, J.R. 1985. Oral sex in an adolescent population. *Archives of sexual behavior*, 14:41-46.

NIELSEN, L. 1987. *Adolescent psychology: a contemporary view*. New York : Holt, Rinehart & Winston.

- NOVELLE, J.R. 1979. *The short course in adolescent psychiatry*. New York : Brunner & Mazel.
- OLIVIER, L. 1987. *Sex and the South-African woman*. Johannesburg : Lowry.
- OLIVIER, L. 1989. *The physical and psychological problems of the peoples of South Africa*. Pretoria : Human Sciences Research Council.
- OWEN, K. & TALJAARD, J.J. 1989. *Handleiding vir die gebruik van sielkundige en skolastiese toetse van IPEN en NIPN*. Pretoria : RGN.
- PACKARD, V. 1970. *The sexual wilderness: the contemporary upheaval in male-female relationships*. New York : Pocket Books.
- PAGE, N.P. 1990. *Effectiveness of a sex education programme in changing sexual knowledge, attitudes and behaviour of black adolescents*. Johannesburg. (Verhandeling (MA) - Universiteit van die Witwatersrand.)
- PAPALIA, D.E. & OLDS S.W. 1986. *Human development*. 3rd ed. New York : McGraw-Hill.
- PATTISON, E.M. & PATTISON, L.M. 1980. Ex gays: religiously meditated change in homosexuals. *American journal of psychiatry*, 167(12):1553.
- PENROD, S. 1983. *Social psychology*. Engelwood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.
- PETERSON, C. 1991. *Introduction to psychology*. New York : Harper Collins.
- POWELL, L.H. & JORGENSEN, S.R. 1985. Evaluation of a church-based sexuality education program for adolescents. *Family relations*, 34(2):475-482.
- RAY, R.E. & KIRKPATRICK, D.R. 1983. Two times formats for teaching human sexuality. *Teaching of psychology*, 10(2):84-88.
- RENSHAW, D.C. 1973. Sex education for educators. *Journal of school health*, 43(10):645-650.

- RENSHAW, D.C. 1982. Sex education. *The female patient*, 7:33-38.
- RENSHAW, D.C. 1988. Sexual fantasy. *Loyola psychiatric forum*, 11(1):7-8.
- RENSHAW, D.C. 1989. Sex and the 1980's college student. *JACH*, 37(4):154-157.
- RICE, F.P. 1990. *The adolescent*. 6th ed. London : Allyn & Bacon.
- RICKEL, A.U. 1989. *Teen pregnancy and parenting*. New York : Hemisphere.
- RICKERT, V.I., GOTTLIEB, A. & JAY, M.S. 1990. A comparison of three clinic-based AIDS education programs on female adolescent knowledge, attitudes and behavior. *Journal of adolescent health care*, 11(4):298-303.
- ROBINSON, I. & JEDLICKA, D. 1982. Change in sexual attitude and behavior of college students from 1965 to 1980: a research note. *Journal of marriage and the family*, 44:237-240.
- ROBERTS, E.J. 1980. *Childhood sexual learning*. Cambridge : Ballinger.
- ROSOFF, J.L. 1989. Sex education in schools: policies and practice. *Family planning perspectives*, 21:52-64.
- SAPIRE, K.E. 1986. *Contraception and sexuality in health and disease*. New York : McGraw-Hill.
- SCHIAMBERG, L.B. & SMITH, K.U. 1982. *Human development*. New York : Macmillan.
- SCHOFIELD, M. 1967. *The sexual behaviour of young people*. Suffolk : Chaucer.
- SCOTT, J.D. & WHITE, A.B. 1990. Correlates of sexual activity in early adolescents. *Journal of early adolescents*, 10(2):221-238.
- SEIFERT, K.L. & HOFFNUNG, R.J. 1991. *Child and adolescent development*. 2nd ed. Dallas : Houghton Mifflin.

SERBIN, L.A. & SPRAFKIN, C.H. 1987. A developmental approach: sexuality from infancy through adolescence. (In Geer, J.H. & O'DONOHUE, W.T., eds. *Theories of human sexuality*. New York : Plenum. p.163-195.)

SHAFER, M.A. 1989. Urinary Leukocyte Esterase Screening Test for asymptomatic Chlamydial and Gonococcal infections in males. *Journal of the American Medical Association*, 262:2562-2566.

SHAH, F. & ZELNIK, M. 1981. Parent and peer influence on sexual behavior, contraceptive use, and pregnancy experience of young women. *Journal of marriage and the family*, 43(5):339-348.

SHULTZ, D. 1977. *Growth psychology: models of the healthy personality*. New York : Van Nostrand.

SMEDES, J. 1987. *Sex for Christians*. London : Hodder & Stoughton.

SMIT, G.J. 1986. *Psigometrika, aspekte van toetsgebruik*. Pretoria : HAUM.

SMITH, T.W. 1990. A report : the sexual revolution? *Public-opinion-quarterly*, 54(3):415-435.

SORENSEN, R.C. 1973. *Adolescent sexuality in contemporary America: personal values and sexual behavior ages thirteen to nineteen*. New York : World.

STEINER, G. 1967. *Language and silence*. London : Penguin.

STEVENS-LONG, J. 1979. *Adult life*. Palo Alto, Calif. : Mayfield.

STEVENS-LONG, J. & COBB, N.J. 1983. *Adolescence and early adulthood*. California : Mayfield.

STEYN, A.F. 1987. Die portuurgroep as verwysingsgroep in die seksuele gedrag van die adolessent. *South-African journal for sociology*, 18(3):91-93.

STOPPARD, M. 1989. *Elke vrou se lewensgids*. Pretoria : Femina.

STROUSE, J. & FABES, R.A. 1985. Formal versus informal sources of sex education: competing forces in the sexual socialization of adolescents. *Adolescents*, 20:251-263.

THOM, D.P. 1991. Adolesensie. (In Louw, D.A., red. Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM. p.393-466.)

TODT, A.E. 1991. 'n Psigo-sosiale studie van tienerswangerskappe in die noordelike stadsgebiede van die Kaapse Skiereiland. (Proefskrif (D.Phil.) - UWK.)

TREBOUX, D. & BUSCH-ROSSNAGEL, N.A. 1990. Social network influences on adolescent sexual attitudes and behaviors. *Journal of adolescent research*, 5(2):175-189.

TRUSSELL, J. 1988. Teenage pregnancy in the United States. *Family planning perspectives*, 20:262-272.

TUBBS, L.S. & MOSS, S. 1987. Human communication. 5th ed. New York : Random House.

VANDER ZANDEN, J.W. 1989. Human development. 4th ed. New York : Knopf.

VAN RENSBURG, F.I.J. 1985. Pornografie. Durban : Butterworth.

VAN ROOYEN, J.C.W. 1978. Publikasiebeheer in Suid-Afrika. Johannesburg : Juta.

VAN USSEL, J.M.W. 1971. Geschiedenis van het seksuele probleem. 4de uitg. Meppel : Boom.

WALTERS, J. & WALTERS, L.H. 1983. The role of the family in sex education. *Journal of research and development in education*, 16(2):8-15.

WARZAK, W.J. & PAGE, T.J. 1990. Teaching refusal skills to the sexually active adolescents. *Journal of behavior therapy*, 21(2):133-139.

WEITSZ, G.H. 1988. The communication of Christian principles of sexuality during a family guidance programme. Johannesburg. (Verhandeling (MA) - RAU.)

WEPENER, E. 1991. Die verband tussen normatiewe oortuigings, seksuele gedrag en persoonlikheid. Potchefstroom. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)

WHITEHOUSE, M. 1977. Whatever happened to sex. London : Hodder & Stoughton.

ZELNICK, M. & KANTNER, J.F. 1978. First pregnancies to woman aged 15-19: 1976 & 1971. *Family planning perspectives*, 10:135-143.

ZELNICK, M. & KANTNER, J.F. 1980. Sexual activity, contraceptive use and pregnancy among metropolitan-area teenagers: 1971-1979. *Family planning perspectives*, 12:230-237.

ZELNICK, M. & KIM, Y.J. 1982. Sex education and its association with teenage sexual activity, pregnancy and contraceptive use. *Family planning perspectives*, 14:117-126.

ZELNIK, M. & SHAH, F.K. 1983. First intercourse among young Americans. *Family planning perspectives*, 15:64-70.

## OPSOMMING

Die doel van hierdie ondersoek is om te bepaal wat die seksuele kennis, houdings en gedrag van 'n groep studente in laat-adolessensie is met die oog op die samestelling van 'n seksuele voorligtingsprogram.

Uit die literatuur blyk dit dat laat-adolessente vandag seksueel meer aktief is en meer liberale houdings toon as vroeër jare, terwyl hulle nie oor genoegsame seksuele kennis beskik om verantwoordelike en volwasse seksuele keuses te maak nie. Juis as gevolg hiervan kan laat-adolessente moontlik deur onverantwoordelike seksuele aktiwiteite swanger raak, in aanraking kom met seksueel oordraagbare siektes, en/of emosionele trauma beleef.

Daar het 561 respondente, waarvan 315 vrouens en 243 mans (3 geen respons), aan die studie deelgeneem. In die ondersoek is gekonsentreer op die seksuele kennis, houdings en gedrag van die respondente.

Die respondente se kennis ten opsigte van seksueel oordraagbare siektes, bevrugting en voorbehoeding en fisiologie was goed. Hulle het egter meer van seksueel oordraagbare siektes geweet as van voorbehoedmiddels en fisiologie. Ten opsigte van hulle seksuele houdings toon die meeste respondente dat hulle glo dat geslagsgemeenskap in die huwelik moet plaasvind en nie in 'n ander verhouding nie al is daar toegeneentheid en verbintenis teenwoordig. Hulle het verder aangedui dat masturbasie en seksuele fantasering vir hulle aanvaarbaar is, terwyl blootstelling aan pornografiese materiaal volgens hulle skadelik kan wees. Die respondente het ook aangedui dat hulle glo dubbele standaarde tussen mans en vrouens nog steeds bestaan. Ten opsigte van die bemerking en gebruik van voorbehoedmiddels voor die huwelik was die meerderheid van die respondente van mening dat dit nie gedoen behoort te word nie.

Die meeste respondente het 'n redelike graad van intimiteit in hulle verhoudingslewe gerapporteer, terwyl ongeveer een derde voorhuwelikse geslagsgemeenskap gehad het. In hulle seksuele verhoudings blyk dit dat die respondente aktief meedoen in die seksuele

aktiwiteite en nie slegs passiewe ontvangers van die seksuele gedrag is nie. Ook het die meerderheid respondente aangetoon dat hulle masturbeer, seksueel fantaseer en al sagte pornografie gesien het.

Ten opsigte van die gebruik van voorbehoedmiddels het slegs 29,5% seksueel aktiewe respondente voorbehoedmiddels gebruik, wat die risiko van seksueel oordraagbare siektes en swangerskappe beklemtoon. Die probleem blyk nie hulle kennis van voorbehoedmiddels te wees nie, maar hulle houding ten opsigte van die gebruik van voorbehoedmiddels.

Simptome van seksueel oordraagbare siektes het al by 35,6% respondente voorgekom, terwyl 4% respondente gerapporteer het dat hulle al swanger was of 'n swangerskap veroorsaak het. Dus sal 'n seksuele voorligtingsprogram wat op bogenoemde gegewens gebaseer word, 'n voorkomende funksie lewer sowel as hulp en leiding bied aan die respondente wat reeds swanger was en seksueel oordraagbare siektes opgedoen het. Die program behoort ook gerig te word op die daarstelling van houdingsverandering ten opsigte van die gebruik van voorbehoedmiddels (veral kondome), die voorsiening in leemtes in seksuele kennis en die eliminering van onverantwoordelike seksuele gedrag. Hierdie program behoort Christelike waardes in ag te neem, aangesien die meeste respondente rapporteer dat hulle geloof 'n baie groot invloed op hulle lewe asook op hulle seksuele houdings en gedrag uitoefen.

## SUMMARY

The purpose of this study is to determine the sexual knowledge, attitudes and behaviour of a group of students in late-adolescence, with the long term goal of constructing a sexual education programme for them. According to the literature studies it is apparent that late-adolescents are more sexually active and have more liberal attitudes today than in the past. It also seems that they don't have sufficient sexual knowledge to make responsible and mature sexual decisions. Because of this, students in late-adolescence may involve themselves in irresponsible sexual behaviour which can lead to pregnancies, sexually transmitted diseases and emotional trauma.

There were 561 subjects who participated in this study, of whom 315 were women, 243 men and 3 didn't respond. Specific attention was given to the sexual knowledge, attitudes and behaviour of the subjects.

The subjects proved to have good knowledge concerning sexually transmitted diseases, physiology and contraceptives. It was also noted that they had more knowledge about sexually transmitted diseases than they had of physiology and contraceptives. In the light of their sexual attitudes, it was clear that most of the subjects believed that intercourse should take place in a marriage and not in a steady relationship, even if there is affection and commitment in the relationship. Furthermore, they were of the opinion that masturbation and sexual fantasies are permissible, however, they believed that exposure to pornographic material can be harmful. The subjects indicated that they believe that double standards between women and men still exist. With regard to the marketing and use of contraceptives before marriage the majority of the subjects were of the opinion that this should not be done.

Most of the subjects reported a fair degree of intimacy in their relationships, while almost one third had already had premarital intercourse. In their sexual relationships the subjects proved to be not only recipients of sexual activities, but that they were also actively involved in the sexual act. The majority of the subjects reported furthermore

that they masturbated, had sexual fantasies, and had also been exposed to soft pornographic material.

With regards to the use of contraceptives only 29,5% of the sexually active subjects used contraceptives, which could increase the risk of sexually transmitted diseases and pregnancies.

Symptoms of sexually transmitted diseases were reported by 35,6% of the respondents, while 4% of them reported that they had already been pregnant or were responsible for a pregnancy. Therefore, according to the above information, it is clear that there is a necessity for a sexual education programme which will have a preventative role as well as a guiding function for the students who had already had sexually transmitted diseases and a therapeutic function for those who were pregnant. The programme should also aim at attitude changes with regard to the use of contraceptives, and focus on giving information concerning sexuality where needed and addressing irresponsible sexual behaviour. Christian values should also be incorporated in this programme, because the majority of the subjects reported that their Christian beliefs had a significant influence in their lives as well as in their sexual attitudes and behaviour.

## **BYLAAG A**

### **DEKBRIEF VAN DIE VRAELYS**

Beste Student

Vigs, seksueel oordraagbare siektes en tienerswangerskappe neem kommerwekkende afmetings in Suid-Afrika aan. Die vrees bestaan dat die adolessentepopulasie die volgende hoë-risikogroep vir hierdie tendense sal word. Dit het dus nodig geword om voorkomend op te tree en 'n seksuele voorligtingsprogram saam te stel wat die behoefte en seksualiteit van die hedendaagse student sal akkommodeer.

Met die identifisering van die probleem het mev. L. Goslin, M.A.-Psigologiestudent, verbonde aan die Departement Psigologie van die PU vir CHO, 'n navorsingsprojek geloods. In die projek word daar aandag geskenk aan die seksuele kennis, houdings en gedrag van studente, en dan ook hul behoefte aan seksuele voorligting. Die inligting is nodig om as riglyn te dien indien 'n seksuele voorligtingsprogram, wat spesifiek op die student gerig is, opgestel gaan word.

Jou bydrae is baie belangrik om die navorser te help om 'n geldige beeld van die seksualiteit van die individu te verkry.

Deelname aan hierdie navorsing is vrywillig. Indien jy dus nie die vraelys wil invul nie, kan jy dit onbeantwoord inlewer, so-nie mag jy in enige stadium die beantwoording van die vraelys staak.

Elke vraelys sal vertroulik en anoniem hanteer word.

Indien jy enige vrae het of meer inligting in verband met die navorsing verlang kan jy \_\_\_\_\_ tussen 17:00 en 18:30 skakel en met mev. Goslin praat.


Jy word gevra om asseblief hierdie brief te onderteken. Daardeur bevestig jy dat jy die inhoud van die brief verstaan en die navorser toestemming gee om jou anonieme response in haar navorsing te gebruik.

Skeur asb. die onderste gedeelte van die brief al met die stippellyn langs af nadat jy dit onderteken het. Hierdie gedeelte word apart, voor die uitdeel van die vraelys, teruggeneem.


Baie dankie vir jou samewerking.



MEV. L. GOSLIN (NAVORSER)



DR. J.W. PRETORIUS-HEUCHERT (STUDIELEIER)



PROF. M.P. WISSING (DEPARTEMENTSHOOF)

.....

Hiermee verklaar ek \_\_\_\_\_ dat ek die inhoud van die brief verstaan. Hiermee gee ek ook my toestemming dat die gegewens uit my antwoordstel gebruik mag word vir navorsing.

STUDENT \_\_\_\_\_

## **BYLAAG B**

### **DIE VRAELYS**

## AANWYSINGS

- \* Dit is 'n vraelys hierdie wat verskillende fasette van seksualiteit by studente meet.
- \* 'n Vraelys, ponskaart en blankovel papier sal aan jou verskaf word.
- \* Jy mag geen merke op die vraelys self maak nie.
- \* Al die vrae moet met 'n potlood op die ponskaart beantwoord word, behalwe as daar vrae gestel word waarop jy moet uitbrei. Dié soort vrae beantwoord jy dan deur die nommer van die vraag en jou beskrywing of antwoord op die blankovel papier neer te skryf.
- \* Elke afdeling moet op sy eie twee ponskaarte (1-30 en 31-60) gedoen word.
- \* Jy mag nie jou naam of studentenommer op die ponskaart of vel papier skryf nie.
- \* Skryf wel jou eie unieke nommer op elke ponskaart en blankovel papier neer

Jou samewerking word hoog op prys gestel en is vir die navorsingsprojek baie belangrik.

## AFDELING A

### BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

#### INSTRUKSIES

Met elke vraag word daar 'n aantal keuses uiteengesit waaruit jy een moet kies. Die nommer langs die keuse moet jy op die ponskaart inkleur om jou antwoord aan te dui.

- |    |          |   |    |                 |
|----|----------|---|----|-----------------|
| 1. | Geslag   | : | 1) | Vroulik         |
|    |          |   | 2) | Manlik          |
| 2. | Ouderdom | : | 1) | 17 - 18 jaar    |
|    |          |   | 2) | 18 - 19 jaar    |
|    |          |   | 3) | 19 - 20 jaar    |
|    |          |   | 4) | 20 - 21 jaar    |
|    |          |   | 5) | 21 - 22 jaar    |
|    |          |   | 6) | 22 - 23 jaar    |
|    |          |   | 7) | Ouer as 23 jaar |

3. Wanneer het jy aan dié Universiteit begin studeer?

- 1) Na skoolopleiding
- 2) Na diensplig
- 3) Nadat 'n beroep gevolg is
- 4) Na opleiding by 'n ander instansie  
(bv. Universiteit, kollege ensomeer)

4. Akademiese

- Studiejaar :      1) 1e jaar  
                           2) 2e jaar  
                           3) 3e jaar  
                           4) 4e jaar (voorgraads)  
                           5) Nagraads

5. Waar het jy die langste in jou laerskoolloopbaan gewoon?

- 1) Stad
- 2) Platteland
- 3) Plaas
- 4) Dorp

Noem, op die papier, die dorp/stad waar jy gewoon het.

6. Waar het jy die langste in jou hoërskoolloopbaan gewoon?

- 1) Stad
- 2) Platteland
- 3) Plaas
- 4) Dorp

Noem, op die papier, die dorp/stad waar jy gewoon het.

7. Is jou ouers:

- 1) Getroud?
- 2) Geskei?
- 3) Een ouer oorlede?
- 4) Albei ouers oorlede?
- 5) Ouers vervreem van mekaar?  
 \* Indien jy enige van nr. 2-5 gekies het, noem asseblief op die papier hoe oud jy was toe dit gebeur het.

8. Is jou gesinslede oor die algemeen emosioneel:

- 1) Naby aan mekaar
- 2) Soms betrokke by mekaar
- 3) Onbetrokke by mekaar

9. Aan watter kerk behoort jy?

- 1) Gereformeerde Kerk
- 2) Nederduits Gereformeerde Kerk (NG)
- 3) Hervormde Kerk
- 4) Pinkste Kerk (AGS, PPK, Baptiste)
- 5) Charismatiese Kerk (Rhema, Christian Assemblies ens.)
- 6) Rooms-Katolieke Kerk
- 7) Ander  
 \* Indien jy nr.7 gekies het, spesifiseer asb. op die papier

10. Hoe intens beleef jy jou geloof?
- 1) My geloof het min tot geen invloed op my lewe
  - 2) My geloof beïnvloed 'n klein deel van my lewe
  - 3) My geloof beïnvloed my lewe tot 'n mate
  - 4) My geloof beïnvloed 'n groot deel van my lewe
  - 5) My geloof het 'n baie sterk invloed op my totale menswees
11. Hoeveel goeie vriende van dieselfde geslag het jy?
- 1) geen 2) 1 3) 2 4) 3 5) 4 6) 5 7) meer
12. Hoeveel goeie vriende van die teenoorgestelde geslag het jy?
- 1) geen 2) 1 3) 2 4) 3 5) 4 6) 5 7) meer
13. Hoe lank is jy al bevriend met jou beste vriend/vriendin? (Platoniese vriendskap)
- 1) 1-3 maande
  - 2) 3-6 maande
  - 3) 6-12 maande
  - 4) 1-2 jaar
  - 5) 2 jaar of meer
14. Hoeveel vaste verhoudings het jy al gehad?
- 1) 0 2) 1 3) 2 4) 3 5) 4 6) 5 7) meer
15. Hoe lank het jou langste vaste verhouding geduur?
- 1) Geen
  - 2) 1-3 maande
  - 3) 3-6 maande
  - 4) 6-12 maande
  - 5) 1-2 jaar
  - 6) 2 jaar of meer
16. Is jy tans betrokke in 'n vaste verhouding?
- 1) Ja                      2) Nee

- BLAAI OM ASSEBLIEF -

Waar het jy vir die eerste keer van die volgende onderwerpe te hore gekom?

Gebruik die volgende keuses om vrae 17-28 te beantwoord:

- 1) Moeder
- 2) Vader
- 3) Maats
- 4) Onderwysers
- 5) Professionele persone (dokters, onderwysers ens.)
- 6) Media (TV, boeke, radio ens.)
- 7) Ander

\* Indien jy nr.6 of 7 gekies het , spesifiseer asseblief op die papier.

17. Oorsprong van babas
18. Swangerskap en geboorte
19. Fisiese veranderinge gedurende puberteit
20. Kindermolestering
21. Voorbehoeding
22. Homoseksualiteit
23. Seksueel oordraagbare siektes
24. Menstruasie
25. Nagtelike stortings ("Wet dreams")
26. Masturbasie
27. Verskillende posisies waarin geslagsgemeenskap kan plaasvind
28. Orale geslagsgemeenskap (om die genitalieë van 'n persoon met jou mond te stimuleer)

Op watter OUDERDOM het jy van die volgende onderwerpe gehoor?

Gebruik onderstaande keuses om vrae 29-40 te beantwoord:

- 1) 1-5 jaar (Voorskools)
- 2) 5-8 jaar (Graad 1 & II of Sub A & B en St. I)
- 3) 9-12 jaar (Standerd 2, 3, 4)
- 4) 13-15 jaar (Standerd 5, 6, 7)
- 5) 16-18 jaar (Standerd 8, 9, 10)
- 6) 19-21 jaar (Naskools)
- 7) 21 jaar en ouer

29. Oorsprong van babas
30. Swangerskap en geboorte
31. Fisiese veranderinge gedurende puberteit
32. Kindermolestering
33. Voorbehoeding
34. Homoseksualiteit
35. Seksueel oordraagbare siektes
36. Menstruasie
37. Nagtelike stortings ("Wet dreams")
38. Masturbasie
39. Verskillende posisies waarin geslagsgemeenskap kan plaasvind
40. Orale geslagsgemeenskap (om die genitalieë van 'n persoon met jou mond te stimuleer)

## AFDELING B

### SEKSUELE KENNISVRAELYS

Saamgestel uit:  
Anagnostaras, A. (1988) &  
Magwentshu, B. M. (1990)  
se vraelyste

#### INSTRUKSIES

\* Beantwoord die volgende vrae na die beste van jou vermoë.

Met elke vraag word daar twee keuses gegee, waaruit jy slegs een kan kies. Die nommer van jou keuse moet jy op die ponskaart teenoor die vraagnommer inkleur

	<u>WAAR</u>	<u>VALS</u>
1. Genitalieë verwys na die voortplantingsorgane, insluitend die borste	1	2
2. Die vagina is die vrou se opening vir geslagsgemeenskap en die uitgang vir menstruele vloeï	1	2
3. Die grootte van die penis beïnvloed die seksuele bevrediging van die vrou	1	2
4. Dit is noodsaaklik om gereeld die sperms wat in die saadsakkie opgebou word, vry te stel deur masturbasie of geslagsgemeenskap	1	2
5. Swangerskap kan eers plaasvind wanneer 'n meisie begin met haar eerste menstruele siklus	1	2
6. 'n Vrou kan swanger raak al onttrek 'n man sy penis uit haar vagina net voordat hy ejakuleer ("kom")	1	2
7. Sperms bly twee tot drie dae lewe in die vroulike voortplantingstelsel nadat 'n man in 'n vrou "gekom" (geëjakuleer) het	1	2
8. Bevrugting kan plaasvind al het die man net sy penis naby 'n vrou se genitalieë gebring, maar nie die vagina gepenitree (binnegedring) nie	1	2
9. Seksdrome en fantasie is normaal en kom by mans en vroue van alle ouderdomme voor	1	2
10. Erogene sones is die plekke op 'n persoon se liggaam waar, indien dit gestimuleer word, seksuele begeertes aangewakker word	1	2
11. 'n Vrou kan alleenlik 'n orgasme bereik wanneer haar vagina gestimuleer word	1	2
12. Mans kry gewoonlik meer gereeld orgasmes as vroue	1	2
13. Masturbasie het fisiese nadelige gevolge	1	2

	<u>WAAR</u>	<u>VALS</u>
14. Indien 'n meisie jonger as sestien jaar toestemming verleen tot geslagsgemeenskap, is dit nie teen die wet nie	1	2
15. Alle aborsies in Suid-Afrika is onwettig	1	2
16. Aborsies kan nie later as 24 weke na bevrugting plaasvind nie	1	2
17. 'n Vrou neem langer om seksueel opgewek te raak tydens die voorspel as 'n man	1	2
18. 'n Persoon wat seksuele speletjies met maatjies van dieselfde geslag gespeel het as kind, sal homoseksueel wees	1	2
19. 'n Vrou kan haar eggenoot aankla van verkragting	1	2
20. Wanneer een persoon nee sê vir seksuele gemeenskap, maar die ander persoon gaan voort, is dit verkragting	1	2
21. Kindermolestering beteken <u>enige</u> vorm van seksuele kontak tussen 'n ouer persoon en kind	1	2
22. Vroue tel <u>altyd</u> gewig op as hulle die Pil gebruik	1	2
23. Swangerskap kan verhoed word deur die gebruik van lakseermiddels na gemeenskap	1	2
24. Indien 'n kondoom nie presies pas nie, kan dit kleiner gesny word	1	2
25. Swangerskap kan verhoed word indien die vagina met seep uitgespoel word na gemeenskap	1	2
26. Intrauteriene apparaat (IUA) ("loop") is 'n plastiek instrument wat in die uterus geplaas word en sodoende swangerskap verhoed	1	2
27. Die IUA ("loop") veroorsaak meer pyn en sterker menstruele vloei gedurende die menstruele tydperk	1	2
28. 'n Kondoom kan na gebruik met lou water uitgespoel en dan weer gebruik word	1	2
29. Spermdodende skuim en room kan die vagina maklik irriteer	1	2
30. Wanneer die ritme-metode gebruik word, mag gemeenskap plaasvind 8 dae voor menstruasie tot 10 dae na menstruasie	1	2
31. Die diafragma versper die ingang na die baarmoeder sodat die sperma verhoed word om die baarmoeder binne te dring	1	2
32. <u>Seksueel oordraagbare siektes</u> (SOS) is alleenlik aansteeklik indien daar fisies sigbare simptome is	1	2

	<u>WAAR</u>	<u>VALS</u>
33. SOS kan nie deur orale (mondelinge) seks oorgedra word nie	1	2
34. SOS kan voorkom word deur onmiddellik na gemeenskap te bad	1	2
35. SOS (uitsluitend Vigs) is oor die algemeen skadeloos	1	2
36. Met SOS is behandeling opsioneel aangesien die siekte mettertyd self sal opklaar	1	2
37. Kondome dien as voorsorg vir die meeste SOS	1	2
38. Vigs vernietig die immunitestelsel van die liggaam	1	2
39. Vigs kan oorgedra word deur enige fisiese kontak met die vigslyer	1	2
40. Mans is meer vatbaar vir vigs as vroue	1	2
41. Vigs kom net voor by homoseksuele mense	1	2
42. 'n Meisie/vrou is, die oomblik as haar maagdevlies geskeur het, nie meer 'n maagd nie	1	2
43. 'n Man kan nie 'n maagd wees nie, aangesien hy nie oor 'n maagdevlies beskik nie	1	2
44. Gratis voorbehoeding is by enige gesinsbeplanningskliniek verkrygbaar	1	2

## AFDELING C

### SEKSUELE HOUDINGSVRAELYS

- Anagnostaras (1988) -

#### INSTRUKSIES

Antwoord 1 as jy SAAM STEM en 2 as jy NIE SAAM STEM NIE

	STEM SAAM	STEM NIE SAAM
1. Moet ouers en kinders oor seksuele aangeleenthede praat?	1	2
2. Wanneer iemand voorbehoedmiddels in sy/haar besit het of dit gebruik, lyk dit asof seksuele omgang vooruitbeplan word	1	2
3. Is seksuele voorligting op skool nodig?	1	2
4. Persone wat voorbehoeding gebruik moet verkieslik getroud wees	1	2

	STEM SAAM	STEM NIE SAAM
5. Mans mag voor die huwelik seksueel verkeer	1	2
6. Dit is belangrik dat 'n vrou 'n maagd moet wees wanneer sy trou	1	2
7. Is dit verkeerd wanneer masturbasie gebruik word vir die ontlading van seksuele spanning?	1	2
8. Die gebruik van voorbehoedmiddels verlaag 'n persoon se waardes	1	2
9. Bestempel jy jou ouers as geskikte geslagsvoorligters?	1	2
10. Het persone ouer as 18 nodig om seksuele voorligting te ontvang?	1	2
11. Moet 'n kind jonger as 5 die woorde penis en vagina hoor?	1	2
12. Seksuele omgang kan mooi wees, selfs as dit in 'n vaste verhouding, buite die huwelik, geskied	1	2
13. Vriende dink 'n jongman is "macho" as hy 'n kondoom in sy beursie rondra	1	2
14. Sal jy skuldig voel indien jy voor jou huwelik voorbehoedmiddels gebruik?	1	2
15. Is dit aanvaarbaar vir verloofdes om geslagsgemeenskap te beoefen?	1	2
16. Bestempel jy professionele persone, bv. sielkundigs, dokters ens. as geskikte geslagsopvoeders?	1	2
17. Indien mense te veel weet van seksuele sake sal hulle daarmee begin eksperimenteer	1	2
18. Dit is die meisie se verantwoordelikheid om te keer dat 'n man seksueel te ver gaan	1	2
19. Die manstudente wat nog nooit 'n meisie "gesleep" het nie, is eintlik bang vir meisies	1	2
20. Indien 'n meisie nee sê wanneer 'n man aan haar borste wil vat, stel sy aan die man 'n uitnodiging	1	2
21. Ek dink die doel van seksuele omgang behoort slegs vir die verwekking van kinders te wees	1	2
22. Die gebruik van voorbehoedmiddels voor die huwelik moet bemark word	1	2
23. Moet die verkryging van kondome vir studente maklik gemaak word deur 'n kondoommasjien in die mans-/damesbadkamers?	1	2

		STEM SAAM	STEM NIE SAAM
24.	Die man moet die seksuele "ekspert" in seksuele verhoudings wees	1	2
25.	Seksuele fantasieë verryk 'n persoon se seksuele lewe	1	2
26.	Wanneer 'n meisie onverwags swanger raak, moet selfs aborsie oorweeg word	1	2
27.	Pornografie kweek 'n ongesonde seksuele houding by mense	1	2
28.	Indien 'n vrou onverwags swanger raak, moet sy die kind gee vir aanneming	1	2
29.	Vriendinne plaas gewoonlik druk op mekaar om 'n man te "vang" en selfs seksueel met hom te verkeer	1	2
30.	Is seksuele fantasieë gewoonlik die begin van 'n verwronge en perverse seksuele uitlewing?	1	2
31.	Mans hou daarvan om by hul vriende groot te praat oor hul seksuele ervarings	1	2
32.	Die vrou se hoofdoel in die seksuele spel is om eerder die man as haarself te bevredig	1	2
33.	Dit is net nodig om notisie te neem van SOS (Seksueel oordraagbare siektes), maar <u>meer</u> kennis is opsioneel	1	2
34.	Word SOS gebruik as 'n afskrikmiddel vir ongetroudes om nie voorhuwelikse seks te beoefen nie?	1	2
35.	Die man moet die leier in die seksuele spel wees	1	2
36.	Wanneer 'n man seksueel verkeer het met 'n meisie, word dit onder sy vriende as 'n prestasie gereken	1	2
37.	Die meeste studente is seksueel meer ingelig as hul ouers	1	2
38.	Indien mans hul vriende uitdaag om by 'n meisie aan te lê met die doel om seksueel met haar te verkeer, sal hy dit doen	1	2
39.	Daar word 'n te groot strydpunt van Vigs gemaak	1	2
40.	Seksuele omgang buite die huwelik het altyd 'n nadelige uitwerking op die seksuele verhouding binne die huwelik	1	2
41.	Is dit verkeerd om met verskillende seksuele posisies te eksperimenteer by 'n seksuele verhouding binne die huwelik?	1	2
42.	Indien 'n meisie onverwags swanger raak, is dit vir haar beter om met die pa van die kind te trou	1	2
43.	Deel vroue hul seksuele ervarings met hul vriendinne?	1	2

		STEM SAAM	STEM NIE	SAAM
44.	Is dit heeltemal ongehoord dat persone hul seksuele maats se genitalieë met hul monde stimuleer?	1	2	
45.	Dit is toelaatbaar vir 'n man om met verskillende meisies/vroue seksueel te eksperimenteer voor sy huwelik	1	2	
46.	Mense wat voorhuweliks seksueel verkeer, is impulsief en oefen geen selfbeheer uit nie	1	2	
47.	Is seksueel oordraagbare siektes iets waaroor die hoër sosio-ekonomiese groepe bekommerd moet wees?	1	2	
48.	Is studente volwasse genoeg om seksuele verhoudings te hanteer?	1	2	
49.	Keur jy dit goed indien studente seksuele omgang het wanneer hulle in 'n vaste verhouding verkeer?	1	2	
50.	Is masturbasie iets wat 'n persoon met vrymoedigheid kan beoefen?	1	2	
51.	Vigs is 'n manier om die wêreld te straf	1	2	
52.	'n Meisie wat ouer as 21 is en nog 'n maagd is, is 'n "koek"	1	2	

Die volgende aantal vrae is daarop gemik om 'n idee te vorm oor jou behoeftes in 'n seksuele voorligtingsprogram (SVP)

53. Moet 'n SVP aangebied word wanneer:
- 1) daar 'n gemengde groep studente is wat bestaan uit mans en dames?
  - 2) die mans alleen en dames alleen in groepe verdeel is?
54. Moet 'n SVP
- 1) verpligtend wees vir alle studente?
  - 2) vrywillig wees?
55. Die mees geskikte lokaal vir die aanbied van 'n SVP is die:
- 1) koshuis-sitkamer
  - 2) eetsaal
  - 3) 'n klaslokaal
  - 4) auditorium
  - 5) ander
56. Sal jy baat vind by 'n SVP?
- 1) Ja
  - 2) Nee

AFDELING D

SEKSUELE GEDRAGSVRAELYS

Saamgestel uit:  
Bentler, P. (1968) &  
Magwentshu, B. M.(1990)  
se vraelyste

INSTRUKSIES

Met elke vraag word daar 'n aantal keuses uiteengesit waaruit jy slegs een kan kies. Die nommer van jou keuse moet jy op die ponskaart, teenoor die vraagnommer, inkleur.

Dui aan tot watter mate jy aan die volgende aktiwiteite deelneem/deelgeneem het deur 1,2,3,4,5 of 6 op jou ponskaart in te kleur:

- |     |             |   |  |
|-----|-------------|---|--|
| 1 = | Nooit       | : |  |
| 2 = | Amper nooit | : | 1 maal in 6 maande of 'n eenmalige gebeurtenis |
| 3 = | Selde       | : | 1 maal tussen 1 en 6 maande                    |
| 4 = | Soms        | : | 1-2 maal per maand                             |
| 5 = | Dikwels     | : | 1 maal per week                                |
| 6 = | Gereeld     | : | meer as 1 maal per week                        |
| 7 = | Baie        | : | 1 maal per dag of meer                         |

- |     |   |   |   |   |   |   |   |   |
|-----|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.  | Ligte fisiese kontak met vriende  | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 2.  | Ligte fisiese kontak met vriendinne   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 3.  | Flirtasie   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 4.  | Soen (French kissing)   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 5.  | Ligte liefkosings (Vry)   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 6.  | Passievolle liefkosings (Warm vryery)   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 7.  | Seksuele fantasieë (dagdrome)   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8.  | Droom seksueel stimulerende drome (o.a. "wet dreams")                                   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 9.  | Masturbasie   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 10. | Kyk na seksueel stimulerende videos   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 11. | Lees seksueel stimulerende tydskrifte   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 12. | Lees of kyk na harde (onwettige) pornografie  | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 13. | Geslagsgemeenskap met persoon in vaste verhouding                                       | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 14. | Geslagsgemeenskap met "one night stand"   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 15. | 'n Persoon het al my borste, met sy/haar hande bo-oor my klere, gestimuleer             | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 16. | 'n Persoon het al my borste, met sy/haar hande onder my klere (of naak), gestimuleer    | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 17. | Ek het al 'n persoon se borste, met my hande bo-oor sy/haar klere, gestimuleer          | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 18. | Ek het al 'n persoon se borste, met my hande onder sy/haar klere (of naak), gestimuleer | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

- |     |  |   |   |   |   |   |   |   |
|-----|--|---|---|---|---|---|---|---|
| 19. | 'n Persoon het al, met sy/haar hande bo-oor my klere, my genitalieë (geslagsgedeeltes) gestimuleer     | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 20. | 'n Persoon het al, met sy hande onder my klere (of naak), my genitalieë (geslagsgedeeltes) gestimuleer | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 21. | Ek het al die genitalieë van 'n persoon, met my hande bo-oor sy/haar klere, gestimuleer                | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 22. | Ek het al die genitalieë van 'n persoon, met my hande onder sy/haar klere (of naak), gestimuleer       | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 23. | 'n Persoon het my genitalieë met sy/haar mond gestimuleer  | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 24. | Ek het al 'n persoon se genitalieë met my mond gestimuleer   | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
25. Was daar enige van jou ervarings wat jy vanaf vraag 1 gemerk het, wat plaasgevind het terwyl jy verbaal of fisies weerstand gebied het?
- 1) Ja
  - 2) Nee
- \* Indien jou antwoord ja is, skryf net die nommer/nommers van die stelling (1-25) wat die situasie uitbeeld waar jy weerstand gebied het, op die papier neer.
26. Was daar enige van jou seksuele ervarings wat jy vanaf vraag 1 gemerk het, wat jy vrywilliglik gedoen het, maar nie geniet het nie?
- 1) Ja
  - 2) Nee
- \* Indien jou antwoord ja is, skryf net die nommer/nommers van die stelling (1-25) op die papier neer wat die situasie uitbeeld wat jy nie geniet het nie, op die papier neer.
27. Verkies jy tans of in die toekoms seksuele verhoudings met:
- 1) Slegs persone van die teenoorgestelde geslag
  - 2) Slegs persone van dieselfde geslag
  - 3) Persone van albei geslagte
28. Was jou seksuele ervarings tot op hede:
- 1) Slegs met mans?
  - 2) Slegs met vroue?
  - 3) Hoofsaaklik met mans?
  - 4) Hoofsaaklik met vroue?
  - 5) Met dieselfde hoeveelheid mans as vroue?
29. Indien jy aangedui het dat jy nog nie geslagsgemeenskap gehad het nie, wat is jou belangrikste rede (of redes) hiervoor?
- 1) Geloofsoortuiging
  - 2) Vrees vir swangerskap
  - 3) Verkies om te wag tot troudag
  - 4) Nog nie die regte persoon ontmoet nie
  - 5) Vrees vir seksueel oordraagbare siektes (Vigs en ander)
  - 6) Vrees dat gedrag uitgevind sal word (deur bv. ma, vriende, pa, dominee ens.)
  - 7) 'n Gevoel van onsekerheid of angstigtheid omdat jy nie weet wat om seksueel met 'n man/meisie te doen nie
- \* Indien jy 'n ander rede het as wat bo genoem is, skryf die rede asb. op die papier neer

30. Wat was jou eerste seksuele ervaring?
- 1) 'n Ouer persoon wat jou genitalië betas het
  - 2) 'n Persoon wat jou intiem gesoen het.
  - 3) Masturbasie
  - 4) Aanraking/eksplorering van eie genitalië
  - 5) Speel seksuele speletjies (soen, aanraking, vryf genitalië ens.) - as kinders.
  - 6) Geslagsgemeenskap met 'n persoon
  - 7) Ander
- \* Indien jy nr.7 gekies het, sal jy asb. jou eerste seksuele ervaring op die papier beskryf.
31. Hoe oud was jy met jou eerste seksuele ervaring?
- 1) Jonger as 5 jaar
  - 2) 5 - 8 jaar
  - 3) 9 - 12 jaar
  - 4) 13 - 15 jaar
  - 5) 16 - 18 jaar
  - 6) 19 - 21 jaar
  - 7) 21 jaar tot tans
32. Met wie was jou eerste seksuele ervaring?
- 1) 'n Kennis of "one night stand"
  - 2) 'n Goeie vriend/vriendin
  - 3) 'n Persoon met wie jy in 'n vaste verhouding is/was
  - 4) 'n Familielid (bv. niggie, stiefpa ens.)
  - 5) 'n Vriend van die familie
  - 6) Ander
- \* Indien jy nr.4, 5, of 6 gekies het noem, op die papier, jou verbintenis met die ander persoon
33. Tot watter mate was jou eerste seksuele aktiwiteit vrywillig gewees?
- 1) Heeltemal vrywillig; niemand het my onder druk geplaas nie
  - 2) 'n Bietjie druk is uitgeoefen, maar dit was nog steeds my besluit
  - 3) Daar was redêlik druk op my uitgeoefen, en ek kon nie werklik nee sê nie
  - 4) Ek was heeltemal teen my sin gedwing om deel te hê aan die seksuele aktiwiteit
34. Hoe oud was jy met jou eerste geslagsgemeenskap?
- 1) Jonger as 5 jaar
  - 2) 5 - 8 jaar
  - 3) 9 - 12 jaar
  - 4) 13 - 15 jaar
  - 5) 16 - 18 jaar
  - 6) Ouer as 19 jaar
  - 7) Nooit
35. Met wie het jy die eerste keer geslagsgemeenskap gehad?
- 1) 'n Kennis of "one night stand"
  - 2) 'n Goeie vriend/vriendin
  - 3) 'n Persoon met wie jy in 'n vaste verhouding is/was
  - 4) Niemand
  - 5) 'n Familielid
  - 6) Vriend van die familie
  - 7) Ander
- \* Indien jy nr.5, 6 of 7 gekies het noem asb., op die papier, jou verbintenis met die persoon

36. Tot watter mate het jy vrywilliglik gemeenskap gehad?
- 1) Heeltemal vrywilliglik; niemand het druk op my geplaas nie
  - 2) 'n Bietjie druk, maar dit was nog steeds my besluit
  - 3) Daar was redelik druk op my uitgeoefen; ek kon nie werklik nee sê nie
  - 4) Ek was heeltemal teen my sin gedwing om gemeenskap te hê
  - 5) Ek het nog nie gemeenskap gehad nie
37. Wat was die rede/redes waarom jy betrokke geraak het by seksuele aktiwiteite?
- 1) Nuuskierigheid
  - 2) Bang jy verloor die persoon
  - 3) Seksuele aantrekking
  - 4) Impulsiwiteit
  - 5) Molestering/verkragting
  - 6) Intense verhouding
  - 7) Ander
- \* Indien jy nr.7 gekies het, beskryf jou rede op die papier
38. Met watter persoon/persone bespreek jy jou seksuele ervarings?
- 1) ouers
  - 2) familieledes
  - 3) professionele persone
  - 4) boesemvriende
  - 5) niemand
  - 6) algemene vriende van dieselfde geslag
  - 7) algemene vriende van die teenoorgestelde geslag
- \* Indien jy nr.1,2 of 3 gekies het, spesifiseer asb., op die papier, die verbintenis tussen jou en die ander persoon
39. Wat behels jou vertellinge van jou seksuele ervarings?
- 1) Ek het nie seksuele ervarings om te bespreek nie
  - 2) Ek jok oor my seksuele ervarings
  - 3) Ek bespreek my seksuele ervarings in detail
  - 4) Ek vertel net oorsigtelik wat gebeur het
  - 5) Ek bespreek glad nie my seksuele ervarings met enige persoon nie
  - 6) Ek sal soms my seksuele ervarings met iemand deel
40. Indien jy by 'n seksuele verhouding betrokke was, het jy enige tipe voorbehoeding gebruik?
- 1) Ja
  - 2) Nee
41. Indien jy ja geantwoord het in nr. 40, van watter metode het jy of jou seksuele maat gebruik gemaak?
- 1) Die pil
  - 2) Kondoom
  - 3) Intrauteriene apparaat (IUA) ("loop")
  - 4) Vaginale spermadoders (skuim)
  - 5) Onttrekking (van penis uit vagina net voor ejakulasie)
  - 6) Kalendermetode (Ritmemetode)
  - 7) Ander
- \* Indien jy nr.7 gekies het noem of beskryf, op die papier, die metode
42. Indien jy nee geantwoord het in nr.40, watter van bg. metodes sal jy gebruik indien jy seksueel aktief sou raak?
- \* Kies die nommers soos in vraag 41
43. Watter van bg. voorbehoedmiddels is aan jou onbekend?
- \* Kies die nommers soos in vraag 41

44. Indien jy wel betrokke was by seksuele aktiwiteite, en jy het nie voorbehoeding gebruik nie, wat was die rede/redes daarvoor?
- 1) Seksuele aktiwiteite vind impulsief en onbepland plaas
  - 2) Dit is my maat se verantwoordelikheid
  - 3) Skaam om voorbehoedmiddels te bekom
  - 4) Dit is te veel moeite
  - 5) As swangerskap die gevolg is van ons verhouding, dan moet dit maar so wees
  - 6) Ek glo nie aan die gebruik van voorbehoedmiddels nie
  - 7) Ek hou nie daarvan om voorbehoedmiddels te gebruik nie
- \* Indien daar 'n ander rede is, spesifiseer asb. jou rede op die papier.
45. Was jy (meisies/vroue) al ooit swanger, of was 'n meisie/vrou as gevolg van jou, al ooit swanger (mans)
- 1) Ja
  - 2) Nee
- \* Indien jou antwoord ja was, wat het van die swangerskap/baba geword - antwoord asb. op gegewe papier
46. Met hoeveel verskillende persone het jy die afgeloop 12 maande seksueel verkeer?
- 1) 0
  - 2) 1
  - 3) 2
  - 4) 3
  - 5) 4 - 8
  - 6) 9 - 13
  - 7) 14 of meer
47. Het jy al enige van die simptome ervaar van:

#### MANS

- 1) 'n Gelerige vloeistof wat die penis afskei, tesame met pynvolle urinering?
- 2) 'n Wit of kleurlose vloeistof wat die penis afskei, en/of pynvolle urinering?
- 3) 'n Teer, geswolle en pynvolle skrotum (soms net aan die een kant?)

#### VROUE

- 1) Vaginale ongemak, irritasie van die eksterne genitalieë, pynlike urinering, abnormale menstruele bloeding?
- 2) 'n Wit melkerige afskeiding, wat soms gepaard gaan met die genitalieë wat jeuk en ongemak veroorsaak? Die urine mag ook soms brand
- 3) Laer abdominale pyn, vaginale bloeding en koors?

#### ALMAL

- 4) Pynlose sere wat in die omgewing van die genitalieë verskyn, maar wat binne 4-6 weke verdwyn?
- 5) 'n Veluitslag op voetsole en handpalms, tesame met hoofpyne, koors, haarverlies, gewigsverlies. Hierdie simptome kan ook saam met klam sere rondom die genitalieë en anus voorkom
- 6) Klein, pynvolle blasies wat op genitalieë verskyn, wat kan bars en klein swere agterlaat
- 7) Geen van bogenoemde